Die Verlore Tien Stamme van Israel

F.W.C. Neser

Die Verlore Tien Stamme van Israel

Hierdie boek is ook op kassetbande in ‘n reeks van 17 lesings opgeneem.

Die kasset nommer word by elke hoofstuk aangegee.

Teksverse uit 1953 Vertaling

Deur: F.W.C. Neser.

Die “Verlore” Tien Stamme van Israel

Outeur	F.W.C. Neser
Kopiereg	F.W.C. Neser
Uitgewer	F.W.C. Neser Posbus 31571 Wonderboompoort 0033
Tel / Faks: E-pos: Webtuiste:	(012) 379-8954 ekklesia@telkomsa.net www.israelmusthear.co.za
Kantoorure vm: Kantoorure nm:	Maandag, Dinsdag Donderdag, Vrydag 09h00 tot 12h00 Maandae tot Vrydae 14h30 tot 17h30
Drukker	Jotha Drukkers, CK95/28940/23 Tel: (012) 46-5964 (083) 453-0969
Nuwe Druk	2006
ISBN	1-919933-13-1

INHOUD

Hoofstuk 1 5
Israel: haar uiteindelike lotsbestemming 5
Hoofstuk 2 15
Israel en Juda afsonderlik - 15
Hoofstuk 3 25
Die Ryk van Satan teen die Koninkryk van God 25
Hoofstuk 4 36
Die Twee Sade 36
Hoofstuk 5 47
God se verbond met Abraham word aan Isak bevestig 47
Hoofstuk 6 58
Jakob by Bet-el 58
Hoofstuk 7 71
Israel in Egipte 71
Hoofstuk 8 84
Die sameswering om die Koninkryk in besit te kry 84
Hoofstuk 9 94
Israel by berg Sinai 94
Die Boek Levítikus 99
Die Leer van Bíleam 100
Hoofstuk 10 109
Oorloë en Gerugte van Oorloë --- 109
Hoofstuk 11 122
Gereed vir “nuwe oorlog” in die Midde-Ooste 122
Hoofstuk 12 140
Na die Ballingskap in Assirië 140
Hoofstuk 13 160
Israel in Jesaja 160
Hoofstuk 14 175
Israel in Jeremia 175
Hoofstuk 15 194
Die hele Israel word herstel 194
Hoofstuk 16 212
Israel In Die Nuwe Testament 212
Hoofstuk 17 230
Die Handelinge van die Apostels 230
Israel Kaarte 256

Voorwoord

Hierdie boek is in die sestiger jare geskryf en sal dus vandag van soveel groter betekenis wees, wat toe gesê is, is in die afgelope jare net meer en meer bevestig en beklemtoon.

Enigiemand wat die betekenis van ons tyd wil verstaan sonder om te weet wat die profete van die Bybel daaromtrent gesê het, is soos iemand op ‘n groot oseaan sonder ‘n kompas.

Maar al sou ons ook die profete terdeë in ag neem, en nie weet wie die ware Israel is nie, sal ons soos iemand wees wat wel die kompas het, maar nie weet hoe om dit te gebruik nie. Dit kan in baie opsigte nog meer gevaarlik wees as sonder een, want ons kan in die verkeerde rigting vaar en weier om reggehelp te word.

Dit is presies wat vandag aan die gang is. Die Bybel, en veral die profesieë, word gebruik om van ons mees kritieke politieke en Godsdienstige besluite te regverdig.

So neem die volk Israel ‘n sentrale plek in die visie van die profete aangaande die eindtyd in. Indien ons aan die Jood, of die kerk, of albei hierdie plek toeken, verstaan ons nie die kompas nie. Dit is presies wat vandag gedoen word. Die gevolg is ons stuur fanaties af op die rotse, in die vaste oortuiging dat ons op die regte (regverdige) koers is.

Hierdie boek sal u help om die kompas reg te lees en u koers reg te stel voordat dit te laat is.

Daar het al baie uitgawes van hierdie boek verskyn. Hierdie herdruk word net so onveranderd uitgegee, omdat die tye wel verander, maar die beginsels waaroor dit gaan, ewig is.

Die skrywer.

Hoofstuk 1

Transkripsie van kasset nr. L27

Israel: haar uiteindelike lotsbestemming

Inleiding

Dit sal vir elke persoon wat sy Bybel baie intensief bestudeer, heel gou duidelik word dat die **Nasie Israel**, 'n baie belangrike rol in die raadsbesluite van God speel.
Die plan van God met Israel en die wêreld word al hoe belangriker namate ons die wederkoms van Christus nader. Alle Bybel studente is dit met mekaar eens dat die koms van Jesus Christus voor die deur staan. Dit is die wêreld se enigste hoop, anders gaan die mens homself vernietig.

Vir die meeste mense beteken die woord "Israel" onmiddellik "Jood". Dit is 'n baie groot fout, want dit is nie wat die Bybel ons leer nie. Na die dood van Salomo is die twaalf stamme van Israel verdeel in twee groepe, naamlik die Tien Stamme onder Jeróbeam met Samaría as hoofstad en die Twee Stamme (Juda en Benjamin) onder Rehábeam met Jerusalem as hoofstad. Eersgenoemde het ook bekend gestaan as die Huis van Israel, of die Noordelike koninkryk, en laasgenoemde as die Huis van Juda, of die Suidelike koninkryk.

Die Groot Onthulling

Ons glo dat elke soeker na die waarheid tot die groot ontdekking sal kom dat die kern van die Westerse Blanke Protestantse Nasies van vandag die **letterlike afstammelinge** van daardie Tien Stamme van Israel is. Dit is hoofsaaklik wat ons in hierdie boek sal bewys.

Hierdie **waarheid** is die sleutel tot 'n begrip van die **profete** en die **ganse plan van God**. Dit is omdat hierdie waarheid **verborge** gebly het, dat al die verwarring vandag bestaan aangaande die rasseprobleem, nie net sover dit Suid-Afrika betref nie, maar die hele wêreld. Solank teen wil en dank aanvaar word dat die Jood alleen Israel is, sal hierdie verwarring voortduur. **Die groot onthulling** wat daar vir ons Blanke Westerse Protestantse beskawing wag, is dat **ons** die **volk** van God is!

Net soos die heidene in die dae van die Bybel vir Israel wou verdelg sodat hulle nie meer 'n nasie sou wees nie, so wil hulle dit vandag met ons doen. Dieselfde groeperinge van nasies in die dae van die Bybel bestaan vandag weer. Die nasies van wie ons in die Bybel lees moet tog hulle nakomelinge vandag op die aarde hê en met min of meer dieselfde karaktertrekke en eienskappe. Netso

moet die nasies van vandag tog êrens vandaan kom en dus ook in die dae van die Bybel bestaan het, net onder ander name. Kyk dus watter nasies in die Bybel teen Israel, die volk van God was, en kyk watter nasies vandag teen die Christen nasies van die weste is, en u ontdek beide die moderne afstammelinge van die heidene van die Bybel en die hedendaagse nakomelinge van Israel. Dit is die groot onthulling wat daar nou op ons wag.
Lees Jesaja 25:7;
7 En Hy sal op hierdie berg vernietig die uitgespreide sluier wat al die volke omsluier, en die omhulsel waarmee al die nasies bedek is.

Lees ook die boekie: "Apartheid" (Rasse Segregasie): Wat sê die Skrif? deur die skrywer.

Die Twaalf Stamme van Israel verdeel in Twee Afsonderlike Nasies

Gedurende die tyd van die konings Saul, Dawid en Salomo was **al twaalf die stamme van Israel verenig onder een koning.**

In 1 Konings 11 en 12 lees ons egter dat hulle **verdeel** is in **twee afsonderlike nasies.**
Jeróbeam het koning geword oor die Tien Stamme in die noorde van Palestina algemeen bekend as die **Huis van Israel;**
Rehábeam het koning geword oor die Twee Stamme; Juda en Benjamin, in die suide van Palestina, algemeen bekend as die **Huis van Juda.**

Die klag van God teen Salomo waardeur die verdeling na sy dood gekom het, was omdat hy die bevel van God verbreek het om **nie** met die nasies rondom hom te **meng** nie - (1 Kon. 11:2), en omdat hy dus die **verbond** en die **insettinge** van die **HERE** nie gehou het nie - (1 Kon. 11:11).

Let daarop dat die straf hiervoor sou wees dat die HERE die koningskap van hom sou af skeur en dit aan sy dienaar gee. Die Tien Stamme word dus die **Koningskap** of Koninkryk genoem: **dit is bale belangrik**!
Die Profeet Ahía het vir Jeróbeam die dienskneg van Salomo alleen in die veld aangetref en sy nuwe mantel gegryp en dit in twaalf stukke geskeur en die volgende gesê:
1 Konings 11:31, 35;
31 en hy sê vir Jeróbeam: Neem vir jou **tien stukke**, want so spreek die HERE, die God van Israel: Kyk, Ek gaan **die koninkryk** uit die hand van Salomo **afskeur** en aan jou die **tien stamme gee**;
35 Maar uit die hand van sy seun sal Ek die **koningskap** neem en dit aan jou gee, die **tien stamme;**
In verse 37 en 38 word die tien stamme **"Israel"** genoem.

In Psalm 114:2, word Juda God se heiligdom genoem en Israel (die tien stamme) sy **ryksgebied.**
Na die dood van Salomo het hierdie verdeling onder sy seun Rehábeam wat hom opgevolg het, plaasgevind soos ons in 1 Konings 12, lees. Hy wou nie aan die versoek van die volk voldoen om die belastings te verlig nie, maar het dit eerder swaarder gemaak. Hierop het die tien stamme gerebelleer en van die Huis van Dawid weggebreek en die Noordelike koninkryk onder Jeróbeam gestig.

"Want van My het hierdie Saak gekom"

(1 Kon. 12:24).

In 1 Konings 12:19-24, word die verdeling beskryf. Rehábeam wou die tien stamme met geweld weer terugbring, maar God het die Profeet Semája na hom gestuur om hom te sê dat hy dit nie moes doen nie, want die saak het van die HERE gekom. Die verdeling was dus 'n beskikking van God, en dit met 'n groot doel, soos ons sal sien.
Nêrens lees ons dat hulle ooit weer **herenig** is nie.

In 2 Konings 17:6-7,18,22-23; lees ons hoedat die **tien stamme** in die jaar 721 v.C. in **ballingskap weggevoer is na Assirië** in die noorde vanwaar hulle **nooit weer** as geheel teruggekeer het nie.

6 In die negende jaar van Hoséa het die koning van Assirië, Samaría ingeneem en Israel (tien stamme) in ballingskap weggevoer na Assirië en hulle laat woon in Halag en aan die Habor, die rivier van Gosan, en in die stede van Medië.

7 Want die kinders van Israel het gesondig teen die HERE hulle God wat hulle uit Egipteland onder die hand van Farao uit, die koning van Egipte, laat optrek het; en hulle het ander gode gevrees.

18 So het die HERE dan baie toornig op Israel geword, sodat Hy hulle van sy aangesig verwyder het; **niks het oorgebly nie as net die stam van Juda alleen.**

22 En die kinders van Israel het gewandel in al die sondes van Jeróbeam wat hy gedoen het, hulle het daar nie van afgewyk nie;

23 totdat die HERE Israel van sy aangesig verwyder het soos Hy gespreek het deur al sy diensknegte, die profete; en Israel is in ballingskap uit sy land weggevoer na Assirië, tot vandag toe.

Ballingskap van die Twee Stamme, Juda en Benjamin

In 2 Kronieke 36:20-23; lees ons dat die Twee Stamme, Juda en Benjamin (Huis van Juda) in die jaar 604 v.C. ooswaarts na Babilon in ballingskap weggevoer is.

20 En die wat van die swaard oorgebly het, het hy na Babel in ballingskap weggevoer, en hulle het vir hom en sy seuns slawe geword, totdat die koninkryk van Persië tot heerskappy gekom het,

23 sodat die woord van die HERE deur die mond van Jeremía vervul sou word: totdat die land vir sy sabbatte vergoeding gekry het; al die dae van die verwoesting het dit gerus om sewentig jaar vol te maak.

Sewentig jaar na die Babiloniese Ballingskap van 604 v.C. het die koning van Persië aan die gevangenes wat **deur Nebukadnésar** weggevoer was, verlof toegestaan om na Palestina terug te keer om die tempel en die stad Jerusalem te herbou.

Uit Esra 1:1-3, 5; Esra 2:1; Esra 4:1; Esra 10:7-9, sien ons **baie duidelik** dat net die mense uit die **twee stamme, Juda en Benjamin**, na Palestina en Jerusalem teruggekeer het. Die Tien Stamme het **nie** saam met hulle teruggekeer nie, Esra 2:1, maak hierdie feit baie duidelik.

Die Naam "Jood" eerste gebruik

Die Joodse geskiedskrywer Josephus (37-95? A.D.) skryf as volg oor die naam "Jood":
"Jood is die naam waarby hulle genoem is vanaf die dag dat hulle van Babilon af teruggekeer het. Dit is afgelei van die **stam van Juda**, wat eers na hierdie plekke gekom het. Vanaf daardie tyd dra beide hulle en die land daardie naam." (Antiquities of the Jews. Bk. 11. Ch. 6).
Waar die woord "Jode" vir die eerste keer in die Bybel in 2 Konings 16:6, voorkom is dit 'n vertolking van die vertalers en is die korrekte woord daar "Judeëers" soos in die "Nuwe Hollandse Vertaling".

Volgens Josephus en die Bybel het die ballinge wat van die Babiloniese ballingskap (en dus van die **huis van Juda)** teruggekeer het, toe eers as Jode bekend gestaan. Abraham, Isak en Jakob was nie Jode nie, maar Hebreërs
(F.F. Bosworth, die skrywer van "Christ the Healer", sit hierdie saak baie mooi uiteen in sy artikel: "The Difference Between the House of Israel and the House of Judah". U kan dit van ons bestel).
Die feit dat baie Hugenote Suid-Afrikaners geword het, maak nie die Hugenote Suid-Afrikaners nie. Party het in daardie tyd Engeland toe gevlug en Engelse geword en ander weer na ander lande.

Esra 4:23 en Esra 5:5, 12, is ook Skrifte wat onder andere baie duidelik aantoon dat diegene van Juda en Benjamin wat uit ballingskap teruggekeer het, eerste Jode genoem was:
Esra 4:23;

> Net toe die afskrif van die brief van Artasasta, die koning, aan Rehum en Simsai, die skrywer, en hulle partygenote voorgelees is, het hulle haastig na Jerusalem, na die **Jode** gegaan en hulle met geweld en mag laat ophou.

Josephus die Joodse Geskiedskrywer het ook die volgende, in die jaar 70 n.C. geskryf:
"- - - - daar is maar net twee stamme in Asië en Europa wat aan die Romeine onderworpe is (Juda en Benjamin), terwyl die **tien stamme** oorkant die Eufraat is tot vandag toe, 'n groot en ontelbare menigte" (Antiq. XI, 5, 2).

Dit is na hulle toe wat Jesus sy dissipels gestuur het toe hy vir hulle gesê het:

> "Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie; maar gaan liewer na die **verlore skape** van die **huis van Israel**" (die tien stamme) - Matt. 10:5-6.

Die Huis van Israel was in daardie tyd anderkant die Eufraat soos ons hierbo uit Josephus se aanhaling gesien het. Dit is **aan hulle** dat Petrus en Jakobus hulle **sendbriewe geskryf het**, asook aan diegene uit die twee stamme, (Juda en Benjamin) wat nooit uit die Babiloniese ballingskap onder Esra en Nehemía teruggekeer het nie.
Jakobus skryf in die jaar 60 n.C. (dus net 10jaar voor Josephus):
Jakobus 1:1;

> Jakobus, 'n dienskneg van God en die Here Jesus Christus, aan die **twaalf stamme** wat in die verstrooiing is: Groete!

Petrus skryf ook in 60 n.C. as volg:
Petrus 1:1-2;
1 PETRUS, 'n apostel van Jesus Christus, - - - -
(Onthou Christus is die Grieks vir die Hebreeuse Messías)

> - - - - aan die vreemdelinge van die verstrooiing in **Pontus, Galásië, Kappadócië, Asië en Bithíë,**

Die gebied waar die Tien Stamme hulle destyds bevind het asook sommige uit die Twee Stamme.
2 uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus: Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!
Ons sal later sien hoedat Paulus ook op die voetspore van hierdie sogenaamde verlore Tien Stamme van Israel gevolg het en dat baie van sy sendbriewe aan hulle gerig is en nie aan 'n klomp heidene, dit wil sê, nasies van non-Israel afkoms nie.

Let bv. op die volgende Skrif, om maar net een voorbeeld te noem:
1 Korinthiërs 10:1-4;
1 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat **ons vaders** almal **onder die wolk** was en almal **deur die see** deurgegaan het,
2 en almal in **Moses gedoop** is in die **wolk** en in die **see**,
3 en almal dieselfde geestelike spys geëet het,
4 en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.

Dis net Israeliete waarop hierdie van toepassing is, en tog sê Paulus aan die Korinthiërs dat hulle "ons vaders" was. Dit kan nie vergeestelik word nie, dit is letterlik.
Jesus het gesê dat:

> "Ek is net gestuur na die **verlore skape** van die huis van Israel" - (Matt. 15:24).

Dit is dan ook nie sonder betekenis dat die Jode as nasie Hom verwerp het nie en aangedring het op sy kruisiging.
Hy het dan ook vir hulle gesê:

> "Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk (nie kerk nie) gegee word wat die vrugte daarvan sal dra" - (Matt. 21:43).

Vgl. hiermee 1 Konings 11:13; 1 Kon. 12:21.
Kyk hoe mooi beskrywe Eségiël 34:11-16, dit vir ons:

11 Want so sê die Here HERE: Kyk, hier is Ek, en Ek sal na **my skape** vra en vir hulle sorg.
12 Soos 'n herder vir sy trop skape sorg op die dag as hy onder sy **verspreide** skape is, so sal Ek vir **my skape** sorg; en Ek sal hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is, op die dag van wolke en donkerheid.
13 En Ek sal hulle uitlei uit die volke en versamel uit die lande en hulle bring in hul land; en Ek sal hulle laat wei op die berge van Israel, in die klowe en in al die bewoonbare plekke van die land.
14 Op 'n goeie weiveld sal Ek hulle laat wei, en op die hoë berge van Israel sal hulle weiplek wees. Daar sal hulle lê op 'n goeie plek en wei in 'n geil weiveld op die berge van Israel.
15 Ek self sal **my skape** oppas, en Ek self sal hulle laat lê en rus, spreek die Here HERE.
16 Die wat verlore is, sal Ek soek, en wat **weggedryf** is, sal Ek terugbring, en wat gewond is, sal Ek verbind, en die siekes sal Ek versterk; maar die vettes en die sterkes sal Ek verdelg: Ek sal hulle oppas soos dit reg is.

Lees self Jesus se woorde in Johannes 10: vers 16;.
(hfst oor die goeie herder.)

16 Ek het nog ander **skape** wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees **een kudde**, een herder.

Vgl. Eségiël 37 hiermee.

Die huis van Juda was verteenwoordig in die land, en het die voorreg gehad om die stem van die herder te hoor, maar die huis van Israel nie. Ons sal verderaan in ons studie breedvoerig op Eségiël 37 ingaan.

Op 'n ander geleentheid weer, toe die Fariseërs Jesus so agtervolg het, lees ons die volgende:

Johannes 7:33-35;

33 Toe sê Jesus vir hulle: Nog ‘n klein tydjie is Ek by julle, en Ek gaan na Hom wat my gestuur het.

34 Julle sal my soek en nie vind nie; en waar Ek is, kan julle nie kom nie.

35 En die Jode se onder mekaar: Waar wil Hy heengaan, dat ons Hom nie sal vind nie? Hy wil tog nie na die **verstrooides** onder die Grieke gaan en die Grieke leer nie?

Die Jode het geweet waar die verstrooides van die tien stamme van Israel was, net soos Josephus hulle geskiedskrywer van daardie tyd, geweet het. Hulle was jaloers op hulle en wou nie hê dat Jesus na hulle moes gaan nie, en tog wou hulle self Hom ook nie hê nie. Dit was ook so in die dae van Paulus; skaars het hy die evangelie op ‘n plek gebring en bekeerlinge gemaak, of die Jode het agterna gekom en die mense teen hom opgestook.

Sien: Handelinge 17:13; Hand. 21:27; Hand. 13:50; Hand. 14:2.

Ons het alreeds daarna verwys, en sal later daarop ingaan, dat hierdie mense onder wie Paulus gearbei het en wat as heidene (non-Israeliete) beskou word, niemand anderste was as die verlore tien stamme van Israel, wat teen daardie tyd al, so lank uit hulle land was, en so vér van God weggedwaal het, dat hulle “heidens” ten opsigte van die geloof geword het, baie was ook al onbewus van hulle identiteit. Maar God sou volgens sy belofte oor hulle waak, in hulle tyd van verstrooiing en nie toelaat dat “een saadkorreltjie” verlore gaan nie:

Amos 9:9;

9 Want kyk, Ek gee bevel en sal die **huis van Israel** (tien stamme) onder al die nasies skud soos in ‘n sif geskud word, maar daar sal **geen korrel** op die grond val nie.

Dank God, die hemele en die aarde sal verbygaan, maar my Woord sal nooit verbygaan nie, sê die HERE.

Matthéüs 5:18;

18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur net nie.

Die verhaal van hoe die tien stamme uit hul ballingskap uit Assirië ontsnap het en onder verskillende ander name deur die eeue deur Europa getrek het en uiteindelik in die Westerse nasies ontwikkel het is een van die aangrypendste verhale wat nog ooit vertel is. Dit is een van die waarhede wat die langste verborge gebly het, en wat die meeste beveg word. Dank God die lig begin deurbreek! Die dag wanneer die Weste te midde van die doodsgevaar wat haar van die kant van die heiden bedreig, sal besef dat sy die volk van God is, sal dit wees “ ‘n opstanding uit die dode”.

Lees self Romeine 11:25-29; vers 15;

15 Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode?

Die dag wanneer die Weste tot ontwaking kom en besef wie sy is; en die huis van Juda vir Jesus van Násaret as die Messías erken, sal dit ‘n renaissance wees soos die Bybel alleen dit vir ons kan beskryf. Dit sal ook min of meer saamval met die tyd van die opstanding uit die dode. Dit sal die vervulling wees van Eségiël 37.

Joodse Opinie

Hier volg ‘n paar aanhalings uit die beskouings van gesaghebbende Joodse mening oor die saak.

Die Joodse Ensiklopedie Vol. 12, p. 249:
“As die tien stamme verdwyn het dan sal die letterlike vervulling van die Skrifte onmoontlik wees. As hulle nie verdwyn het nie, is dit vanselfsprekend dat hulle onder ‘n ander naam bekend moet wees.”

Dr. Hertz, eertydse Hoof Rabbi van die Britse ryk het op 18 November 1918 as volg geskryf:
“Die mense wat vandag as Jode bekend staan is afstammelinge van Juda en Benjamin, tesame met ‘n sekere aantal afstammelinge van Levi. Sover bekend is daar nie enige verdere toevoeging van enige van die ander stamme nie. Die tien stamme het verdwyn onder die volkere van die wêreld. Ons sien uit na die versameling van al die stamme eendag in die toekoms”.
Lees Jesaja 27:12-13; Eségiël 37:15-19.

Die Jewish Chronicle van 2 Mei 1879:
“Die lotsbestemming van die verlore tien stamme van Israel is ‘n verborgenheid wat ‘n besondere bekoring vir sommige mense het. Terwyl daar nie een skakeltjie in die historiese ketting vermis word, sover dit die oorblyfsel van die Huis van Juda betref nie, verdwyn die Israeliete wat deur die Assiriërs oorrompel is, so skielik en so volkome uit die geskiedrolle asof die land van hulle ballingskap hulle ingesluk het.
Daar was egter nog altyd ‘n huiwering om te aanvaar dat die lot wat ander nasies getref het, ook oor die tien stamme gekom het. Waarom sou hulle ‘n swakker oorlewingskrag as hulle broers van Juda hê? Nee, **die Skrif spreek van ‘n toekomstige herstel van Israel**, wat beide Efraim (tien stamme) en Juda sal insluit. Die probleem is dus baie eenvoudig: Die tien stamme bestaan baie beslis. Al wat vir ons nodig is, is om te ontdek watter volkere hulle afstammelinge is”.

Tweede Boek van Esdras 13:40 - 47;
“En nou sien jy dat hy nog ‘n ander menigte wat vreedsaam is, tot homself versamel; dit is hulle van die **tien stamme** wat in die dae van koning Hoséa in ballingskap uit hulle land weggevoer is, Salmaneser, die koning van Assirië het

hulle gevange geneem, en hulle anderkant die rivier weggevoer. Hulle is na ‘n ander land weggevoer.
Maar hulle het onder mekaar besluit om die heidense volk te verlaat, en na ‘n meer afgeleë gebied te verhuis, waar daar nog nooit een mens gewoon het nie, sodat hulle miskien daar hulle verordeninge kan onderhou, wat hulle nooit in hulle eie land nagekom het nie.
En hulle het deur die driwwe van die **Eufraat rivier** getrek; want die Allerhoogste het vir hulle wonders gedoen want Hy het die vloei van die rivier laat ophou totdat hulle deurgetrek het. Dis om hierdie rede dat jy die menigte in vrede saamgetrek gesien het.”

Uittreksels uit “The Jewish Quarterly Review 1888, Vol. 1.”
(P. 15) “Die ballinge van Israel wat oorkant die Eufraat weggevoer is, het nie as ‘n geheel na Palestina saam met hulle broers die gevangenes van Juda teruggekeer nie; daar word ten minste geen melding van so ‘n gebeurtenis gemaak in die dokumente wat tot ons beskikking is nie.”

(P. 17) “Om die waarheid te sê, die terugkeer van die tien stamme was nog altyd een van die groot beloftes van die profete, en die koms van die Messías is dus noodwendig ‘n gebeurtenis wat baie nou in verband met hulle verlossing staan.”

(P. 21) “Die hoop op die terugkeer van die tien stamme het nog nooit onder die Jode vervaag nie, hierdie hoop het nog altyd in verband met elke Messiaanse opstand gestaan.”

Die Israel Identiteit die Sleutel tot ‘n begrip van die Profesieë

Die profesieë van die Bybel sal nooit reg vertolk word solank daar nie ‘n onderskeid gemaak word tussen die Huis van Israel (tien stamme) en die Huis van Juda (twee stamme) nie. Die Bybel sal tot ‘n groot mate, sover dit Gods plan met die wêreld betref, ‘n geslote boek bly, solank as die leringe en profesieë sover dit Israel betref, alleen op die Jood, soos hy vandag is, toegepas word.

Ons sal verder aan in hierdie reeks bewyse lewer, dat die Jood so vermeng is dat hy ‘n uiters heterogene (onsuiwer) nasie is, en dat baie Jode geen Israel bloed in hulle are het, en dus geen aanspraak het op die beloftes van God aan Israel nie, hetsy die Huis van Juda of die Huis van Israel.

Van vroeg in die Bybel vind ons dat Satan vir Babilon (die heidense nasies) gekies het as sy aardse vennoot in sy opstand teen God. Israel was weer die nasie deur God gekies om sy aardse instrument te wees vir die uitvoering van sy plan met die wêreld.

Israel was ontrou aan haar hemelse roeping en as straf (net vir ‘n tyd) sou die Babiloniese nasies en stelsel onder Satan die oorhand kry. Maar deur die Bloed van Jesus aan die kruis het God die nuwe verbond met sy volk Israel - (Jer. 31:31-34; Heb. 8:8-12; Jes. 53:8) bekragtig. Hierdeur het Hy hulle skuld betaal en hulle waardig gemaak om sy koninkryk op aarde te wees waardeur Hy nog die hele wêreld tot Homself gaan terugwen.

Dan sal die “Onse Vader” volkome beantwoord wees:

“Onse Vader wat in die hemele is,
laat U naam geheilig word;
laat U Koninkryk kom;
laat U wil geskied,
soos in die hemel,
net so ook op die aarde” - (Matt. 6:9 -10).

Hoofstuk 2

Transkripsie van kasset nr. L28

Israel en Juda afsonderlik -

Die Huis van Israel (Tien Stamme) en die Huis van Juda bly afsonderlik tot en met die Wederkoms van Christus

In die vorige hoofstuk het ons nagegaan hoedat die **twaalf stamme van Israel** na die dood van koning Salomo in **twee huise** verdeel is en later in twee afsonderlike ballingskappe na twee verskillende landstreke op **verskillende tye** weggevoer is. Ons het uit die Bybel en uit die geskiedenis en uit Joodse opinie gewys dat die twee nooit weer met mekaar herenig is nie.
Daar is baie Skrifte wat ons na wil verwys om aan te toon hoe duidelik die Bybel aangaande hierdie verdeling is. Ons sal vir u hier 'n paar kwoteer, en die ander net na verwys dat u dit self kan nagaan.
1 Konings 11:30-31;
30 Toe gryp Ahía die nuwe mantel wat hy aangehad het, en **skeur** dit in **twaalf** stukke,
31 en hy sê vir Jeróbeam: Neem vir jou **tien** stukke, want **so spreek die HERE**, die God van Israel: Kyk, Ek gaan die koninkryk uit die hand van Salomo **afskeur** en aan jou die **tien stamme** gee.
1 Konings 12:21;
21 En toe Rehábeam in Jerusalem kom, het hy die hele huis van Juda en die stam van Benjamin, honderd-en-tagtigduisend strydbare jong manskappe, vergader om oorlog te voer teen die huis van Israel, om die koningskap vir Rehábeam, die seun van Salomo, terug te win.
1 Konings 15:9;
9 IN die twintigste jaar dan van Jeróbeam die koning van Israel, het **Asa koning van Juda geword.**

Dit is baie interessant en van die grootste belang om daarop te let hoe dikwels die Bybel die tien stamme of huis van Israel, sommer net Israel noem. Wanneer u hierdie saak deeglik ondersoek, sal u sien dat die huis van Israel ook dikwels Efraim genoem word. Dit is in ooreenstemming met die **seën** wat Jakob oor die **seuns van Josef**, Efraim en Manasse, uitgespreek het toe Josef hulle na Jakob gebring het net voor hy gesterf het.
Génesis 48:15-16;
15 En hy het Josef geseën en gesê: Die God voor wie se aangesig my vaders Abraham en Isak gewandel het, die God wat my as Herder my lewe lank gelei het tot vandag toe,
16 die Engel wat my uit elke teëspoed verlos het — mag Hy die seuns seën, en mag **deur hulle my naam genoem word** en die naam van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte.

Let maar op hoe suiwer die Bybel op hierdie punt is.
Josef was nie Juda nie, het dit nooit geword nie, en het ook nooit in Juda geassimileerd geraak nie. Dit is dus onskriftuurlik om die Jode Israel te noem - hulle is van Jakob (Israel) maar nie die hele Israel nie.
2 Samuel 11:11;
11 En Uría sê vir Dawid: Die ark en Israel **en** Juda bly in hutte - - - - -
1 Konings 4:20;
20 Juda **en** Israel was talryk soos die sand wat aan die seestrand is in menigte
Jeremia 23:6;
6 In sy dae sal Juda verlos word **en** Israel veilig woon - - - - -
2 Konings 14:8-14, is een gedeelte wat praat van oorlog tussen Israel en Juda bv. verse 12, 13;
12 En Juda **is voor** Israel verslaan, en hulle het gevlug elkeen na sy tente toe.
13 En Joas, die koning van Israel, het Amásia, die koning van Juda - - - - - gevang; - - - - -.
2 Konings 17:6,23, sê dat die koning van Assirië vir Israel in ballingskap weggevoer het.
1 Kronieke 21:5;
5 En Joab het die getal van die volkstelling aan Dawid gegee; en die **hele Israel was elfhonderdduisend** man wat die swaard uittrek, en **Juda vierhonderd-en-sewentigduisend** man wat die swaard uittrek.

Lees ook: Jer. 3:6-8; Jer. 30:3-4; Jer. 32:32; Jer. 33:7-8, Jer. 14-16;
Jer. 50:4, 20; Jer. 51:5; Hoséa 5:5; Sag. 11:14.
So sien u ook die verskil wat die Bybel maak tussen die huis van Israel en die huis van Juda uit die volgende Skrifgedeeltes.
Jeremia 5:11;
11 Want die **huis van Israel** en die **huis van Juda** het baie troueloos teen My gehandel, spreek die HERE.
Jeremia 11:10;
10 - - - - - Die **huis van Israel** en die **huis van Juda** het my verbond verbreek wat Ek met hulle vaders gesluit het.
Jeremia 31:9;
9 - - - - want Ek is vir Israel ‘n Vader, en Efraim is my eersgeborene.
(Die Jode is nie van Efraim nie, maar van Juda).
Jeremia 31:31;
31 Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die **huis van Israel** en die **huis van Juda** ‘n nuwe verbond sal sluit;
Lees ook: Eség. 9:9; Eség. 37:16,19; Hoséa 5:11-14; Hos. 6:4; Hos. 6:10-11; Sag. 10:6; 2 Sam. 12:8; Jer. 3:18; Jer. 7:15; Jer. 11:17; Jer. 13:11; Jer. 32:32.

By noukeurige ondersoek van die ganse Skrif sal dit gemerk word hoedat die Bybel ‘n baie besliste verskil tussen die tien stamme en die twee stamme maak.
“Israel” en “Efraim” en “Huis van Israel” is name waarby die Noordelike Koninkryk (die tien stamme) gewoonlik in die profete genoem word.
Wanneer van “Israel” gepraat word, word dit die hele nasie bedoel, sal dit uit dié verband blyk.
Kyk nou na die volgende Skrifgedeeltes as bewys dat hierdie **skeiding** sou **voortduur** tot en met die wederkoms van Christus. **Dus moet die twee vandag nog afsonderlik wees**. Die Jode het ons vandag by ons, en ons het bewyse dat hulle van die Huis van Juda is, met natuurlik baie vreemde elemente daarby, soos ons later sal aantoon. Nou dan, waar is die huis van Israel? Hulle moet êrens bestaan want die huis van Israel en die huis van Juda sal eers met die wederkoms van Christus herenig word.
Soek dan na die groep van nasies wat aan die profesieë van die Bybel aangaande die huis van Israel in die laaste dae (voor die wederkoms) beantwoord en ons het die “verlore tien stamme” van Israel gevind. Ons sal vir u so baie beskrywings van die huis van Israel gee, dat u sonder twyfel haar onder al die nasies van die aarde sal kan uitken as die Blanke Westerse Protestantse Nasies, waarvan ons ‘n deel is.
Maar nou eers ‘n paar van die Skrifte om te bewys dat die huis van Israel en die huis van Juda nog van mekaar geskei sal wees ten tye van die wederkoms van Christus.
Jeremia 3:18, 17;
18 In dié dae sal die huis van Juda gaan na die huis van Israel, en hulle sal saam uit die Noordland kom in die land wat Ek aan julle vaders as erfenis gegee het.
Wanneer is dit? Na watter tyd word hier verwys? Kom ons kyk na die vorige vers:
17 In dié tyd sal hulle Jerusalem noem die troon van die HERE; en al die nasies sal daarheen saamkom vanweë die Naam van die HERE in Jerusalem; en hulle sal nie meer wandel na die verharding van hul bose hart nie.
Wanneer? In die tyd wanneer die Troon van die HERE in Jerusalem gevestig is en die nasies daarheen saamkom vanweë die Naam van die HERE. Dit sal alleen geskied wanneer Jesus op sy troon sit in Jerusalem.
Sien: Luk. 1:31-33; Open. 3:21; Jes. 2:1-5; Jes. 59:20; Jes. 60:5; en baie ander.
Nie een van hierdie gedeeltes is nog in hul geheel vervul nie, dus moet die twee huise vandag nog afsonderlik bestaan. Let daarop dat vers 18 sê dat die huis van Juda **na** die huis van Israel sal gaan. Dit is in ooreenstemming met die baie Skrifte waarby ons nog sal kom, wat voorspel dat die huis van Juda in die vuurdoop van beproewing, net voor die wederkoms na Jesus sal soek.
Waar sal hulle van Hom hoor? By die heidense nasies? Nee! Maar by die Westerse nasies wat Christen nasies is en ook in die tyd van loutering, hulle van hul louheid sal bekeer het. Is dit nie ‘n uitstaande kenteken dat ons die huis van Israel is nie?

Lees: Jer. 16:14-15; Jer. 23:7-8; Jes. 49:12.
En dit bring ons by Eségiël 37, wat onteenseglik bewys dat die twee huise nog **afsonderlik van mekaar** ten tye van die wederkoms van Christus moet wees. Soos een baie welbekende Bybel verklaarder dit gestel het:
"Indien dit nie so is nie, kan ons maar Eségiël 37 uit ons Bybels uitskeur."
Lees verseker die hele hoofstuk baie noukeurig.

Eségiël 37:1-10, beskryf vir ons die vallei van doodsbeendere. Die profeet moes oor hulle profeteer, en onderwyl hy dit doen was daar 'n beroering en die bene het nadergekom, elke been na sy been. Daar het senings en vlees aan hulle gekom, en 'n vel was oor hulle getrek, maar daar was **geen gees** in hulle nie. Nadat hy oor hulle geprofeteer het, het die gees in hulle gekom, hulle het lewendig geword en op hulle voete gaan staan — 'n ontsaglike groot leer!

In Eségiël 37:11–14, verklaar die Heer vir hom die gesig dat dit die hele huis van Israel (al 12 stamme - **hele huis**) is op wie Hy sy Gees uitgestort het soos Hy beloof het in Eségiël 36:27 en in Jesaja 44:1-3, en nog baie ander Skrifte.

Let wel: Israel word uit hulle "grafte" gehaal en met die gees vervul **en dan** na die land gebring. Hulle moet eers lewendig gemaak word voordat hulle kan beweeg. Dis **nie** die dooie bene wat terugkeer na die land nie, maar die **lewendige** gees gevulde liggame! Dit is nie wat met die Jode gebeur het toe hulle na Palestina teruggekeer en in 1948 die sogenaamde Staat van Israel tot stand gebring het nie. Hulle is nog net so geestelik dood soos voorheen en nog net so ongehoorsaam aan die insettinge van God. Daar is enkele uitsonderinge natuurlik, maar so is daar die hele wêreld oor.

In Eségiël 37:15–28, word die wonderbaarlikste hereniging van die huis van Israel en die huis van Juda vir ons beskryf.
(Let op verse 16–17, 19, van Eségiël 37).

16 En jy, mensekind, neem vir jou 'n stuk hout, en skrywe daarop: Vir **Juda** en vir die kinders van Israel, sy bondgenote; en neem n ander stuk hout en skrywe daarop: Vir **Josef** (die hout van Efraim) en die hele huis van Israel, sy bondgenote.

17 Voeg hulle dan vir jou bymekaar, die een by die ander, om een stuk hout te wees, en laat hulle **een word** in jou hand.

Dan sê die HERE as die kinders van jou volk jou na die betekenis hiervan vra:

19 sê dan vir hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek sal die stuk hout van **Josef** neem, wat in die hand van **Efraim** is, en die stamme van Israel, sy bondgenote, (die tien stamme), en Ek sal hulle by hom voeg, by die stuk van Juda (die twee stamme), en hulle een stuk hout maak; en hulle sal **een** word **in my hand**.

Let daarop: "in my hand".

Die wêreld sal nog haar grootste bloei en vrede ondervind die dag wanneer die volle Israel weer herenig is, en **in die hand van God** sy instrument op aarde gaan wees. Dit is die heerlike toekoms wat deur al die profete besing word. Dit is die koms van die koninkryk van God op aarde waarvoor Jesus ons in "Die Onse Vader", leer bid het:

> "Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; **laat u koninkryk kom**; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde" - (Matt. 6:9,10).

Dit het nog nie gebeur nie, maar staan nou voor die deur en sal plaasvind met die wederkoms van Christus.

Luister nou na verse 21 en 22 van Eségiël 37.

21 en sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land.

22 En Ek sal hulle **een volk** maak in die land,- - - -

(Hulle is dus nog afsonderlik tot hulle in die land kom, nie waar nie?)

> - - - - op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer **twee nasies** wees nie en verder nie meer in **twee koninkryke** verdeeld wees nie.

Lees verseker verder self die wonderbaarlike beloftes hieroor in Eségiël 34 en 36, glo dit, werp uself daarop, word met die Gees van God vervul en neem u plek in, in die rang van die wat die volle Raad van God in hierdie voleinding van die Tyd verkondig.

Hierdie versameling en hereniging van die twee huise van Israel sal eers met die wederkoms van Christus geskied.

U sien dit in die verse nou net aangehaal en ook in die volgende:

Matthéüs 24:31;

31 En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

Hierdie uitverkorenes is Israel, soos u uit die volgende sal sien:

Jesaja 45:1, 3, 4;

1 So sê die HERE aan sy gesalfde, aan Kores, - - - - -

3 En Ek sal jou die skatte gee wat in die donkerheid is en die verborge rykdomme, sodat jy kan weet dat Ek die HERE is wat jou by jou naam roep, die God van Israel;

4 terwille van **Jakob**, my kneg, en **Israel** my uitverkorene, het Ek jou by jou naam geroep; - - - - .

Jesaja 65:9;

9 En Ek sal 'n nakroos uit **Jakob** laat voortkom en uit **Juda** die erfbesitter van my berge - - - - - -

(Berg staan vir 'n aardse koninkryk in die profesieë).

- - - - en my **uitverkorenes** sal dit erflik in besit neem en my knegte daar woon.

Jesaja 65:21-22;

21 En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet:

22 hulle sal nie bou dat ‘n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat ‘n ander dit eet nie; want die dae van **my volk** sal wees soos die dae van die bome, en my **uitverkorenes** sal die werk van hulle hande self geniet.

Romeine 11:25-29;

25 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle **hierdie verborgenheid** nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;

26 en so sal die **hele Israel** (al 12 stamme) gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom (met die wederkoms) en sal die goddelooshede van Jakob (volle 12 stamme) afwend;

27 en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.

28 Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande terwille van julle; maar wat die **uitverkiesing** betref, bemindes **terwille van die vaders**

(Die vaders nie net van die huis van Juda nie, maar ook van die huis van Israel).

29 Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik.

Lees ook: Eségiël 11:14-21; Sefánja 3:8-20; Jeremia 32:37-44.

Lees ook die volgende in verband met die versameling van die uitverkorenes deur die engele, vanuit die vier windstreke, en let op die teksverband dat dit op God se beloftes (wat onberoulik is) aan Israel betrekking het:

Jesaja 43:1,5-6;

1 MAAR nou, so sê die HERE, jou Skepper, **o Jakob** (letterlike 12 stamme) en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!

5 Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; Ek sal **jou geslag** van die ooste af aanbring en jou versamel van die weste af.

6 Ek sal sê aan die noorde: Gee! en aan die suide: Hou nie terug nie! **Bring my seuns** van ver, en my dogters van die einde van die aarde af.

Lees ook Eségiël 36:24-38.

Let op verse 24-27;

24 En Ek sal julle - - -

(**die huis van Israel**, verse 17, 21, 22)

- - - - uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring.

25 Dan - - - - --

“EN”, in Engelse Revised Version, Septuagint, Hollandse Nuwe Vertaling, Young's Literal Translation, Ferrar Fenton, Revised Standard Version, Pulpit Commentary.

- - - - sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig.

26 En Ek sal julle ‘n nuwe hart gee en ‘n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle ‘n hart van vlees gee.
27 En Ek sal **my Gees** in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.

Opsomming:
Ons het gesien dat die huis van Israel (10 Stamme) en die huis van Juda (2 Stamme) nog afsonderlik moet wees tot en met die Wederkoms van Christus. Hy sal hulle dan bymekaarmaak, tot Hom bekeer, met sy Gees vervul **en dan een maak** en as Koning oor hulle heers. Hulle sal dus hulle **afsonderlike identiteite behou tot** die Wederkoms van Jesus. Daarom moet hulle albei, die Twee Stamme (Juda en Benjamin) sowel as die Tien Stamme vandag nog uitkenbaar wees in die wêreld!

Dit is van die uiterste belang as ons die profesieë wil verstaan en die tyd waarin ons leef wil begryp. Dit sal ons die politieke situasie in sy wese laat insien en weet waar die bron van al die internasionale intriges ontstaan. Indien Satan daarin kan slaag om die huis van Israel (die Tien Stamme) te vernietig, of deur uitwissing of deur vermenging van hulle bloed, kan die herstel van Israel nie plaasvind nie, en kan Jesus nie terugkeer na die aarde om sy Koninkryk op te rig nie. Satan kan dan nie gebind word nie, en kan hy voortgaan met sy duisterwerk op aarde.
Daarom stook hy die nasies van die aarde op teen die Blanke Christen Nasies van die Weste. Die venyn is op die oomblik op Suid-Afrika en op Rhodesië gekonsentreerd. (Sedertdien moes Rhodesië swig en het nou Zimbabwe geword. Dit is as gevolg van die verraad van die Westerse Nasies omdat hulle nog nie hulle identiteit ken nie. Volgens Sefánja 3 en verwante Skrifte sal Rhodesië weer na die huis van Israel terugkeer). Dit is egter net die begin. Die mikpunt is die vernietiging of vermenging van die ganse Westerse Beskawing.
Lees Psalms 2 en 83 aandagtig.
Let op Ps. 83:2-5;
2 O God, hou U nie stil nie, swyg nie en rus nie, O God!
3 Want kyk, U vyande maak rumoer, en U haters steek die hoof op.
4 Teen u **volk** (Israel) smee hulle listig ‘n plan - - - -
(Afro-Asiatiese blok teen Suid-Afrika en Rhodesië nou).
- - - - en hou onder mekaar raad teen u **verborgenes.**
(Die Tien Stamme is verborge vir die oë van die wêreld, maar deur net te kyk **teen wie** die heiden vandag raad hou kan ons sien dat die verborgenes die Westerse Blanke nasies is. Hulle hou nie raad teen die Jode nie).
5 Hulle sê: Kom, laat ons hulle **vernietig**, dat hulle **geen volk** meer is nie sodat aan die naam van Israel **nie meer gedink** word nie.

Indien hulle daarin slaag, kan Jesus nie sy Duisendjarige Vrederyk oprig nie, want sy Koningskap is beloof om oor Israel te wees — Sien Lukas 1:31-33 om maar een van baie Skrifte te noem.

Dieselfde patroon deur die eeue:

Ons sal in die loop van hierdie reeks sien dat dit die patroon is wat die Satan deur die eeue gevolg het: Kain (wat van Satan was - 1 Joh. 3:12) het sy broer Abel doodgeslaan om die Saad van die Belofte te vernietig.
Kort na die uittog uit Egipte het Ámalek wat van Esau afgestam het, probeer om Israel te vernietig, soos u self in Exodus 17 kan lees. Ons sal later breedvoerig hierop ingaan.

Daarna het hy Israel en Juda verlei en uiteindelik dit reggekry om hulle uit die land verban te kry. Hy het hard probeer om te verhoed dat 'n oorblyfsel uit Juda, nie 70jaar later, onder Esra en Nehemía terugkeer om Jerusalem en die tempel te herbou nie. As hy dit kon regkry, kon Jesus nie gebore word volgens die Skrif nie. Dit is daarom waar die groot stryd in die "lug" was, tussen die aartsengel Mígael en die vors van die koninkryk van die Perse, terwyl Daniël besig was om vir een-en-twintig dae te vas en te bid omtrent die saak.
Lees Daniël 10 en Efésiërs 6:10-20.

En noudat die tyd gekom het vir die ontdekking van God se verborgenes, die Tien Stamme wat almal reken dat hulle "Verlore" geraak het, poog Satan weer sy uiterste om hulle uit te wis. Maar God het hulle nie vergeet nie.

Lees verseker Jesaja 49, let op die volgende paar verse van:
Jesaja 49:15–16, 3, 5;

15 Kan 'n vrou haar suigling vergeet, dat sy haar nie ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie!

16 Kyk, Ek het jou in die handpalms gegraveer; jou mure is gedurig voor My.

Die HERE praat hier baie duidelik met Israel (al twaalf stamme) soos u onder andere uit verse 3 en 5 kan sien:

3 En Hy het vir My gesê: Jy is my kneg, Israel, in wie Ek My sal verheerlik.

5 En nou sê die HERE wat My van die moederskoot af geformeer het om sy Kneg te wees, om Jakob (volle 12 Stamme) na Hom terug te bring en dat Israel (al 12 Stamme) by Hom versamel mag word — en Ek word geëer in die oë van die HERE, en my God is my sterkte.

'n Verbonds-God

Ons God is 'n Verbondhoudende God. Ons sal in ons volgende studie reg voor in die Bybel begin en nagaan watter verbond God met Abraham, Isak en Jakob gesluit het. Ons sal bewys dat dit 'n onvoorwaardelike en onherroeplike verbond was wat vir ewig sou duur.

Paulus sê ook in Romeine 11:29;
29 Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik.

Hy sê dit met betrekking tot die hele Israel, al 12 stamme - Rom. 11:26.
Reeds het ons gesien dat die Jode net die twee stamme, Juda en Benjamin amptelik verteenwoordig en dan ook net gedeeltelik, aangesien die Joodse nasie baie onsuiwer is. Ons Verbonds-God sal sy verbond hou. Dus moet ons na ander nasies, naas die Jood kyk op wie God se ewigdurende beloftes vandag van toepassing is, aangesien die Jood net twee stamme verteenwoordig.

Boonop het ons Here Jesus ook nog vir die Jode gesê:
Matthéüs 21:43;
43 Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n **volk** gegee word wat die vrugte daarvan sal dra.
Die gevolg is dat vir die afgelope 2,000jaar het die Joodse Nasie as nasie geen vrug gedra nie, hulle het inteendeel die evangelie van Jesus Christus met geweld probeer uitroei.
Tog is een van ons Verbonds-God se beloftes en opdragte aan Israel die volgende:
Jesaja 43:10,12,21;
10 Júlle (Israel) is my **getuies,** spreek die HERE, en my kneg wat Ek uitverkies het, sodat julle kan weet en My kan glo en insien dat dit Ek is,--- voor My is geen God geformeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie.
12 - - - - en **julle** is my **getuies**, spreek die HERE, en Ek is God.
21 Die **volk** - - - -
(ook vlgs. Matt. 21:43)
- - - - wat Ek vir My geformeer het, **hulle** sal my lof verkondig.

Jesaja 44:8;
8 Wees nie verskrik nie, en moenie bewe nie! Het Ek jou dit nie lank tevore laat hoor en te kenne gegee nie? En júlle is my getuies! Is daar 'n God buiten My? Ja, daar is geen rotssteen nie; Ek ken geeneen nie.

God kan nie lieg nie! Sy woord wat Hy gespreek het kan ook nie leeg na Hom terugkeer nie. Die nasie of nasies dus wat God se lof verkondig en wat sy **getuies** is en wat **sy werk** doen, dus sy kneg is; moet letterlik Israel wees. Die Jode wat van Israel (Jakob) is (tenminste 'n deel van hulle) doen dit nie, en Jesus het gesê dit sal van hulle weggeneem word en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal voortbring. Dit moes dus op die tien stamme oorgaan, anders is God se woord aan Israel gebreek, en dit sal nooit gebeur nie.

Die Blanke Westerse Protestantse Nasies, alhoewel in 'n teruggevalle toestand, verkondig tog die lof van die Ewige Waaragtige God en van sy Seun Jesus die

Christus. Hulle druk en versprei die Bybel, stuur sendelinge uit, druk Christelike lektuur, erken die Godheid as die Opperste Gesag, en so meer. Neem die Westerse Nasies uit die geskiedenis van die afgelope 2,000jaar en kyk wat oorbly van die Woord van God en die verkondiging daarvan. Absoluut niks! Selfs met die Westerse Nasies en al hulle verkondig van die Woord, bly die res van die wêreld, sover dit nasies betref, nog onbekeerd. Die gevolgtrekking is duidelik:

Die **Blanke Westerse Nasies verteenwoordig die Tien Stamme van Israel** net soos die Jode die Twee Stamme, Juda en Benjamin verteenwoordig.

Kom laat ons dit **sonder vrees** verkondig. Laat ons ‘n wekroep tot die Westerse Blanke Protestantse Nasies rig om hulleself los te maak van alle verbintenisse en assosiasies met die heidense nasies. Bid veral vir Brittanje in hierdie tyd dat sy en haar ander wit Statebond Lande sal loskom van hulle verbintenis met die swart en geel State, wat nooit moes gewees het nie.

Hoofstuk 3

Transkripsie van kasset nr. L29

Die Ryk van Satan teen die Koninkryk van God

In ons vorige twee hoofstukke het ons aangetoon hoedat die twaalf stamme van Israel **verdeel** is in die twee "Huise", die **Huis van Israel** (die tien stamme) en die **Huis van Juda** (die twee stamme), en dat hierdie verdeling van God was volgens 1 Konings 12:24. Die twee is nog **nooit** met mekaar **herenig nie**, en sal ook so bly tot met die Wederkoms van Christus.
Die Bybel sal tot 'n groot mate 'n geslote Boek bly totdat hierdie verskil tussen die Huis van Israel en die Huis van Juda, soos dit in die Skrif geleer word, reg verstaan word.
Hierdie **duidelike verskil** word nooit in die Bybel uit die oog verloor nie. Dit sal onmoontlik wees om die profesieë van die Bybel te volg, of die Bybelse verhaal van Israel, voordat hierdie onderskeid nie raakgesien word nie.

Die meeste mense dink nog dat waar Israel in die Bybel voorkom, dit die "Jode" beteken. Ons lees artikels en luister na preke waarin die skrywers en sprekers praat van "Abraham die Jood". Isak en Jakob word dikwels "Jode" genoem, wat uiters dwaas en onmoontlik is soos ons uit die Skrif sal sien. Dit is 'n doodgewone verskynsel om predikers en skrywers te hoor wat sulke benamings soos die volgende gebruik:
"Die Jode in Egipte",
"Die uittog van die Jode uit Egipte",
"Die Jode by berg Sinai",
"Toe die Jode die Land Kanaän ingeneem het",
"Die 12 stamme van die Jode",
"Abraham die Jood".
Duisende Christene gebruik die terme "Israel", "Jood", "Die Huis van Israel", "Die Huis van Juda", somaar deurmekaar asof al hierdie benamings maar net op een en dieselfde mense betrekking het.
Hulle weet blykbaar nie, dat volgens die Bybel, daar geen Jode as sulks was tot ongeveer 15 eeue na die geboorte van Abraham, of tot 600jaar na die dood van Moses nie!

Die meeste Hebreërs nie Jode nie

Met Adam begin nie net die kronologiese geskiedenis van die mens nie, maar ook al die geslagsregisters van die Bybel.
Daar is tien geslagte vanaf Adam tot by Noag,
Tien geslagte vanaf Sem (Noag se seun) tot Abraham.
Heber was die vierde geslag **vanaf** Sem.
Al die afstammelinge van Heber was Hebreërs.

Abraham het **ses geslagte later gekom**. Hy was dus ‘n Hebreër. Die Hebreërs was nie Jode nie, want Juda, van wie die Jode afstam, was toe nog nie eers gebore nie. Toe die Jode eeue later op die aarde gekom het, was hulle natuurlik ook Hebreërs (natuurlik net ‘n klein gedeelte van hulle), maar die oorgrote massa Hebreërs was nie Jode nie, en is dit ook nie vandag nie.
Kom ons bekyk ‘n bietjie die feite van naderby:
Abraham het agt seuns gehad.
Een van hulle was Ismael, wie se moeder Hagar was.
Een seun was Isak, en sy moeder was Sara.
Na die dood van Sara het Abraham met Ketura getrou, en sy het vir hom ses seuns gebaar.
Omdat Abraham ‘n Hebreër was, of ‘n afstammeling van Heber, sou al sy nakomelinge natuurlik Hebreërs wees, en hulle nakomelinge sou ook Hebreërs wees, maar hulle afstammelinge is nie Jode nie. Indien hulle is, dan moet Ismael ‘n Jood gewees het; en siende dat die Arabiere die afstammelinge van Ismael is, sal dit van die Arabiere Jode maak.
Die nasate van Ketura se ses seuns het weer in sommige van die Indiese rasse ontwikkel.
Vergelyk Génesis 25:5-6;

5 En Abraham het aan Isak alles gegee wat hy besit het,
6 maar aan die seuns van die byvroue van Abraham het Abraham geskenke gegee, en hulle, nog by sy lewe, van sy seun Isak af oos laat wegtrek, na die Oosland.

Dit sou dwaas wees om te verklaar dat hulle Jode is, alhoewel hulle as die afstammelinge van Abraham, van die geslag van Heber is, en dus Hebreërs.
Hierdie selfde redenasie geld ook vir Isak. Isak was ‘n Hebreër, die seun van Abraham. Isak het twee seuns gehad, Esau en Jakob. As Isak ‘n Jood was, dan moes beide Esau en Jakob ook Jode gewees het. Dit sal van die afstammelinge van Esau ook Jode maak. Maar die nakomelinge van Esau het die Edomiete geword, en uit hulle het weer die Turke en verwante nasies ontstaan.
Volgens F.F. Bosworth was die Farao’s wat Israel so verdruk het, ook van die Esau geslag, maar nie een van hierdie mense was Jode nie.

Om Abraham ‘n Jood te noem, sal van hom ‘n afstammeling maak van Isak se, toe nog ongebore kleinseun, Juda

Die Stam van Juda het nog nie op aarde gedurende die tyd van Abraham en Isak bestaan nie. As Isak ‘n Jood was, dan moes sy tweelingseuns, Jakob en Esau tog sekerlik ook Jode gewees het.

Ons weet dat Esau, die tweelingbroer van Jakob, die voorvader van die Turke en verwante nasies van vandag geword het.
Indien Jakob dus ‘n Jood was, hoe kan dit dan wees dat sy tweelingbroer nie een was nie, siende dat hulle albei uit die dieselfde vader en moeder gebore is?

Voorvaders word nie na hulle afstammelinge vernoem nie!

Jakob, een van hierdie tweelingbroers, het 12 seuns gehad, wat uit vier verskillende moeders gebore is. Nie een van hierdie 12 seuns was Jode nie. Een van sy 12 seuns was Juda, maar in die sin waarin ons die woord "Jood" vandag gebruik, kan die term nie op Juda toegepas word nie, want hy was nie 'n Jood nie; want dit is 'n feit dat hulle wie vandag as Jode bekend staan, sekere eienskappe het en op rasse gebied van 'n sekere tipe is wat ontstaan het eers honderde jare nadat Israel Egipte verlaat het.

Die rasse tipe of oorblyfsel wat vandag as Jode bekend staan, is maar 'n klein gedeelte van die nakomelinge van Juda wat maar net een van die 12 seuns van Jakob was. Daar is geen Jode onder die afstammelinge van die ander seuns van Jakob nie, behalwe onder die van die stamme van Benjamin en Levi wat uiteindelik onder die Huis van Juda geval het.

Abraham was die vader van Isak;
Isak was die vader van Jakob.
Jakob, wie later "Israel" genoem is, het die vader geword van:

Ruben	Símeon	Levi
Juda	Dan	Náftali
Gad	Aser	Issaskar
Sébulon	Josef	Benjamin.

Die 12 seuns het elk die hoof van 'n stam geword wat na hom vernoem is. Die Jode stam uit Juda, die vierde seun van Jakob; die woord "Jood" is maar net 'n vorm van die naam "Juda".

Net een blik op die geslagsregister sal dadelik aan die lig bring dat dit onmoontlik vir Abraham, Isak of Jakob was om Jode te gewees het. **Alleen die afstammelinge van Juda** — hulle wat **na** hom en **uit hom** gekom het kon sy naam dra, en nie sy voorgeslagte nie. Niemand was ooit "Juda" genoem tot 200jaar nadat Abraham sy naam gekry het. Veronderstel u ouers gee u die naam Karel. Dit maak nie u voorvader wat 200jaar voor u geleef het, Karel nie. **En deur Jakob se vierde seun Juda te noem, sal nie Abraham, sy oupagrootjie, 'n Jood maak nie.**

Die Begin

Lees Génesis 9:24-27;

24 Toe Noag van sy wyn wakker word en merk wat sy jonger seun hom aangedoen het,

25 sê hy: Vervloek is Kanaän! ‘n **Kneg van die knegte** moet hy wees vir sy broers.

26 Verder het hy gesê: Geseënd is die HERE die God van Sem. Maar Kanaän moet **sy dienskneg** wees.

27 Mag God aan Jafet ruimte verskaf, en mag hy woon in die tente van Sem! Maar Kanaän moet sy **dienskneg wees**.

Vgl. hiermee: Levitikus 25:46; Josua 9:23-27.
Volgens hierdie profesie van Noag sou uit die afstammelinge van Sem altyd die draers van die Saad wat aan die vrou in die Tuin van Eden beloof is, kom.
Vgl. Génesis 3:15; Galásiërs 3:16.
Jesus is dan ook uit Sem - (Luk. 3:36).
Dit is opmerklik dat diegene in wie die Saad was en is, altyd die draers was van die Verlossingsboodskap en Plan van God.

Daar sou ook volgens hierdie profesie van Noag ‘n onderhorige groep van rasse wees wat van Gam afstam wat vir die rasse wat van Sem en Jafet afstam, dienswerk sou moes verrig, handewerk, wat in die terme van die Bybelse taal van daardie dae genoem was houtkappers en waterputter. Hulle sou nooit voor die wederoprigting van alle dinge (die Wederkoms van Jesus) ooit ‘n selfstandige staatsvorm kan handhaaf nie.

Hulle sou die handewerk moes verrig vir hulle broers wat die verstandswerk, bestuurswerk sou doen, dit is duidelik dwarsdeur die eeue. Die swart nasies, wat van Gam afstam, het nie die verstand of geestesvermoë om hulleself sonder die hulp van die ander nasies te regeer of te handhaaf nie. Ons kan nie op hierdie saak in ‘n studie soos hierdie op besonderhede ingaan nie, dit word in ander artikels behandel.

Satan organiseer sy Ryk op Aarde

Lees self in u Bybel Genesis 10:1-10.
Let op die volgende name wat daarin voorkom:
Gomer, Magog, Tubal, Meseg, Togárma - nakomelinge van Jafet;
Kus, en Put - nakomelinge van Gam.

Hierdie selfde name kom in Eségiël 38 en 39 voor as die nasies wat baie duidelik as Rusland en al haar bondgenote geïdentifiseer word wat in die laaste dae (dit is nou) teen Israel (die Weste) sal optrek om hulle te vernietig om geen volk te wees nie.

Dit word volledig behandel in ons twee boekies:
"Rusland in Profesie" en "Joël, Sy Profetiese Boodskap en Waarskuwing".
In Génesis 10:8-10 lees ons;

8 Kus was ook die vader van **Nimrod**, Hy het begin om 'n **geweldenaar** op aarde te wees.

9 Hy was 'n **geweldige jagter** (so was Esau, hou dit in gedagte) voor die aangesig van die HERE. Daarom sê hulle: Soos Nimrod, 'n geweldige jagter voor die aangesig van die HERE.

10 En die begin van sy ryk was **Babel** en Ereg en Akkad en Kalne in die land Sínear.

Babel in Hebreeus en Babilon in Grieks beteken verwarring. Dwarsdeur die eeue sal ons vind dat die Babiloniese Stelsel altyd in vyandskap teen God is, soos dit was in die begin toe hulle die toring van Babel gebou het om God uit te daag en Hy hulle spraak moes verwar.

Hierdie stelsel sal ons dan van nou af tot in Openbaring vind in die een of ander vorm, maar altyd teen God en dus teen Israel wie God uitverkies het om sy kanaal op aarde te wees. Ons sal vir "Babilon" teëkom in sy politieke, ekonomiese en godsdienstige vorm, in al drie hoedanighede as Satan se kanaal op aarde om God tee te staan en sy plan met die wêreld te verongeluk.

(a) In sy **politieke** hoedanigheid sal jy dan altyd dieselfde groepering van nasies met hulle bondgenote kry wat poog om Israel te vernietig.
(b) In sy **ekonomiese** hoedanigheid sal hy altyd 'n stelsel op Israel en die wêreld probeer afdwing wat armoede, verslawing en anargie as gevolg sal hê, teenstrydig met die Wet van God wat vrymaak. Dit is dan ook bedoel om uiteindelik die fisiese vernietiging van Israel tot gevolg te hê.
(c) In sy **godsdienstige** hoedanigheid sal hy of die een of ander stelsel van afgodery op die mensdom (en dus op sy mikpunt Israel) probeer aftower, of die ware Godsdiens so infiltreer dat hy dit korrup en 'n bespotting maak.

Dit sal 'n lywige verhandeling op sigself verg om hierdie saak van Babilon (polities, ekonomies, godsdienstig) in besonder te behandel, en kan nie in hierdie reeks gedoen word nie. Maar as u die kern van die saak insien, sal u uit wat ons verder van Babilon sal noem in verband met ons onderwerp onder bespreking, genoeg kry om die draad self deur die Bybel te kan volg. Vandag in die Kommunistiese poging tot wêreldoorheersing sien ons hoe die Satan baie mooi van al drie die fases van die Babiloniese Stelsel gebruik maak.

Dank God, die vernietiging van Babilon word vir ons in God se Woord verseker. Ons sal dit nog in hierdie reeks duidelik sien. Kyk maar net byvoorbeeld hoe wonderbaarlik aangrypend en skrikwekkend groots die gewelddadige omverwerping van **Babilon die Grote** vir ons beskryf word, en dit staan voor die deur.

Openbaring 18:2-5;

2 En hy het met ‘n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword ‘n woonplek van duiwels en ‘n versamelplek van allerhande onreine geeste en ‘n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls,

3 omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid.

4 En ek het ‘n ander stem uit die hemele hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.

5 Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou.

Daar word ‘n volledige uiteensetting hiervan in ons verhandeling oor die “Boek van Openbaring” gegee.

Babel tart God uit!

Met die bou van die Toring van Babel het hulle dan begin om God uit te tart. Lees Génesis 11:1-4, 9, self in u Bybel.
Dit is kenmerkend, en geen toevalligheid nie, dat Sem en sy geskiedenis eers na die bou en onderbreking van die toring van Babel genoem word.

God begin sy nasie “Israel”

Lees Génesis 12:1-4;

1 En die HERE het aan Abram gesê: Gaan uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys.

2 Ek sal jou ‘n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy ‘n seën sal wees.

3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

4 Toe het Abram weggetrek soos die HERE hom gesê het, en Lot het saam met hom getrek. En Abram was vyf-en-sewentig jaar oud by sy vertrek uit Haran.

Die groot nasie wat God uit Abram sou verwek, sou sy instrument wees deur wie Hy uiteindelik **alle nasies** tot Homself sou bring. Onthou dat Abraham, Isak en Jakob **nie** Jode was nie, **maar** Hebreërs! Let baie duidelik daarop dat hierdie verbond **onvoorwaardelik en ewigdurend** is. Niks, self nie ongehoorsaamheid, kon hierdie verbond verander nie!
Vers 3 sê, dat “**in jou** sal al die geslagte van die aarde geseën word”.

Vir die afgelope ongeveer 2000jaar het die Westerse nasies opgetree as die draers van die Evangelie van Jesus Christus, wat **die bron** van alle seën vir die mensdom is.
Dit is merkwaardig hoedat die Lig van die Evangelie nie Ooswaarts of Suidwaarts posgevat het nie, en ook nie by die Jode nie, maar **Weswaarts**, op die spoor van die Tien Stamme, wat deur die loop van bykans 3000jaar ontwikkel het in die Blanke Protestantse Nasies van die Weste.
Lees self in Génesis 18:18 en Gén. 22:18; hoedat God hierdie belofte aan Abraham herhaal het. Hierdie selfde belofte is ook aan **Isak** gemaak.
Génesis 26:3-5;

3 Vertoef as vreemdeling in hierdie land, en Ek sal met jou wees en jou seën; want aan jou en jou nageslag sal Ek al hierdie lande gee: Ek sal die eed bevestig wat Ek vir jou vader Abraham gesweer het.

4 En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word;

5 omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette onderhou het.

En na Isak netso ook aan **Jakob** en dus **deur hom** aan die **12 Stamme van Israel.**
Génesis 28:3-4,14;

3 En mag God, die Almagtige, jou seën en jou vrugbaar maak en jou vermeerder, sodat jy ‘n menigte van volke kan word.

(Die Jode in net een nasie).

4 En mag Hy jou gee die seën van Abraham, aan jou en jou nageslag saam met jou, dat jy die land van jou vreemdelingskap in besit kan neem wat God aan Abraham gegee het.

14 En jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde - - - -

(Die Jode is betreklik min in getal)

- - - - en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide; **en in jou nageslag sal die geslagte van die aarde geseën word.**

Daar is vandag seker skaars ‘n heidense nasie of stam waar daar nog nie ‘n blanke sendeling van een van die Westerse Protestantse Nasies met die Evangelie van Jesus Christus was nie. Hoe aangrypend was die marteldood nie wat ons blanke sendelinge, selfs nog onlangs in die Kongo moes sterf nie. Hulle het groot sendingorganisasies in die blanke moederlande verteenwoordig.

Dit kan nie van die Joodse nasie gesê word nie. En tog, volgens ons tekste nou net aangehaal, moes dit die nageslag van Abraham, Isak en Jakob wees, wat hierdie seën sou wees vir **al die geslagte** van die aarde. Is dit dan nie ‘n duidelike bewys dat die Westerse Nasies hierdie nageslag van die aartsvaders is nie? En aangesien die Jode die Twee Stamme verteenwoordig, is dit nie duidelik dat die Blanke Westerse Protestantse Nasies die Tien Stamme is nie?

Die Waarheid sal jou Vrymaak

Jesus het gesê:

> "Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" – (Joh. 8:32).

Dit was juis gesê op 'n geleentheid toe die Jode Hom om die lewe wou bring omdat Hy vir die waarheid getuig het. Ons gaan ook nie skroom om vir die waarheid te getuig nie, al sal die ou metode van smeertaktiek ook op ons toegepas word. Die Jood is die vyand van die evangelie. Die geskiedenis bewys dit. Dwarsdeur die afgelope 2000jaar was dit nog altyd die Jood wat aan die spits gestaan het van alle bewegings of organisasies wat daarop gemik is om die evangelie en die draers daarvan uit te roei.

Net in vanoggend se koerant (22 September 1966) is daar weer die berig van die verhoor van 'n Rowley Arenstein, 'n Dawid Ernst en 'n Victor Finkelstein wat as agente van die Kommuniste Party ('n Godloënende, satanies geïnspireerde ideologie) voor die hof teregstaan. Daar is Wolpe en Goldreich van Rivonia (1964) - SAAK berugtheid. Karl Marx die vader van die Kommunisme, was 'n Jood. Die Bolsjewistiese Rewolusie van 1917 was gefinansier deur 'n Joodse Bankiers Firma van New York. Ons sou amper eindeloos so kon voortgaan.

Hierdie dinge moet nou aan die einde van hierdie eeu aan die lig kom sodat die ware Israel van God onthul kan word. Welbekende Godloënaars soos 'n Tom Payne en 'n Robert Ingersohl het na die verbond van God met Abraham, Isak en Jakob gewys en dan na die Jood en sy dade verwys en dit gebruik as een van hulle kragtigste argumente om te bewys dat die Bybel onwaar is of dat God onmagtig was om sy verbond te hou.

As hulle maar kon besef dat dit vreemde elemente is wat as die volk van God maskereer, en dat die ware Israel al die tyd voor hulle oë besig is om God se beloftes en opdragte haarfyn en stiptelik uit te voer!

Twaalf Onverbreekbare Beloftes aan Abraham, Isak en Jakob

Indien u hierdie aspek van God se **onvoorwaardelike** en **onherroeplike** beloftes aan Abraham, Isak en Jakob verder wil ondersoek, gee ons u die volgende Skrifte om self in u eie Bybel na te slaan.

Aan Abraham:
Génesis 12:2-3; Gén. 13:15-17; Gén. 15:5-6; Gén. 17:2-8, 15-16,19,21; Gén. 18:18; Gén. 22:15-18.

Aan Isak:
Génesis 26:3-5,24; Gén. 24:60.

Aan Jakob:
Génesis 27:28-29; Gén. 28:3-4,13-14; Gén. 32:12, 27-28; Gén. 35:11-12.

Die Mooi Vroue van Israel

Ons lees in Génesis 12:14;

> Toe Abraham dan in Egipte gekom het, sien die Egiptenaars dat die vrou **baie mooi** was.

Hier volg nou ‘n beskrywing van die skoonheid van Sarai soos ons dit vind in die 7de Rol van die Dooie See. (Hierdie rolle is deur ‘n Bedouin herdertjie in 1947 in ‘n grot naby die Dooie See ontdek toe hy daar skape opgepas het)

> “En hoe mooi is haar gesig nie, en hoe pragtig die hare van haar hoof, hoe besonder lieflik is haar oë, en hoe aantreklik is haar neus en stralend haar gesig. Hoe lieflik haar borste en pragtig is haar witheid! Haar arms is mooi om na te kyk en haar hande is volmaak, die ganse voorkoms van haar hande. Hoe mooi is haar hande, en hoe lank en fyn is al die vingers van haar hande. Hoe pragtig is haar bene en onbevlek haar dye. Alle maagde en alle bruide wat in die huwelik tree is nie skoner as sy nie. Sy is skoner as alle vroue en sy is mooier as hulle almal. Saam met haar skoonheid is daar ook baie wysheid in haar.”

Rebekka was net so mooi - (Génesis 26:7). Hulle nageslag was mooi en **blank.** Dit word van Dawid gesê: “Hy was **rooierig**, met mooi oë en ‘n **mooi voorkoms**” - (1 Sam. 16:12; 1 Sam. 17:42).

Toe die Engelse skilder Holman Hunt sy beroemde skildery van Christus, “Die Lig van die Wêreld” gemaak het, het hy ‘n intensiewe studie gemaak van hoe Christus moes gelyk het. Hierdie skildery is in 1854 gemaak en ek gee u hier ‘n vertaling van ‘n beskrywing van hoe hy te werk gegaan het, soos u dit sal vind in die “Bible Research Handbook” (Uitgewers: The National Message Ltd., 6 Buckingham Gate, London, S.W.I):

Die Getuienis van Holman Hunt, O.M., D.C.L.

“Hierdie kunstenaar, wêreld beroemd vir sy skilderye van ons Saligmaker, het baie groot moeite gedoen om ‘n juiste begrip van die gelaatskleur en gelaatstrekke van die ware Israelitiese Jode te kry. Hy het besef dat die tipiese “Westerse” Jode, in die geheel, mense van ‘n gemengde ras was. Hy het dus nie net die mees vooraanstaande gesaghebbendes van sy tyd op die gebied van die Oosterse rasse geraadpleeg nie, maar hy het persoonlik na Jerusalem gegaan om vir homself te sien hoe die ware Jood (van Israel afkoms) lyk.

Dit moet onthou word dat daar in daardie tyd (1854) net ‘n paar Jode in Palestina was — net ‘n handjievol om die waarheid te sê. Die Jode wat die kunstenaar daar gesien en ondervra het, was die afstammelinge van voorvaders wat in die heilige land sedert die vroegste tye gewoon het.

Die hoofsaak is dat Holman Hunt, met die ondersteuning van die mees vooraanstaande gesaghebbendes van sy tyd, homself tevrede gestel het dat hy die mees tipiese "Joodse tipe" gevind het en dat die Jood van daardie tipe blond was; inderdaad, hulle het onder die Nordiese tipe geressorteer, en het nie die minste ooreenkoms getoon met die tipe wat algemeen as Joods "beskou word nie". Vandaar dan ook dat in sy beroemde skildery van Christus hy ons Heiland afgebeeld het met ligte hare, blou oë, 'n lang reguit neus en 'n blonde blosende gelaatskleur.

Dit is in ooreenstemming met al die wetenskaplike bevindinge van manne soos Sir Leonard Woolley, Professor A.H. Sayce, Professor Sir W.M. Flinders Petrie en andere, dat die ware Israeliete van die Nordiese tipe met blonde hare, blou oë en langkoppig was, in teenstelling met die rondekop tipe, wat met die Alpynse en Oosterse tipes vergelyk kan word.

Die gemiddelde Westerse Jood soos ons hom ken met sy krom neus, ronde kop, effens donker gelaatskleur, donker en dikwels effens kroeserige hare is nie van die oorspronklike Israel tipe soos die argeologie hom gevind het nie. Die skedelindeks en ander toetse, sowel as voorstellings van Israel in beeldhouwerk deur die heidense konings van daardie tyd, bewys onteenseglik dat hulle van die Indo-Germaans tipe is, dit wil sê van dieselfde tipe as ons Westerse nasies van vandag.

Ons kan nie op veel meer besonderhede op hierdie stadium ingaan nie, maar wetenskaplikes het bewys dat as jy die tipiese Noorweër, Sweed, Deen, Hollander, Wes Duitser, Noord Fransman, Skot, Engelsman, Ier, en hulle verwante afstammelinge in Noord Amerika, Australië, Suid-Afrika, Nieu-Seeland, ens. neem, en jy laat hulle almal in 'n ry staan, sal jy nie een van die ander kan onderskei nie, so homogeen is hulle. En hulle lyk presies soos die argeologie vir ons wys hoe die ou Israeliete gelyk het.

Die "Joodse Neus"

Dr. Max Nordau, van Joods-Hongaarse afkoms (Sien Bible Research Handbook) bevestig dat die krom neus wat gewoonlik "Joods" genoem word, eintlik nie Semities is nie, maar van non-Hebreeuse oorsprong. (Kyk bv. hoe reguit die Arabier se neus is, en hy is 'n afstammeling van Abraham). Dit kom in die moderne Jood voor want in die verlede het die Jode baie sterk met die Hetiete ondertrou. Die suiwer Israeliet se neus is heeltemal reguit, aldus Dr. Nordau.

Dit is 'n welbekende feit dat die Jode nie mense van een ras is nie. Professors Huxley, Haddon en Carr-Saunders huldig die volgende mening:

“Die Jode kan nie as ‘n nasie of selfs as ‘n etniese groep beskou word nie, maar liewer as ‘n Sosio-godsdienstige groep wat baie Mediterreense, Armeniese en ander elemente bevat en wat grootliks in fisiese eienskappe verskil”.

“Die sogenaamde Joodse neus is eintlik Armeens” - (We Europeans, pp. 152, 103).

Professor Sayce in sy “Races of the Old Testament” (bl. 74) bevestig dit:
“Die Joodse ras is hoegenaamd nie ‘n suiwer een nie. Dit het proseliete uit verskillende nasies opgeneem, en op verskillende stadiums in hulle geskiedenis het hulle met ander rasse ondertrou.”

Professor Ripley in sy “Races of Europe”, sê: “Die Jode is nie ‘n ras nie, maar na alles maar net ‘n volk”.

Met die loop van hierdie verhandeling sal nog baie ander feite na vore kom. Hierdie is op hierdie stadium gegee met die vertroue dat die lig vir u, nou al hier aan die begin van God se verbond met Israel sal opgaan en u al meer en meer sal kan sien hoedat ons Christen Nasies in hierdie voleinding van al die eeue in God se plan inpas.

Die strome begin vinnig saamvloei vir die eindontmoeting tussen God en Satan. Vir die wat oë het om te sien sal die gordyn nou vinnig begin oopskuif op die laaste toneel van die drama van hierdie bedeling. Ons sal nooit die verloop van wêreldgebeure verstaan, ook nie die tragiese en wrede dood van ons eie geliefde volksleier Dr. H.F. Verwoerd nie, indien ons nie weet wie die ware Israel van God is nie. Die eindstryd waarvoor die wêreld nou vinnig begin gereedmaak, deur magtige onsienlike hande aangedrewe, sonder dat hy dit besef, het sy laaste fase begin betree. Dis ‘n tyd van afrekening en van oordeel.

God het uit die hemel die gekerm van sy volk in die slawehuis van Egipteland gehoor, en is op die punt om neer te daal en hulle met groot en magtige strafgerigte uit te lei.

Hoofstuk 4

Transkripsie van kasset nr. L30.

Die Twee Sade

Vir diegene van u wie ons verhandeling tot dusver gevolg het, behoort dit nou baie duidelik te wees dat Abraham, Isak en Jakob nie Jode was nie. Hierdie onweerlegbare feit het onmiddellik geweldige en verreikende implikasies wat dwarsdeur die eeue strek en vir ons in hierdie "voleinding van die tyd" van die allergrootste belang is.

Ons moet na die Bybel kyk vir die oplossing van die groot probleme van ons tyd. Een van die grootste hiervan is die rasse-probleem. Dit is ook die mees ontvlambare in hierdie dispensasie van vuur. Dit is vir elke Bybel student baie duidelik dat Israel die hoofrol onder die nasies speel in hierdie eindtyd. Indien staatsman en geestelike leier aanhou om na die moderne Jood as die **hele Israel** te kyk, gaan hy rondspartel in sy blindheid en sal hy nooit 'n begrip kry van wat die woelinge van ons tyd ten grondslag lê nie. Sien hy egter in wie die ware Israel en wie die ware heidene is, soos die **Bybel** hulle vir ons identifiseer, dan het hy die sleutel tot die hele probleem. Dan kan hulle, hulle volk lei in hierdie tyd waarin ons die "wolkkolom" by dag en die "vuurkolom" by nag meer as ooit tevore nodig het.

Ons Uitkenningsparade

Niks wat lewe het is staties nie. Die lewende geskiedenis van die Lewende God se plan met sy volk vloei soos 'n magtige stroom deur die eeue; soms stil en vreedsaam oor plat en uitgestrekte vlaktes, dan weer bruisend, dreunend deur die klowe. Maar met die krag van 'n ewige bestemming vloei dit voort totdat dit sal uitmond in die ewige Koninkryk van God wanneer Jesus sal heers as "Koning van al die konings en HERE van al die here".

> "Laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde" – (Matt.6:10.)

Jesaja 2:2-5;

2 En aan die einde van die dae sal die berg - - - -

(in die profesieë beteken berg altyd koninkryk en heuwel 'n kleiner koninkryk op aarde)

> - - - - van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels en al die nasies sal daarheen toestroom.

3 En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons op trek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel - - - -

(V.V.O. neem kennis).

> - - - - Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.

(dit is dus op aarde).

4 En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.

5 Kom, huis van Jakob, - - - -

(letterlike 12 Stamme van Israel)

- - - - en laat ons wandel in die lig van die HERE!

Jesaja 11:6-8;

6 Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en ‘n klein seuntjie sal hulle aanja.

7 Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os;

8 en die suigling speel by die gat van ‘n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van ‘n basilisk.

Lees ons boekie: “Die Nuwe Hemele en die Nuwe Aarde”.

Dit is die bestemming van die volk van God, die letterlike Israel, al 12 Stamme.

Kom ons gaan ‘n bietjie terug en hervat die verhaal, waarmee ons begin het in ons vorige studie en kyk of ons nie meer “uitkenningspunte” kan ontdek waarmee ons die hoofkarakters, in die begin van die verhaal en aan die einde daarvan, kan herken as een en dieselfde nie. Dit behoort tog so te wees.

Aan Abraham het die HERE ook die volgende belofte gemaak:

Génesis 13:14-17;

14 - - - - Slaan tog jou oë op en kyk van die plek waar jy staan, na die noorde en suide, na die ooste en weste;

15 want die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag tot in ewigheid.

16 En Ek sal jou nageslag maak soos die stof van die aarde, sodat as iemand die stof van die aarde kan tel, jou nageslag ook getel kan word.

17 Maak jou klaar, trek die land deur in sy lengte en sy breedte, want Ek sal dit aan jou gee.

Die Jode is ongeveer 16miljoen waar die Westerse Blanke Protestantse Nasies baie kere soveel as hulle is.

Lees ook Génesis 15:18;

18 Op dié dag het die HERE met Abram ‘n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier.

Wanneer u nou na ‘n landkaart kyk, dan sal u sien dat dit die hele Midde-Ooste insluit. Hierdie gebied is die strategiese middelpunt van die aarde; geoloë sal ook vir u sê dat die swaartepunt van die aarde in hierdie gebied lê. Dit is daarom dat die eindstryd tussen Ooste en Weste nog op hierdie terrein in die “Slag van Armagéddon” beslis gaan word.

U moet ons studie; "Rusland in Profesie" lees.
Indien u verder op die saak wil ingaan gee ons u ook nog die volgende Skrifte waarin God die land aan Abraham, Isak en Jakob as 'n ewigdurende erfbesitting gegee het:
Gén. 12:7; Gén. 15:18; Gén. 24:7; Gén. 26:3; Gén. 28:4,13; Gén. 35:12;
Gén. 48:4; Ex. 33:1; Deut. 34:4; Deut. 30:20; Josua 1:4; 2 Kron. 20:7.

Soos u verderaan sal sien, is dit hierom dat die heidense nasies so hard stry om die Protestantse Nasies uit te roei, want dit is oor hulle dat Christus kom om te regeer wanneer Hy sy Troon in Jerusalem kom vestig. Onthou weereens dat Abraham, Isak en Jakob nie Jode was nie, soos ons nou al vir u oortuigend bewys het. Hou die Midde-Ooste dop! Dit is die middelpunt waarheen die maalstroom van volkere beweeg vir die "laaste slag"!
Lees ons boekie: "Die Boek van Joël, sy Profetiese Boodskap en Waarskuwing".

Volgens Génesis 17:4 sou Abraham die vader van baie nasies word. Die Jode kan nie as baie nasies beskou word nie, maar die Blanke Westerse Protestantse Nasies wel.

4 Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van 'n menigte van nasies word.

Deur Isak sal daar vir jou 'n Nageslag genoem word

(Gén. 21:12)

Wanneer ons na hierdie stroom van God se Verbondsvolk kyk, waarna ons in die begin van hierdie studie verwys het, is dit opvallend hoedat God gedurig eleksie toepas en gedurig net 'n sekere spruit uit hierdie stroom behou. Hierop behou Hy sy verbond en verwerp die ander vertakkinge sover dit die uitdra van sy opdragte betref. Dit is dan hierdie "eleksie" of "verkiesing" wat dan die waarborg van ewige nasionale behoudenis met al die voorregte wat daarmee saamgaan, ontvang, afgesien van enige persoonlike verdienste of onverdienste hoegenaamd. Dit is 'n volk wat uitverkies is om 'n sekere taak te verrig.
Die enkelinge uit die volk moet nog net soos enige enkeling uit enige ander volk, tot persoonlike geloof in die Ewige Waaragtige God en in Jesus Christus kom vir die behoudenis van sy siel. Maar God sou oor die stroom waak, en binne die stroom sou die Saad van die komende Christus altyd bewaar bly; en in die stroom sal daar altyd die geneigdheid tot en die affiniteit vir die evangelie wees. Daarom het God ook vir Israel ten strengste beveel om nie met die ander nasies te ondertrou nie.
U moet ons boekie lees: "Apartheid, wat sê die Skrif?"
Lees onder andere die volgende Skrifte oor Segregasie:
Gén. 9:25-27; Gén. 11:6-9; Gén. 24:1-9; Gén. 24:37-40; Gén. 28:6-8;
Gén. 34:25-27; Ex. 33:16; Ex. 34:12-16; Lev. 20:24-26; Lev. 19:19;
Deut. 7:1-6; Deut. 22:10; Josua 23:12-13; Esra 9:1-2,12; Esra 10:1-44;

Neh. 10:30; Neh. 13:1-3,23-30; 1 Kon. 11:1-4; 1 Kon. 8:53.

Die HERE het vir Abraham gesê dat die slavin en haar seun nie saam met Isak in die erfenis van God se verbond met hom moes deel nie, en dat hy hulle moes uitwerp:

> " - - - - want deur Isak sal daar vir jou 'n nageslag genoem word" – (Gén. 21:12).

Ons kan die waarheid hiervan deur al die eeue en ook vandag in die Arabiere sien. Hulle is die afstammelinge van Ismael, die seun van Abraham by Hagar. Die deur van genade staan vir die Arabier as persoon oop as hy die Here Jesus wil aanneem as Saligmaker, maar die feit bly staan dat die Arabier as nasie, nie Christene is nie. Die belofte sou deur Isak gaan!

Génesis 17:19-21;

19 Toe antwoord God: Voorwaar, jou vrou Sara sal vir jou 'n seun baar, en jy moet hom Isak noem; en Ek sal my verbond met hom oprig as 'n ewige verbond vir sy nageslag ná hom.

20 Ook wat Ismael aangaan, het Ek jou verhoor. Kyk, Ek seën hom en maak hom vrugbaar en vermeerder hom buitengewoon. Twaalf vorste sal hy verwek, en Ek sal hom 'n groot nasie maak.

21 Maar my verbond sal Ek oprig met Isak wat Sara vir jou anderjaar op hierdie tyd sal baar.

God net Sara se jeug vir haar teruggegee, sodat sy as 'n ou vrou vir mans weer jonk en begeerlik begin lyk net. Ook Abraham se jeug was so herstel dat hy selfs na die dood van Sara by Ketura nog ses seuns kon hê. Isak was dus 'n wonderkind, die vrug van 'n wonderwerk en uit hom sou daar 'n "wonderras" kom.

Ek glo dat die "Saad van die Vrou" wat God in die paradys aan Eva beloof het - (Gén. 3:15) in Abraham en Sara te lande gekom het en dat Satan dit hier blokkeer het deur Sara onvrugbaar te maak. Dit was eers nadat Sara deur geloof krag ontvang het om bevrug te word - (Heb. 11:11) en Abraham se geloof die regte peil bereik het - (Rom. 4:13-22), dat Isak gebore is.

Die Saad het in hulle lendene verskuil gebly totdat dit deur die geloof kon voortkom. Isak die "wonderkind uit geloof" sou die vader word van 'n wonderras waarin die Saad sou voortvloei en wie die geneigdheid tot die geloof in die Enige, Waaragtige, God sou hê. Maar in Isak se are was daar ook ander latente strome wat kon saamvloei, het deur egverbintenisse oor geslagte, wat sou moes uitgeskei word sodra dit op die oppervlakte kom.

Ons sal dit aanstons sien in Esau en Jakob. Wees solank maar bedag daarop wanneer daar weldra voor u oë die aard van die konflik van die eeue begin ontplooi. Wie sou nou ooit kon droom dat die vyand homself binne die Saad van die belofte sou verskuil? Was 'n Judas nie onder die twaalf nie? En al twaalf was deur Jesus uitverkies na 'n nag van gebed — (vlgs. Joh. 6:70.

‘n Toegewyde Ras

In Génesis 22 lees ons die wonderverhaal van die offerande op berg Moría. Hier het Abraham vir Isak geoffer. Boekdele is al hieroor geskryf, en die betekenis daarvan sal seker nooit uitgeput raak nie. Maar vir sover dit ons onderwerp betref wil ons dit beklemtoon dat in Isak die ras aan God geoffer is. Uit hom sou ‘n volk kom wat God se diensvolk sou wees ter verlossing van die ganse mensdom. Uit hom sou die Lam van God (die Saad aan Eva belowe) wat die sonde van die wêreld wegneem, gebore word; maar ook die nasie wat dit aan die wêreld sou gaan vertel:

> “Dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is” - (Lukas 2:11).

Gaan maar die geskiedenis na en let op die feite. Het die Jode as nasie dit gedoen? Nee! Inteendeel, hulle het nog altyd probeer om dit uit te wis. Maar die Protestantse Westerse Nasies het dit gedoen!

Lees wat sê die Engel van die HERE uit die hemel aan Abraham.

Génesis 22:16-18;

16 en sê: Ek sweer by Myself, spreek die HERE, omdat jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie,

17 dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem.

18 En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister met.

Nie een van hierdie beloftes pas die Jode nie, maar die Protestantse Blanke Westerse Nasies wel. Om die waarheid te sê, die Skrif sê die volgende aangaande ‘n sekere seksie van Juda:

Jeremía 24:9;

9 En Ek sal hulle ‘n skrikbeeld maak, ‘n onheil vir al die koninkryke van die aarde, ‘n smaad en ‘n spreekwoord, ‘n spot en ‘n vervloeking in al die plekke waarheen Ek hulle verdrywe.

Ook dit is waar aangaande die Jodedom. As ons wil behoue bly, sal ons die waarheid aan die lig moet bring, al sou sommige daarvoor moet sterwe.

Die poort van ‘n stad was in die dae van die Bybel die toegang tot die stad. Dit is ook waar die vernaamste raadsmanne van die stad bymekaargekom het, en waar regsake beslis is. Vir baie jare het die Westerse Nasies al die vernaamste strategiese punte van die wêreld beheer, die “poorte” van die wêreld.

Dit is maar na die Tweede Wêreldoorlog dat daar ‘n onheilige dwase opvatting op ‘n gebreinspoelde dekadente Westerse Leierskap afgedwing is om alles aan die heiden oor te gee om hom kwansuis daarmee te paai. In ons pamflette soos bv. “Die Groot Verdrukking”, wys ons daarop dat vandat vrede van die wêreld met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog weggeneem is, daar nog nooit weer ware vrede op die aarde was nie. Na die Eerste Wêreldoorlog was dit maar ‘n

voorbereiding vir die Tweede, en na die Tweede weer vir die Derde. Dit word net "koue oorlog" genoem.
Op verskeie plekke is daar gedurig lokale oorloë aan die gang, wat eintlik maar net deel uitmaak van 'n globale strategiese skermgeveg ter voorbereiding van Wêreldoorlog nr. 3, wat sal eindig met die Slag van Armagéddon en die Wederkoms van Christus. Met ander woorde, in sy geheel genome, het Armagéddon alreeds in 1914 begin.

Sedertdien is toestande dus alreeds in 'n oorgangstadium. Hierdie is die laaste eeu van die laaste millennium voor die Duisendjarige Vrederyk, wanneer die siek ou wêreld tot rus sal kom onder die salige bestuur van die Verlosser van die wêreld en Israel se Messías, Jesus van Násaret:

> "Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees - - - -"- Mal. 4:2.
> "In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word:
> DIE HERE ONS GEREGTIGHEID" -- Jeremia 23:6.

In Génesis 22:17 herhaal die HERE sy belofte van menigvuldigheid aan Abraham deur Isak, netsoos in Génesis 15:5.
In vers 18 word dit beloof dat in sy saad al die geslagte van die aarde geseënd sou wees. Dit wil sê dat sy saad die draers van die evangelie en al die beskawings invloede wat daarmee saamgaan, sou wees. En dit is presies wat die Blanke Westerse Protestantse nasies gedoen het en nog doen. Dit kan nie van die Jood as nasie gesê word nie.

Geeneen van die beloftes van Génesis 22:15-18, wat God aan Abraham gemaak het omdat hy gewillig was om Isak te offer, is dus op die Jode van toepassing nie, maar op die Westerse Nasies wel. Ons is dus die nageslag van Isak, 'n volk aan die diens van die Allerhoogste toegewy. So 'n groot onthulling van ons eie identiteit aan onsself, stem tot diepe ootmoed en algehele oorgawe.

> "Kom, huis van Jakob, en laat ons wandel in die lig van die HERE!" - (Jes. 2:5).

Isak word ten Strengste Beveel om sy Bloed Suiwer te hou

Dit behoort nou al vir u duidelik te wees waarom God so streng daarop was dat Isak sy bloed suiwer moes hou. Volgens Levítikus 17:11 en verwante Skrifte, is die lewe in die bloed. Hou die bloed suiwer en jy bewaar die saad, die aard en die karakter vertroebel die bloed, en jy verloor jou identiteit. Die bloed is die draad wat 'n geslag aanmekaar hou en laat voortbestaan.
Jesus, wie se bloed ook die bloed van God was - (Hand. 20:28), moes sy bloed stort om aan ons die ewige lewe terug te gee wat Adam verloor het. Het daar iets gebeur met die bloed van Adam en Eva toe die sonde ingekom het? Daar word

gepraat, op daardie oomblik van die saad van die slang en die saad van die vrou in - (Gén. 3:15). Kain was die eersgebore mens; was ‘n moordenaar en word genoem ‘n kind (letterlik?) van die duiwel - (1 Joh. 3:12).
Dwarsdeur die Bybel kom ons hierdie letterlike addergeslag teë. Hy is teen God en teen die vrou, deur wie die Saad moes kom. Ons sal nog baie hierop terugkom.
Abraham maak baie seker dat Isak nie ‘n vrou neem uit die heidense Kanaänitiese nasies rondom hulle nie. Hy het sy hoofdienaar ‘n baie plegtige eed laat neem dat hy na sy land en na sy familie sou gaan om vir sy seun Isak ‘n vrou te gaan haal.
Génesis 24; waarin die hele verhaal van hoe die getroue dienskneg van Abraham vir Rebekka gaan haal het om Isak se vrou te word, is een van die mooiste gedeeltes in die Bybel, maak seker dat u dit aandagtig lees.
Rebekka was die kleindogter van Nahor, Abraham se broer wat in Ur van die Chaldeërs agtergebly het nadat Abraham saam met sy vader daarvandaan weggetrek het. Rebekka was dus ook ‘n Hebreër. Sy en Isak was nie Jode nie. Nie een van Rebekka se familie waaruit sy gekom het was Jode nie, en daar het ook nooit een Jood uit haar voorgeslagte ooit ontstaan nie; die Jode het eeue na haar uit een van haar nasate, naamlik Juda, gekom. Toe haar familie van haar afskeid neem, spreek hulle die volgende seën oor haar uit:
Génesis 24:60;

> En hulle het Rebekka geseën en aan haar gesê: Ons suster, mag jy duisende van tienduisende word, en mag jou nageslag die poort van sy vyande in besit neem!

Die Twee Sade

Net soos Sara, sy moeder, was Isak se vrou ook onvrugbaar. Dit moes Isak voorwaar baie besorgd laat voel het. Dit lei geen twyfel nie dat Isak die Verlossingsplan van God geken het, want Abraham het dit geken en sou dit aan Isak oordra. Maar Isak het ook geweet wat God vir sy moeder gedoen het toe Hy haar aan hom laat geboorte gee het.
Isak het tot God gebid - (Gén. 25:21) en Rebekka het swanger geword. Satan het sy uiterste gedoen om net soos met Sara, nou ook met Rebekka, die Saad te laat sterwe deur onvrugbaarheid. Maar dank God, Satan het nie die grootste mag nie, al is hy ook ‘n magtige vyand.
Maar nou vind daar ‘n eienaardige verskynsel plaas, wat enig is van sy soort, en wat van **ontsaglike betekenis** is en wat boekdele tot ons spreek.
Génesis 25:22-23;

22 En die kinders het teen mekaar gestoot **binne-in haar**. Toe sê sy: As dit so gaan, waarvoor leef ek dan? Daarop het sy gegaan om die HERE te raadpleeg.

23 En die HERE het haar geantwoord: **Twee nasies** is in jou skoot, en twee volke sal van mekaar gaan uit jou liggaam; en die een volk sal sterker wees as die ander volk; en die **oudste sal die jongste dien.**

So heftig was die stryd tussen hierdie ongebore tweeling, dat toe hulle gebore is, het hulle uitgekom, Esau eerste, met Jakob tweede terwyl hy vir Esau aan die hakskeen beetgehad het.

Génesis 25:24-26;

24 En toe haar dae vervul is dat sy moes baar, was daar 'n tweeling in haar skoot.

25 En die eerste is gebore -- rooi, geheel en al soos 'n mantel van hare. Daarom het hulle hom Esau genoem.

26 En daarna is sy broer gebore, terwyl sy hand die hakskeen van Esau vashou. Daarom het hulle hom Jakob genoem. En Isak was sestig jaar oud by hulle geboorte.

Hier is dit soos ons vir u gesê het, waar die saad van die slang en die draer van die Saad van die vrou, saam binne -- in dieselfde baarmoeder te lande gekom het. Dit lei nie die minste twyfel dat Esau een van die spruite van die saad van die slang was nie, soos blyk uit sy geaardheid, sy lewensopvatting, sy karakter en sy nageslag. Hy was 'n woeste man van die swaard, hy het die eersgeboortereg - (waaromtrent verderaan 'n verduideliking) verag, en hy was die voorvader van die woeste Edomiete en Ámalekiete wat die vyand was van Israel en van God, dwarsdeur die Bybel.

Op 'n baie sluwe manier, deur 'n onbedagsame, of onkundige of ongehoorsame vermenging van bloed moes hierdie Satansaad in Rebekka en Isak, in een van hulle voorgeslagte ingekom het. In die swanger wording van Rebekka het dit so gekom dat 'n tweeling ontstaan het, en dat die twee tot so 'n openlike skeiding gekom het, dat hulle al in hulle ongebore toestand met mekaar begin veg het. Hier is iets bonatuurliks. Geen wonder dat God vir Rebekka gesê het dat **twee nasies** in haar skoot is en **twee volke** van haar liggaam sou uitgaan.

Die Edomiete was een van die spruite van Esau. In die jaar 125 v.C. het die Jode onder die leiding van hul hoë Priester Johannes Hyrcanus, die Edomiete verslaan en met geweld die hele nasie by hulle ingelyf. Toe Jesus gebore is was daar dus 'n sterk element van hierdie Esau-nasate in Juda. Dit tesame met ander vreemde strome wat Juda binnegevloei het, het aan die "saad van die slang" 'n sterk verteenwoordiging, binne die stam van Juda gegee.

So was Herodes 'n Edomiet en dus van Esau-afstamming en dus van die saad van die slang. Dit is baie duidelik waarom hy so wreed al die seuntjies van twee jaar oud en onder laat vermoor het. Die slang wou die Saad verslind. Dit word vir ons so aangrypend uitgebeeld en versimboliseer in:

Openbaring 12:1–5;

1 EN ‘n groot teken het in die hemel verskyn: ‘n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof ‘n kroon van twaalf sterre; (baie duidelik Israel, vgl. Gén. 37:9 - 10);

2 en sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood.

3 En ‘n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was ‘n groot **vuurrooi** draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone;

4 en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het.

5 En sy het ‘n manlike kind gebaar, wat al die nasies met ‘n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.

Dit dui baie duidelik op die geboorte van Jesus en Satan se aanslag op Jesus se lewe, wat begin het met die poging van Herodes (‘n nasaat van Esau) en geëindig het met die kruisdood (die byt aan die hakskeen van Gén. 3:15) en die heerlike opstanding drie dae later - die vermorseling van die kop van die slang. Ons sal die nageslag van Esau en sy afstammelinge dwarsdeur die Bybel aantref, en altyd in vyandskap teen Israel.

Verderaan sal ons die verband aantoon tussen die feit dat Esau **rooi** was - (Gén. 25:25) en die Kommunisme wat nou gekoppel is aan die kleur **rooi,** soos Rooi Leer, Rooi Sjina, Rooi Rusland. Die **rooi draak** is ook die nasionale embleem van Sjina. Rooi is die kleur van bloed en dus beteken dit oordeel. Ons lewe in die tyd van die laaste oordeel.

Die Eersgeboortereg

Ons lees in Génesis 25:27-34, dat die tweeling Esau en Jakob saam opgegroei het, en dat hulle twee verskillende nature en geaardhede baie gou na vore gekom het.

Vers 27 sê:

> En die seuns het opgegroei: Esau het ‘n **ervare jagter geword, ‘n man van die veld**; maar Jakob was ‘n vredeliewende man wat in tente gewoon het.

Esau was dus van dieselfde aard as Nimrod wat ook ‘n magtige jagter was en in opstand teen God was - Gén. 10:9 en die Babiloniese sisteem gestig het. Dit was dus Satan se Ryk op aarde in opstand teen God se Ryk op aarde. Esau se naam was ook Edom, wat rooi beteken, volgens - Gén. 25:30. Omdat hy die eersgeborene was het die eersgeboortereg volgens gebruik aan hom behoort. Hy het dit egter verag, maar Jakob het dit begeer. Die eersgeboortereg was geen klein voorreg vir die wat die ware sin daarvan begryp het nie.

Abraham het die betekenis daarvan aan Isak oorgedra, en Isak weer aan sy seuns Esau en Jakob, soos dit die gebruik was in daardie dae om stam en familiegeskiedenis oor te dra en vandag nog is onder primitiewe rasse.

Nie alleen het dit die ewigdurende, onvoorwaardelike en onherroeplike verbond van God met Abraham en Isak bevat nie, maar veel dieper gestrek. Die eersgeboortereg het ook saamgegaan met die verantwoordelikheid van die Saad van die vrou en die verlossingsplan van God, nie alleen het dit groot seën ingesluit nie, maar het ook verplig tot diens en offerande. Die persoon wat dit ontvang se nageslag sou homself moes stel as God se diensvolk om 'n seën te wees vir al die geslagte van die aarde, en wat bereid sou wees om die offers wat dit sou verg, te bring. Dit sou uitloop op Golgota en daarvandaan verder om die boodskap te bring van die Verlosser en Saligmaker Jesus Christus.

Esau het nie daaraan geglo nie, en hy wou dit nie aanvaar nie, hy het dit **verag** - (Gén. 25:34) omdat die Saad nie in hom was nie, maar die saad van die **slang**, die – "jou saad" (Satan s'n) van – (Gén. 3:15). Dit is van hierdie saad wat uiteindelik ook in 'n deel van Juda gekom het, soos ons alreeds aangedui het, en nog herhaaldelik sal bewys in die verdere verloop van hierdie verhandeling.

Baie van die owerpriesters, Fariseërs, Sadduseërs en Skrifgeleerdes in die tyd van Jesus, was van hierdie "addergeslag", en dit is daarom dat hulle die Saad van die Vrou, - Jesus, verwerp het en aangedring het op sy vermoording. Die draad loop deur vanaf die tuin van Eden, deur Esau, tot by 'n Annas en 'n Kajáfas. Sien u dit? Bloed is dikker as water. En nog vloei die stroom voort na sy eindbestemming - nog bring die saad voort volgens sy soort, soos God bepaal het vanaf die begin van sy skepping. Dis waarom die Jode vandag nog so prominent voorkom in alle antichristelike bewegings.

Ons sal ook 'n bietjie verderaan sien dat Esau later besef het wat hy verloor het op tydelike gebied, sover die eersgeboortereg ook rykdom en die uiteindelik heerskappy van die wêreld insluit. Hy het gesweer hy sou dit met geweld terug neem van Jakob. Dit is wat nou vir ons voor die deur staan, met Esau eintlik aan die hoof van die Rooi Gevaar. (Ai, hoe blind is God se volk tog om dit nie te sien nie.) Hierdie stryd is die benoudheid van Jakob wat Jeremia van praat en waarop ons op sal ingaan wanneer ons by Génesis 32 kom.

Maar Esau sou ook met lis die eersgeboortereg probeer terugwen, en dit is wat nou in Palestina gebeur het. Soos ons al herhaaldelik in hierdie reeks en in baie van ons ander pamflette aangetoon het, is die Joodse nasie nie suiwer nie. Om die waarheid te sê, omtrent negentig persent is van die Askenazim tipe wat van "Esau-afkoms" is. So het Esau homself dan in Juda ingewerk, en sit vandag in die land wat aan Abraham, Isak en Jakob (wie nie een Jode was nie) deur die Almagtige God met 'n eed belowe is.

Die saad van die slang reken hy het die Saad van die Vrou, Jesus Christus, voorgespring, sodat Hy nie kan kom om oor die huis van Jakob te kom regeer soos die Engel van God aan Maria in Lukas 1:31-33 belowe het nie.

Die wêreld spreek hulle seën uit oor die huidige sogenaamde Israeli Staat in Palestina. Hulle teenwoordigheid daar is egter ‘n vervulling van die woorde van Jesus toe Hy gesê het:
Lukas 19:27; (vgl. Joh. 19:15)
27 Maar daardie vyande van my wat nie wou hê dat ek koning oor hulle sou wees nie, bring hulle hier en slaan hulle voor my dood.

(Hou die Midde-Ooste dop.)
Die bloed sal tot aan die tooms van die perde kom - (Open. 14:20).

In hierdie smeltkroes sal die ware Juda tot bekering kom nadat Esau vanuit sy midde uitgeroei is - (vgl. Joël 3:20-21; Sag. 12:10).

Lees ook ons boekie: “Joël, Sy Profetiese Boodskap en Waarskuwing”.

Hoofstuk 5

Transkripsie van kasset nr. L31

God se verbond met Abraham word aan Isak bevestig

Na die dood van Abraham het die HERE aan Isak verskyn en vir hom gesê: Génesis 26:3-5;

3 Vertoef as vreemdeling in hierdie land, en Ek sal met jou wees en jou seën; want aan jou en jou nageslag sal Ek al hierdie lande gee - - - -

(Vgl. Génesis 13:15)

- - - - Ek sal die **eed bevestig** wat Ek vir jou vader Abraham **gesweer het.**

(Vgl. Génesis 22:16-18).

4 En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en **in jou nageslag** sal **al die nasies van die aarde geseën word;**

5 omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette onderhou het.

So het God dan die verbond met Abraham aan Isak bevestig. Let weer daarop dat daar geen voorwaardes hoegenaamd aan geheg is nie, en dat dit ‘n **ewigdurende verbond** is, en dat God **by Homself gesweer het** dat Hy dit sou hou. **Dus is dit vandag nog van krag**.

Ons het nou al herhaaldelik aangetoon, en sal dit nog verder oor en oor bewys, dat die Jode van vandag maar ‘n klein gedeeltetjie van die nageslag van Abraham en Isak is, en dan by verre nie eers suiwer is nie. Met ander woorde, ons sal na ander nasies wat verwant is aan mekaar moet soek, op wie hierdie beloftes van toepassing is, anders is God se Eed aan Abraham en Isak nie waar nie. Dit is ‘n ernstige saak, en tog is dit ‘n feit dat die kerk deur die eeue heen haarself maar baie min uitgesit het om aan die wêreld te bewys dat hierdie beloftes waar is.

Ons het ook al herhaaldelik bewys, en sal dit ook nog oor en oor doen, dat hierdie beloftes in hierdie laaste bedeling (d.w.s. tussen die Eerste en Tweede koms van Christus) op die Blanke Westerse Protestantse Nasies, **en net op hulle**, van toepassing is.

Die land is nog in vreemde hande, dit is waar, en daar sal verderaan ‘n verduideliking hiervoor gegee word. Maar die veelvuldigheid van saad en die seën vir al die nasies van die aarde is waar. Neem die Blanke Protestantse Nasies uit die geskiedenis van die afgelope 2000jaar weg, en kyk wat daar van jou beskawing oorbly. Laat niemand u mislei deur te sê dat die swart en geel

nasies en selfs die ander blanke nasies nie dieselfde voorregte en geleenthede gehad het nie. In die begin het hulle almal gelyk weggespring.

Geen Gelykstelling tussen Rasse in Bybel nie?

Laat Kerkleiers en Politici maar redeneer soos hulle wil, maar daar is geen algemene en onvoorwaardelike gelykstelling tussen rasse in die Bybel nie. Waar die Skrif sê: "Dat God geen aannemer van die persoon is nie" - (Hand. 10:34), beteken dit, sover dit die redding van ons siele betref.
Die HERE wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom - (Sien 2 Petrus 3:9).
Dit is juis waarom die HERE vir Homself 'n spesiale volk ('n eiendomsvolk - Ex. 19:5-6; 1 Pet. 2:5,9) uitverkies het en met hulle 'n onherroeplike verbond gemaak het. Selfs wanneer ons by die nuwe verbond kom sal ons sien dat dit nog met die letterlike volk is - (Jer. 31:31-34; Hebr. 8:6-13).

God het geen fout gevind met die eerste verbond nie, maar wel met die volk, wat onbekwaam was om hulle deel van die verbond na te kom. Die verbetering van die nuwe verbond op die oue het alleenlik daarin gelê dat Jesus gekom het om die wet te volbring en nou deur die wedergeboorte, sy wet in hulle binneste te gee en dit op hulle harte te skrywe instede van alleen net op die "Wetboek".

God se Wette Onveranderlik

Dit is 'n baie groot misgissing met verreikende gevolge, om in die Christelike Kerk te leer dat die wet mee weggedoen is deur die kruis. Al wat verander het is dat:
Onder die ou bedeling het God gesê: "doen!"
Onder die nuwe bedeling sê God in Jesus Christus: "dit is gedoen!"
Jy moet dit net aanneem.
Die wette van God is onherroepbaar. Hulle is net so meedoënloos onder die nuwe verbond soos onder die oue. Net soos die wet van swaartekrag jou gestraf het onder die ou verbond as jy dit oortree het, so sal dit jou straf onder die nuwe verbond as jy dit oortree.
Lees ons boekie: " Die Wet van die HERE".

Die meeste leraars leer dat die wet by berg Sinai gegee is. Dit is nie so nie. Abraham het God se wette, ordeninge, gebooie en insettinge onderhou - (Gén. 26:5), vierhonderd en dertig jaar voor Sinai; sien Galásiërs 3:17. Adam het hierdie selfde wette geken en was beveel om dit te onderhou. Die wette wat die Heelal aanmekaar hou het nie verander nie, waarom moet God se ander wette soos bv. ekonomiese, gesondheid, regspleginge, landbou, sosiale monetêre, ensovoorts verander?
Lees: Psalm 19:8-9; Matthëús 5:17-19.

Israel (die 12 Stamme, honderde jare voordat daar Jode op aarde was) is geroep en verbind om God se lof op aarde te verkondig en te demonstreer, sodat die heidense nasies rondom dit kon sien. Hulle sou dan vra wat die geheim van Israel se vrede, voorspoed, gesondheid en geregtigheid was. Dan kon Israel (dit was die einddoel) vir hulle wys op die God van Israel, die Enige Waaragtige God. Hulle moes dan die nietigheid van hulle eie afgode besef en hulle tot die lewende God bekeer.

Lees Deuteronómium 4:5-8;

5 Kyk, julle het ek insettinge en verordeninge geleer soos die HERE my God my beveel het, om so te handel in die land waarheen julle gaan om dit in besit te neem.

6 Onderhou dit dan en doen dit; want dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: Waarlik, hierdie groot nasie is ‘n wyse en verstandige volk.

7 Want watter groot nasie het gode wat vir hulle so naby is soos die HERE onse God so dikwels as ons Hom aanroep?

8 En watter groot nasie is daar wat sulke regverdige insettinge en verordeninge het soos hierdie hele wet wat ek julle vandag voorhou?

Ongelukkig was Israel ongehoorsaam en ontrou aan die verbond en moes God hulle straf, soos Hy beloof het, maar sy verbond is onherroeplik en ewig. Na die eerste koms van die Messías het die huis van Israel (die tien stamme) onbewus van hulle identiteit, die evangelie begin aanneem en die seën begin word wat aan Abraham, Isak en Jakob belowe is.

Nou op die vooraand van die tweede koms van die Messías wag daar hierdie heerlike ontwaking tot hulle identiteit op die tien stamme soos hulle hulself op die huidige oomblik onder die Westerse Nasies bevind. In die smeltkroes van beproewing en dreigende uitwissing vanaf die kant van die heiden, sal beide die Huis van Israel (tien stamme) en die Huis van Juda (twee stamme) gesuiwer, gelouter en gered word. Onder Koning Jesus op die troon van sy vader Dawid sal hulle dan die wêreld lei in die weë van God - - - - -

(Vgl. Jes. 2:1-5; Jes. 11:1-9; Jer. 33:1-26; Miga 4:1-8; Matt. 19:27-30;
Lukas 1:31-33; Luk. 22:28-30; Openbaring 19 tot 22).

- - - - - totdat uiteindelik God sal wees alles en in almal - (1 Kor. 15:24-28).

Dan sal die gebed wat Jesus ons geleer bid het, volkome beantwoord wees:

> “- - - Onse Vader, wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde” - (Matt. 6:9-10).

Die Gesteelde Seën
(Génesis 27)

Maar ons moet eers weer terugkeer na Esau en Jakob. Toe Rebekka die HERE gaan raadpleeg het aangaande die worsteling met mekaar van die ongebore tweeling binne-in haar het die HERE onder andere vir haar gesê:

”en die oudste sal die jongste dien” - (Gén. 25:23).

Hierdie uitspraak is van die **aller grootste belang!** Nie alleen was hulle worsteling met mekaar alreeds op daardie vroeë, ontydige stadium van hulle lewe, die teken van ‘n stryd tussen hierdie twee volke - (Gen. 25:23) wat **tot die einde van tyd sou duur nie**, maar die oudste (Esau) sou die jongste (Jakob) dien. God het dit gesê en dus sou dit só wees, en Rebekka moes haar daarin berus het en tevrede gewees het. Maar sy was nie!

Isak was oud en sy oë al swak en sy einde naby. Volgens voorvaderlike gebruik, wou hy die seën oor Esau sy eersgeborene uitspreek voor hy sterf. Hy het Esau geroep en hom gevra om vir hom ‘n stuk wild te gaan jag en klaar te maak soos hy altyd daarvan gehou het. Rebekka het dit gehoor en vir Jakob gou na die kraal gestuur om twee mooi bokkies te gaan haal. Sy het dit vir Isak klaargemaak soos hy daarvan gehou het, die velle van die bokkies oor Jakob se hande en oor die gladheid van sy nek getrek en vir hom Esau se beste klere laat aantrek.
So het Rebekka dan vir Jakob gekry om Esau se seën by Isak te steel. Dit was nie vir haar en Jakob nodig om hierdie bedrog, waarvoor Jakob later swaar moes boet, te pleeg nie. Het God dan nie vir Rebekka gesê: “En die oudste sal die jongste dien” nie? Dit beteken God het die eersgeboortereg aan Jakob beloof nog voor hulle geboorte. Omdat Rebekka God nie op sy Woord wou neem nie, het sy, toe dit lyk asof Esau tog die seën gaan ontvang, God probeer uithelp. Ons sal in hierdie reeks nog sien wat dit Jakob gekos het.

Vir ons in hierdie geslag, wag die eintlike benoudheid van Jakob waarvan Jakob s’n by die Jabbokrivier maar net ‘n skadu was. Ook vir ons as die nageslag van Abraham, Isak en Jakob wag daar kosbare beloftes wanneer die heiden teen ons gaan losbreek. Laat ons God op sy Woord neem en hom nie probeer uithelp nie.
Hier volg die seën wat toe oor Jakob uitgespreek is:
Génesis 27:28-29; (Sien ook vers 37)

28 En mag God jou gee van die dou van die hemel en van die vet grond van die aarde en oorvloed van koring en mos.

29 Volke sal jou dien, en nasies voor jou neerbuig. Wees ‘n heerser oor jou broers, en die seuns van jou moeder moet hulle voor jou neerbuig. Vervloek is hulle wat jou vloek, en geseënd is hulle wat jou seën.

Koring en mos is altyd die Bybelse terme vir oorvloed. Die Westerse Nasies het al baie dele van die wêreld van hongersnood, op vele kere gered vanuit hulle

oorvloed. Die Weste beheer groot rykdomme aan grondstowwe. Die wêreld se stamboek vee kom uit die Weste. Die Weste het groot rykdom waarop die heiden veral vandag begerige en jaloerse oë op rig. Baie volke het al die Westerse Nasies gedien en is vandag nog maar van hulle afhanklik. Nie een van hierdie kenmerke is op die Jode van toepassing nie. Die Israeli Staat word sedert sy onbybelse totstandkoming deur Amerikaanse kapitaal aan die gang gehou.

Hierdie beloftes en seëninge word op baie plekke in die Bybel aan die nakomelinge van Jakob herhaal. So bv. word die belofte van oorvloed veral aan Josef in Génesis 49:25-26 herhaal. En dit is Josef deur sy seun Efraim wat aangestel is as leier van die Huis van Israel, die tien stamme. Ons sal nog by Génesis 48 kom en sien in die 16de vers dat Jakob in sy vaarwel seënbede oor die twee seuns van Josef, Manasse en Efraim, gesê het dat **sy naam Israel** deur **hulle** genoem moes word.
Met ander woorde: Die Tien Stamme het die reg op die naam Israel en nie Juda nie. En so vind ons dit ook in die Bybel, wanneer die twee saam genoem word, dan word van die tien stamme gepraat as Israel of die Huis van Israel en van Juda, as Juda of die Huis van Juda: ---
Sien byvoorbeeld:
1 Samuel 17:52; 2 Samuel 18:16; 2 Sam. 5:5; 2 Sam. 19:43;
(Almal hier nog voor die verdeling)
1 Kon. 12:16; 1 Kon. 15:17; 1 Kon. 19:16; 2 Kon. 23:27; 2 Kron. 10;
2 Kron. 20:35; Ps. 114:1-2; Jes. 5:7; Jes. 11:12-13; Jer. 3:6-8,11,18; Jer. 5:11; Jer. 7:15; Jer. 11:10,17; Jer. 13:11; Jer. 23:6; Jer. 30:3-4; Jer. 31:31-32;
Jer. 33:7,14,24; Jer. 36:2; Jer. 50:4,20,33; Jer. 51:5; Eség. 9:9; Eség. 37; Hoséa 1:6-7,11; Hoséa 4:15; Sag. 11:14; Sag. 8:13; Sag.10:6; ens.

Die Joodse Staat wat in 1948 in Palestina **tot stand gekom het, het dus geen reg op die naam Israel nie**. Ons is nie teen die huis van Juda nie, ons is net Pro Gods Woord! Juda se eie heil lê nie langs die weg van menslike opvattings nie, maar langs die weg van God se beloftes aan haar, en sy het geen reg om die beloftes van Israel (tien stamme) te neem en op haar van toepassing te maak nie, nog minder om dit uitsluitlik net vir haarself toe te eien soos tans die geval is nie.

Esau sweer wraak

Isak het die seën oor Jakob uitgespreek en niks en niemand kon dit verander nie!
Génesis 27:33-38, 41;

33 Toe skrik Isak geweldig en sê: Wie is dit dan wat wild gejag en vir my gebring het? En ek het van alles geëet voordat jy gekom het en hom geseën -- **ook sal hy geseënd bly!**

34 Toe Esau die woorde van sy vader hoor, **skreeu hy met ‘n baie groot en bitter geroep**, en hy sê vir sy vader: Seën my ook, my vader!

35 En hy antwoord: Jou broer het gekom met bedrog en jou seën weggeneem.
36 Daarop sê hy: Sou hulle hom Jakob noem, omdat hy my nou twee keer onderkruip het? My eersgeboortereg het hy geneem, en daar het **hy nou my seën geneem**! Verder vra hy: Het u vir my geen seën oorgehou nie?
37 Toe antwoord Isak en sê vir Esau: Kyk, ek **het hom as heerser oor jou gestel en aan hom al sy broers as dienaars gegee;** en ek het hom met koring en mos versorg. Wat kan ek dan vir jóu doen, my seun?
38 Daarop het Esau aan sy vader gevra: Het u net een seën, my vader? Seën my ook, my vader! En Esau het sy stem verhef en geween.
41 En Esau was Jakob vyandig gesind vanweë die seën waarmee sy vader hom geseën het, en Esau het in sy hart gedink: Die dae van die rou oor my vader is naby, **dan sal ek my broer Jakob doodmaak**.

Dit is baie duidelik uit wat ons alreeds van Esau gesê het, en nog sal sien, dat hy maar net verlang het na die seën en spyt was oor die verlies van die eersgeboortereg vanweë die aardse seëninge wat daaraan verbonde was. Hy wou niks met die geestelike sy daarvan te doene gehad het nie.
Hy het wraak teen Jakob gesweer en sou hom doodmaak tensy God ingryp. Daardie wraak sou alleen verdwyn as elke nageslag van Esau uitgeroei word. Soos ons verder sal sien, het God deur Samuel hierdie opdrag aan Saul gegee, maar hy was ongehoorsaam. So maak Esau vandag nog klaar vir die finale ontmoeting met Jakob, nou op hande, soos daardie eerste ontmoeting na Jabbok maar net ‘n skadubeeld was .

Isak en Rebekka teen Rassevermenging

Isak en Rebekka was geen Jode nie, ook nie Israeliete nie, maar wel Hebreërs. Hulle wou net soos Abraham, die bloed van hulle nageslag suiwer hou. Esau het dit verwerp:
Génesis 27:46; en 28:1;
46 Verder sê Rebekka vir Isak: Ek is moeg vir my lewe vanweë die dogters van Het (Hetiete stam uit Het). As Jakob ‘n vrou neem uit die dogters van Het, soos húlle is, uit die dogters van die land — waarvoor lewe ek dan?
1 TOE het Isak Jakob geroep en hom geseën en hy het hom bevel gegee met die woorde: Jy mag geen vrou neem uit die dogters van Kanaän nie.

Hy het Jakob weggestuur na die ver land waar Rebekka vandaan gekom het, na haar broer Laban om vir hom van sy dogters as vrou te gaan haal. Hy het die volgende seën oor hom uitgespreek:
Génesis28:3-4;
3 En mag God, die Almagtige, jou seën, en jou vrugbaar maak en jou vermeerder, sodat jy ‘n menigte van volke kan word.
(vgl. Génesis 26:4; en 32:12).

4 En mag Hy jou gee die seën van Abraham, aan jou en jou nageslag saam met jou, dat jy die land van jou vreemdelingskap in besit kan neem wat God aan Abraham gegee het.

Weereens sien ons hierin die belofte van die land aan Jakob en ook ‘n menigvuldige nageslag beide van getal en van volke.

Esau het egter na Ismael gegaan en vir hom een van sy dogters tot vrou geneem. Ismael was self ‘n woeste man van die swaard en nou nog met Esau ook by, kan ons wel reken wat ‘n woeste nakomelingskap dit moes laat ontstaan het. As ‘n mens kyk na die Turke dan is dit heel moontlik dat hulle uit so ‘n verbintenis kon ontstaan het. ‘n Groot gedeelte van die Russiese nasie het hierdie element ook in hom.
(Soos die ou gesegde lui: “Scratch a Russian, and you find a Tartar”).

Jakob by Bet-el:

God bevestig sy belofte aan Abraham met Jakob (Génesis 28:10-22).

Op pad na sy oom Laban het Jakob een nag ‘n droom gehad:
Génesis 28:12-14;

12 En hy het gedroom -- daar is ‘n leer op die aarde opgerig waarvan die spits tot aan die hemel reik, terwyl die engele van God daarlangs opgeklim en daarlangs neergedaal het.

13 En kyk, die HERE het bo-aan gestaan en gesê: Ek is die HERE, die God van jou vader Abraham en die God van Isak. Die land waar jy op lê en slaap, sal Ek aan jou en jou nageslag gee;

14 en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde, en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide; en in jou en in jou nageslag sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Ons sien weer die belofte van menigvuldigheid van nageslag, die besitting van die land, die uitbreiding na die vier windstreke van die aarde, en die seën vir die hele wêreld deur hom en sy saad. Hiervan is die aanduiding van die rigtings van uitbreiding al wat meer in besonderheid is as in die geval van die beloftes aan Abraham en Isak.
Indien ons die geskiedenis van die Westerse Blanke Nasies neem, is dit presies die rigtings waarin hulle agtereenvolgens uitgebrei het. Die tien stamme het eers na hulle ontsnapping uit die Assiriese Ballingskap uiteindelik weswaarts beweeg en in die lande van Wes en Noordwes Europa te lande gekom. Hierop sal ons nog meer spesifiek ingaan, nadat ons die fondament nog meer op Bybelse gronde verstewig het.
Daarna was die eerste grootskaalse uitbreiding die na Amerika (**wes**) daarna **oos** onder die Britte en die Nederlanders. Dis waarom die Kaap in die begin deur Holland maar net as ‘n halfwegstasie na die Ooste gebruik is. Daarna het Kanada en New Foundland in die **noorde** gekom, en laaste Australië, Nieu-

Seeland en Suid-Afrika in die **suide**. Alles presies soos God dit aan Jakob by Bet-el in sy droom gegee het. Dit kan nie van die Jode gesê word nie, en ook van geen ander nasie buite die Westerse Nasies nie.
Dit is geen wonder nie dat Jesus juis vir Natánael 'n Israeliet in wie daar geen bedrog was nie, aan Jakob se droom moes herinner toe hy vir Jesus gesê het: "Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!" – (Joh. 1:47-52).

Jakob, op pad terug na Kanaän, ontmoet vir Esau

(Génesis 31 en 32.)

Jakob het twee van Laban se dogters tot vroue gekry, naamlik Ragel en Lea. Hy het ook ryk geword. Toe kom die dag dat die HERE vir Jakob beveel het om op te pak en terug te gaan na sy land, die land van sy vaders - (Gén. 31:3). Hy was nie baie ver op pad nie, of die engele van God het hom ontmoet - (Gén. 32:1).
Dit is merkwaardig hoedat dwarsdeur die Bybel **engele** van God altyd op die toneel verskyn wanneer daar 'n baie **belangrike gebeurtenis** in verband met God se volk op hande is.
Ons sal vir u net 'n paar noem by wyse van illustrasie:

a) Die vernietiging van Sodom en Gomorra en die uitredding van Lot: - Génesis 18 tot 19.
b) Engele ontmoet vir Jakob op die vooraand van sy ontmoeting met Esau: Gén 32:1 - 2.
c) 'n Engel gaan voor Israel uit met die uittog om hulle op die pad te bewaar en hulle na die beloofde land te bring: Exodus 23:20.
d) Op die vooraand van die inname van Jérigo ontmoet Josua die leërowerste van die HERE waar Hy gestaan het met uitgestrekte swaard in sy hand: Josua 5:13-15.
e) Die engel van die HERE verskyn aan Manóag en sy vrou voor die geboorte van Simson: Rigters 13.
f) Die vurige waens en vurige perde rondom die dorpie Dotan om Elísa te beskerm toe die Siriërs hom wou kom gevange neem: 2 Konings 6:15 - 17.
g) Een engel van die HERE het in een nag 185,000 van Israel se vyande verslaan: Jesaja 37:36.
h) Dawid noem die engele die kragtige helde van God ---- sy leërskare wat sy welbehae doen: Ps. 103:20,21.

En daar is baie meer.
Lees ons boekie "Joël, sy Profetiese Boodskap", waarin ons ook skryf oor die rol van engele in die eindtyd.
So kom die engele van God dan om vir Jakob op die vooraand van sy ontmoeting met Esau te ontmoet:
Génesis 32:1-2;

1 JAKOB het ook verder gereis, en die engele van God het hom ontmoet.
2 Toe hy hulle sien, sê Jakob: Dit is 'n leër van God! En hy het die plek Mahanáim genoem.

Mahanáim beteken twee bendes. Jakob en sy mense was die sigbare bende en die engele van God die onsigbare bende.
Hier was iets van die uiterste belang nou op die spel. Die **twee sade** wat met mekaar **geveg** het nog voor hul geboorte staan op die punt om weer te ontmoet. Daar is **moord in Esau** se hart. Hy weet nie wie die eintlike dryfkrag agter daardie wraakgedagtes is nie. Miskien besef Jakob self nie tenvolle wat sy rol en belangrikheid in die plan van God is nie. Maar in Jakob is die Saad van die vrou, die Christus, en in Esau die saad van die slang.

Eeue later sou die Slang self, (Satan), en die Saad self in die Wildernis van Judea van aangesig tot aangesig ontmoet.
Lees dit self in Matthëús 4:1-11 en Lukas 4:1-13.
Geen mens sal ooit besef wat daar op die spel was en wat daardie dag daar plaasgevind het nie. Ook daar, toe die stryd verby was en die vyand hom vir 'n tyd lank onttrek het, het engele gekom en Jesus daar versterk, net soos ook na die stryd in Getsémané - (Lukas 22:43).
Daar sou daardie dag iets bonatuurliks moes gebeur as Jakob behoue moes uitkom uit sy ontmoeting met Esau. Jakob was weerloos met sy vroue en kinders en vee. Esau was 'n vegter, 'n man van die swaard en saam met hom vierhonderd man almal geoefende manne met die bloed van menige slagoffer aan hulle swaarde. Dit was 'n tyd van **benoudheid** vir Jakob.
Daar was geen aardse hulp in daardie eensame gebied nie. Daarom het die engele van God verskyn, die leërskare van God, die kragtige helde wat sy Woord volbring - (Psalm 103:20-21) die "dienende geeste wat vir diens uitgestuur word terwille van die wat die saligheid sal beërwe nie?" - (Hebreërs 1:14).

U sien, dit was maar nog net die skadubeeld van die **finale ontmoeting** tussen Jakob en Esau in hierdie finale aanslag van die Kommunistiese hordes teen die Christen Weste. U sal nog verderaan sien hoedat Esau onteenseglik aan die hoof staan van die heidense magte wat nou uitreik na wêreld oorheersing! U het alreeds gesien dat die Christen Weste Jakob verteenwoordig.
Met daardie eerste ontmoeting tussen Jakob en Esau as voorbeeld noem die Profeet Jeremia hierdie laaste ontmoeting wat nou vir ons voor die deur staan, die benoudheid vir Jakob:

> "Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word" - (Jer. 30:7).

In Jeremia 31:11 lees ons:

11 Want die HERE het Jakob losgekoop en hom verlos uit die hand van hom wat sterker was as hy.

Netsoos die HERE vir Jakob uitgered het uit die hand van Esau na Jabbok, so sal Hy die wit Christen Westerse Nasies (Israel) uitred uit die hand van die Russies - (Esau-Ámalek) Chinese kombinasie nadat hulle (Israel) hul tot God bekeer het - Sien Joël 3:19-21; - volledig verklaar in ons boekie "Joël, sy Profetiese Boodskap en Waarskuwing".

Jabbok

Jakob het tot God begin bid, sy onwaardigheid bely - (Gén. 32:10), en die HERE aan sy beloftes en aan sy verbond herinner:
Génesis 32:12;
12 U het tog self gesê: Ek sal sekerlik aan jou goed doen en jou nageslag maak soos die sand van die see wat vanweë die menigte nie getel kan word nie.
Hy het 'n groot geskenk aan Esau vooruit gestuur - (Gén. 32:13-23) in die hoop om sy hart daarmee sag te maak. Dit word geskat dat volgens hedendaagse waardes het die waarde van die geskenk R32,400.00 bedra.
Daardie nag het hy met sy twee vroue en sy twee slavinne en sy elf kinders deur die drif van die Jabbok getrek - (Gén. 32: 22). Nadat hulle almal deur was het hy alleen agtergebly. Daar het toe 'n man met hom geworstel tot dagbreek - (Gén. 32:24) en toe die Man (dit was die HERE - Gén. 32:30) sien dat Hy hom nie kon oorwin nie, slaan Hy Jakob op die heupbeen, sodat sy heupbeen uit lid uit geraak het in die worsteling - (Gén. 32:25). Dit was dus 'n fisiese stryd. Jakob het geweier om Hom te laat gaan voordat Hy Jakob nie geseën het nie - (vers 26).
Génesis 32:27-28;
27 En Hy vra hom: Hoe is jou naam? En hy antwoord: Jakob:
28 Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob (bedrieër) genoem word nie, maar Israel ('n Prins met God); want jy het geworstel met God en met die mense en het oorwin.

Jakob het die plek Pniël genoem, wat "gesig van God" beteken, omdat hy God daar van aangesig tot aangesig gesien het, en tog was sy lewe gespaar – (Génesis 32:29-30).
Israel - beteken "Prins met God" of "Heersende" met God.
"Isra" - beteken prins en "El" - beteken God, Sterkte, Die Almagtige.
In hierdie worsteling wat 'n stryd om lewe en dood was, het Jakob 'n **wedergeboorte ondergaan** soos ons kan aflei uit die verandering van naam: van Jakob — 'n bedrieër — na Israel, 'n Prins met God.
Van nou af sou Jakob (Israel), saam met God heers. God het as 'n man met Jakob geworstel en aan hom bonatuurlike krag verleen sodat die man vir Jakob nie kon oorwin nie - (Génesis 32:25). Dit is van ontsaglike betekenis, nie net vir die ontmoeting met Esau daardie volgende dag nie, maar dwarsdeur die geskiedenis van die wêreld.

Jakob was daardie volgende dag 'n **ander man** met 'n **ander naam**. Hier, ongeveer 200jaar na die roeping van Abraham uit Ur van die Chaldeërs, verskyn die naam **Israel** vir die **eerste keer**. Jakob was die **eerste Israeliet**, en ons het gesien hoe hy sy naam gekry het. Dit het 'n **bonatuurlike ontstaan**, met 'n **bonatuurlike en ewige doel**. Selfs Abraham en Isak was **nie** Israeliete nie, en op hierdie stadium is daar nog nie eens sprake van die naam "Jood" nie.

As dit nie was vir daardie ontmoeting daardie nag by Jabbok nie, sou Jakob deur Esau vermoor gewees het, en sou ons nie vandag van die naam Israel geweet het nie. Jesus, die Verlosser van die wêreld sou ook nie gebore gewees het nie. Na so ‘n ontmoeting, en na so ‘n oorwinning, beide met God, en met die mense - (Gén. 32:28), was Jakob natuurlik meer as mans genoeg vir Esau.

Maar Esau se gees was alreeds week gemaak deur God. Dit lei nie die minste twyfel nie dat die engele van God, wat vir Jakob tegemoet gekom het, ook in die omgewing was. Satan, die onsigbare aanvoerder van die vyande van God se volk op aarde, het dit dus nie durf waag om iets aan Jakob op hierdie stadium te doen nie. Hy sou wag vir ‘n latere geleentheid, en ons sal in die verdere verloop van ons verhaal weer vir Esau teëkom waar hy in sy kleinseun **Ámalek** vir Israel wou vernietig, kort na die uittog uit Egipte.

Die laaste ontmoeting tussen Jakob en Esau

Ons staan in hierdie geslag voor die finale ontmoeting tussen Jakob en Esau. Die stryd tussen die **twee sade** sou voortduur tot die einde toe. Die Westerse Nasies staan vandag voor die magtigste kombinasie in die Kommunisme, wat die wêreld nog ooit gesien het. Ons Christelike Nasies sal ‘n wedergeboorte soos Jakob by Jabbok moet ondergaan, anders sal ons uitgewis word. Ons sal met God moet worstel. Die engele sal ons weer moet te hulp kom. Ons het weer figuurlik gesproke teruggeval na die Jakob (bedrieër) toestand en sal weer moet verander word tot die “Israel toestand”.

Die Profeet Joël beskryf hierdie aanslag op Israel (die Weste) deur Esau (die Ooste) baie treffend, en ons lê dit vir u uit in ons boekie: “Joël, sy Profetiese Boodskap en Waarskuwing”.

Hoofstuk 6

Transkripsie van kasset nr. L32

Jakob by Bet-el

(Génesis 35).

Die Bybel is nie ‘n storieboek nie. Die Bybel is die Woord van God soos dit vir ons neergeskryf is onder die inspirasie van die Heilige Gees.
2 Petrus 1:19-21;
19 En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op ‘n lamp wat in ‘n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte;
20 terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif ‘n saak van eie uitlegging is nie;
21 want geen profesie is ooit deur die wil van ‘n mens voortgebring nie, maar **deur die Heilige Gees gedrywe**, het die heilige mense van God gespreek.
So sal ons dan ook in die Bybelverhaal van die handeling van God met Israel, hierdie baie belangrike reël vind: Dit wat geskryf is, is wel die geskiedenis van die volk van God, maar dit is ook ‘n profesie van wat nog sou gebeur en van wat nog moet gebeur. Elke insident in die geskiedenis van die volk van God, is ook ‘n voorafskaduïng van wat Hy nog met hulle in die toekoms gaan doen.
Ons het byvoorbeeld vir u in ons vorige hoofstuk gewys op die benoudheid van Jakob toe hy Esau moes ontmoet. Dit was ook ‘n beeld, of ‘n tipe, van wat met die Westerse Blanke Christen Nasies (die moderne afstammelinge van die tien stamme) gaan gebeur wanneer hulle die Kommunistiese hordes binnekort in die finale stryd gaan ontmoet.
Netso is Génesis 35 vir ons die beskrywing van wat Jakob gedoen het toe hy weer by Bet-el gekom het. Daar het hy sy huis gesuiwer van die **vreemde gode** wat onder hulle was, en weer vir God ‘n altaar opgerig. Dit is ook ‘n belofte vir ons wat vandag treur oor die verskriklike afvalligheid van ons Christen Weste, dat daar ‘n dag gaan kom dat ons ook die baie vreemde gode wat vandag onder ons is, uit ons midde sal verwyder, en vir God weer ‘n altaar sal oprig. Dan sal daar ‘n SKRIK van GOD - (Génesis 35:5) op die nasies rondom ons kom, die nasies wat nou hulle tande slyp om ons te vernietig.
In hierdie stryd sal God dan weer aan ons verskyn - (Génesis 35:9) wanneer Jesus kom, in die heerlikheid van die Vader en al die heilige engele saam met Hom
Lees: Matt. 16:27; Matt. 19:27-28; Matt. 24:30; Matt. 25:31; Lukas 9:26.

Weer wil ons **beklemtoon**: Die Bybel is nie ‘n geskiedenisboek nie, alhoewel dit die geskiedenis van God se volk en van baie ander dinge bevat. Ons moet dus baie noukeurig let op die beskrywing van God se handelwyse met Israel. Sy

beloftes aan Israel en sy verbonde want dit hou ook voorspellings in van wat nog met haar sou en **gaan gebeur**.

‘n Nasie - ‘n Menigte van Nasies - en Konings

Génesis 35:11;

> Verder sê God vir hom: Ek is God, die Almagtige. Wees vrugbaar en vermeerder. ‘n Nasie, ja, ‘n menigte van nasies, sal van jou afstam, en konings sal uit jou lendene voortkom.

Ons het alreeds in Génesis 17:5-6; gesien dat God aan Abraham beloof het dat hy die vader van ‘n menigte van nasies sou word. Ons weet ook dat in ‘n geestelike sin hy die vader van alle gelowiges genoem word. Maar die hoofstroom is nou al in Jakob baie meer gekonsentreerd as wat dit in Abraham was. Nie al die nasies wat uit Abraham voortgekom het, kom ook uit Jakob voort nie. Netsoos ons nou al herhaaldelik vir u daarop gewys het, kan dit nie gesê word dat al die nasies wat uit Jakob voortgekom het, almal ook die nageslag van Juda geword het nie, wat maar een van die twaalf seuns van Jakob was.
Hierdie woorde van Génesis 35:11 was die woorde van God direk aan Jakob. Hulle was onvoorwaardelik en onherroeplik:

> “Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik” - (Romeine 11:19)

Lees ook Númeri 23:19.
Dwarsdeur die Bybel is dit duidelik dat God se plan met Israel bly staan tot met die wederkoms van Christus en dwarsdeur die millennium. Dus, omdat God ‘n waarmaker is van sy Woord, moet ons ook vandag in die wêreld ‘n nasie, ja ‘n menigte van nasies vind, met konings in hulle midde, wat van Israel (Jakob) afstam.
Dus, met die toelating van ook eie kenmerke, moet ons in die wêreld vandag ‘n groep nasies vind wat in breë trekke aan Génesis 35:11 voldoen.
In die Westerse Blanke Protestantse Nasies vind ons so ‘n groep van volkere. Hulle is nog die enigste versameling van volkere in ons wêreld van die twintigste eeu, waarin die een troon na die ander gekantel het, - (sien Daniël 7:9) onder wie baie van hulle hul trone behou het. En wat nog meer merkwaardig is, is dat die koningshuise baie intiem met mekaar verbonde is, en kan hulle geskiedenis terug spoor tot by Koning Dawid. Vir diegene van u wat nou dadelik wil spot of hierdie woorde met minagting wil verwerp, wil ek hierdie woorde sê wat eens deur ‘n baie beroemde persoon ge-uiter is: Daar is ‘n beginsel wat ‘n wal sal gooi teen enige kennis, wat enige argument sal weerstaan, en wat sal verseker dat die mens in ewigdurende onkunde sal bly, en dit is die beginsel van veragting voordat jy die saak ondersoek het. Niemand minder as ‘n Salomo het gesê:

> “Hy wat antwoord gee voordat hy gehoor het, vir hom sal dit ‘n sotheid en skande wees.” - (Spreuke 18:13).

Hierdie groep van Westerse Nasies het een geloof, baie van hulle het een gemeenskaplike taal, een tradisie, een oorsprong, een wet, een vryheid, een

toekoms. Die Weste staan of val saam. Moet nie eng in u uitkyk wees nie — ons het te doen met beginsels en waarhede wat oor eeue en millenniums strek. Moenie vir u blind staar op die dwaashede van sommige van die Westerse leiers oor die afgelope paar dekades en die gevolge daarvan nie.

Kry 'n geheel beeld:
Die chaotiese toestand waarin sommige van die Westerse lande hulle bevind en die dwase beleid wat hulle volg, is nie 'n permanente toedrag van sake nie. Ook dit, soos ons nog verderaan sal sien, is ook volgens Skrif, wat met Israel moet gebeur voordat die heiden finaal toeslaan. God se volk moet volgens die profesieë so verswak wees deur dwase leierskap en deur haar afdwaling van haar Verbonds-God, ten tye van die finale aanslag van die heiden, dat net alleen die bonatuurlike tussenbei trede van God haar van uitwissing sal red. Dit is die tema van al die profesieë van die Bybel aangaande die eindtyd. En dit is juis soos die toestand nou met die Christen Weste is.

Tot voor die laaste oorlog sou die heidense nasies dit nie waag om 'n vinger teen die Westerse Christen Nasies te lig nie. Nou dien hulle die Weste die een vernedering na die ander toe. En dit gaan nog vererger voordat dit gaan verbeter.

In die dae van die Rigters van Israel was dit presies dieselfde. Solank Israel God gevrees, Hom gedien en sy verordeninge onderhou het (En dit het die gebod van rasse suiwerheid ingesluit), het Israel floreer en was die heiden eerbiedig, onderdanig en op sy plek teenoor Israel. Maar elke keer wanneer Israel afvallig geword het van God, op daardie oomblik en in daardie mate het die heiden begin opkom, brutaal geword en vir Israel oorheers.

Leer u geskiedenis, ook die geskiedenis van u Bybel, en u sal sien dat die patroon van die eeue nie bestaan uit 'n klomp los en onsamehangende taferele nie, maar dat daar net een patroon is, en dit is: God se plan met sy volk bly nog altyd staan, en Satan se teenstand teen daardie plan met die heiden as sy instrument en kanaal, volg nog steeds dieselfde patroon.

Die Jood pas nêrens by Génesis 35:11 in nie. Hulle is in baie nasies maar is nie baie nasies nie. Daar is geen konings onder hulle nie. Toe hulle die geleentheid gehad het om Jesus as Koning te erken, het hulle Hom verwerp en bloeddorstig geëis dat Hy gekruisig moes word. Daar is vir die wat suiwer is onder hulle net een nasionale bestemming volgens die Skrif: Hulle sal Jesus van Násaret moet erken as die Messías, en Hom dan saam met die Christen Blanke Weste (die tien stamme) aanneem as hulle Saligmaker en terug verwelkom wanneer Hy weldra gaan terugkeer as HERE van alle here en Koning van alle konings en kom om te sit op die troon van sy vader Dawid en te heers oor die huis van Jakob (al twaalf stamme, letterlik) tot in alle ewigheid.

Lukas 1:31-33;

31 En kyk, jy sal swanger word en ‘n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.

32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,

33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.

Jakob seën die seuns van Josef

(Génesis 48)

Net soos Isak het Jakob oud geword, sy oë het verswak en hy kon nie meer sien nie (v.10) en sy einde was naby. Volgens voorvaderlike gebruik wou hy die seën oor sy kinders uitspreek voordat hy sterwe.

Josef was sy lieflingseun. Die geskiedenis van Josef is welbekend. In Egipteland het die HERE aan hom twee seuns **Manasse en Efraim** geskenk. Hulle moeder was **Ásenat** die dogter van **Potiféra** die **priester van On.** Hierdie naam “On” is ‘n Hebreeuse Naam - sien Númeri 16:1. U moet onthou dat Abraham nie die enigste Hebreër was nie. So het hulle vir Isak bv. ‘n vrou laat haal uit Abraham se mense wat agtergebly het. Netso was daar ook van Abraham se ander bloed verwante wat na ander dele versprei het.

Net die feit dat Ásenat se vader ‘n priester was, moet ons al dadelik op ‘n belangrike spoor bring. Hy was die priester van On. U moet nie die akkuraatheid van “detail” van die Bybel onderskat nie. Omdat dit Goddelik geïnspireerd is, bevat net een woord soms ‘n wêreld van betekenis, so ook in hierdie geval.

Ons het in Génesis 9:26 verduidelik dat dit opmerklik is dat net die nasies wat van **Sem** afstam vir God erken. Dus was **Potiféra** ook van Sem. Dit is dus baie onkundig van mense om sommer sonder meer te aanvaar dat Josef se kinders basters was. Baie leraars sê dan ook nog sonder om twee keer te dink dat Ásenat swart was net omdat sy in Egipte was. Hoe kortsigtig. Waar staan dit in die Bybel dat Ásenat swart was? Weet hulle nie dat die Egiptenare van vandag nie die Egiptenare van Josef se tyd is nie?

In Exodus 2:21 lees ons dat Moses met Sippóra die dogter van die priester van Midian getrou het, weer presies dieselfde geval.

Lees ons boekie: “Moses en sy Kusitiese Vrou”.

In Génesis 9:26 word God die God van Sem genoem. Die **priesterlike orde** was dus uit die geslag **van Sem**.

In Exodus 2:19 noem die dogters van Jethro vir Moses ‘n Egiptiese man. Was Moses ‘n Egiptenaar van ras? Nee, hy was ‘n Israeliet, uit die stam van Levi. Maar omdat hy op daardie oomblik uit Egipteland in Midian aangeland het, noem hulle hom toe ‘n Egiptenaar.

In Génesis 25:20; Gen. 28:5; Gen. 31:20,24; word Laban, die vader van Jakob se twee vroue Lea en Ragel, ‘n Arameër genoem. Maar Laban was ‘n Hebreër. Hy word in hierdie Skrifte ‘n Arameër genoem volgens die land waarin hy gewoon het.
In Deut. 26:5 word selfs Jakob ‘n “swerwende Arameër” genoem. Jakob was ‘n Hebreër gebore en het later die vader van die Israeliete geword. Maar hy het ten tye van die hongersnood in Aram gewoon en daarvandaan homself in Egipte gaan vestig toe sy seun Josef onderkoning van Egipte geword het.
(Sien Gén. 41:40-46).
Netso word Rut ‘n Moabiet genoem, en dan word dit gebruik om te bewys dat selfs ons Here Jesus tog ook maar heidense bloed in hom gehad het. Maar kom laat ons kortliks na die feite kyk:

Uit Númeri hoofstukke 22 tot 26, en 32 en Josua hoofstukke 12 tot 14, en 22 sal u sien dat alhoewel Rut ‘n Moabietiese vrou genoem is net omdat sy uit die velde van Moab gekom het (soos in die geval van Moses, Laban en Jakob hierbo aangehaal) was sy in werklikheid ‘n Israeliet, ‘n afstammeling van die stamme Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse wie hulle erfenis aan die ander kant van die Jordaan in die vlaktes van Moab ontvang het.

Sou God, wat baie streng bevele aan die volk van Israel gegee het om nie met vreemdes te ondertrou nie, toegelaat het dat die Heilige Saad so vertroebel word?
Sien: 2 Sam. 11:3,21,24; 2 Sam. 12:9-10; 2 Sam. 23:39; 1 Kon. 15:5;
met Gén. 25:20; Gén 28:5; Gén. 31:20,24; Deut. 26:5; Ex. 2:21.
Sien ook Nehemía 13:1-3.

Sou ‘n man soos Boas hierdie wette verontagsaam het? Hy het dan so seker gemaak dat hy volgens die wet van naasbestaandes handel, voordat hy vir Rut tot vrou geneem het. Is dit denkbaar dat Jesus van heidense afkoms kon wees?
In Deuteronómium 23:3 lees ons;

3 Geen Ammoniet of Moabiet mag in die vergadering van die HERE kom nie; selfs hulle tiende geslag mag nooit in die vergadering van die HERE kom nie;

Maar wanneer dit by die afstamming van Jesus kom, maak dit blykbaar nie die minste saak volgens die algemene opvatting van die meeste leraars nie. Hoe slordig is ons tog nie met die Skrif nie. Is dit dan nie waar wat Hoséa sê nie?
Hoséa 4:6;

6 My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.

Of hierdie een:

“As daar geen openbaring is nie, word die volk bandeloos; - (Spr. 29:18).

Die seën wat Jakob op die punt was om oor Efraim en Manasse uit te spreek, is van die allergrootste belang. Dis daarom dat ons hierdie saak van hulle identiteit eers van naderby moet betrag.

Efraim en Manasse.

Hulle was die twee seuns van Josef, en Manasse was die eersgeborene. Josef was die lieflingseun van Jakob. Die seën van Josef het oorgegaan op Efraim en Manasse.
In Génesis 48:5 sien ons dat Jakob die seën van Ruben die eersgeborene aan hulle gegee het. Dit wil sê hulle het die eersgeboortereg ontvang en **nie Juda** nie. Dit is van die uiterste belang.
Ons lees in 1 Kronieke 5:1-2;

1 En die seuns van Ruben, die eersgeborene van Israel - want hy was die eersgeborene; maar omdat hy die bed van sy vader ontheilig het, **is sy eersgeboortereg aan die seuns van Josef, die seun van Israel**, gegee, maar hy moes nie in die geslagsregister volgens die eersgeboortereg aangegee word nie;

2 want Juda was sterk onder sy broers, **en uit hom het een 'n vors geword**, maar die eersgeboortereg het Josef gehad."

Psalm 114:1-2 sê;

1 TOE Israel uit Egipte getrek het, die huis van Jakob uit 'n volk met 'n vreemde taal,

2 het **Juda sy heiligdom** geword, **Israel sy ryksgebied**.

Hiermee moet u nou weer lees:
Eség. 37; 1 Kon. 12; 2 Kron. 10; Jer. 3:6-11.

U sal dan sien dat die besit van die "koninkryk" het aan die een toegeval wie die eersgeboortereg besit het. Dus aan Josef, en nie aan Juda nie.
Lees nou Génesis 48:13-14;

13 En Josef neem hulle twee, Efraim met sy regterhand, links van Israel, en Manasse met sy linkerhand regs van Israel, en hy bring hulle by hom.

14 Toe steek Israel sy regterhand uit en lê dit op die hoof van Efraim, hoewel hy die jongste was, en sy linkerhand op die hoof van Manasse: **hy het sy hande oorkruis gehou**, want Manasse was die eersgeborene.

In verse 15 en 16 spreek hy toe die seën vir Josef oor hulle uit. Josef was ontsteld omdat sy vader sy regterhand wat die grootste seën bevat het, op Efraim die jongste geplaas het. Josef was dan juis so versigtig om Manasse aan die regterkant van sy vader te plaas. Hy het gemeen dit was omdat sy vader nie kon sien nie. Hy wou sy vader reghelp en sê vir hom:
Génesis 48:18-19;

18 - - - - Nie so nie, my vader; want hierdie een is die eersgeborene: lê u regterhand op sy hoof.

19 Maar sy vader weier en sê: **Ek weet, my seun, ek weet.** Hy sal ook ‘n volk word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer groter wees as hy, en sy nageslag sal ‘n menigte van nasies word.

Hierdie woorde “ ‘n menigte van nasies” word as “ ‘n volheid van nasies” in die “Pulpit Commentary” aangegee. “Young's Analytical Concordance” gee ook die betekenis van die Hebreeuse woord “melo” waaruit die woord menigte vertaal is aan as “volheid.” Die Hebreeuse woord wat meer talrykheid beteken is “hamon” soos dit algemeen in die Bybel gebruik word. Die “Nuwe Hollandse Vertaling” gee ook “volheid.”

Wanneer ons nou na die vervulling hiervan kyk, dan sien ons dat die Britse Gemenebes so ‘n geslote gemeenskap van volheid van volke was voordat die blindheid wat tans Brittanje, in die besonder en die hele Westerse wêreld in die algemeen, getref het. Dit is net Suid-Afrika wat ten spyte van al die venyn en druk wat op haar uitgeoefen is, haar Skriftuurlike siening behou het.

Dit is waarom sy uit die Statebond moes tree en haarself ‘n Republiek verklaar het. Die Statebond het ontaard en die volheid van verwante volke geskend. Die dag sal nog kom dat Brittanje, Kanada, Australië, en Nieu-Seeland soos Suid-Afrika uit die Statebond van tans sal moet tree en dat Rhodesië by Suid-Afrika sal moet aansluit.

Dit sal geskied in die benoudheid van Jakob wat daar vir ons wag. Dan sal die blindheid verdwyn soos Paulus aan die Romeine skryf:

Romeine11:25-27;

25 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie **verborgenheid** nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene (Grieks = nasies) ingegaan het;

26 en so sal die hele Israel (al twaalf stamme) gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom, en sal die goddelooshede van Jakob (twaalf stamme) afwend;

27 en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.

Hier word weer die woord “volheid” netsoos in Gén. 48:19 gebruik. Dit is jammer dat so baie van ons vertalings die woord “heidene” hier vir die Griekse woord “ethnos” wat nasies beteken, gebruik. Ons moet onthou die Bybel verloor nooit sy draad nie, en God laat vaar nooit die werk van sy hande nie.

Génesis 48:19 praat van Efraim wat ‘n volheid van nasies sou word. Romeine 11:25 praat van ‘n volheid van nasies wat sou volg wanneer die blindheid van Israel verdwyn en die Verlosser uit Sion sou kom om die goddeloosheid van Jakob af te wend (nie van die wêreld nie, let wel.)

Jesus praat weer van die tye van die nasies in Lukas 21:24, in verband met sy Wederkoms. Ons weet dat Jerusalem deur die verskillende nasies vertrap is vir ‘n periode van sewe tye, of 2,520jaar, tot 1917, toe dit deur Westerse magte onder Generaal Allenby van die Turke bevry is.

Hierdie nasies is heidense nasies en kan dan in die sin heidene genoem word. Maar die volheid van nasies wat Efraim sou word volgens Gén. 48:19 is nie heidene nie, omdat hulle in die Bybelse sin van Israel identiteit is. In die Bybel word net die nasies wat nie van Israel afkoms is nie, heidene genoem.

In Psalm 76:11 lees ons dat selfs die grimmigheid van die mens God sal loof. Die dwase beleid van die Weste teenoor die heidense nasies het die heilsame uitwerking gehad dat dit die Westerse Nasies hulle mense van die vier windstreke van die aarde laat terugtrek het na hulle tuislande. Na die Tweede Wêreldoorlog moes die Westerse Nasies hulself van die een land na die ander onttrek en terugkeer na hulle tuislande: Holland uit die Verre Ooste; Brittanje uit Indië, Maleie, Burma, Afrika; Frankryk uit Indo China, en so aan. Op die huidige oomblik is daar 'n poging tot massa ontruiming van Belge uit die Kongo nadat duisende alreeds gedurende die afgelope 6 jaar daar weg is. Toestande word vir die blankes ondraaglik op die kopervelde van Zambië. U sal self nog baie meer besonderhede vir uself kan aanvul. (dis nou 8 Feb. 1967.)
Jesus het gesê dat Hy met sy wederkoms sy engele sal uitstuur om sy uitverkorenes, dit is Israel - - - - -
(Vgl. Matt. 24:31; Jes. 43:5-7)
- - - te versamel uit die vier windstreke van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.
Die strekking van beide Ou en Nuwe Testament is dat Israel (twaalf stamme) herstel gaan word, bekeer gaan word, versamel gaan word, en dat Jesus met hulle as kern (nucleus) sy Koninkryk op aarde gaan oprig. Ons glo dat ons nie kortsigtig of bevooroordeeld is nie, ons sal sien dat oor die afgelope eeue, God alreeds hierdie volheid van nasies (wat deur Efraim verteenwoordig word) in die ou Britse Ryk begin het, met die Verenigde State van Amerika as die groot volk wat basies vir Manasse verteenwoordig. Hulle praat dieselfde taal, het dieselfde Godsdiens, beskawing, instellings, ensovoorts. Die volheid van nasies wat uit Efraim, en die groot volk wat uit Manasse, moes kom, moet tog verwante volkere wees.
Waar in die geskiedenis of in die wêreld sal ons dit duideliker kry? Waarom is die ander Wes-Europese Nasies so nou by hulle ingeskakel en so nou aan hulle verwant? Omdat hulle van die ander stamme van Israel is, die broers van Josef! Geen ander tydperk in die geskiedenis, en geen ander groepering van volkere kan die seën wat Jakob oor Efraim en Manasse uitgespreek het, vervul, behalwe soos hierbo uiteengesit. As u dit nie wil aanvaar nie, moet u Génesis 48 of ignoreer (soos oor die algemeen die geval is) of verwerp.
Sodra al die kinders van Israel dan uit die nasies versamel is in hulle bestemde plekke, en die heiden begin toeslaan, sal die oordele van God op 'n besondere wyse op die heidene begin val. Dit sal die gebiede van "buitenste duisternis" wees waarvan Jesus gepraat het, waar daar geween en gekners van die tande sal wees. Op soortgelyke wyse sal die vreemde elemente uit die Israel lande en

gebiede verwyder en gedeporteer word na die gebiede van die heiden – (lees Mat. 13:41-42).
Maar hiervan sal ons u meer gee in ons reeks oor die "Gelykenisse".
Net voordat ons dan hierdie afdeling afsluit, moet ons beklemtoon dat as gevolg van hierdie seën wat Jakob oor Efraim uitgespreek het, sou Efraim die leier van sy broers word. Veral na die verdeling van die koninkryk na die dood van Salomo het Efraim 'n naam geword wat sinoniem was met Israel.
Sien bv. Jes. 7:2-17; Jes. 9:8; Jes. 11:13; Jes. 28:1-3; Eség. 37:16,19;
Hoséa 4:16-17; Hos. 5:13-14; Hos. 7:1-11; Hos. 8:9-11; Hos. 9:3-16;
Hos. 10:6-11; Hos. 11:3-12; Hos. 12:1-14; Hos. 13:1-12; Hos. 14:8;
Sag. 9:10-13; Sag. 10:7.

Jakob seën sy Seuns
Profesieë aangaande die twaalf stamme vir die eindtyd
Génesis 49.

1 DAARNA het Jakob sy seuns geroep en gesê: Kom bymekaar, dat ek julle kan verkondig wat julle **aan die einde van die dae sal wedervaar.**

Alle Bybel studente is dit met mekaar eens dat die Bybelse term "die laaste dae" beteken die tydperk tussen die eerste en die tweede koms van Jesus Christus. Aangesien die Here Jesus nog nie gekom het nie, is ons nog nie aan die einde van die laaste dae nie. Almal wat Gods Woord glo, stem saam dat ons op die vooraand van die koms van Jesus staan.
Hebreërs 1:1 lees as volg;

1 NADAT God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in **hierdie laaste dae** tot ons gespreek deur die Seun.

Númeri 24:14;

14 En nou, kyk, ek gaan na my volk toe. Kom, ek sal jou inligting gee, wat hierdie volk jou volk sal aandoen **aan die einde van die dae**.

Dit is wat Bíleam die huurling profeet vir Balak die koning van Moab aangaande Israel gesê het.
Deuteronómium 4:30-31;

30 As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die einde van die dae oor jou kom, sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister.
31 Want die HERE jou God is 'n barmhartige God; Hy sal jou nie verlaat en jou nie in die verderf stort nie; en Hy sal die verbond van jou vaders wat Hy hulle besweer het, nie vergeet nie.

Hoséa 3:5;

5 Daarna sal die kinders van Israel hulle bekeer en die HERE hulle God soek en Dawid hulle koning, en met siddering aankom na die HERE en na sy goedheid in die laaste van die dae.

Lees ook: Deut. 31:29; Jes. 2:2; Jer. 23:20; Dan. 2:28; Dan. 10:14.

Wanneer ons dus nou die seënbede wat Jakob oor sy twaalf seuns uitgespreek het, behandel, moet ons baie duidelik nie die feit uit die oog verloor dat dit veral betrekking het op die laaste dae nie. En dit is in hierdie lig dat u veral daarop moet let of hierdie profesieë op die Jood van toepassing is. Indien dit dan nie op die Jood van toepassing is nie, maar op die Westerse Protestantse Blanke Nasies, dan moet die gevolgtrekking voor die hand liggend wees: **Hulle is die Israel van God.**

Génesis 49:3-4;

3 Ruben, jy is my eersgeborene, my krag en die eersteling van my sterkte; die vernaamste in hoogheid en die vernaamste in mag!

4 Opbruising soos van waters - jy sal die vernaamste nie wees nie, want jy het die bed van jou vader beklim; toe het jy dit onheilig. Hy het my bed beklim.

Hy was onstabiel en swak in wilskrag en het sy eersgeboortereg verruil vir singenot, en hy het nooit uitgeblink onder sy broers nie.

Stel teenoor hom vir Josef nadat hy as slaaf aan die Egiptenare verkoop was. Toe die vrou van sy heer Pótifar hom wou verlei om met haar sonde te doen, toe sê hy:

> "Hoe kan ek dan hierdie groot kwaad doen en sondig teen God?" – (Gén. 39:9).

Josef het ook gou die onderkoning van Egipte geword. So was hy die middel in God se hand tot redding van sy vader en sy broers.

Aan Juda is in verse 8-12, beloof dat uit hom die septer sou kom, met ander woorde die Koning, en dat tot Hom (aan die einde van die dae) sal die volkere uiteindelik versamel en aan Hom onderdanig wees. Dit dui op ons Here Jesus wat uit die huis van Dawid is en Dawid was uit die stam van Juda. Die Jode het Jesus verwerp en Hy het gesê:

> "Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk (Gr. Ethne - Ras) gegee word wat die vrugte daarvan sal dra" - (Matt. 21:43).

Die koninklike familie was toe alreeds lankal van die huis van Juda verwyder in die dae van Jeremia om hulle onder die tien stamme te gaan vestig, wat alhoewel die koninklike huis uit Juda gekom het, het die ryksgebied aan Israel behoort - (Ps. 114:1 - 2).

Kronieke 5:1-2;

1 - - - - maar omdat hy (Ruben) die bed van sy vader ontheilig het, is sy eersgeboortereg aan die seuns van Josef gegee, ------

2 - - - - uit hom (Juda) het een 'n vors geword, maar die eersgeboortereg het Josef gehad --

Wanneer ons terugkyk oor die geskiedenis van die Jode vir meer as 2000jaar sien ons dat daar geen koning onder hulle is nie. Die huidige sogenaamde Israeli

Staat is ‘n Republiek. Wanneer ons na die Westerse Nasies kyk sien ons koningshuise onder verskillendes van hulle, almal met mekaar verbonde en met hulle wortels wat diep in die geskiedenis afsak, tot die huis van Dawid.

Die bestudering van die geskiedenis van die koninklike families van Wes Europa is een van die interessantste en belonendste ondersoeke wat enige bevoegde persoon op soek na die waarheid ooit kan onderneem. Net die feit dat hulle vandag nog staan, nadat ander ou koningshuise sedert die eerste wêreldoorlog die een na die ander geval het, behoort tot nadenke en ondersoek te stem.

Die mens verken vandag al die ruimte en klim die hoogtes in omdat hy hom met vasberadenheid toegelê het op die wetenskap en grondig en deeglik te werk gegaan het. Indien ons met net soveel toegewydheid en vasberadenheid die herkoms van ons Westerse Christelike Blanke Beskawing nagaan, sal ons ook heerlike en verruklike ontdekkings maak. Ek konstateer dogmaties dat dit van lewensbelang vir die voortbestaan is. Hoe hoër die gebou, hoe dieper en hegter moet die fondament wees.

Jesaja 51:1-2;

1 LUISTER na My, julle wat die geregtigheid najaag, wat die HERE soek! Aanskou die rots waaruit julle gekap is en die holte van die put waaruit julle gegrawe is.

2 Aanskou Abraham, julle vader, en Sara, wat julle gebaar het; want as eenling het Ek hom geroep en hom geseën en hom vermenigvuldig..

Die Westerse Beskawing (Israel) is aan die verbrokkel omdat ons soos ons vadere in die dae van die Bybel die heiden agternaloop in die aanbidding van die stoflike. Die gevolg is ons het geen anker vir ons siele nie. Geestelik is ons verrot en onstabiel en op die randjie van ‘n groot ineenstorting beide van buite en van binne.

Een van die groot redes hiervoor is omdat ons fondament ondergrawe is en ons nie weet waar ons vandaan kom nie. Bring die Weste tot die ontdekking dat ons die Israel van God is, met die roeping en toekoms van Israel, soos in die Bybel beskryf en siedaar ‘n ontwaking, ja ‘n Renaissance soos die wêreld dit nog nooit gesien het nie.

Die Profeet Jesaja beskryf dit so in:
Jesaja 60:1-3;

1 STAAN op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op.

2 Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke - - -

(Is ons nie nou in so ‘n tydperk nie?);

- - - - maar oor jóu sal die HERE opgaan, en sy heerlikheid sal oor jou gesien word.
3 En nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang.

Ons gevierde Volksskrywer, C.J. Langehoven het geskryf "Die Wagtende Wêreld". Die wêreld wag vir die ontwaking van Israel. En dit is nie die Jood nie, maar Blanke Christendom. Dit lyk nie so op die oomblik waar dit lyk asof die verrotting van die Weste geen keer het nie, maar wag maar, daar is beloftes in die Bybel wat anders sê.

Luister net:
Eségiël 37:11-14;
11 Toe sê Hy vir my: Mensekind, hierdie bene is die hele huis van Israel. Kyk, hulle sê: Ons bene is verdor, en ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons!
12 Daarom, profeteer en sê aan hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk! En Ek sal julle bring in die land van Israel.
13 En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk!
('n Opstanding, 'n Renaissance).
14 En Ek sal my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, die HERE, dit gespreek en gedoen het, spreek die HERE.

In verse 22-26 van Génesis 49 spreek Jakob verder die seën oor Josef uit. Sy takke sou oor die muur klim en uitsprei. Nêrens in die wêreld of die geskiedenis is daar lande wat so uitgebrei en uitgesprei en hulle invloed so vér die wêreld ingedra het as juis die lande van Wes Europa nie.

Die Jood het agterna gegaan en in die vrug gedeel en dit dikwels vir homself uitgebuit, maar die pionierswerk en die vestigingswerk was gedoen deur die Blanke Christen Nasies. Saam met hulle het die kerk gegaan en die vestiging van wet en orde. Dit was die taak en rol wat Israel sou vervul volgens die Skrif. Groot voorspoed sou hulle deel wees, en dit is so met die Westerse Volke.

Vers 13 noem Sébulon in verband met die skeepvaart.
Dit is kenmerkend hoedat die volkere van Wes en Noordwes Europa en diegene wat uit hulle spruit by uitnemendheid in die seevaart en skeepsbou uitblink en nie so sou kon uitbrei as dit nie was vir hulle mag en vermaardheid ter see nie.
Die Jode was nog nooit hiervoor bekend nie.

Ons glo dat met die nodige verdere ondersoek en studie sal die verskillende stamme en hoe hulle mekaar aanvul al meer uitgeken word namate ons die einde

van die einde van die dae nader. In baie plekke word daar in die Bybel, tot in Openbaring van die twaalf stamme afsonderlik gepraat. Wanneer die bedekking uiteindelik heeltemal van die volke afgehaal word (Jes. 25:7) sal ons verbaas staan by die onthulling.

Die sluier is alreeds sover gelig by die ontdekking dat die Jode net ‘n klein deeltjie van die hele Israel is, dat ons die Westerse Nasies kon uitken as die nakomelinge van die sogenaamde, verlore tien stamme van Israel.

> “Toe Jakob klaar sy bevele aan sy seuns gegee het, trek hy sy voete terug op die bed en blaas die asem uit; en hy is by sy volksgenote versamel” - (Gén. 49:33).

Hoofstuk 7

Transkripsie van kasset nr. L33

Israel in Egipte

Die verhaal van Josef is by almal wat die Bybel lees, goed bekend. As gevolg van ‘n baie groot hongersnood het Jakob en sy familie later afgetrek na Egipte waar Josef vir hulle gesorg het. Hier het Israel vir 400jaar gebly totdat die HERE hulle onder die leierskap van **Moses** daar uitgelei het.
Dit is vanweë die groot onkunde aangaande die identiteit van Israel, noodsaaklik om te herhaal wat ons in ons vorige studies gesê het, naamlik:
Daar was geen Jode in Egipte nie.
Abraham was nie ‘n Jood nie, maar ‘n Hebreër.
Hy het die vader van baie nasies geword volgens die belofte van God. Ismael sy seun by Hagar het die vader van die Arabiere geword.
Sy ses seuns wat hy by Ketura na die dood van Sara gehad het, het ontwikkel in verskillende non-Israelitiese nasies, waarvan die bekendste in die Bybel die Midianiete is.
Lees Génesis 25:1-4.
Moses het na die land van Midian gevlug nadat hy die Egiptenaar doodgeslaan het. Daar het hy sy vrou ontmoet.
Nêrens praat die Bybel van Jode in Egipte voor die Exodus of Uittog uit Egipte nie, vir die eenvoudige rede dat daar toe nog geen Jode was nie. Lees weer verseker hoofstuk 3 van hierdie boek waarin ons meer in besonderhede op die saak ingaan, asook die artikel:
“The Bible Distinction between the House of Israel and the House of Judah” deur F.F. Bosworth, die skrywer van die welbekende boek, “Christ the Healer”. (Die artikel is van ons verkrygbaar).

Daar was geen Jode as sulks tot ongeveer 600jaar na die dood van Moses nie. Dit is van die uiterste belang om dit te besef, want wat met Israel in Egipte gebeur het is van ontsaglike betekenis vir die geskiedenis van die ganse mensdom. As ons daardie geskiedenis gaan neem en dit net op die Jood van vandag gaan toepas, begaan ons ‘n fatale dwaling.

Die Exodus

Die twaalf seuns van Jakob het ontwikkel in die twaalf stamme van Israel. Hulle was nie een Jode nie, maar wel Israeliete omdat hulle die seuns van Israel (Jakob) was. In Egipte het hulle tot ‘n menigte aangegroei, na skatting ongeveer 3miljoen ten tye van die uittog onder Moses.
Hulle het so baie geword dat die Egiptenare hulle begin vrees het. Farao het met harde arbeid hulle begin verdruk en op daardie manier hulle getalle probeer verminder. Maar Israel het nog al talryker geword.

Daarna het Farao beveel dat al die seuntjies in die Nyl gegooi moes word. Dit is op hierdie manier dat Moses die seun van Farao se dogter geword het. Die verhaal is welbekend. Die HERE het hom opgewek en toegelaat dat hy vir die eerste 40jaar van sy lewe opgevoed was in al die wysheid en geleerdheid van Egipte. Daarna het die HERE hom vir 40jaar lank laat skape oppas in die woestyn van Midian. Dit was God se skool waar die HERE vir Moses geleer het om met Hom te wandel.
Op 80 jarige leeftyd het die HERE Moses gestuur om Israel te gaan uitlei uit Egipte.
Ons lees in Exodus 2:24;

> En God het hulle gekerm gehoor, **en God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob.**

Dit was 'n ewige, onvoorwaardelike en onherroeplike verbond, en dus ook vandag nog van krag. As ons maar net God waarlik op sy Woord wil neem, en hierdie verbond noukeurig nagaan, en kyk hoe dit vandag nog vervul word, sal ons al klaar baie meer lig op die saak kry.
In die brandende doringbos het God Homself bekendgestel as die:
groot EK IS WAT EK IS, -- (Ex. 3:14)
Vgl. Joh. 8:58; Joh. 18:6; "die God van Abraham, Isak en Jakob".

Hy het vir Moses gesê dat Hy afgekom het om Israel te verlos en hulle te neem na die beloofde land, die land Kanaän. Israel, die belofte volk, sou nou ook die verloste volk word. Die boek "Exodus" is ook weer 'n tipe, beeld of voorafskaduwing van die finale verlossing van God se volk vandag. Hierdie wêreld met sy Babiloniese stelsel van Mammon het ook God se volk in slawerny.
Ook ons sug onder wrede verdrukking en God staan gereed om neer te daal en ons uit te lei met 'n magtige Hand na die beloofde land Kanaän wanneer Jesus sy Duisendjarige Vrederyk kom oprig met Jerusalem as die hoofstad van die "Nuwe Aarde".
Die tien plae van Egipte waarmee die HERE uiteindelik vir Farao tot oorgawe gedwing het, is ook 'n tipe van die plae waarmee hierdie wêreldstelsel wat ons vandag gevange hou, gebreek gaan word.
Jesus het gesê:

> "In die wêreld (hierdie wêreldstelsel) sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin" - (Joh. 16:33).

Ons sal in 'n artikel wat nog moet geskryf word, volledig die tien plae neem en daarop wys hoe elke plaag in ons dae die eintlike Exodus van die Eindtyd gaan voorafgaan. So heerlik en terselfdertyd so ontsettend groots en skrikwekkend gaan dit wees, dat ons die volgende lees in:
Jeremia 23:5-8;

5 KYK, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land.

6 In sy dae sal Juda verlos word en Israel (tien stamme) veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word:
DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.
7 Daarom kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat hulle nie meer sal sê: So waar as die HERE leef wat die kinders van Israel uit Egipteland laat optrek het nie,
8 maar: So waar as die HERE leef wat die geslag van die huis van Israel laat optrek en laat kom het uit die Noordland en uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het. En hulle sal woon in hulle land.

Lees ook die res van Jer. 23 en Jer. 3:1-25.

In ons artikel "Die Nuwe Hemele en die Nuwe Aarde" toon ons aan watter kosmiese veranderinge daar gaan plaasvind gedurende daardie tyd. Geen wonder dat daarvan gepraat gaan word dwarsdeur die eeue wat kom nie! Ons leef in die tydvak wanneer dit gaan plaasvind. Alles lyk so vervelig en eentonig op die oomblik, selfs die grootste sensasie is nie eers meer sensasioneel nie. Waak en bid: Die Bybel wys vir ons, dat onbeskryflik magtige dinge skielik gaan plaasvind terwyl die mensdom en selfs die kerk vas aan die slaap is.

"As Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan"

(Exodus 12:13).

Daar kan geen verlossing sonder bloedvergieting wees nie. Exodus 12 wat dan die instelling van die Paasfees aan ons beskryf is een van die sleutel hoofstukke van die Bybel. Net soos die bloed van die paaslam die eersgeborenes onder Israel op die nag van die uittog bewaar het, so bewaar die Bloed van ons Here Jesus ons teen die wraak van God oor die sonde **as ons dit aanwend.**

Maar let daarop dat dit aan Israel gegee was, en nie aan die Egiptenare nie. Dit was Israel wat dit sou moes verkondig en demonstreer. En dit is vandag die Westerse Nasies wat die boodskap van die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem - (Joh. 1:29) dra, en nie die Jode of enige ander nasie as nasie nie. Dit is weereens 'n bewys dat ons die Israel van God is, die volk wat die vrugte van die koninkryk voortbring

Vgl. Matthéüs 21:43; Jesaja 43:21.

Die Jood dra geen vrug nie, die vyeboom is verdroog.

Matthéüs 21:18-19;

18 EN vroeg in die môre toe Hy teruggaan na die stad, het Hy honger gehad;
19 en Hy sien 'n vyeboom langs die pad en gaan daarnatoe; maar Hy het niks daaraan gevind nie as net blare alleen; en Hy sê vir hom: Laat daar uit jou tot in ewigheid nooit weer 'n vrug kom nie! En onmiddellik het die vyeboom verdroog.

Die vyeboom stel die Huis van Juda in die Skrif voor. Die vyeboom wat nou in Palestina bot is 'n vyeboom met blare sonder vrug. Juda sal nooit weer as nasie vrug dra voor Jesus nie gekom nie. Die eindoordeel wat sal uitloop op die

sigbare wederkoms van Onse Here Jesus sal eers die vreemde elemente wat Juda binnegedring het en nou oorheers, moet uitsuiwer.

Die Rooi See

(Exodus 13:17-14, 31.)

Nêrens sal ons dié Bybelverhaal in ‘n duideliker tiperende rol aantref as in die deurtog van Israel deur die Rooi See nie. Die verhaal is welbekend.
Farao het spyt gekry dat hy Israel laat gaan het, en besluit om hulle agterna te sit met die room van sy leër en hulle met geweld terug te bring na Egipte. Hy het hulle dan ook by die Rooi See ingehaal. Die HERE het vir Israel die see oopgekloof en hulle op droë grond laat deurgaan. Die wolkkolom het tussen Israel en die Egiptenare gaan staan. Aan Israel se kant was dit lig, en aan die Egiptenare se kant was dit donker. Na Israel deur was het die Egiptenare hulle agternagesit. Net toe hulle in die middel van die see was het die HERE die waters laat teruggaan en al die Egiptenare het verdrink.
Dit was ‘n tipering van die laaste uittog van moderne Israel (die Westerse Nasies van vandag) uit die slawehuis van die hedendaagse wêreldstelsel, op pad na die Kanaän land van die Duisendjarige Vrederyk. Die Rooi See is die “rooi gevaar” van die Kommunisme. Maar die Weste sal nooit daardeur verswelg word nie, maar daar sal vir ons ‘n pad daardeur gebaan word. Die groot leërs van die Kommunistiese lande sal op die ou end mekaar self verswelg soos die waters van die Rooi See die leër van Farao verswelg het.
Lees ons artikel: “Rusland in Profesie”.
Ons kan onmoontlik nie in ‘n reeks soos hierdie op die volle tiperende betekenis van die boek van Exodus ingaan nie, maar ons hoop dat die wenke wat ons u tot dusver gegee het, vir uself sal instaat stel om die betekenis van al die gebeure in Exodus in verband te bring met wat daar in ons dae gebeur en in die nabye toekoms nog gaan gebeur. Daar is die wolk in dag en die vuurkolom in die nag, die manna uit die hemel en die kwartels, die water uit die rots wat gevloei het soos ‘n rivier, en nog baie meer.

Die Ontmoeting met Ámalek

(Exodus 17:8-16)

Hierdie gedeelte begin met die volgende betekenisvolle woorde: “Daarop het Ámalek gekom om met Israel by Rafidim te veg,” - (Ex. 17:8). Ámalek was die kleinseun van Esau - (Gén. 36:12). Dit alleen hou vir ons ‘n wêreld van betekenis in, en behoort al dadelik vir ons op aandag te laat kom. Waarom nou juis Ámalek? En waarom juis in hierdie stadium?

Ámalek was die eerste om vir Israel aan te val na haar uittog uit Egipte. Israel was nog ongeoefend in die krygskuns. Sy was aan die trek en dus moeg en onvoorbereid vir die oorlog. Dan nog het Ámalek van agter aangeval en op die

agterhoede die swakkes toegesak. Dis daarom dat die HERE later deur Moses aan Israel die volgende woorde sê:
Deuteronómium 25:17-19;
17 DINK aan wat Ámalek op die pad by julle uittog uit Egipte aan jou gedoen het;
18 hoe hy jou op die pad teëgekom het en by jou die agterhoede, al die swakkes agter jou, verslaan het terwyl jy moeg en **mat was**, **en hy God nie gevrees het nie.**
19 As dan die HERE jou God vir jou rus gee van al jou vyande rondom, in die land wat die HERE jou God as erfenis sal gee om dit in besit te neem, dan moet jy die gedagtenis van Ámalek onder die hemel uitdelg; **vergeet dit nie**.
Jare later, in die tyd van koning Saul het die HERE hierdie opdrag aan Saul deur Samuel die profeet, gegee:
1 Samuel 15:2-3;
2 So sê die HERE van die leërskare: Ek het terdeë gelet op wat Ámalek Israel aangedoen het, dat hy hom in die weg gestaan het by sy optog uit Egipte.
3 Gaan nou en verslaan Ámalek, en julle moet met die banvloek tref alles wat hy het; **en jy mag hom nie verskoon nie**, maar jy moet om die lewe bring man sowel as vrou, kind en suigling, bees en kleinvee, kameel en esel.
Saul het dit nie gedoen nie, maar van die beste van die veë en vir Agag hulle koning gespaar. Die HERE was so ontevrede hieroor, dat hy vir Samuel gesê het dat Hy die koningskap van Saul gaan wegneem omdat hy die woord van die HERE geminag het.
Vergelyk 1 Samuel 28:18.
Waarom het die HERE so drasties opgetree? Omdat **in Ámalek deur Esau die saad van die slang was**, wat maar gedurig op die loer was hoe hy vir Israel kon aanval en as dit moontlik is vernietig om sodoende die Saad van die vrou in die hande te kry en te vernietig.
Ámalek (Esau-Satan) het dan ook geen geleentheid laat verbygaan om sy hand aan die gesalfdes van God te slaan nie. So was dit dan juis ‘n Ámalekiet wat vir Saul finaal doodgemaak het.
Lees 2 Samuel 1:1-16.
Human, die groot teëstander van die Jode in die tyd van Ester en Mórdegai was ‘n Agagiet van die stam van die Ámalekiete - (Ester 3:1,10; 8:3).
Onder aanvoering van Josua het Israel op daardie dag soos vir ons in Ex. 17:8-16 beskryf, teen Ámalek geveg. Moses en Aäron en Hur het op die berg geklim om vir Israel in te tree by God. Solank Moses sy hande kon ophou na die hemel, was Israel die sterkste; maar sodra hy sy hande laat sak het, was Ámalek die sterkste. Aäron en Hur het hom toe op ‘n klip laat sit en elkeen ‘n hand van Moses geneem en dit opgehou -- so het hulle gedoen tot die aand toe, en Josua het Ámalek en sy volk met die skerpte van die swaard verslaan.

Exodus 17:14-16;

14 Toe sê die HERE vir Moses: Skrywe dit as ‘n aandenking in ‘n boek en **prent dit Josua in**, dat Ek die gedagtenis van Ámalek onder die hemel **heeltemal sal uitdelg**.

15 En Moses het ‘n altaar gebou en dit genoem: Die HERE is my banier. (Jehova-nissi),

16 En hy het gesê: Waarlik die hand op die troon van die HERE! **Oorlog het die HERE teen Ámalek van geslag tot geslag.**

Let nou baie mooi daarop:
dit sê “oorlog - - - van geslag tot geslag”.

Die Bybel leer vir ons baie duidelik dat oorloë alleen sal ophou na Arma-géddon, die laaste slag, nadat Jesus gekom het om sy Duisendjarige Vre-deryk op aarde te stig. Dan eers sal hulle van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse, en dan eers sal die een nasie nie die swaard ophef teen die ander nasie en nie meer leer om oorlog te maak nie.
Lees: Jesaja 2:1-5; Psalm 46:9-11.
As oorlog tussen die HERE en Ámalek sal aanhou van geslag tot geslag -- (Ex. 17:16), en oorlog eers sal ophou met die wederkoms van Christus, dan moet Ámalek vandag nog onder die nasies wees wat hulleself klaarmaak om teen die Christendom te veg en dit uit te wis. Ons hoef dus nie vêr te gaan soek om Ámalek vandag te vind nie.

Onteenseglik staan Rusland aan die hoof van die Antichris kombinasie wat hulleself klaarmaak om die Weste te oorrompel en die Christendom uit te wis. Vir elkeen wat ‘n bietjie moeite wil doen om op die saak in te gaan, sal dit ook baie duidelik wees dat die Jood baie prominent in die Kommunisme is soos ons al in vorige hoofstukke in hierdie boek aangetoon het.

Fantasties soos dit dus vir u miskien mag klink, hoef dit nie baie moeilik te wees om die Jood met Ámalek en dus met Esau te assosieer nie. Die Jood is teen Christus, die Kommunisme is teen Christus. Volgens Ex. 17:16, sou dit Ámalek wees wat teen God sou wees van **geslag tot geslag**, dus ook vandag.

Waar sou Esau ‘n beter plan kon vind om weer die eersgeboortereg van Jakob af terug te kry, of om te verhoed dat Jakob die uiteindelike vrugte daarvan sal pluk, as om aan die einde van die dae as Jakob te maskereer? Veral in die tyd wanneer God se ware volk so gebrekkig is aan kennis - (Hoséa 4:6)? So min het die verstand om na te gaan en ondersoek in te stel na waar die bron lê van ons hedendaagse konflikte; of om na te vors in die gesaghebbendste Boek van alle boeke, naamlik die Bybel, na wat van die konflikte van nasies soos in die Bybel vermeld, sou word.
So spreek die HERE bv. vir die berg Seir (dit is Edom of Esau, en berg staan vir ‘n koninkryk in profetiese taal) as volg aan:

Eségiël 35:4-5;

4 Ek sal jou stede ‘n puinhoop maak, en jy self sal ‘n wildernis word; en jy sal weet dat Ek die HERE is.

5 Omdat jy ‘n **ewige vyandskap koester** en die kinders van Israel in die mag van die swaard oorgelewer het in die tyd van hulle onheil, in die tyd van uiteindelike afrekening,

En in Eség. 38:17 spreek die HERE vir Gog (wat baie duidelik as Rusland in ons studie “Rusland in Profesie”, geïdentifiseer word) as volg aan:

17 So sê die Here HERE: Is jy dit van wie Ek in die voortyd gespreek het deur my knegte, die profete van Israel, wat in dié dae geprofeteer het, **jare lank**, dat Ek jou teen hulle sal laat aankom?

Vergelyk weer Exodus 17:16.

Dus is Rusland as die leier van die Antichris kombinasie van vandag baie duidelik met Ámalek geassosieer. En die leierskap in die Kommunisme is baie nou aan die Jood gekoppel.

In Núm. 24:20 sê die huurling Profeet **Bíleam** aangaande Ámalek (en dit het betrekking op die einde van die dae, Núm. 24:14) die volgende:

20 Toe hy Ámalek sien, het hy sy spreuk aangehef en gesê: Ámalek is die eersteling van die heidene (nasies), maar sy einde is ondergang.

Psalm 83 beskryf vir ons baie duidelik hoe die heidense nasies saam raad hou teen God se volk om hulle te vernietig en om die woninge van God vir hulleself in besit te neem. Edom en Ámalek word prominent hier genoem. Ons weet dat wanneer Jesus kom, kom Hy op berg Sion staan om die nasies te rig. Dit is die woning van God en sy volk wanneer Jesus kom om sy koninkryk op aarde te vestig. Het die Israeli Staat nie al klaar op ‘n onskriftuurlike wyse hulle intrek daar geneem nie? En is Rusland se mikpunt nie ook die Midde-Ooste nie? Moet u nie laat mislei deur die sporadiese vervolging van Jode in Rusland nie. Deels is dit oëverblindery en deels is dit Jode van suiwer Israelitiese afkoms wat so vervolg word.

Die Ontheiliging van die Joodse Nasie deur die saad van Esau

Soos nou al herhaaldelik in hierdie reeks aangetoon, is die mense wat Jode genoem word, alreeds van voor die tyd van Christus, ‘n heterogene mengsel op rassegebied, en kan gladnie as ‘n suiwer nasie beskou word nie. Die kortstondige bestaan van die Joodse nasie wat in die jaar 70 n.C. met die beleg van Titus tot ‘n einde gekom het, was beëindig, nie deur Judaiete nie, maar deur Edomiete, onder wie die Herodiane die vernaamste was. Hulle wou die suiwer Hebreeuse geloof vernietig, die Messías ook, en die suiwer Israel van God. Daardie stryd duur onverpoosd tot vandag toe nog voort.

Daar is oorvloedige bewyse dat ‘n groot gedeelte van die hedendaagse Jodedom met die saad van Esau geïdentifiseer kan word. Soos reeds aangetoon loop die tema van die eeu oue stryd tussen Jakob en Esau dwarsdeur die Bybel. Die stryd sal alleen aan die einde beslis word wanneer God self met Esau sal afreken, soos ons alreeds gesien het, en soos:
Obadja 1:18 ook aantoon;

> Dan sal die huis van Jakob ‘n vuur wees en die huis van Josef ‘n vlam, maar die huis van Esau ‘n stoppel; en die sal hulle aan die brand steek, en hulle verteer, sodat daar geen oorblyfsel vir die huis van Esau sal wees nie, want die HERE het dit gespreek.

Edom (Esau Gén. 25:30) het aktief deelgeneem aan die oorlog teen Juda en die inname van Jerusalem deur Nebukadnésar. Hulle het die stad geplunder, die inwoners doodgemaak, en aangedring op die algehele verwoesting van die stad.
Vgl Psalm 137:7; Obadja 1:11-14.
Die onophoudelike wreedhede van Edom word deur die Profete Jesaja (Jes. 34:5-8) en Jeremia (Jer. 49:7-12) vervloek.
Josephus, die Joodse geskiedkundige, gee ons ‘n aansienlike hoeveelheid inligting aangaande die aanhoudende haat wat die nakomelinge van Esau teenoor die afstammelinge van Jakob gekoester het, en hoedat hulle **uiteindelik heeltemal met die Joodse Nasie saamgesmelt het.** Dit is Satan se eeu oue metode van infiltrasie met die doel van uiteindelike vernietiging. Was Esau nie saam met Jakob in die baarmoeder van Rebekka nie?

Hierdie geskiedenis is van die uiterste belang in verband met die optrede van die hedendaagse Jood. As ons dit nie weet nie, en nog vashou aan die onkundige opvatting dat die Jood suiwer is en al twaalf stamme verteenwoordig, sal ons totaal mistas wat ons uitleg van die profesieë betref. Ons sal ook al die gebeure van vandag op ekonomiese, kerklike en politieke gebied nie verstaan nie. Ons sal gladnie begryp waarom en waartoe die Jood die grootste gedeelte van die wêreld se kapitaal beheer nie, waarom hy so ‘n prominente rol in die Kommunisme speel nie, en waarom hy so ‘n groot aandeel het in die sedelike aftakeling van die Westerse wêreld nie.

Na die terugkeer van ‘n oorblyfsel uit Juda om Jerusalem en die tempel te herbou, het ‘n goddelose element onder hulle toegestem tot die verfoeilike praktyke wat deur Antiochus Epifanes ingestel is nadat hy die tempel in die jaar 170 v.C. beroof het, en omtrent 40,000 mense omgebring het met die swaard - (Aldus Josephus in sy Ant. XII, V,4).
Dit het ‘n periode van bloedige stryd tussen mededingende groepe van Jode ingelui. Judas Makkabeër het daarin geslaag om die tempeldienste te herstel, en om tydelik baie van die vyande van die Jode te onderdruk, waarby die Edomiete (afstammelinge van Esau) ook ingesluit was - (Josephus: Ant. XII, VIII, 1,6).

In die tyd van Johannes Hyrcanus 125 v.C. het die Edomiete weer teen die Jode in opstand gekom. Hy het hulle grootste stede verpletter en die saad van Esau by die Joodse Staat ingelyf, sodat sedert daardie tyd, en voortaan die **Edomiete ook as Jode bekend gestaan het.**
"Hyrcanus het ook Dora en Marissa ingeneem, stede van Edom, en al die Edomiete onderwerp. Hy het hulle toegelaat om in daardie land te bly, op voorwaarde dat hulle hul laat besny en die wette van die Jode aanvaar. Hulle was so begerig om in die land van hulle voorvaders te bly woon, dat hulle hul self aan die besnydenis onderwerp het, en ook aan die Joodse gebruike. Dit het dus met hulle gebeur dat hulle van toe af niks anders as Jode was nie" - (Josephus; Ant. XIII, IX, 1).
Ongeveer in die jaar 105 v.C. het Aristobulus die Itureërs ook gedwing om die Judaïsme te aanvaar; hy het hulle land geannekseer, wat in die omstreke van die berg Libanon geleë was - (Ibid. Ant. XIII, XI, 5).

Drie groot rampe tref die nasie.

'n Kenmerk van die laaste jare in die geskiedenis van die Joodse nasie was die drie groot nekslae wat die saad van Esau-Edom hulle toegedien het.
Die eerste slag: het die priesterlike geslag van die Asmoniete vernietig, deur die moorddadige optrede van die wrede Herodes, 'n Edomiet. Hierdeur het hy homself as die koning van die Jode bevestig, en homself met die hoëpriesterlike stand probeer verbind deur met Marianne, die dogter van die hoëpriester, te trou. Kort daarna het hy haar vermoor.

In sy opmars deur die heilige land om koning van die Jode te word, was hy deur Antigonus, die laaste van die Priesterlike Orde, weerstaan. Hy het hom gespot met sy Edomietiese afkoms en gesê dat die koninkryk net aan een van die koninklike familie behoort: " - - - - maar Antigonus, in sy weerstand teen die proklamasie van Herodes voor die Romeine en ook voor Silo, het gesê dat hulle nie reg sou handel as hulle die koninkryk aan Herodes gee nie. Hy was niks meer as 'n gewone burger nie, en boonop nog 'n Edomiet, dit is 'n halwe Jood; na regte behoort hulle dit aan een van die koninklike familie toe te ken, soos dit altyd die gebruik was" - (Josephus: Ant. XIV, XV, 2).
Nadat Herodes die koningskap bekom het, het hy die priesterlike geslag van Hyrcanus vernietig - (Ant. XV, VII, 10).

"Alles wat Joods was het nou vinnig begin verbrokkel. Herodes het sommer 'n lae klas van persone priesters gemaak en ook weer na willekeur afgedank en andere in hulle plek aangestel. Archelaus en die Romeine het sy voorbeeld gevolg toe hulle die regering oorgeneem het. Sodoende was daar nie minder as agt hoëpriesters vanaf die tyd van Herodes tot met die vernietiging van die tempel deur Titus in die jaar 70 n.C. nie, dit is oor 'n periode van 107jaar."- (Wm. Smiths Dictionary of the Bible, 1863 ed., art. "High Priest".)

Nou kan ons verstaan van watter klas Annas en Kájafas was wat die volk opgestook het om Jesus te kruisig. Die addergeslag het homself goed in die sleutelposisie ingegrawe en net die regte geleentheid afgewag. Dit is vandag nog so, en dit is juis die gevaar wat ons Blanke Christelike Beskawing op hierdie oomblik bedreig.
Die tweede slag: en mees afskuwelike misdaad wat deur die saad van Esau gepleeg is, was toe Herodes wou seker maak dat geen wettige saad van Israel sou opstaan om die koningskap van hom te eis nie. Nadat hy gehoor het dat daar 'n nuwe Koning in Israel gebore is, het hy beveel dat al die kinders van twee jaar en onder doodgemaak moes word - (Matt. 2:16).
Die derde slag: wat die Edomiete die saad van Israel toegedien het, was by die geleentheid van die val van Jerusalem wat volgens Josephus in die jaar 66 n.C. begin het. Toe die Romeinse leërs die stad omsingel het, het die heethoofde binne die stad sonder toestemming die roekelose Edomietiese hordes genooi om hulle te kom help met die verdediging van die stad.

Onder die aanvoering van 'n sekere Johannes van Gischala, en sonder die wete van die priesters, het die heethoofde in die geheim met die Edomiete geonderhandel en hulle om hulp gevra; sodoende het 20,000 van hulle kom stelling inneem voor Jerusalem - (Josephus: Wars IV, IV, 1, 2).
Die priesters het die eis van die Edomiete om die stad binne te gaan op grond van hulle bloedverwantskap deur Esau weerstaan. Hulle het gesê dat hulle net soveel reg het op die stad as die Jode, en dat hulle dit saam met hulle sal verdedig - (Wars IV, IV, 4).
Sonder die wete van die betroubare leiers van die volk, het die heethoofde in die geheim een van die poorte van die stad oopgemaak en die Edomiete laat inkom. 'n Verskriklike slagting het gevolg, waarin die Edomiete al hulle haat op die Jode tot so 'n mate losgelaat het, dat hulle moeg en sat geraak het van bloed. Die strate van Jerusalem het letterlik gevloei van die bloed - (Wars IV, V, 1-5). Josephus skat dat ongeveer een en 'n half miljoen Jode in die val van Jerusalem omgekom het, hierin, soos ons sien, het die Edomiete nie 'n geringe aandeel gehad nie.
Hierdie vreemde elemente wat sedert daardie tyd die Joodse Nasie heeltemal ingeneem en totaal oorheers het, het nog geeneen van hulle wrede en sluwe eienskappe verloor nie. Dit is nog steeds die instink van die adder wat een uiteindelike doel voor oë het, en dit is om die Saad van die vrou te vernietig. Laat ons pseudo wetenskaplikes maar sê wat hulle wil, die oorerwingskrag is nog altyd sterker as die omgewings invloed. Die wet staan vas vir alle tye: Elke saad sal voortbring volgens sy soort.

> "Kan 'n Kusiet sy vel verander of 'n luiperd sy vlekke? Dan sal julle ook in staat wees om goed te doen, julle wat gewend is om kwaad te doen" -- (Jer. 13:23).

Die moderne Israeli Staat het in 1948 tot stand gekom na ‘n vlaag van geweld en bedrog soos in die dae van die val van Jerusalem. Dit was in hierdie tyd dat Graaf Bernadotte vermoor is.

Die Joodse nasie deur die saad van geweld verswelg

In hulle poging om Israel uit te wis - (Ex. 17:8-16), kan dit gesê word dat Esau ‘n groot rol gespeel het in die vernietiging van ook die Joodse nasie, wat deur die Romeine onder Titus in die jaar 70 n.C. voltooi is. So absoluut was die infiltrasie van die Joodse nasie deur die saad van Esau, dat toe die nasie finaal gebreek en oor die aarde verstrooi is **het dit ook die verstrooiing van die Edomiete oor die lengte en breedte van die aarde beteken.**

Dit is geen wonder nie dat ons Here Jesus na die seun van die wrede Herodes, (Herodes II) verwys het as “daardie Jakkals” - (Lukas 13:32); en dat Hy vir daardie mense gesê het wat die grootste misdaad van die geskiedenis gepleeg het, maar hulle tog daarin beroem het dat hulle van die saad van Abraham is - (Joh. 8:33).

> “Ek weet dat julle uit die geslag van Abraham is - - - - - - ; Julle het die duiwel as vader - - - - - - Hy was ‘n mensemoordenaar van die begin af - - - - - - - - ” - (Joh. 8:37, 44).

Dit is ‘n stelling hierdie wat vol van etnologiese (volkekundige) betekenis is, wat baie goed van toepassing is, nie op die saad van Abraham deur Jakob nie, maar deur Esau en sy Hetitiese afstammelinge, en wat heel moontlik ‘n voortsetting van die geslag van Kain kon aandui - die moordenaar van die begin af - (1 Joh. 3:12).

Die Apostel Johannes skryf in Openbaring 3:9 van “die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg - - - - - -”. Dit is heelwaarskynlik ‘n verwysing na die verraderlike saad van Esau wat as Jode vermom is (masquerading as Jews).

Die Edomietiese oorsprong van hierdie vals Jode word baie duidelik aangedui deur hulle eie aanspraak dat hulle nie alleen van die saad van Abraham was nie, maar dat hulle “nog nooit vir iemand slawediens verrig het nie” - (Joh. 8:33); geen Israeliet kon dit sê nie want hulle was slawe in Egipte.

In sy eindverwysing na hierdie periode in die geskiedenis sê die “Jewish Encyclopaedia 1925 ed.” in sy artikel “Edom” as volg: “Vanaf hierdie tyd het die Edomiete opgehou om as ‘n afsonderlike volk te bestaan - - - - - - -”.
Dit bring ons dus tot ‘n eienskap van die allergrootste betekenis, want die bewyse is dus duidelik dat die Esau-Hetietise-saad geen geringe deel van die hedendaagse Jood uitmaak nie, en dat ons vir die voortsetting van Esau-Edom **binne die Jode moet soek.**

Dit word as meer as waarskynlik gereken dat die ekstremistiese neigings in die hedendaagse Jodedom in hulle samestelling gesoek moet word:

a) die seksie wat geduldig nog wag op die koms van die Messías, en uit wie daar al baie tot geloof in Jesus Christus gekom het, is van die saad van Israel;

b) die seksie wat die voorvaderlike godsdiens verwerp het en hulle toelê op geweld en ateïsme is van die saad van Esau.

Laasgenoemde is by verre in die meerderheid in die Jodedom en dit is uit hulle geledere dat die leiers in die Kommunisme kom. Waar sou Esau daar beter in kon slaag om sy doel te bereik as juis om homself voor te doen as Jakob? Het Jakob dit nie met hom gedoen toe hy die seën by Isak gesteel het nie?

Die Khazars

Nog ‘n instroming van ‘n vreemde element binne die Joodse volk is die van die Khazars wat weens hulle Turkse afkoms **ook van Esau-bloed is**. Die Turke kom van Edom en Edom is Esau. Benjamin H. Freedman, ‘n Jood, sê in sy artikel “Palestina” in die tydskrif “Destiny” van Januarie 1948:

“Politieke Sionisme is amper uitsluitlik ‘n beweging deur die Jode van Europa. Maar hierdie Oos-Europese Jode het geen rasse of geskiedkundige verbintenis met Palestina nie. Hulle voorvaders was nie die inwoners van die beloofde land nie. Hulle is die direkte afstammelinge van die Khazar koninkryk wat tot die 12de eeu bestaan het.

Die Khazars was ‘n non-Semitiese, Turko-Finn-Mongoolse ras, wat gedurende die eerste eeu na Christus vanaf Midde Asië na Oos Europa geëmigreer het. Daar het hulle een van die grootste koninkryke van hulle tyd gestig. Op sy grootste het dit ‘n gebied van 80,000 vierkante myl beslaan.

Teen ongeveer die sewende eeu na Christus het die koning van die Khazars die Judaïsme as die Staats Geloof aanvaar, en die oorgrote meerderheid van sy onderdane het hom in hierdie nuwe geloof gevolg.

Voor hierdie tyd was daar nie so iets soos ‘n Khazar wat ‘n Jood was nie.
Voor daardie tyd of sedert daardie tyd was daar nooit ‘n Khazar wie se voorvaders van die heilige land afkomstig was nie.

Die Semietise mense wat die Judaïsme in Palestina gevestig het, het baie eeue voordat die Khazars tot die Hebreeuse geloof (Judaïsme) bekeer is, feitlik almal uit Palestina geëmigreer. Nie een van hulle het na die Khazar koninkryk in die verre noorde gegaan nie. In die lig van hierdie feit dus, waar kom die kreet van repatriasie na die tuisland vandaan? Hierdie Oos-Europese Jiddishsprekende Jode het geen geskiedkundige of rasse verbintenis met Palestina nie, of inderdaad, met enige van die ander Jode wat in ander lande geleef het duisende jare voor die Khazar bekerings nie”.

Die huidige Joodse probleem en sy uitdaging

Dit is alleen met die agtergrond van die volle geskiedenis van die hedendaagse Jood byderhand dat dit moontlik is om enigsins ‘n denkbeeld te vorm van die huidige Joodse probleem en sy uitdaging. Die geskiedenis bewys dat die Jode nie die tien stamme van Israel verteenwoordig nie.
Laasgenoemde sluit die stam van Josef (Efraim en Manasse) in, aan wie die eersgeboortereg ten behoewe van die hele Israel toevertrou is. Die Jode het dus nie kaart en transport vir Palestina nie. Verder nog, baie van die Joodse nasie het in die tyd van ons Here Jesus en die apostels die Christelike geloof aanvaar en is toe deur die Jode verwerp.

Hulle nakomelinge het deel geword van die Christelike Kerk en het geassimileerd geraak in die Westerse Nasies wat met geregtigheid die Christelike geloof aangeneem het. Hierdie Westerse Blanke Nasies is die afstammelinge van die tien stamme, soos ons besig is om te bewys. Hulle is dus beide deur geloof en deur afstamming, kinders van Abraham, en dus volle erfgename van die beloofde land.

Sedert die aftakeling van hulle nasie, het die Jode voortgegaan om proseliete van uit alle nasies te absorbeer, soos ook in die geval van die Khazars - (Sien Matt. 23:15), sodat daar vandag nie meer ‘n suiwer Joodse nasie is nie. Net ‘n klein minderheid het nog suiwer gebly. Die uitbeeldings van die ou Hetiete op hulle monumente bevestig die Esau-Hetietise bloedlyn in die Jode.

Die geskiedenis bewys dat nie letterlik nie en nog minder geestelik, het die Jood van vandag, die reg om daarop aanspraak te maak dat hulle die erfgename van Abraham is. Hulle het dus geen reg op Palestina nie. Ons sal in ons volgende hoofstuk verder hierop ingaan, omdat so baie leraars sonder meer verklaar dat die Jood die volle Israel verteenwoordig en dus ook die tien stamme insluit.

Ek is dank verskuldig vir sommige van die gedagtes in hierdie hoofstuk aan: “a Short Study of Esau-Edom in Jewry” deur C.F. Parker, Uitgewers the Covenant Publishing Co. Ltd. 6 Buckingham Gate, London, S.W.I., Eng.

Hoofstuk 8

Transkripsie van kasset nr. L34)

Die sameswering om die Koninkryk in besit te kry

Indien ons die vervulling van die profesieë aangaande die eindtyd wil verstaan, moet ons weet hoe en waarom die Israeli Staat van vandag tot stand gekom het. Christen manne en vroue word wysgemaak dat dit die terugkeer is van Israel na die land van hulle voorvaders. Is dit dan nie aan hulle vertel dat die Jode van vandag die Israel van God is nie? Duisende van misleide Christene gee dan ook hulle morale en stoflike ondersteuning aan hierdie onskriftuurlike totstandkoming van die Joodse Staat. Direk en indirek vloei daar biljoene van veral Amerikaanse dollars na die Israeli Staat.

Die groot komplot

Wat is die uiteindelike mikpunt van die Sioniste? Soos ons alreeds gesien het is die Skrif baie duidelik aangaande ‘n duiwelse sameswering om die weg van vrede te vernietig en om die mensdom te verslaaf. Hierdie hele bose plan sou al lankal baie duidelik raakgesien gewees het, as dit nie was dat die identiteit van die ware Israel van God verborge gehou was deur diegene wat beter behoort te geweet het nie, en al die beloftes en seëninge van die Bybel wat aan Israel behoort, aan die Jode toegesê is nie. Die resultaat hiervan was dat dit aan die Jood ‘n heeltemal valse en gewaande voorrang verleen, waarop hy gladnie geregtig is nie.

Teoloë het in gebreke gebly om al die feite te ondersoek en te sien of die Jood geregtig is op die posisie wat die Christelike Kerk van vandag aan hom toegesê het. Die veronderstelling dat die Jode die hele Israel is, het ‘n groot gedeelte van die Bybel vir die Christen ‘n geslote boek gemaak. Dit het weer verreikende gevolge gehad deur ons blind te maak vir die ware betekenis van wêreldgebeure, en sodoende die ondermynende elemente wat werk om wêreldheerskappy te bekom, toe te laat om ongehinderd voort te woeker.

Die Christelike verdraagsaamheid ten opsigte van die Joodse aspirasies is die gevolg van die veronderstelling dat die Jood uiteindelik volgens die Skrif die wêreld sal regeer. Sodoende beweeg die Sioniste ongehinderd voort, sonder enige Skriftuurlike regverdiging, na die verwesenliking van hulle planne vir wêreldheerskappy.

Dit gaan ‘n wêreldrevolusie en wêreldoorlog onvermydelik maak, wat gaan uitloop op geweld en bloedvergieting sender weerga. Die tragedie is dit, dat die Christen wêreld verantwoordelik is vir hierdie chaotiese toestand, in dat hulle die Jood tot die posisie van God se volk wat bestem is om die wêreld te regeer verhef het. Eintlik is die Sioniste besig om die nasies van die wêreld te verlei, en om die Christene oral te mislei om te glo dat hulle die Israel van God is, sodat hulle nie hulle strewe na wêreldoorheersing sal dwarsboom nie.

Onheilspellende Profesieë

Oorgenoeg bewyse is alreeds in hierdie reeks van studies gelewer om die dwaasheid te bewys om aan die Jood die profesieë en seënings toe te skrywe wat aan die huis van Israel behoort. Die terugkeer van die Jood na Palestina en die stigting van die Israeli Staat is nie ooreenkomstig die groot profesieë oor die herstel van die huis van Israel tot die land van hul voorvaders nie. Hierdie herstel moet op vreedsame wyse geskied, na 'n opregte verandering van hart, en 'n egte geestelike herlewing, aan die kant van God se volk Israel. Nie een van hierdie voorwaardes is op die terugkeer van die Jode na Palestina van toepassing nie. Die Sioniste is besig om onheilspellende profesieë te vervul wat dui op die koms van onheil en nie van vrede nie. Hulle vestiging in Palestina is die voorloper van die groot en deurlugtige dag van die Here - (Hand. 2:20) wat nou baie naby is.

Die Liggelowige, Kinderagtige Westerse Wêreld

Dit is amper onmoontlik om hierdie waarhede aan die lig te bring en te hoop dat dit begryp of ondersoek sal word. Die wêreldpers en propaganda masjinerie is in die hande van die Sioniste. Die waarheid word gou verdag gemaak, en die verkondigers daarvan so gesmeer met allerhande soorte van etikette, dat die waarheid gou beskou word as die leuen en andersom. Gou dink die Westerling dat hy nie onverdraagsaam wil wees nie; eintlik is hy 'n dwaas, wat maar weer om die bos gelei is.
Terwyl ons heerlik sluimer en slaap en alles vir soetkoek opeet wat ons in die meeste koerante lees, gaan die vyand meedoënloos en planmatig voort om sy doel te verwesenlik naamlik om ons vryheid te vernietig en diegene te verslaaf oor wie hy gaan heers. Solank Christen manne en vroue bang gaan wees om die waarheid te hoor of te spreek, en weier om die feit te ondersoek, en die duiwelse intriges te ontmasker, sal ons vryheid van spraak, die pers, en gewete in ons lande verdwyn, net soos dit in die lande agter die ystergordyn verdwyn het.

Sy Vyande

Op daardie heuglike dag so lank gelede het ons Here Jesus triomfantelik Jerusalem binnegery om Homself aan die Jode as hulle Messías voor te stel (lees Luk. 19:29-44). Hy het dit gedoen omdat die Jode die enigste verteenwoordigers van sy volk was, wat in daardie tyd in die land van Palestina woonagtig was. Die Tien Stamme was uit die land uit, en die nasie van die Jode was die enigste in Palestina wat die verantwoordelikheid van die Koninkryk op hulle gehad het en ook met die tempeldiens belas was.

Maar Jesus het geweet dat hulle Hom as hulle Koning sou verwerp. In hierdie wete het hy vooruit aan hulle 'n oordeel oorhandig, en Hy het dit aan hulle in die vorm van 'n gelykenis gegee nog voordat Hy sy intog in Jerusalem begin het.

Lukas 19:12-14;

12 Hy het dan gesê: ‘n Man van hoë geboorte het na ‘n ver land gereis om vir homself ‘n koningskap te ontvang en dan terug te kom.

13 En nadat hy tien van sy diensknegte geroep het, gee hy hulle tien ponde en sê vir hulle: Dryf handel daarmee totdat ek kom.

14 Maar sy medeburgers het hom gehaat en ‘n gesantskap agter hom aangestuur om te sê: Ons wil nie hê dat hierdie man koning oor ons moet wees nie.

Die man van hoë familie was ons Here Jesus Christus self, en die tien slawe verteenwoordig die tien stamme van die Huis van Israel. Sy “medeburgers” was die nasie van die Jode want hulle was die verteenwoordigers van sy koninkryk in Palestina in daardie tyd.

Die gelykenis gaan voort om te verduidelik dat wanneer die Here Jesus terugkeer, dan sal Hy eers sy tien slawe beloon; daarna sou Hy met sy medeburgers afreken, hulle wat Hom laat weet het dat hulle Hom nie as Koning wou hê nie. Hulle het dus sy vyande geword, en Hy het die volgende oordeel oor hulle uitgespreek:

> “Maar daardie vyande van my wat nie wou hê dat ek koning oor hulle sou wees nie, bring hulle hier en slaan hulle voor my dood” - (Luk. 19:27).

Sy Slawe

Jesus Christus, die Man van hoë familie, het nog nie van die ver land af teruggekeer nie; maar Hy sal nou weldra terugkeer en dan sal Hy sy tien slawe voor Hom roep. Hulle sal verteenwoordig word deur die Westerse Christen Nasies, die hedendaagse Huis van Israel, aan wie Hy die verantwoordelikheid oorgedra het om die vrugte van die koninkryk voort te bring deur die evangelie te verkondig en reg en geregtigheid op die aarde te vestig. Hierdie oordrag van die koninkryk verantwoordelikheid het geskied toe Jesus vir die Jode gesê het:

> “ - - - - Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan ‘n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra” - (Matt. 21:43).

Onder die nasies wat deur die “tien slawe” voorgestel word, sal daar diegene wees wat nie sal kan rekenskap van hulle rentmeesterskap gee nie, soos ons kan sien uit die strawwe oordeel wat daar gevel is oor die slaaf wat geweier het om te woeker met die geld wat aan hom toevertrou is.

Bring Hier

Daar was ook nog bo en behalwe die tien slawe, sy “medeburgers”. Hulle is die Jode wat nog altyd dwarsdeur die afgelope eeue verklaar het dat hulle nie die soewereiniteit van Jesus Christus oor hulle aanvaar nie. Met die uitsondering van

‘n paar enkele Jode wat Jesus Christus as hulle Saligmaker aangeneem het, het hulle dit baie duidelik gemaak gedurende hierdie tyd waarin ons Here Jesus nog van die aarde afwesig is. Die rede vir die verskriklike oordele oor hulle begin dus ook nou baie duidelik te word.
Die Jode wat na Palestina teruggekeer het, en nog terugkeer, is die vyande van ons Here Jesus van wie Hy gesê het: “Bring hulle hier.” Dit is, bring hulle na Palestina. Die Sionistiese beweging is dus nie ‘n terugkeer van die Huis van Israel na die land van hulle voorvaders nie; inteendeel, dit is die versameling van die vyande van ons Heer vir die finale voltrekking van die oordeel oor hulle omdat hulle Hom verwerp het.
Die laaste tonele van hierdie gelykenis sal nie afgespeel word voor die terugkeer van die “Man van hoë familie” nie. Siende dat hierdie bedeling nou spoedig sy einde nader, moet Jesus Christus nou binnekort terugkeer om sy Koninkryk oor te neem. Dit is dus besonder betekenisvol dat die Sioniste nou besig is om in Palestina te versamel. Hulle keer terug onder ‘n drang wat hulle self nie juis kan omskryf nie.
In sy “Reviev of World Affairs” -- Destiny vir April 1949, skryf De Courcy as volg:
“Eienaardige dinge vind in Palestina plaas. Ons waarnemers was getref deur die eienaardige houding wat deur diegene wat na Sion gereis het na die oorlog, aangeneem is. Dit skyn asof hulle een of ander sonderlinge teken gesien het, wat hulle gedwonge gevoel het om te volg, wat die prys ook al mag wees. Ons het dit oor en oor gehoor. Hierdie eienaardige mense het ‘iets’ gesien”.

Vir die Slagting Opgeskrywe

Daar is maar net een verklaring vir hierdie sonderlinge drang; dit is te vinde in die bevel van ons Here Jesus dat diegene wat nie wou hê dat Hy oor hulle sou heers nie, na Palestina gebring moes word, sodat Hy hulle daar met sy Wederkoms kon ontmoet. Hy het naby Jerusalem gestaan toe Hy hierdie woorde gespreek het. Hy het dwarsdeur die eeue wat sou volg gekyk tot op hierdie laaste dae en geweet dat teen hierdie tyd Hy van die “ver land” af sou terugkeer, en dat die Jode oral oor die oppervlakte van die aarde versprei sou wees.
Die bevel: “ Bring hulle hier”, beteken - “Bring hulle hier, na hierdie plek; dit is na Palestina.” Om hierdie rede dus het die ongelowige Jode by hulle tien duisende na Palestina getrek. Hulle haas daarheen, deur onsigbare en onweerstaanbare magte gedrywe, om betyds by die plek van die voltrekking van die vonnis, aan te land. “En slaan hulle voor My dood.” Hierdie oordeel sal saamval met die ander gebeure wat die groot en deurlugtige dag van die Here, sal vergesel.

Die tyd is voorwaar baie, baie kort, maar selfs nou is daar nog tyd vir die enkele Jode om die wraak van Hom, wat Hy as die regverdige Regter oor hulle uitgespreek het vir hulle bose dade, te ontvlug. Die weg van bevryding lê daarin om Jesus Christus van Násaret as hulle persoonlike Saligmaker aan te neem en te erken as hulle Koning en Heer.

Om die Erfenis te steel

Die vraag kan wel gestel word, waarom moet die Jode van vandag ly terwille van die misdade van hulle vaders wat twee duisend jaar gelede ons Here Jesus gekruisig het? Die antwoord lê in die eerste instansie daarin dat dit nog dieselfde saad is wat nog met presies dieselfde prinsiep besig is. Hulle is nog besig om die boodskap en werk van Jesus te vernietig op elke manier moontlik.

Maar daar is ook ‘n verdere verduideliking waarom die Jode nou in Palestina is in afwagting op daardie groot slagting wat hulle straf gaan wees omdat hulle die Messías verwerp het, en nog steeds verwerp. Die antwoord word dus tweedens gevind in ‘n ander gelykenis van ons Here Jesus, en waarom die straf oorgedra is van geslag tot geslag en waarom die stryd tussen God en die saad van die slang soos voortgeplant deur Ámalek, nie sal ophou totdat al daardie slegte saad uitgewis is nie.

U vind daardie gelykenis in Matthéüs 21:33-46;

33 LUISTER na ‘n ander gelykenis: Daar was ‘n sekere huisheer wat ‘n wingerd geplant het; en hy het ‘n heining daarom gesit en ‘n parskuip daarin gegrawe en ‘n wagtoring gebou, en hy het dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan.

34 En toe die vrugtetyd nader kom, stuur hy sy diensknegte na die landbouers om sy vrugte te ontvang.

35 Maar die landbouers het sy diensknegte geneem en een geslaan en ‘n ander een doodgemaak en ‘n ander een gestenig.

36 Weer het hy ander diensknegte gestuur, meer as die eerstes, en hulle het met dié net so gemaak.

37 Oplaas het hy sy seun na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ontsien.

38 Maar toe die landbouers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem.

39 En hulle het hom geneem en buitekant die wingerd uitgewerp en doodgemaak.

40 Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers doen?

41 Hulle antwoord Hom: Die slegte mense - hy sal hulle ‘n slegte dood laat sterwe en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat hom die vrugte op die regte tyd sal gee.

42 Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het ‘n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë.

43 Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God - - - -

(Vgl. 1 Konings 11:13, 31, 34-36; Psalm 114:1-2; 1 Konings 12:26)

- - - - sal van julle weggeneem word en aan ‘n volk (nie ‘n kerk nie) gegee word wat die vrugte daarvan sal dra.

44 En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel.

45 En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek.

46 En hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir ‘n profeet gehou het.

Die Vonnis Regverdig

Siende dat die huis van Israel in daardie tyd alreeds weg uit Palestina was, was dit die Jode, wat tesame met Benjamin, ‘n koninkryk stam - (1 Kon. 11:11-13, 31-32) die aktiwiteite van die koninkryk voortgesit het. Maar vanweë die ongeregtigheid van die Jode, en hulle verwerping van Jesus Christus, het dit gebeur soos ons Here Jesus in die gelykenis gewaarsku het, en die koninkryk is van hulle weggeneem en aan ‘n volk gegee wat die vrugte daarvan sou voortbring. Hierdie gelykenis is ‘n baie juiste beskrywing van al die omstandighede wat gelei het tot die kruisiging en die komplot om die koninkryk met geweld te gryp.

Die Jode is die “landbouers” in die gelykenis; hulle het geweier om die profete te ontvang, die “diensknegte” in die gelykenis. Lateraan het hulle die Here Jesus, die Seun van God (die “seun” in die gelykenis) verwerp en gekruisig. Wat egter nie algemeen besef word nie, is dat daar ongeveer twintig eeue lê tussen die vervulling van: “Dit is die erfgenaam; kom laat ons Hom doodmaak” en, “laat ons sy erfdeel in besit neem”.

Nou, nadat amper 2000 jaar verstryk het, beplan die Sioniste om die erfenis van die Here met geweld te gryp. Hiermee gaan hulle eis gepaard dat die Messiaanse tydperk aangebreek het, en dat hulle as ‘n ras, ‘n Messiaanse roeping het. Die feit is dat die Sioniste besig is om openlik te gryp na wêreldheerskappy en die koningskap in besit te kry wat alleenlik aan Jesus Christus behoort. Dit is nog steeds Esau wat die eersgeboortereg finaal wil terugwen.

Die gelykenis toon ook baie duidelik dat die koms van die Heer van die wingerd, dit is, die glorieryke Wederkoms van ons Here Jesus, sal saamval met die roekelose en vasberade poging van die “landbouers” om die “erfdeel” met geweld in besit te kry. In die stigting van die Israeli Staat in Palestina in 1948 het ons die begin gesien van die vervulling van hierdie laaste toneel soos vir ons in die gelykenis uitgebeeld. Dit is later as wat u besef -- die klimaks van die eeue is op die drumpel en die finale botsing tussen die saad van die slang en die Saad van die vrou is op hande.

‘n Plan van Aksie

In sy boek:-“From Smoke to Smother” wys Douglas Reed (Skrywer van: “The Battle for Rhodesia”) daarop dat daar ‘n plan van aksie is wat alreeds gelei het tot die stigting van die Sionistiese Ryk. Politici en regerings is onder die beheer van hierdie magte en selfs Amerikaanse Presidente onderwerp hulself liewer aan hulle mag as om hulle aktiwiteite te ontbloot en daardeur dalk ‘n verkiesing te verloor:
“Die snelle gelyktydige opkoms van wêreld Kommunisme en politieke Sionisme is vir almal duidelik om te sien. Die sluwe metodes waardeur die Kommunisme ‘n houvas kry oor non-Kommunistiese regerings, partye en organisasies buite die parlement is duidelik vir almal wat nie te bang is om dit raak te sien nie. Die metodes waardeur die politieke Sioniste so ‘n verbasende houvas op alle politieke leiers in beide Amerika en Brittanje gekry het, was egter tot onlangs, nog moeilik om te verstaan”.
(Uit: “From Smoke To Smother”, Bl. 309 soos aangehaal in “Documentary Studies”, Vol. 2, bl. 176, deur H.B. Rand, Destiny Uitgewers).

Die Mag van Geld

Mnr. Reed gaan dan ook in sy boek voort om aan te toon dat die rede daarvoor in die geldmag lê. Hy vestig die aandag daarop dat tesame met die gelyktydige opkoms van die wêreld Kommunisme en die politieke Sionisme was ook die oorplasing van die meeste van die wêreld se goud voorraad en geld na Amerika, die huidige setel van die Sionisme.
Hy gaan dan voort:
“Dit wil vir my voorkom, wanneer ek so dink oor die mag van daardie goud in die kelders en die patroon van gebeure oor die afgelope dertig jaar, dat daar groot, georganiseerde magte in die wêreld is, wat oor baie lande versprei is, maar wat tog nou met mekaar saamwerk om beheer te kry oor die mensdom deur middel van chaos.

Vir my skyn dit asof hulle eerstens daarop uit is om die Christelike geloof, nasieskap en vryheid in Europa te vernietig. Dit was hierdie “ontwerp” (design) wat Lord Acton waargeneem het wat die eerste van die omwentelinge, naamlik die Franse Rewolusie, ten grondslag gelê het; en dit het al duideliker geword met elke daaropvolgende opskudding en het al meer sukses behaal.

Hierdie proses skyn nie vir my ‘n natuurlike of ‘n onvermydelike te wees nie, maar ‘n mensgemaakte een wat baie beslis die reëls van positiewe sameswering volg. Ek glo dat daar ‘n ou gevestigde organisasie aan die hele besigheid gekoppel is, en dat die groot suksesse wat alreeds behaal is, toegeskryf kan word aan die doeltreffende wyse waarop dit geheim gehou is” –
(From Smoke to Smother, p. 315).

‘n Baie Interessante Dokument

Daar bestaan vir baie jare al ‘n besondere interessante dokument bekend as:-
“The Protocols of the Learned Elders of Zion”
(Die Protokol - Aktes - van die Geleerde Oudstes van Sion).
Hierdie dokument bevat ‘n plan vir wêreld oorname, en alle pogings is al aangewend om hulle te onderdruk of om hulle onthullende getuienis te vernietig. So is dit bv. in ons land ‘n verbanne boek.
In sy Januarie 1944 uitgawe sê die blad “Destiny van Haverhill, Massachusetts, VSA”, onder andere die volgende by wyse van ‘n bespreking van hierdie dokumente: -
“As die stellings in die Protokolle onwaar is dan hoef niemand, selfs nie die Jode nie, ontsteld oor hulle publikasie te wees nie. Indien soos beweer, dit ‘n vervalsing is, waarom word die egte oorspronklike dokument dan nie te voorskyn gebring en gepubliseer nie? Want vir ‘n vervalsing om te bestaan, moet daar tog noodwendig die oorspronklike wees. Dit is ‘n moeilike saak om die Protokolle as ‘n vervalsing te bestempel en te onderdruk sonder om die oorspronklike, waarvan dit ‘n kopie moet wees, te voorskyn te bring.
Die oorspronklike behoort baie interessante leesstof te wees, dus sê ons aan ons Joodse vriende wat die Protokolle as ‘n vervalsing gebrandmerk het, gee ons die oorspronklike; dit behoort ‘n beste verkoper te word, en die publikasie daarvan sal terselfdertyd die kwessie van die “vervalsing” vir eens en vir altyd beslis.
Indien, soos beweer, dat hierdie vervalsing onwaar en maar net ‘n slim versinsel van leuens is, hoef die Jode nie daaroor bekommerd te wees nie, net so min as wat ons bekommerd is oor al die baie wanvoorstellings aangaande ons werk en bedrywighede. Tyd is ‘n wonderlike heelmeester en weet die beste om die waarheid aan die lig te bring en die leuenaars te ontmasker. Dit sal goed wees indien die Jode ‘n soortgelyke houding van, kom wat wil aangaande die Protokolle aanneem.
Indien egter, die slegte gerugte waar is, dan is die menslike reaksie altyd om alles in jou vermoë te doen om dit te onderdruk. Hier is nou ‘n gulde geleentheid vir ons Joodse vriende om die doeltreffendheid van hierdie gerugte te vernietig deur die egte uit te gee, met ‘n meegaande kommentaar wat die bewering weerlê dat dit die geheime planne van die “Geleerde Ouderlinge van Sion is.” -
(Documentary studies Vol. 2, p. 177, 178 - Destiny Publishers, USA).

Ons verwys weer na Douglas Reed se boek, “From Smoke To Smother”, waarin hy diegene wat nie die chaotiese wending van ons tye kan verstaan nie, aanraai om die Protokolle te lees. Hy sê dan: -
“Van watter kant die boek ook al beskou word, die resultaat is dieselfde. (Hierdie Protokolle is die bloudruk van gebeure oor die afgelope dertig jaar). Lank voordat ons hulle gesien het, lank voordat ons kon geglo het dat hulle metodes ooit aangewend sou word, was die metodes waardeur ons wêreld in sy huidige sorgwekkende toestand gedompel is, alreeds daarin vasgelê. In hulle word die

formule gevind vir die korrupsie, intimidasie of onderwerping van partye, enkelinge, koerante en skrywers, parlemente en politici, wat ons oor die afgelope dertig jaar in werking gesien het.
(Hierdie boek "Die Verlore Tien Stamme van Israel", is ongeveer dertig jaar gelede geskryf; ons kan dus vandag sê - oor die afgelope 60jaar - F. Neser.).

Die boek (Protokolle) is die blou druk van 'n wêreld sameswering; Die punt is dat die skrywers, wie hulle ook al mag wees, en wanneer hulle ook al geleef het, het die metodes haarfyn geken waardeur die stuiptrekkings van hierdie eeu veroorsaak sou word, en waardeur Europa teen die helfte daarvan feitlik vernietig sou word. Dit is dus belangrik dat die boek nie onderdruk of aangeval sal word nie, maar om uit te vind waar dit vandaan kom. Dit mag miskien nog die sleutel wees waarmee die onopgeloste misterieë van hierdie eeu ontsluit sal word.

Ek glo dat die heftige weerstand teen enige openbare bespreking van die Protokolle die krag openbaar van die magte wat nie wil hê dat die sleutel gevind moet word nie. Die Protokolle as sulks is nie so besonders belangrik nie. Hulle is maar een in 'n lang reeks van dokumente wat byna 200jaar dek. Maar hulle verskaf die sleutel. Die rigting van politieke denke soos in hulle uiteengesit, kan baie duidelik vanaf die helfte van die agtiende eeu tot vandag toe nagespoor word; en vir presies dieselfde tydperk het daar 'n geheime organisasie bestaan, wat die vernietiging van die Christendom en nasieskap in Europa begeer" - (From Smoke to Smother, bl. 318-319).

Die Naderende Klimaks

Die tyd sal binnekort aan selfs die mees skeptiese die identiteit van hierdie samesweerders openbaar, wat deur chaos te veroorsaak poog om die mensdom te verslaaf. Aan die hoof van hierdie wêreldwye sameswering om die Christendom te vernietig, staan nog steeds dieselfde groep en ras wat verantwoordelik was vir die kruisiging van Jesus Christus, die Seun van God. Hy het vir hulle gesê:
Matthéüs 23:31-33;
31 Julle gee dus teen julself getuienis dat julle kinders is van die wat die profete vermoor het.
32 Maak die maat van julle vaders dan vol!
33 Slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug?
Johannes 8:44-45;
44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.
45 Maar omdat Ek die waarheid spreek glo julle My nie.

Hulle planne is nou haarfyn agtermekaar om sy erfenis te gryp. Die eerste bewyse van die vervulling van so ‘n program is die vestiging deur geweld en onder valse voorwendsels van die sogenaamde Israeli Staat in Palestina. Asof dit nie genoeg is nie, het hulle in hulle verwaandheid vir hulleself selfs ‘n Messiaanse roeping aangematig, en sodoende probeer om die koninklike aansprake wat Jesus Christus alleen toekom, vir hulleself wederregtelik toe te eien. Die oordeel van ons Here Jesus is dus regverdig wanneer Hy hierdie samesweerders en indringers veroordeel vir hulle poging om deur middel van geweld die koninkryk te gryp.

Ons moet maar net die voltooiing van die Joodse trek na Palestina afwag, en dan sal daar verdere verwikkelinge van ontsaglike betekenis plaasvind. Die wêreld beweeg snel na ‘n klimaks, en die terugkerende Jode haas hulself (sonder om dit te besef) om teenwoordig te wees wanneer die storm van oordeel in al sy regverdige woede op hulle gaan losbars:
2 Thessalonicense 1:7-9;

7 - - - - in die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele
8 in vuur en vlam wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie.
9 Hulle sal as straf ondergaan ‘n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte.

Terug na Exodus

Die aanval van Ámalek op Israel, so kort na haar uittog uit Egipte, soos ons dit in Exodus 17:8-16 vind, het ons besig gehou tot hier, met ‘n bespreking van die implikasies daarvan. Nou keer ons terug na die boek van Exodus, en kom by die volgende punt waar ons moet stilstaan.

Hoofstuk 9

Transkripsie van kasset nr. L35)

Israel by berg Sinai

(Exodus 19)
Ons wil die leser aanraai om verseker biddend hierdie hoofstuk (Ex. 19) te lees en gelowig in die gees die toneel voor u te roep. Dit is 'n gesig van onbeskryflike heerlikheid, en dus van die allergrootste betekenis. U moet God op sy Woord neem en glo dat alles net so plaasgevind het soos dit daar vir u beskryf is.
Die geluid van die trompet (v. 19) lank en al harder en harder; die berg gehul in rook en vuur en die aarde wat bewe en die stem van God wat daaruit gekom het; moes 'n asemrowende skouspel gewees het om te aanskou en belewe.

Hier by berg Sinai het die HERE met Israel in die huwelik getree. Moses was die strooijonker (v. 17), die HERE die Hemelse Bruidegom en Israel die aardse Bruid. Die Heer het hulle daaraan herinner wat Hy die Egiptenaars aangedoen het (v. 4) en hoe Hy hulle op arendsvleuels gedra het en hulle na Hom toe gebring het.
(Vgl. Deut. 32:11; Deut. 33:27-29).
Hy het aan hulle gesê dat hulle sy eiendom uit al die volke sou wees en vir Hom 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie (v. 5, 6),
In Eségiël 16:8;

8 En Ek het by jou verbygegaan en jou gesien, en kyk, jou tyd was die tyd van liefde. Toe het Ek my vleuel oor jou uitgesprei en jou naaktheid toegedek. - - - -

(simbolies vir die voltrekking van die huweliksband - vgl Rut en Boas)

- - - - Ja, Ek het vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan, spreek die Here HERE, **en jy het myne geword.**

Deut. 4:5-8 gee 'n baie goeie opsomming van God se doel met Israel. Die doel was dat Israel aan die nasies rondom die wysheid en doeltreffendheid van God se wette, verordeninge en insettinge moes demonstreer. Die onderhouding daarvan sou groot voorspoed en gesondheid meebring. Die nasies rondom, met wie dit nie so goed sou gaan nie, sou dan kom ondersoek instel, en dit sou Israel dan die geleentheid gee om hulle op die Lewende God, hulle God te wys. Dit is nog God se doel met sy volk. Die wet is volmaak.
Dawid sê:

"Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige" - (Ps. 19:8.)

Vgl. Deut. 32:45-47; Matt. 5:7-19; Matt. 22:36-40; Rom. 3:31; Rom. 13:7-10; Ex. 4:15-17; Lev. 26; Deut. 28; Deut. 4:29-31.
Paulus sê in Romeine 7:12;

Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed.

Jesus sê in Matthéüs 5:17-19;

17 MOENIE dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.

19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit **doen en leer**, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.

In die nuwe verbond word dit beloof om die wet van die HERE in die binneste van die huis van Israel te gee en dit op hulle harte te skryf.
Sien Jeremia 31:31-34; Hebreërs 8:8-10.
So volkome verlos en toegerus sou hulle, sy volk wees. Let daarop dit sê: die Huis van Israel, daar is geen sprake van die naam "Jood" êrens nie.
In die millennium, wanneer Jesus, as Koning op aarde regeer, sal die wet van die HERE vanuit Sion (Jerusalem) uitgaan, en die nasies sal geleer word om in die paaie van die HERE te wandel, dit is om sy wette, insettinge en verordeninge te onderhou.
Daar is dus geen sprake dat die wet van God soos by Sinai aan Israel gegee, foutief of gebrekkig was, en vervang moes word nie. Dit was **Israel** wat gebrekkig was; God het hulle berispe - (Heb. 8:8). Die Engelse vertaling sê: "Finding fault with **them**;" God het fout met **hulle** (Israel) gevind en nie met die wet nie.

Daar word baie duidelik in die profete geleer dat die Heer net voor sy Wederkoms sy Gees oor Israel sal uitstort.
Sien bv. Eség. 36:27; Eség. 37:5,9,10,14; Eség. 39:29; Joël 2:23,28; Hand.3:19-21; Jak. 5:7; Maleági 4:5-6.
Die Heilige Gees sal hulle die krag gee om die wet te hou wat hulle te swak was om onder die ou verbond te hou.
(Lees verseker ons boekie: "Die Wet van Die HERE").

Die Skeibrief

Omdat Israel haar deel van die huwelikskontrak met Jehova verbreek het, wat sy met Hom by Sinai aangegaan het, en agter ander gode aangeloop het, het God dit as geestelike hoerery beskou en aan Israel 'n skeibrief gegee. Maar daarom het God in Jesus Christus aan die Kruis ook vir Israel in 'n besondere sin gesterf, sodat Hy volgens sy eie wet wat verbied dat geskeides mag trou, tensy een van die partye gesterf het, weer met Israel kon trou.
Lees Jesaja 50:1; Jes. 53:8.
Hierdie huwelik sal voltrek word met die Wederkoms van Christus en die versameling van die ware Israel vanuit die vier windstreke van die aarde vir die bruilof van die Lam.

Die Bruid van Christus

Dit is verkeerd om te sê dat die kerk die bruid van Christus is.
Die kerk is die liggaam van Christus - (Efé. 1:22,23; 1 Kor. 12:27) waarvan Hy self die Hoof is - (Kol. 1:18).
Netsoos die HERE met die letterlike Israel by berg Sinai in die huwelik getree het, - (Ex. 19:3-8, 17), so sal dieselfde Israel, gereinig en geheilig deur die bloed van Jesus, met Hom in die huwelik tree met die bruilof van die Lam.
Lees die gelykenis van die bruilofsfees in Matthéüs 22:1-14.

Dit is 'n aardse toneel daardie, want om maar een rede te gee, daar was iemand by daardie maaltyd sonder 'n bruilofskleed aan; dit kan nie in die hemel wees nie, want daar sal niks ingaan wat onrein is nie.
In Openbaring 19:7 lees ons;

> Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die **Lam** het gekom en sy **vrou** het haar gereed gemaak.

Vgl Jesaja 54:5; uit die teksverband is dit duidelik dat God hier met Israel praat.
Die woord vir **vrou** hier in die Grieks is "**gune**", in teenstelling met "**parthenos**" (Gr.) wat maagd beteken. Hierdie verskil is belangrik. Dit beteken hierdie "**vrou**" van die Lam in Open. 19:7 is nie 'n maagd nie, met ander woorde, sy was alreeds vantevore getroud.

Dit is in ooreenstemming met die lering van die ganse Skrif insake God se verhouding met Israel, naamlik: Dat onder die ou verbond God met Israel getroud was, maar dat sy agter ander gode weg gehoereer het, en dat Hy haar 'n skeibrief moes gee; maar dat onder die nuwe verbond deur die dood en opstanding van Jesus Christus, God weer vry was om met haar in die huwelik te tree. Sy was getroud, maar het met baie minnaars gehoereer (vgl. Jer. 3:1, 6, 8) en was dus nie 'n maagd nie. Maar deur die bloed van Jesus is sy gereinig en geheilig (vgl. Jes. 53:8) en deur die dood van haar man (God in Jesus) was sy vry om weer te trou. Deur sy opstanding was Jesus natuurlik ook vry om die man van Israel te word.
Jeremia 31:22 sê;

> "- - - - Want die HERE het iets nuuts op die aarde geskape: Die vrou sal die man beskerm".

Die "Nuwe Hollandse Vertaling" gebruik "omvanging" (omhels) en die Engels sê "compass". Met ander woorde die vrou sal aan die man die hof maak; en dit is presies wat die Skrif leer:- die owerspelige vrou Israel sal tot berou kom en begin vra na God in die laaste dae. Dit is juis in hierdie hele teksverband wat die hele Jeremia 31 staan. 'n Bruid kan dus 'n vrou ('n weduwee van wie die man dood is) of 'n maagd wees. Ons behoort teen hierdie tyd al 'n groot respek te hê vir die akkuraatheid van die Bybel en die presiesheid van die woordkeuse in die oorspronklike taal. Die Griekse woord vir **bruid** in die Bybel is "**numphe**".

Nou lees ons Openbaring 21:9;

> En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid (Gr. **Numphe**) toon, die vrou (Gr. **Gune**) van die Lam.

Van hier dan, tot by vers 21 kry ons 'n beskrywing van die nuwe Jerusalem.
Open. 21:12 sê dat op die 12 poorte was die name van die twaalf stamme van die kinders van Israel geskryf. Die nuwe Jerusalem staan dus in noue verband met die letterlike Israel. Die bruid, die vrou van die Lam, is die nuwe Jerusalem, wat weer met die twaalf stamme van Israel geassosieer is. Kyk ons nou na Jesaja 54 waar God met Israel praat en besig is om haar te troos en haar 'n heerlike herstel te belowe, dan sien ons in verse 2 en 3 sê Hy vir haar:

> "Maak die plek van jou tent wyd, en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan. Verhinder dit nie! Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in. Want jy sal regs en links uitbreek, en jou nageslag sal nasies in besit neem en verwoeste stede bevolk".

Dan in die 4de vers herinner die HERE haar aan die skande van haar jonkheid - dit is toe sy as die vrou van Jehova agter ander gode aan gehoereer het en Hy haar 'n skeibrief moes gee (vgl. Jes. 50:1, 2.) Maar nou het die Verlosser mos die prys betaal soos Jesaja 53 dit so mooi stel.
In Jes. 53:8 sê die Woord;

> "terwille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom".

Daarom kan Hy vir Israel in Jesaja 54:5 sê;

> "Want jou Maker is jou Man; HERE van die leërskare is sy Naam; en die Heilige van Israel is jou Verlosser. Hy sal die God van die hele aarde genoem word".

Sal u nie biddend die hele Jesaja 54 lees nie?
Dan sê Hy in verse 11-12;

> "Jy, ellendige, deur storm gejaagde, ongetrooste! Kyk, Ek lê jou stene in sierklei, en Ek grondves jou (Israel) in saffiere; en jou borswerings maak Ek van robyne en jou poorte van karbonkels en jou ringmuur van edelgesteentes".

En dit is presies hoe die nuwe Jerusalem lyk - sien Open. 21:9-21; op die twaalf poorte van die stad staan die name van die twaalf stamme van die kinders van Israel geskryf. (Sien v. 12.)
Open. 21:19 sê;

> "En die fondamente van die muur van die stad was versierd met allerhande edelgesteentes - - - - - - ".

Van Israel sê die HERE in Jes. 54:11;

> " - - - en Ek grondves (fondament) jou in saffiere (edelgesteentes)".

Vgl self die twee met mekaar en u sal sien dat Jesaja 54 en Openbaring 21 van presies dieselfde volk praat, naamlik Israel, en albei praat van die feit dat die

HERE (die Lam) met Israel (die bruid – "numphe" - vlgs Open. 19:6-9; Matt. 22:1-14) in die huwelik gaan tree.

Ons sal verderaan in ons studie hierdie heerlike waarheid van Israel die vrou van die HERE, nog verder ondersoek. Om dan mee af te sluit, herinner ons u weer aan Exodus 19, waar onder daardie majestueuse openbaring van Goddelike Heerlikheid, Israel vir die eerste keer amptelik die vrou van die HERE geword het.

In Exodus 20 kry ons die Tien Gebooie die kern van die huwelikskontrak tussen God en Israel. Al die ander wette, verordeninge en insettinge en gebooie is hierop gebaseer. Daar was nooit iets daarmee verkeerd nie, dit was volmaak -- (Ps. 19:8). Maar Israel was nie volmaak nie, en kon dit nie hou nie. Die fout het dus nie by die wet gelê nie; maar by die volk. Daarom moes Jesus vir die oortreding van die volk ook sterf -- (Jes. 53:8), wat die huwelikskontrak gebreek en agter ander gode aangeloop het (Vgl. Ex. 20:3,18,22). Daar is voorsiening vir 'n nuwe verbond tussen dieselfde God en dieselfde volk gemaak waardeur dieselfde wet op die tafels van hulle harte geskryf sou word en wanneer dit nie meer nodig sal wees vir die een om vir die ander te sê:

> "- - - - Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie" - (Jer. 31:34).

Die dag in Ex. 19 en Ex. 20, was groot, maar die dag wanneer Jesus weer kom in die heerlikheid van die Vader en van die heilige engele -- (Matt. 16:27; 24:30; Luk. 21:27) vir die bruilof van die Lam, sal dit nog veel heerliker wees. Ons gaan verder hierop in, in ons studie oor "Die Boek van Openbaring".
Lees ook ons studies: "Die Opraping", "Die Groot Verdrukking", en "Die Nuwe Hemele en die Nuwe Aarde".

Israel by berg Sinai (vervolg)

(Exodus 19 Exodus 40)

Vanaf die 19de hoofstuk van Exodus tot aan die einde van daardie boek vind ons vir Israel nog steeds by berg Sinai. Omdat die boek Exodus by uitstek die Boek van Verlossing is, is dit van die uiterste belang dat ons die simboliese betekenis van al die voorskrifte van die bou van die Ark verstaan en van die diens en kleredrag van die Priesters wat daarmee in verband gestaan het. Dit is een van die geseënste studies wat 'n mens van die Bybel kan maak. Daar is goeie boeke oor hierdie onderwerp beskikbaar, en ons sal nie in hierdie boek in besonderhede daarop ingaan nie.
In Exodus 28:21 lees ons;

> En die stene moet volgens die name van die kinders van Israel twaalf wees, volgens hulle name. Soos op 'n seëlsteen uitgesny word, so moet hulle vir twaalf stamme wees, elkeen volgens sy naam.

Vers 29 lees;

> So moet Aäron dan die name van die kinders van Israel in die borstas van beslissing op sy hart dra as hy in die heiligdom ingaan, om hulle in gedagtenis te bring voor die aangesig van die Here gedurigdeur.

In Jesaja 49:15-16 sê die HERE deur die profeet;

15 Kan ‘n vrou haar suigling vergeet, dat sy haar nie ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou (Israel, al 12 stamme) nie vergeet nie!

16 Kyk, Ek het jou in die handpalms gegraveer; jou mure is gedurig voor my,

Netsoos in Jesaja 54 en in Openbaring 21 word Israel ook hier deur edelgesteentes voorgestel en Aäron moes dit in die borstas van beslissing **op sy hart** dra wanneer hy in die heiligdom (dit is in die teenwoordigheid van God) ingegaan het. So naby was Israel aan die hart van God, en volgens Jesaja, soos hierbo aangehaal, sou dit altyd so wees.

Ons het in ons eerste hoofstuk in hierdie boek uit Joodse bronne self bewys dat die Jode vandag glo dat die tien stamme **nog nie** met die Jode herenig is nie. Maar God sou Israel (twaalf stamme) **nie vergeet nie**! - (Jes. 49:15).

Waar is dan hierdie volk van God?

Is die Westerse Blanke Nasies nie besig om God se wil te doen nie? hoe gebrekkig ook al!

Doen die Jode dit?

En tog het God gesê:

> “Die volk wat Ek vir My geformeer het, (Israel) hulle sal my lof verkondig” - (Jes 43:21).

Die Jode doen dit nie, maar die Westerse Blanke Nasies wel - **hulle** is dus God se letterlike volk.

Nou moet u mooi daarop let dat u hier in Exodus nêrens die naam van Jood sal aantref nie, vir die eenvoudige rede dat daar hier nog geen Jode was nie. Hier is daar net Israeliete, en daar is ‘n groot verskil tussen Jode en Israeliete: dit is nou al herhaaldelik in vorige hoofstukke bewys.

Die Boek Levítikus

In die boek Levítikus vind ons die vertolking en die toepassing van die Tien Gebooie. Dit is die Evangelie in tipe voorgestel. Israel moes dit uitdra, en sy doen dit vandag. Die Christen wêreld van vandag wag nog vir die sogenaamde ontwaking van die Jood om die evangelie aan die heiden (en dit sluit volgens hulle die Blankes van die Weste in) te gaan verkondig. En al die tyd is die Blanke Protestantse Weste alreeds eeue daarmee besig! Dit behoort vir u, geagte leser, teen hierdie tyd baie duidelik te wees hoe verkeerd die vertolking van die profesieë kan wees, wanneer die Jood as al die twaalf stamme van Israel voorgestel word.

Die Leer van Bíleam

In die boek Númeri lees ons van die verhaal van die Profeet Bíleam. Vir die gewone persoon lê die grootste gebeurtenis waarby hy die verhaal van Bíleam onthou, daarin dat God die esel laat praat het, toe die profeet nie wou luister nie. Dit is een van die uitstaande wonderwerke van die Bybel, reg genoeg, maar dit is gladnie die belangrikste rede waarom hierdie voorval vir ons in die Bybel opgeteken is nie. Nee, daar is veel belangriker sake as dit op die spel. So belangrik dat selfs die boek van Openbaring na Bíleam verwys in die volgende woorde in sy klag teen die gemeente van Pérgamus.

Openbaring 2:14;

> Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bíleam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.

Hierdie "leer" van Bíleam was dat hy Balak aangeraai het om die volk te verlei toe God hom nie wou toelaat om die volk te vervloek nie - - - -
(Lees Núm. 31:15-16; Núm. 22:5; Núm. 23:8),
- - - - deur hulle in die versoeking te bring om met die dogters van Moab te trou. Dit was streng teen die bevele van God wat uitdruklik vir Israel ten strengste verbied het om met die heidense nasies rondom hulle te ondertrou. Sodoende wou hy Israel berowe van haar absolute suiwerheid en haar weglei van haar verhewe doel. Dit was beide letterlike en geestelike hoerery.

Dit is vandag weer presies dieselfde in hierdie krisisuur van die bestaan van die Blanke Christendom. Die liberalistiese magte propageer rassevermenging vir al wat hulle kan. Daartoe span hulle die magtige geldmag waaroor hulle beskik tot die uiterste toe in. Die radio, televisie, rolprent, die pers is daarop gekonsentreer om te verlei en aan te hits tot immoraliteit en die veragting van alle standaarde van Godsvrug, kuisheid en karaktervastheid.
Die Kommunisme het altyd vir hom ten doel gestel om die moraliteit van die Westerse jeug te ondermyn, vertroebel en te saboteer. Lenin het reguit verklaar dat op hierdie wyse sou hulle die Weste in duie laat stort. Dit wat met Israel in die tyd van Bíleam gebeur het, gebeur met ons vandag. Die gevolgtrekking is weer duidelik: Ons is nog dieselfde volk van God as die Israel van die tyd van Balak en Bíleam.

Profesieë van Bíleam

Dit is vir u van die uiterste belang dat u 'n deeglike studie maak van Númeri 22 tot 24, indien u 'n goeie begrip wil hê van die plek wat Israel het in die plan van God. Die profesieë van Bíleam in hierdie verband is van die allergrootste belang. Dit is in die lig van God se ewigdurende en onherroeplike verbond met Abraham, Isak en Jakob dat Bíleam die volgende merkwaardige woorde gesê het:

Númeri 23:19;

> God is geen man dat Hy sou lieg nie; of ‘n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hý iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?

Dit word ook in hierdie hoofstukke herhaaldelik beklemtoon dat Bíleam net moes spreek dit wat God gesê het om te sê.
In Númeri 23:7-8 sê hy dat hy nie vir Israel kon vervloek of verwens nie, want God het hulle nie vervloek of verwens nie.
In Númeri 23:21 praat hy van die gejubel vir die Koning wat by hom (Israel) sou wees: Dit word in hoofstuk 24:17,19, bevestig, waar dit voorspel van die septer wat uit Jakob sou kom. Weereens is dit merkwaardig hoe baie van die Westerse Nasies nou al hulle koningshuise vir geslagte behou het. Dit is ook in die Westerse Nasies waar die verwagting is van die Koms van Jesus, die Koning van die konings en die Here van die here.

In Númeri 23:24; Núm. 24:9, word Israel vergelyk met ‘n leeu. Dit is merkwaardig hoe die leeu so prominent voorkom in die heraldiek van die Blanke Westerse lande. So bv. in ‘n land soos Holland kom die leeu op al die provinsiale kentekens behalwe ‘n paar, voor, en geen opgrawings het nog ooit aangetoon dat die leeu ooit in Holland voorgekom het nie. Maar beide uit die Bybel en uit die geskiedenis van Israel is dit baie duidelik dat die leeu ‘n erkende embleem in Israel is.
In Númeri 24:7 sê Bíleam onder die inspirasie van die Heilige Gees dat die saad van Israel by baie water is. En dit is ook so van die Blanke Westerse Nasies. Dit is hulle wat kolonies en volksplantings die hele wêreld oor gestig het en die beskawing gedra het tot in verre heidenvelde. Daar klink wel die kreet van kolonialisme op teen hulle, maar dit is hierdie sogenaamde koloniale moondhede van die Westerse wêreld wat die agterlike nasies in baie dele van die wêreld gered het van uitsterwing deur peste, hongersnood en oorlog. Ons eie Voortrekkers het die binnelandse Bantoe stamme van Suid-Afrika baie beslis van so ‘n lot gered. En dit is wat Bíleam gesê het wat Israel sou doen.

Dit het al amper ‘n soort van bygeloof by baie geword dat jy die Jood as 't ware moet vertroetel dan sal jy geseënd wees en dat die nasie wat enigsins die Jood teëgaan sal ten onder gaan. Dit is egter nie net van toepassing sover dit die Jood aangaan nie, maar op alle nasies en enkelinge van toepassing. Jesus het gesê dat hy wat die swaard opneem sal deur die swaard sterwe, met ander woorde dat enige nasie of persoon wat ‘n ander nodeloos aanval of vervolg, sal ten onder gaan.
Geen nasies ter wêreld is so geseënd soos die Westerse Nasies nie, as ons hulle moet vergelyk met ander nasies, die Joodse Nasie ingesluit. As daar ‘n nasie is wat deur die eeue vervolg en soms amper uitgeroei is, dan is dit die Jode. Dit is nie wat God vir Israel belowe het nie. Hy het hulle beskerming en seëninge belowe.

Núm. 24:9 sê;

> - - - - Geseënd is hulle wat jou seën, en vervloek is hulle wat jou vervloek!

Dink na oor die geskiedenis van die Westerse Nasies, en u sal sien dat dit op hulle van toepassing is - hulle is dus Israel! U het in elk geval sover nog gladnie die woord "Jood" tot hiertoe in die Bybel teëgekom nie. Waarom dan van hierdie mense aan wie God deur Bíleam hierdie beloftes maak, Jode maak terwyl die Bybel dit nie doen nie?

Aan die Einde van die Dae

In Númeri 24:14 lees ons;

> En nou, kyk, ek gaan na my volk toe. Kom, ek sal jou inligting gee, wat hierdie volk (Israel) jou volk (Moab) sal aandoen **aan die einde van die dae.**

Dit is merkwaardig hoedat daar op verskillende plekke in die Bybel van die einde van die dae gepraat word in verband met 'n botsing tussen Israel en die heidene. Bogenoemde aanhaling is dus geen uitsondering nie.
In vers 17 gaan hy verder;

> Ek sien hom maar nie nou nie, ek aanskou hom maar nie naby nie: 'n ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op, en hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en werp al die oorlogsugtiges omver.

So gaan hy min of meer voort tot aan die einde van Númeri 24.

Alle Bybel studente is dit eens dat ons nou **aan die einde van die dae lewe**. Dus moet ons nou rondom ons kyk vir die vervulling van hierdie woorde van Bíleam. Aan die een kant moet Israel wees, en teen haar Moab (heidense volk) en ook ander heidense volkere. En dit is vandag die posisie met die Blanke Westerse Volkere wat hierdie hordes van die Ooste teen hulle het wat onteenseglik op die oorlogspad is.
Boonop het Bíleam in hierdie selfde vers 17 die **Ster** gesien wat uit Jakob te voorskyn kom en die **Septer** wat uit Israel opkom en Moab sal verbrysel, en volgens vers 19, sal Hy heers. Nou dit is presies wat die hele Skrif ons leer aangaande wat Jesus sal kom doen wanneer Hy kom uit die hemel met sy magtige engele in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie.
(Vgl. 2 Thess. 1:7-8; Open. 19:19-20; Jer. 25:30-32; Jes. 66:15-16).

Die Westerse wêreld is in 'n verskriklike toestand geestelik, dit gee ek toe, maar hy is nog die kampvegter vir die Christendom, terwyl die res van die wêreld openlik die evangelie ongehoorsaam is en dit wil vernietig. Die Jood is ook aan hulle kant. Dus ook weer hier pas die identiteit van die Blanke Christendom by die identiteit van Israel in, en nie die Jood nie.

Deuteronómium

Deuteronómium bevat die afskeids bevele en raad van Moses aan Israel met die oog op hulle spoedige intog in die beloofde land. Hy het hulle gewaarsku wat met hulle sou gebeur as hulle die verbond nie hou nie. Maar dit bevat ook heerlike beloftes van herstel indien hulle sou faal en uit die land verban word.
Ons lewe nou in die tyd waarin daardie beloofde herstel en verandering van hart moet plaasvind.
Lees: Deuteronómium 30:1-10.
Dit sal teweeggebring word deur die "benoudheid van Jakob" wat deur die aanslag van die heiden sal kom. Daaruit sal kom die beloofde herlewing en die uitstorting van die Heilige Gees op Israel (al twaalf stamme) voor die Wederkoms van Christus en die oprigting van sy koninkryk. Ons noem vir u die volgende paar Skrifte, en daar is nog baie meer:
Eségiël 36:27;

> En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.

Maleági 4:5-6;

5 Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía **voordat** die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek.

6 En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek te tref nie.

Lees hierdie saam met Matthéüs 17:10-13 en Lukas 1:17.
U sal sien die bedoeling is dat net soos **Johannes die Doper** in die Gees en krag van Elía gekom en **Herlewing voor die Eerste Koms van Jesus gebring** het, so moet daar 'n **Herlewing voor die Tweede Koms van Jesus** wees - teweeggebring deur 'n volk wat gevul is met die Gees en Krag van 'n Elía. Dit behels die herstel van die volle nege Gawes van die Heilige Gees, die Vrug en die Bedieninge in al hul krag, gesag en skoonheid.
Jakobus 5:7;

> WEES dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die Here. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reëns ontvang het.

Handelinge 3:19-21;

19 Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom,

20 en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus,

21 Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete.

In ons verhandeling oor die boek van Joël wys ons daarop dat ‘n tyd van uiterste angs en benoudheid die vereiste verandering van hart sal teweegbring wat sal lei tot die uitstorting van die Heilige Gees oor Israel.
In ons artikels “Die Opraping” en “Die Dag van die Here” wys ons daarop dat dit die “Groot en Deurlugtige Dag van die Here” is wat skielik en onverwags sal aanbreek voor die sigbare wederkoms van ons Here Jesus Christus.

Israel, die Eiendomsvolk van God

Deuteronómium 7:6-8;

6 Want jy is ‘n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God **uitverkies** om uit al die volke wat op die aarde is, sy **eiendomsvolk** te wees.

7 Die HERE het ‘n welgevalle aan julle gehad en julle **uitverkies**, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke.

8 Maar omdat die HERE julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het die HERE julle met ‘n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos.

Israel sou dus ‘n eiendomsvolk vir God wees, met die oog op diens in die eerste instansie. Dit moet noukeurig daarop gelet word hoedat die Heer self gedurig die strengste seleksie toegepas het. Eers het Hy Abram uit al die ander Hebreërs geroep; daarna was dit Isak wat ‘n wonder geboorte gehad het. Alhoewel Jakob en Esau uit dieselfde vader en moeder gebore is, het God vir Esau verwerp en Jakob liefgehad. Selfs uit al die 12 seuns van Jakob het God sy guns spesiaal op Josef en deur Josef op sy seuns Efraim en Manasse geplaas.
Dat hierdie seleksie gedurig nog aan die gang is, is seker. Dit is dus ‘n direkte verset vanaf die kant van die mens teen die **plan** en die **wil** van God om die rasse sommer teen wil en dank deurmekaar te wil gooi.

Dit moet natuurlik met die grootste **nadruk beklemtoon word** dat hierdie **uitverkiesing** nêrens bedoel is om die uitverkorene te bevoordeel ten koste van die nie-uitverkorene. Dit was altyd met die doel dat die uitverkorene sou dien om die nie-uitverkorene op te hef en te wys op die Lewende God. Nêrens sal ons ‘n beter illustrasie hiervan vind as in ons Here Jesus self nie. Hy was die Seun van God.
Die Stem van God self het uit die Hemel gekom en gesê:

> “Dit is my geliefde Seun in wie Ek ‘n welbehae het” - (Matt. 3:17).

En tog het Jesus gesê:

> “Net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as ‘n losprys vir baie” - (Matt. 20:28).

Kyk ons nou weer in hierdie lig na Deut. 7:6-8, soos ons hierbo aangehaal het, dan sien ons dat dit ook met die oog op diens aan die mensdom is, dat God Israel

uit al die volke van die aarde uitverkies het om hulle sy eiendomsvolk te maak. En dit is presies wat die Blanke Westerse Nasies nou al vir eeue doen. Ons het dit al oor en oor in hierdie reeks bewys. En as ons eerlik en onbevooroordeeld wil wees, sal ons moet erken dat hulle die **enigste** groep van nasies is wat die beskawings invloed en die Christelike Boodskap oor die wêreld versprei het. Dit kan nie van die Jood of enige ander nasie ter wêreld gesê word nie.
Die Blanke Westerse wêreld is dus weer die enigste groep van volkere wat in die gees van diens aan die mensdom, as God se eiendomsvolk uitgeken kan word. God het dit aan Israel belowe, dus is ons die Israel van God. As ons dit nou in ons blindheid vir ons identiteit doen, hoeveel te meer nie nog nie wanneer ons besef wie ons werklik is en wat ons roeping is? Dit is om ons volk tot hierdie ontwaking te bring waaraan ons, ons lewe en al ons kragte wy.
(Lees ook: Deut. 4:5-8; Jer. 33:9; Miga 4:1-4; Jes. 60:1-4).

Ons sal verbly en verheug voel as ons weet dat hierdie boodskap u gelei het om Gods Woord opnuut te ondersoek. U sal sien wat ‘n heerlike roeping ons het. Dit sal u naderbring aan die Kruis van Gólgota en u vurig laat soek om vervul te word met die Heilige Gees en aangedoen te word met krag uit die hoogte sodat u sy getuie kan wees en sodoende ook u roeping kan vervul as ‘n lid van die uitverkore volk van God.
Lees dan die boek van Deuteronómium in hierdie lig, en kyk hoe dit vir u een van die wonderlikste boeke in die Bybel sal word. Dit sal vir u laat opspring van vreugde wanneer u besef dat waar God hier met Israel praat, Hy vandag met ons Blanke Westerse Protestantse Nasies praat.
In Deut. 4:20 sê Moses bv. Aan Israel:

> “Maar die HERE het julle geneem en julle uit die yster-smeltoond, uit Egipte, uitgelei om **sy erfvolk te wees** soos dit vandag is”.

Ons, **vandag**, is daardie selfde erfvolk van God.
Dit is omdat die werklikheid dikwels vreemder klink as die fantasie (“Fact is stranger than Fiction”) dat dit so moeilik is om hierdie heerlike waarheid te snap. Ek is natuurlik heilig oortuig daarvan dat die Satan (vader van die leuen) al die magte van die hel inspan om te verhoed dat hierdie waarheid aan die lig kom. Maar net so seker as wat Jesus sy kerk bou en die poorte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie; net so seker sal ook hierdie waarheid van die Israel identiteit geken word, en sal dit ook bydra, saam met alle waarheid, om ons vry te maak. (Lees Joh. 8:32).

Vier Redes vir Absolute Rasse Segregasie:

In die lig van voorgaande sal dit dus vir ons nou nog makliker wees om te verstaan waarom God so streng beveel het dat Israel nie met ander nasies moes ondertrou nie. Dit sou die **bloedstroom** van God se “**erfdeel**” vertroebel, en dit is net wat Satan wil hê. O, hoe slim is die duiwel, dat hy selfs ‘n wanbegrip van die evangelie gebruik, om rassevermenging te propageer.

In Deut. 7:1-6, gee God **vier redes** waarom Hy Israel beveel het om "apart" te bly.

(1) In vers 4, omdat die heidense nasies die volk van God sou verlei om agter hulle gode aan te gaan. Die argument dat as albei Christene is, dan val hierdie gevaar weg, hou nie strook nie, want die bloedstroom bly nog dieselfde. God het geen kleinkinders nie. Geloof in Jesus Christus verander nie die bloed van die mens nie, en die aard is in die bloed.

(2) Volgens vers 4 sou Israel dan die Lewende God verlaat en agter ander gode aangaan. Dit is presies wat gebeur. Die nasate van sulke egverbintenisse dwaal weg van God om agter vreemde gode aan te gaan. Ons liberaliste en filantrope maak 'n fout as hulle dink dat die deurmekaar trouery van mense die wêreld na God toe sal bring, net omdat geloof in Jesus Christus die enigste maatstaf is. Mense kom nie tot geloof deur om in die huwelik uit te gee, of selfs deur sosiale verkeer met mekaar nie, maar alleen deur die prediking van die evangelie. Jesus het ons beveel om sy getuies te wees in die krag van die Heilige Gees, en om daardeur die Lig in die duisternis te laat skyn. Hy het ons nêrens die reg gegee om die wette van God te verbreek nie.

(3) Israel moes nie met ander nasies vermeng nie, want sy was 'n heilige volk aan God (v. 6). Heilig beteken afgesonderd - afgesonderd vir 'n spesiale doel. Die doel is alreeds beklemtoon. Indien hulle dus hulle bloed vermeng sou hulle nie meer afgesonderd wees nie, en dan ook nie meer aan hulle doel beantwoord nie.

(4) Vers 6 sê dat Israel juis uitverkies is vanuit die volke rondom om God se eiendomsvolk te wees. Hulle sou dus direk teen die bevele en wense van God gaan indien hulle nou weer teruggaan en hulle identiteit onder die ander volkere verloor deur bloedvermenging.

Baie van ons Kerkleiers beskou dit heeltemal Bybels en keur dit goed dat die Jood hom net by homself hou. Sover ek weet het niemand nog 'n lawaai opgeskop oor die feit dat Jode baie sterk daarop staan dat Jode net met Jode moet trou nie, want hulle is mos veronderstel om die Israel van God te wees. (As hulle maar geweet het hoe vermengd en vertroebel die Jood se bloed eintlik is!). Maar wanneer die ware Israel van God haar bloed wil suiwer hou, dan is die veroordeling van wêreldskant en ook uit sommige kerklike kringe verskriklik.

Ons het hier net vier redes gegee waarom God ten strengste verbied het dat Israel met ander nasies moes ondertrou. Daar is baie meer redes, en dit behandel ons in ander artikels wat meer in die besonder net daaroor geskryf is.

Die Boek Josua

Josua was die opvolger van Moses. Die boek Josua vertel ons van die intog in en die verowering van die beloofde land. Dit het 'n magtige toepassing op die geestelike lewe en baie beskou die boek Josua as die Efésiërs van die Ou Testament.

Vir die doel van hierdie reeks egter, sou ek sê dat dit vir ons nog ‘n tiperende uitbeelding is van hoe ons as die moderne Israel onder ons Josua, naamlik Jesus Christus, gaan ingelei word in die beloofde Koninkryk van God op aarde. Josua was ‘n krygsman. So is ons Here Jesus. Wanneer Hy kom om ons uit te red, te verlos en deur te lei deur hierdie op hande synde krisis en konflik gaan Hy optree as die “leërowerste van die HERE”.

Terwyl Josua besig was om die terrein rondom Jérigo te verken en sy planne agtermekaar te sit vir die verowering van die stad, het hy die volgende merkwaardige ontmoeting gehad:

Josua 5:13-15;

13 En terwyl Josua by Jérigo was, slaan hy sy oë op en kyk, en daar staan ‘n man teenoor hom met ‘n ontblote swaard in sy hand; en Josua het na hom gegaan en hom gevra: Behoort U by ons of by ons vyande?

14 En Hy sê: Nee, maar Ek is die leërowerste van die HERE: **Ek het nou gekom**. Toe val Josua met sy aangesig op die grond en buig hom neer en vra Hom: Wat wil my Here vir sy dienskneg sê?

15 Toe sê die leërowerste van die HERE vir Josua: Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilig. En Josua het so gedoen.

Dit was niemand anders as ons Here Jesus self nie soos baie gou sal blyk uit ‘n studie van al die Skrifte wat met hierdie gedeelte in verband staan (Vgl. Open. 19:1 1-12).

Die verhaal van die val en inname van Jérigo is wel bekend. Ongesiene engelehande het daardie mure omgestamp. Die leërowerste van die HERE, Jesus Christus, het hulle aangevoer. Dit was Hy wat as die Engel van God met die deurtog deur die Rooi See voor Israel uitgetrek het.

Exodus 14:19;

En die Engel van God wat voor die leër van Israel uitgetrek het, het daar weggegaan en agter hulle aan getrek - - - - - - -”.

In 1 Kor. 10:4, sê Paulus dat die rots wat hulle gevolg het Christus was.

Vir Petrus het Hy gesê dat Hy maklik twaalf legioene van engele kon ontbied as Hy wou om Hom uit sy benoudheid te verlos - (Matt, 26:53).

Hy het nog altyd oor sy volk die wag gehou. Ons sal dit nog baie sien soos ons voortgaan met hierdie studie. Dit is dan Hy wat vir ons sal kom verlos wanneer die godlose hordes van die Ooste teen ons aanstorm. Hy sal vir ons ‘n weg baan deur die Rooi See van Bloed wanneer Armagéddon in al sy woede vlam. Dit is Hy wat ons Josua sal wees om ons in die Kanaänland van sy Duisendjarige Vredesryk in te lei en ons te laat neerlê by groen weivelde langs waters waar rus is.

Psalm 22, beeld profeties Sy lyde aan die Kruis uit;

Psalm 23, wys profeties op die rus, vrede en beskerming in Sy Koninkryk;

Psalm 24, op Homself as die Erekoning, die Koning van die konings en die Here van die here.

Ons sien ook weer dieselfde in Josua 10, waar Josua gebied het dat die son en die maan moes stilstaan totdat hy klaar was met die geveg.
In Josua 10:14 lees ons;

> En daar was geen dag soos hierdie een, voor hom en ná hom, dat die HERE na die stem van 'n man geluister het nie: **want die HERE het vir Israel gestry.**

Wanneer Gog en Magog (Rusland en al die hordes saam met hom) ons binnekort aanval sal God weer tot ons hulp tussenbei tree en dan sal dit so gaan:
Eségiël 38:22-23;

22 En Ek sal met hom in die gereg gaan deur pes en deur bloed; en oorstromende stortreën en haelstene, vuur en swawel op hom laat reën en op sy leërs en op baie volke wat saam met hom is.

23 So sal Ek My dan as groot en as heilig laat ken, en Myself bekend maak voor die oë van baie nasies; en hulle sal weet dat Ek die HERE is.

Vgl ook Eségiël 39:7, 21,22.
Jesus die Christus (Messías) is waarlik die leërowerste van God, ons Leidsman en ons Koning. Hy het Homself verneder en die Lam van God geword wat die sondes van die wêreld wegneem, ook die van Israel:
Jesaja 53:8;

> " - - - - Terwille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom.

Openbaring 19:11;

> Maar wanneer Hy weer kom, kom Hy om te oordeel en **oorlog te voer** in geregtigheid.

Dit is dan ook in hierdie lig wat ons die boek van Josua moet lees. Dit was 'n tyd van **oorlog en verowering**: van **in besitname** van dit wat deur die vyand bewoon was, maar wat aan Israel behoort het volgens die **belofte van God**. Die leier was Josua, die volk was Israel en die land was Kanaän.

Ons leef ook aan die **einde** van hierdie **dispensasie**; dit is 'n tyd van **oorlog,** beide volgens die **Bybel** en soos ons self maar alte goed besef volgens wat in die wêreld aangaan. Die leier gaan Jesus (ons Josua vir hierdie tyd) wees. Die einddoel is Kanaän - hierdie aarde wat op die oomblik deur **sonde** en **Satan** beheer en besit word. Wanneer die stryd verby is, sal dit "'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde" wees, waarin geregtigheid woon en wat volgens al die profete, sal vloei van melk en heuning.
En die volk?
Wie sal dit wees?
Nog steeds Israel, al die profete verklaar dit.
En Israel is ons - die Westerse Blanke Protestantse Nasies wat op die oomblik deur die heiden bedreig word - dieselfde heidene as in die dae van die Bybel.
En ons is dieselfde volk van God as in die dae van die Bybel - ons is Israel!

Die Skrif kan nie gebreek word nie - (Joh. 10:35);
En die geskiedenis is nie 'n klomp los onsamehangende insidente nie.

Hoofstuk 10

Transkripsie van kasset nr. L36

Oorloë en Gerugte van Oorloë ---
Dit is nog nie die einde nie - (vgl. Matt. 24:6).

Daar het baie belangrike dinge in die wêreld plaasgevind sedert ons laaste hoofstuk. Dit is vandag die 14 Junie 1967.
Die belangrikste gebeurtenis van die jongste afgelope tyd is sekerlik die oorlog tussen die Jode en die Arabiere van verlede week. Soos die wêreld sê was dit in minder as ‘n week verby. Dit word gesê dat van begin tot einde het dit skaars vier dae geduur.
Dit is egter nie so eenvoudig as wat dit lyk nie. Daar gebeur dinge agter die skerms waarvan die gewone mens niks van weet nie. ‘n Groot Staatsman het eenkeer gesê dat die beste manier om iets te verberg, is om baie daaroor te praat; woorde is een van die doeltreffendste middele om iets mee toe te smeer.

Die stryd in die Midde-Ooste is al lankal aan die gang. Die publiek weet maar net wat hulle in die koerante lees en deur die nuuskanale ontvang. Boonop is die situasie ook nog baie ingewikkeld en kompleks. Daar is baie faktore in die saak betrokke. Soos in enige drama is sommige van die karakters wat daarin optree glad nie die persone wie jy dink dat hulle in die begin is nie. Dit is eers aan die einde, in die klimaks, dat die ware onthulling kom, en dat jy sien wie die werklike held en wie die werklike skurk is.

Dit is ook so in hierdie opsig. Moet nie vir u laat mislei dat daar nou vrede in die Midde-Ooste is nie. Die oorlog is nie verby nie. Dit was maar net ‘n vonk wat uit ‘n smeulende vuur gespat het. Die vulkaan sal nog uitbars wanneer Armagéddon kom.
Luister:
Jeremia 25:31-33;

31 Oorlogsrumoer het gekom tot by die einde van die aarde, want die HERE het ‘n twis met die nasies, Hy hou gerig oor alle vlees. Die goddelose -- aan die swaard het Hy hulle oorgegee, spreek die HERE.

32 So sê die HERE van die leërskare: Kyk, onheil gaan uit van volk tot volk, en ‘n groot storm (Kernbomme wat ontplof) word opgewek uit die agterhoeke van die aarde.

33 En die wat deur die HERE verslaan is, sal dié dag lê van die een einde van die aarde tot die ander einde van die aarde; hulle sal nie beklaag of versamel of begrawe word nie; hulle sal mis op die aarde wees.

Sien ook Jer. 23:19-20; Jer. 30:23-24.
Let op hoe word dit beklemtoon dat: “aan die einde van die dae sal julle dit verstaan”.

Wanneer hulle sê: Vrede en Veiligheid, dan Skielik Verderf

Voordat hierdie uitbarsting in die Midde-Ooste gekom het, het ons gewaarsku dat mense nie moet dink dat dit nou dadelik sal ontwikkel in Wêreldoorlog Nr. 3 nie. Ons het verwag dat daar ‘n tyd van verademing (verligting) na ‘n tyd van vrees en spanning sou kom, want Paulus het geskryf:

> Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid - dan oorval ‘n skielike verderf hulle soos die barensnood ‘n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie - (1 Thess. 5:3).

‘n Verrotte wêreld wat net uit is op ontvlugting en gejaag na singenot, gryp na elke geleentheid en voorwendsel om die werklikheid van die lewe te ontduik en homself te vergryp aan wat die luste sal bevredig. Jesus het gesê dat sy koms ‘n wêreld sal aantref soos dit was in die dae van Noag toe hulle “geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, - - - en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook wees die koms van die Seun van die mens” - (Matt. 24:38, 39).

Pas op dat niemand julle mislei nie –

(Matt. 24:4).

Ons lewe in die eeu van misleiding. Feitlik alles en almal is daarop uit om te mislei - advertensies, mense, koerante, propaganda, diplomasie, en so sou ons kon voortgaan. Ons lewe in die tyd van die groot leuen. So erg het dit geword dat selfs Godsdiens gebruik word om te mislei. Die toestand is vandag so dat daar is so baie stemme wat rondgaan en sê: “Volg my, ek het die waarheid”, dat mense amper nie eers meer die waarheid kan of wil erken wanneer dit werklik na hulle gebring word nie. Saam met ‘n oorblufte en oorrompelde Pilatus wring die mensdom sy hande saam en vra hulpeloos: “Wat is waarheid?” - (Joh. 18:38). Is dit toevallig dat dit die Jood was wat Paulus in hierdie toestand gekry het?

Die Groot Leuen aangaande Palestina

So is ‘n naïewe en kinderagtige wêreld volkome gebreinspoel en gekondisioneer om die huidige toestand in Palestina te aanvaar as heeltemal Bybels. Oral word daar nou gekraai en gesê: “Sien jy, ek het jou mos gesê, die Jode is die volk van God. Kyk, hoe het hulle nou die Arabiere op ‘n wonderbaarlike manier kafgeloop”.

Dit is nog geen Skriftuurlike bewys dat die Jode die volk van God is nie. Dan moet die Viëtnamese ook die volk van God wees en die Amerikaners die heidene, want ‘n klein agterlike ou landjie soos Noord Viëtnam pen nou al vir jare die magtige Amerika daar vas. Dan moes Rusland ook die volk van God gewees het, toe sy vir Duitsland in die afgelope wêreldoorlog afgeslaan en uit haar gebied verdryf het.

Nee, ons het nog nie die einde van die verhaal gehoor nie. Die drama gaan meedoënloos voort. Die gordyn moet nog opgaan vir die slot toneel - dan eers sal die groot ontmaskering kom, en die ware karakters ontbloot word.
In hierdie reeks tot dusver, het ons nou al genoeg feite na vore gebring om te bewys dat die Jode van vandag net uit Juda en Benjamin en ‘n klein gedeelte van Levi kom. En dat boonop, selfs met dit, hulle onsuiwer is omdat daar baie vreemde, nie-Israelitiese elemente, die Jodedom binnegekom het. Dit het meegebring dat die oorgrote meerderheid van die Jode van vandag nie eers van Jakob afstam nie. Hulle het dus vir **twee baie vername redes** geen alleen aanspraak op Palestina nie.
Eerstens is die beloofde land aan al twaalf stamme beloof, en die Jode is uit die Huis van Juda, wat maar die twee stamme verteenwoordig.
Tweedens is die oorgrote meerderheid van die hedendaagse Jood van non-Israelitiese afkoms, en het dus geen aanspraak op een vierkante sentimeter van Palestina nie.
Vanaf voor die geboorte van Christus het die Jode proseliete uit vreemde nasies gemaak en hulle in die Joodse nasie geïnkorporeer. So het hulle bv. in die jaar 125 v.C. die Idumeërs (afstammelinge van Esau, en dus geen erfgename van die belofte nie) met geweld by hulle ingelyf.
In die agste eeu na Christus het die Khazars ook die Joodse geloof aangeneem en dus “Jode” geword.
In sy boek “The Iron Curtain over America” (‘n Moet vir elkeen wat die toestand van die wêreld werklik wil verstaan) skryf John Beaty as volg oor die Khazars:-
“Die Khazars was blykbaar ‘n gemengde ras van Mongoolse en Turkse herkoms. Volgens - - -
[A History of the Jews deur Solomon Grayzel van Philadelphia (The Jewish Publication Society of America, 1945)]
- - - het ‘n baie oorlogsugtige en half-mongoolse ras, soortgelyk aan die hedendaagse Turke, om en by die jaar 600 n.C. die gebied wat vandag bekendstaan as Suid-Rusland, beset. Dit het nie lank geduur nie of die koninkryk (Khanate) van die Khazars (dit is die naam van hierdie stam) het vanaf die Kaspiese tot by die Swart See gestrek. Die hoofstad, Ityl, het aan die mond van die Volga Rivier gelê.
In die agste of negende eeu van ons jaartelling het ‘n Khanan (d.i. min of meer gelykstaande aan ‘n stamhoof of outydse koning) van die Khazars gesoek na ‘n geloof vir sy heidense volk. Miskien gedeeltelik vanweë die broeiende spanning tussen die Christendom en die aanhangers van die Mohammedaanse geloof (Mohammed het in die jaar 632 gesterf), en gedeeltelik uit vrees dat hy oorrompel sou word of deur die Bizantynse Keiser of deur die Kalif van Islam - - - - -
(Ancient Russia p. 291).
- - - - - het hy ‘n vorm van Joodse geloof aanvaar in die jaar 741 n.C. soos algemeen aanvaar, maar - - - - -
(Vernadsky, in sy boek Ancient Russia, Yale University Press, 1943),
- - - - - stel dit vas op die jaar 865.

Volgens die “Universal Jewish Encyclopedia (Vol. 6, pp. 357-377)” het hierdie stamhoof, heel moontlik Bolan, ‘n beroep gedoen op verteenwoordigers van Judaïsme, Christendom en Mohammedanisme om hulle leerstellinge aan hom te verduidelik. Hierdie bespreking het hom oortuig dat die Joodse geloof die mees aanvaarbare was, en hy het besluit om dit aan te hang. Daarop is hy en ongeveer 4,000 Khazars besny, en geleidelik het die Joodse leerstellings by sy volk inslag bevind.

In sy “History of the Jews” (The Jewish Publication Society of America, Vol. 111, 1894, pp. 140-141), gee Professor H. Graetz die volgende verdere besonderhede:
‘n Opvolger van Bulan, wat die nuwe naam van Obadja ontvang het, was die eerste om ‘n ernstige poging aan te wend om die Joodse geloof onder sy volk te bevorder. Hy het Joodse heiliges uitgenooi om hulle in sy gebied te kom vestig. Hy het hulle mildelik beloon, vir hulle sinagoges gebou en homself en sy onderdane uit die Bybel en die Talmud laat onderrig en hulle godsdiens op die Joodse patroon laat modelleer. Na Obadja (Bulan) het ‘n lang opvolging van Jood se Khagans (stamhoofde, of konings) gevolg, want volgens die grondwet van hulle staat kon alleen Joodse heersers die troon bestyg.” -- Tot sover Iron Curtain over America.
Jesus het die Jode van sy tyd aldus beskuldig:
Matthéüs 23:15;

> Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak julle hom ‘n kind van die hel, twee maal erger as julle self.

So sou ons kon voortgaan om aan te toon dat ruim nege uit elke tien Jode van vandag nie van oorspronklike Israel afkoms is nie, maar dit alleen geword het vanweë die aanvaarding van die Joodse geloof. Volgens die Judaïsme is dit nie jou afkoms wat van jou ‘n Jood maak nie, maar die aanvaarding van die Joodse geloof. Ons het verskeie kere in hierdie boek reeds op hierdie baie belangrike saak ingegaan.
Volgens die ou opgrawings en geskiedenisse van die heidense konings in die dae van die Bybel het die ware Israeliete gelyk soos ons Blanke Westerse Protestantse Nasies vandag lyk - slank van liggaamsbou, langkoppig, blonde hare met blou oe, reguit neus. En die ou heidense nasies soos die Hetiete en die Siriërs bv. het gelyk soos die tipiese Jood van vandag: kort en dik (stocky) van liggaamsbou, rondkoppig, donker hare en oë, groot knopperige neus. Met ander woorde, die Satan het dit reggekry om die wêreld opvatting aangaande Israel net mooi om te keer. Ons Christen Nasies van die Weste, wat die ware Israel is, word beskou as die nakomelinge van die heidene van die Bybel tyd, en die wat vandag as die volk van God beskou word, is eintlik die nakomelinge van die heidene van die dae van die Bybel. Die mikpunt hiermee, het ons in vorige hoofstukke al verduidelik. Die implikasies is van die aller gewigtigste betekenis! Ons het hier nie met kinderspeletjies te doen nie!.

Die Joodse Voorkoms

Op hierdie aspek het ons ook al ingegaan en ons vra u om dit tog verseker weer na te gaan. Maar nou met hierdie Joods-Arabierse Oorlog het u weer baie foto's van die Jode in Palestina gesien. U het gesien dat hulle feitlik van alle kleure en liggaamsvorm en liggaamsbou is: vanaf die heeltemal Westerse Tipe tot by die heeltemal Turkse en Siriese en Ismaelitiese tipe. Het dit u nie opgeval hoe kan dit dan wees nie?

As hulle almal van die ware Israel is, moet hulle mos min of meer homogeen wees, nie waar nie? Hulle maak dan juis aanspraak op Palestina omdat dit veronderstel is om die land te wees wat aan hulle voorvaders behoort het; met andere woorde, die land is beloof aan diegene wat die nasate is van Jakob deur bloed (afkoms) en nie diegene wat die Joodse geloof deur die eeue heen aangeneem het, en dus van ander nasies afstam nie.

U sou ook opgemerk het dat maar 'n klein persentasie van die Jode wat u ken en van wie u foto's in die koerante sien soos die Wes Europeaan lyk. Hierdie laasgenoemde tipe is die ware afstammeling van die ware Juda en Benjamin en daarom lyk hy ook soos sy rasgenote, die afstammelinge van die ander tien stamme van Israel. Hierdie laasgenoemde word ook vervolg deur die ander tipe. In Palestina is daar vandag 'n sekere seksie van die ou Ortodokse Jode wat nie die huidige Israeli Staat erken nie, omdat hulle sê dat volgens die Skrifte die ware Staat van Israel alleen met die wederkoms van Christus tot stand sal kom. Sien berig ten dien effekte in Die Vaderland (Afrikaanse Dagblad) van 8 Junie 1967.

Israel sal terugkeer met die Wederkoms van Christus

Nou dit is juis ons standpunt en ons is bly om te sien dat dit deur 'n seksie van die Ortodokse Jode onderskryf word. Volgens al die profete sal die ware Israel, verteenwoordig deur al twaalf stamme, terugkeer wanneer Jesus kom om as Koning van die hele wêreld vanuit die Nuwe Jerusalem te regeer.
Hy sal hulle terugbring en hulle sal nie oorlog na hulle terugkeer hê nie. Hulle sal ook nie meer in hulle bose weë wandel nie. Daar sal ook nie meer enige vrees van vyand of van hongersnood wees nie. Die nasies rondom hulle sal hulle erken, eerbiedig, en leiding van hulle ontvang. Nie een van hierdie voorwaardes voldoen aan die huidige sogenaamde Israeli Staat nie. Inteendeel, net die teenoorgestelde is die geval (Ek gee die Skrifte verderaan in hierdie boek). En wat meer is, die ergste kom nog. Daar gaan nog 'n groot bloedbad in Palestina wees en die oorgrote meerderheid van die Jode daar sal nog omkom.

Luister: Sagaría 13:8-9;
8 En in die ganse land, spreek die HERE, - **twee derdes** sal daarin **uitgeroei word**, sal sterwe, maar **een derde** daarin **oorbly.**

9 Dan sal Ek die derde deel in die vuur bring en hulle smelt soos ‘n mens silwer smelt en hulle toets soos ‘n mens goud toets. Hulle sal my Naam aanroep, en Ek sal hulle verhoor. Ek sê: Dit is my volk! En hulle sal sê: Die Here, my God!

Dit is in hierdie oordeel dat die oë van die Huis van Juda, diegene wat onder die huidige omstandighede, en onder ‘n verkeerde indruk, teruggekeer het na Palestina, se oë sal oopgaan, en dan sal:

Sagaría 12:10 waar word;

> Maar oor die huis van Dawid en die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos ‘n mens rouklaag oor ‘n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos ‘n mens bitterlik ween oor ‘n eersgebore kind.

Net voor dit sal al die nasies teen Jerusalem vergader om dit te beleër en daarteen oorlog te voer - (Sagaría 12:2- 3; Sag. 14:1-3).

Hier moet nou iets baie belangriks onthou word:

Die **ware** Israel word nie onder die **nasies** gereken nie.

Bíleam sê vir Balak:

> “- - - - - - - Kyk, ‘n volk wat afgesonderd woon en hom **by die nasies nie reken nie**” - (Núm. 23:9).

Daar was nog altyd ‘n element in die ware Israel wat vierkant gestaan het teen rassevermenging. Suid-Afrika is miskien vandag nog alleen hierin, maar sy het haar bondgenote in die Suidelike State van die Verenigde State van Amerika. Wes Europa sal netso reageer wanneer die kleurgolf werklik teen haar kuste begin spoel. Dit is so jammer dat sy op die oomblik nog blind is vir haar identiteit en toelaat dat so baie van haar bloed besoedel raak deur rassevermenging. Maar het die Heer nie telkemale gekla oor die blindheid van sy volk nie?

(Sien Jes. 42:18-19; Jes. 43:8; Jes. 56:10).

Dus sal die Westerse Nasies in hierdie komende krisis nie onder die nasies tel wat teen Jerusalem sal opruk om dit te beleer nie, want hulle is van Israel. Dus sal God se toorn nie teen hulle ontvlam nie soos in:

Sagaría 14:3;

3 En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog.

Om die waarheid te sê, die Westerse Nasies, sal teen hierdie tyd feitlik lamgelê wees deur die verrassingsaanval van Gog - (Sien 1 Thess. 5:3) teen hulle deur middel van kernbomme. Terselfdertyd sal die vyand wat vir jare lank homself al ingegrawe het in al ons sleutelposisies, ons deur sabotasie en die opsweping van sekere elemente binne ons grense, ons feitlik oneffektief gemaak het vir enige poging in die Midde-Ooste.

(Lees ons artikel: “Rusland in Profesie”, en ons boek: “Die boek van Joël, Sy Profetiese Boodskap en Waarskuwing).

Dit is dan wanneer die Heer die oorgeblewenes van Jerusalem skielik sal aandoen met bonatuurlike krag om die vyand te verslaan. Die engele sal baie beslis hierin 'n groot rol speel.
Lees eers Sag. 14:2 en dan Sag. 14:3 en dan Sag. 12:1-10.

Só sal die ware Israel terugkeer na die Beloofde Land

Matthéüs 24:31;

En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

Jesaja 43:5-7;

5 Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; Ek sal jou nageslag van die ooste af aanbring en jou versamel van die weste af.

6 Ek sal sê vir die noorde: Gee! en aan die suide: Hou nie terug nie! Bring my seuns van ver, en my dogters van die einde van die einde van die aarde af,

7 elkeen wat na my Naam genoem is en wat Ek geskape het tot my eer, wat Ek geformeer wat Ek ook gemaak het.

Jesaja 43:1;

MAAR nou, so sê die HERE, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!

Jesaja 43:20;

- - - - - Ek gee waters in die woestyn, riviere in die wildernis om my volk, my uitverkorene, te laat drink.

Jesaja 44:1-2;

1 MAAR luister nou, my kneg Jakob, en Israel wat Ek uitverkies het!

2 So sê die HERE, jou Maker en jou Formeerder van die moederskoot af, wat jou help: Wees nie bevrees nie, Jakob, my kneg, en Jesúrun wat Ek uitverkies het!

Jesaja 45:4;

terwille van Jakob, my kneg, en Israel, my uitverkorene - - -

Hierdie Skrifte gee ons om te toon dat die letterlike Israel God se uitverkorene is, en dat sy uitverkorene alleen bymekaargemaak sal word met die wederkoms van Christus volgens - Matt. 24:31.
Verder sal u sien dat volgens Matt. 24:29-30, hierdie bymekaarmaak eers **na** die **verdrukking** van daardie dae sal plaasvind en nie voor nie. Volgens die meeste mense is die stigting van die huidige Staat van Israel op die 16de Mei 1948 alreeds die terugkeer van al twaalf die stamme van Israel na die beloofde land. Waar was die engele wat hulle moet terugbring; waar was die wederkoms van Christus waarmee dit moes saamval; waar was "die verdrukking van daardie dae" - (Matt. 24:29) waarop dit moes volg? Kan u sien onder watter hopelose waan

die wêreld verkeer? Sal u ons nie help en bystaan om die waarheid onder die aandag van ons volk te bring nie? Een manier is om hierdie boek grondig te bestudeer, dan met andere daaroor te praat en 'n paar van hierdie feite onder hulle aandag te bring. Indien hulle dan belangstel kan u hulle vra om self hierdie boek te bestel en dit te bestudeer.
Maar ons gee u nog meer Skrif om u te bewys dat die huidige Israeli Staat nie die terugkeer van die volle twaalf stamme na die beloofde land is nie.
Deuteronómium 30:1-6;

1 EN as al hierdie dinge oor jou kom, die seën en die vloek wat ek jou voorgehou het, en jy dit ter harte neem onder al die nasies waarheen die HERE jou God jou verdryf het,
2 en jy jou **tot die HERE jou God bekeer** en na sy stem luister net soos ek jou vandag beveel, jy en jou kinders, **met jou hele hart en met jou hele siel**,
3 dan sal die HERE jou God jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen die HERE jou God jou verstrooi het.
4 Al was jou verstrooides aan die einde van die hemel, daarvandaan sal die HERE jou God jou versamel, en daarvandaan sal Hy jou gaan haal.

(Vgl. Matt. 24:31)

5 En die HERE jou God sal jou bring in die land wat jou vaders in besit geneem het, en jy sal dit in besit neem; en Hy sal aan jou goed doen en jou vermenigvuldig meer as jou vaders.
6 En die HERE jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe.

Die huidige "Israelis" het nie as bekeerdes teruggekeer nie, hulle luister nie na die stem van God nie en hulle is onbesnede van hart. Weer sê ons, hulle inbesitname van die land is onder valse voorwendsels en nie volgens die Skrif nie.
Ons sien dus verder uit hierdie gedeelte van die Skrif dat:
(a) Israel verstrooi sou word indien sy ongehoorsaam is - v.1.
Vergelyk Deut. 28:63-68.

(b) Die toekomstige bekering van Israel terwyl sy nog in verstrooiing is - v.2.

(c) Die herstel van die volk tot die land - v. 5.
Vergelyk Jesaja 11:11-13; Jer. 23:3-8; Eségiël 37:21-25.

(d) Dit sal 'n nasionale bekering wees - v. 6.
Vergelyk Romeine 11:25-27; Hoséa 2:l3-19.
Eségiël 11:15-20 dra dieselfde boodskap en lees ons in:

15 Mensekind, jou broers, jou broers - - - - -

(let op die dubbele herhaling van die woorde, wat dui op spesiale erns en beklemtoning - (vgl. Deut. 17:6; Deut. 19:15; 2 Kor. 13:1),

> - - - die manne wat aan jou verwant is, en die hele huis van Israel, almal saam, van wie die inwoners van Jerusalem sê: Bly ver van die HERE af, aan óns is dit, die land, as besitting gegee.

Dit is presies wat die "Israelis" vandag doen. Hulle eien vir hulleself die alleenreg op Palestina toe en vra die Westerse Nasies se hulp om die land te verdedig, samel miljoene daarvoor in die Westerse Lande in, maar sê vir hulle, bly weg, die land is ons s'n. Let daarop, hulle word genoem "die inwoners van Jerusalem"; met andere woorde die Heilige Gees (sien 2 Pet. 1:21) noem hulle nie eers Juda of die huis van Juda nie, maar "die inwoners van Jerusalem", 'n mengelmoes wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan - Open. 2:9; Open. 3:9.

Dit is dan net asof God hulle hierop antwoord deur as volg voort te gaan in: Eségiël 11:16-20;

16 Daarom sê: So spreek die Here HERE: Omdat Ek hulle ver weggedryf het onder die nasies, en omdat Ek hulle verstrooi het in die lande en Ek vir hulle 'n kort rukkie 'n heiligdom geword het in die lande waar hulle gekom het -

17 daarom sê: So spreek die Here HERE: Ek sal julle bymekaarmaak uit die volke en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is, en Ek sal aan julle die land van Israel gee.

18 En hulle sal daarnatoe kom en al sy verfoeisels en al sy gruwels daaruit verwyder.

19 En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee,

20 sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen; en hulle sal vir my 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees.

Ook hierdie Skrif is nie deur die "Israelis" vervul nie. Hulle het met geweld en met lis die Engelse in 1948 gedwing om die mandaat prys te gee, en die Arabiere met 'n skrikveldtog van moord en doodslag uit hulle tuistes verdryf. Moet nie vir u in u vertolking van die Skrif laat mislei deur die feit dat Rusland op die oomblik aan die kant van die Arabiere is nie. Dit is maar net omdat Rusland ook die Midde-Ooste wil hê in haar uitreiking na wêreldoorheersing. U moet die saak in sy geheel beskou. Die feit bly nog dat die internasionale Jood die leier is in die kommunisme.

Die uitslag van die botsing tussen die Jode en die Arabiere het die Weste, en ook vir Suid-Afrika 'n blaaskans gegee, reg genoeg, maar moet nie daardeur mislei word nie. Kry 'n geheel beeld. Dit maak nog gladnie van die Jood in die besonder 'n beskermer van die Christelike lewenswyse nie, of van die Sionis wat uit is op wêreldoorheersing, iemand wat tevrede sal wees dat dinge nou net so sal bly as wat dit op die oomblik is nie.

Hy wil nog sien dat die mag van die nasies heeltemal gebreek word, sodat hy as alleenheerser van die wêreld uit die stryd sal tree. U moet onthou dat die Messiaanse Visie van die Jood nie net die besit van die land Palestina is nie. Nee, saam met die besit van Palestina gaan die heerskappy oor die hele wêreld; daarvolgens sal Jerusalem nie alleen die hoofstad van die Beloofde Land wees nie, maar van die hele wêreld.

Indien die Jode dan alleen die "uitverkore volk" is, dan is hulle ook volgens die profete, die alleenheersers van die wêreld. Dit is hulle visie op die oomblik. Dit is ook hulle dryfkrag. Dit is waarom hulle ook vir niks sal stuit nie, hulle beskou dit as 'n opdrag van God en die Ou Testament soos in die Talmud vertolk, as hulle mandaat.
Alle nie-Joodse Nasies is volgens hulle die heidene - (goyim) en is hulle heeltemal geregtig om hulle uit te buit omdat hulle die uitverkore volk van God is. Ons weet dat hierdie woorde die kreet van anti-Semitisme teen ons sal laat opklink. Ons is dit nie. Ons is vir die waarheid. Jesus Christus ons Saligmaker moes vir hierdie selfde waarheid aan die Kruis sterf. Dit is dieselfde Jode wat Hom laat kruisig het. Hulle was nie van Abraham nie, maar van hulle vader die duiwel.
Luister mooi na hierdie gesprek tussen Jesus en die Jode:
Johannes 8:37-45;

37 Ek weet dat julle die geslag van Abraham is; maar julle probeer om My om die lewe te bring, omdat my woord geen ingang in julle vind nie.
38 Ek spreek van wat Ek by my Vader gesien het, en julle doen ook wat julle by jul vader gesien het.
39 Hulle antwoord en sê vir Hom: Ons vader is Abraham. Jesus sê vir hulle: As julle die kinders van Abraham was, sou julle die werke van Abraham doen;
40 maar nou probeer julle om My om die lewe te bring, iemand wat aan julle die waarheid vertel het, wat Ek van God gehoor het. Dit het Abraham nie gedoen nie.
41 Julle doen die werke van jul vader. Toe sê hulle vir Hom: Ons is nie uit ontug gebore nie; ons het een Vader, naamlik God.
42 En Jesus sê vir hulle: As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur.
43 Waarom ken julle my spraak nie? Omdat julle na my woord nie kan luister nie.
44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.
45 Maar omdat Ek die waarheid spreek, glo julle My nie.

Ons het in vorige hoofstukke hierdie saak aangeroer, en herhaal dit hier omdat dit so belangrik is. Dit is nog daardie selfde addersaad wat vir Jesus na die Kruis gestuur het, wat vandag nog die Internasionale Jodedom onder leiding van die Sionisme aanvoer.

Die Gesamentlike Roeping en Toekoms van Juda en Israel

Vir die egte Jood, dit wil sê die Jood wat van die huis van Juda afkomstig is, wag daar heerlike beloftes van herstel. Saam met die nakomelinge van die huis van Israel, soos ons hulle vind in die Blanke Westerse Protestantse Nasies, sal hulle in die komende uur van benoudheid (die benoudheid van Jakob - (Jer. 30:7) 'n grondige wedergeboorte ondergaan. God sal sy Gees oor hulle uitstort en die gespaardes uit hulle onder ons Here Jesus as Koning terugneem na die Land van Belofte. Vandaar met Jerusalem as hoofstad sal Hy deur hulle die wêreld regeer. Dit sal nie 'n wêreldregering van geweld of uitbuiting wees nie, maar van vrede en van diens.

Daar sal geen oorlog wees nie, ook geen hongersnood of droogtes of peste of siektes nie. Die reën sal op sy tyd val en die aarde sal oorvloedig voortbring. Selfs die woestyn sal bloei en na 'n blomtuin lyk. Niemand sal vrees nie. Die regering sal 'n regering van geregtigheid wees. Blydskap en sang en vreugde sal terugkeer na die aarde. Die mens sal weer 'n hoë ouderdom bereik, daar sal weer tyd wees vir die skoon en hoër dinge van die lewe. Niemand sal hoef te swoeg en stry vir 'n lewensbestaan nie. Die aarde sal gewillig wees, die wolke sal reën gee, die berge sal van mos drup. Die motief sal diens wees in plaas van profyt.

Dit was nooit die bedoeling van ons Skepper om een nasie of groep van nasies te bevoordeel ten koste van ander nasies nie. Hy het Israel gekies om die wêreld te dien, nie te oorheers nie. Geen enkeling, groep of nasie kan dit doen sonder 'n grondige wedergeboorte nie. Daar is geen geboorte sonder pyn nie.
Hier volg 'n paar gedeeltes uit die Skrif om bogaande stellings oor die seën vir die hele wêreld, na die terugkeer van 'n verenigde en bekeerde Israel na die land, te staaf:
Miga 4:1-4;

1 EN aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom.

2 En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, - - -

(al 12 Stamme),

- - - dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.

3 En hy sal oordeel tussen baie volke en regspreek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.
4 Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van die HERE van die leërskare het dit gespreek.

In die Skrif beteken 'n "berg" - (Miga 4:1) 'n groot aardse koninkryk - (vgl. Dan. 2:35); "heuwels" beteken kleinere koninkryke.
Hierdie gedeelte konstateer dus:
(a) Uiteindelike vestiging van die koninkryk met Jerusalem as hoofstad (v. 1);
(b) Die wêreld wydheid (universality) van hierdie toekomstige koninkryk (v. 2);
(c) Sy aard - vrede (v. 3); Sy uitwerking - voorspoed.
Vergelyk ook Jesaja 2:1-5; Jesaja 11:1-12.
Jesaja 55:12-13;
12 Want met vreugde sal julle uittrek en met vrede gelei word; die berge en heuwels sal voor julle in gejubel uitbreek, en al die bome van die veld in die hande klap.
13 Vir 'n doringboom sal 'n sipres opgaan; vir 'n distel sal 'n mirteboom opgaan; en dit sal vir die HERE wees tot 'n naam, tot 'n ewige teken wat nie uitgeroei sal word nie.
Joël 3:16-18;
16 En die HERE brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem, sodat hemel en aarde bewe. Maar die HERE sal 'n toevlug wees vir sy volk en 'n skuilplek vir die kinders van Israel.
17 Dan sal julle weet dat Ek die HERE julle God is, wat woon op Sion, my heilige berg; dan sal Jerusalem 'n heiligdom wees waar geen vreemdes meer deur sal trek nie.
18 En op dié dag sal die berge drup van mos - - -

("jongenwyn" Nuwe Hollandse Vertaling:
Vgl. Matt. 26:29; Luk. 22:18; Joh. 2:10; Amos 9:14)
- - - en die heuwels vloei van melk en al die spruitjies van Juda stroom van water; en uit die huis van die HERE sal daar 'n fontein uitkom om die dal van Sittim te besproei.
Amos 9:9-15;
9 Want kyk, Ek gee bevel en sal die huis van Israel onder al die nasies skud soos 'n sif geskud word, maar daar sal geen korrel op die grond val nie.
(Die ware Israel sal sy identiteit behou).
10 Al die sondaars van my volk sal deur die swaard sterwe, die wat sê: Die onheil sal ons nie bereik en ons nie ontmoet nie.
11 In dié dag sal Ek die vervalle hut van Dawid weer oprig - - -

(vgl. Hand. 15:16, 17),

- - - en Ek sal sy skeure toebou, en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd;

12 sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom - - -

(Edom is foutief, dit moet wees Adam - mens)

- - - en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die HERE wat dit doen.

13 Kyk, die dae kom, spreek die HERE, dat die ploeër die maaier inhaal, en die druiwetrapper die saadsaaier; - - -

(Dit is hoe oorvloedig die aarde haar opbrengs sal lewer);

- - - en dat die berge van mos sal drup, en al die heuwels daarvan oorvloei sal wees.

14 En ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet.

15 En Ek sal hulle plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê die HERE jou God.

(Nêrens sê dit dat hulle weer daarvoor sal hoef te veg nie.)

Opsomming:

Die ware Israel (al 12 Stamme) sal in ‘n tyd van baie groot benoudheid, die benoudheid van Jakob, tot bekering kom. Dit sal saamval met die wederkoms van Christus. Hy sal hulle dan terugneem na die Land van Belofte, Kanaän, en hulle in hulle erfenis herstel. Hy self sal oor hulle heers en hulle seën met groot voorspoed, en hulle maak tot ‘n seën vir alle nasies. Dit sal saamval met die duisendjarige vredesryk.

Nie een van hierdie beloftes in die Skrifgedeeltes wat ons genoem het, is in die huidige Staat van Israel of in sy mense vervul nie. Daar is nog baie meer Skrifte wat ons kan noem. Hier is nog net ‘n paar; bestudeer hulle sorgvuldig en vergelyk hulle met die geskiedenis van die terugkeer van die Jode na Palestina voor 1948 en daarna.

Vergelyk hulle ook met gebeure soos dit nou nog elke dag gaan plaasvind, en u sal sien of hulle die ware volle Israel is:-

Eségiël 20:33-44; Eség. 36:16-38; Eség. 34:11-31; Eség.37; (hele hoofstuk); Sefánja 3:13-20; Jeremia 3:13-18.

Hoofstuk 11

Transkripsie van kasset Nr. L37

Gereed vir "nuwe oorlog" in die Midde-Ooste

Een Jaar Later:
Dit is vandag Donderdag, 1 Augustus 1968, amper 14 maande sedert ek ons vorige hoofstuk op 14 Junie 1967 geskryf het. Daarin het ek kommentaar gelewer op die sesdaagse oorlog tussen die Jode en Arabiere. Ek het uit Gods Woord gewys dat daardie oorlog en oorwinning van die Jode nie een kenmerk dra van die terugkeer van die ware Israel van Palestina nie of van die herstel van die volk van God na die Beloofde Land van hulle vaders nie.
Ons het daarin getoon dat die werklike terugkeer van die ware Israel van God met die wederkoms van Christus sal geskied; en dat na die herstel van die volk tot die Beloofde Land daar geen oorlog meer sal wees nie.
Nou, 'n jaar later, is dit goed om die posisie in oënskou te neem. Daar word alweer vry algemeen van 'n "nuwe oorlog" in die Midde-Ooste gepraat. Volgens die Julie 1968 uitgawe van die maandblad "Intelligence Digest" het die herbewapening en hertoerusting deur Rusland van die sogenaamde Sosialistiese Arabiese State, meer as vergoed vir die verliese wat hulle in verlede jaar se sesdaagse oorlog gely het.
Volgens hierdie blad het die Arabiere nou nuwer en beter wapens en militêre toerusting as ooit tevore. En meer nog, na 'n jaar van intensiewe opleiding deur Russiese instrukteurs by hulle duisende, is hulle leërs nou in 'n totaal ander toestand van slaggereedheid as die van 12maande gelede. Die verbetering duur nog steeds voort.

In die Arabiese basaars word daar alweer gepraat dat daar die reuk van 'n nuwe oorlog in die lug is. Dit is nie maar net 'n slagkreet vir propaganda doeleindes nie, dit word deur die Arabiese leiers gesê. Sommige van "Intelligence Digest" se waarnemers sê dat daar groot moeilikheid in die herfs (ons lente) verwag kan word. Dit word gemeen dat hierdie gerugte doelbewus rondgestrooi word met die goedkeuring van die Kremlin. Dit beteken ook dat die Arabiere besig is om hulle moraal te herwin. Die masjien wat onklaar geraak het verlede Junie, is herstel, en is nou besig om sy eerste padtoetse te ondergaan.

Donker Wolke

Die donker wolke van die naderende oordeel is besig om vinnig saam te pak. Afgesien van Viëtnam en die Midde-Ooste is daar baie sterk Russiese vlooteenhede in die Oostelike Middellandse See en daar is Russiese oorlogskepe in die Persiese Golf, en Rusland is besig om haar seemag uit te brei na die Indiese Oseaan.

In Afrika het elke anti-Westerse beweging aansienlike Russiese steun. In Latyns-Amerika neem die Kommunistiese invloed daagliks toe. Die oorgrote gedeelte van Wes Europa is polities onstabiel. Duitsland begin almeer senuweeagtig en onseker van haar politieke toekoms te word. Ons noem maar vir u hierdie paar feite aangaande die huidige wêreldtoestand sodat u die saak in sy wêreldwye aspek moet sien.
Die finale stryd is voor die deur, en dit is ‘n stryd om wêreldoorheersing. Dis Satan versus Christus, en Christus staan geensins los van die volk van God, Israel, nie. Hy kom om as Koning oor die aarde te regeer, dit sal met die herstelde koninkryk van Israel as kern begin en uitbrei om die hele aarde te beslaan, en alle nasies sal onder sy septer kom.
Die Kommunis se enigste strewe is wêreldoorheersing. By hom is dit geen probleem nie, sy doelwit is vir hom baie duidelik omlyn, en met meedoënlose doelgerigtheid stuur hy satanies geïnspireerd daarop af.
Netso is die Sionis baie seker van sy mikpunt, nl. dieselfde doelwit: Wêreldoorheersing! Hy is absoluut oortuig dat hy ‘n bonatuurlike mandaat daarvoor het. Ek is daar heilig oortuig van dat sonder om dit te besef, is hulle satanies geïnspireerd om die koninkryk van God op aarde te steel, soos ons in vorige hoofstukke reeds verduidelik het. Hierin word hulle in geen geringe mate ondersteun en aangehelp deur ‘n Christendom wat dwaal, omdat hulle die Skrif nie ken en ook nie die krag van God nie.

Niemand sal ooit die huidige vinnig oplaaiende krisis begryp as hy nie besef wat die uiteindelike klimaks is waarop dit afstuur nie. Hierdie klimaks is die Wederkoms van Christus om Israel te versamel en weer tot een volk te maak en dan oor hulle as Koning te regeer en hierdie wêreld terug te bring na vrede en harmonie met God.

‘n Ewige Koninkryk.

Die Apostel Jakobus sê in:
Handelinge 15:13-18;

13 En nadat hulle geswyg het, antwoord Jakobus en sê: Broeders, luister na my!
14 Simeon het vertel hoe God in die begin uitgesien het om ‘n volk uit die heidene - - -
(d.i. die nasies)
- - - vir sy Naam aan te neem.
15 En hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos geskrywe is:
16 Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel,
17 sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen.
18 Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend.

Lukas 1:31-33; (Die engel het vir Maria gesê:
31 En kyk, jy sal swanger word en ‘n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.
32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word: en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,
33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.
Hierdie koninkryk is op aarde, die huis van Jakob is ‘n volk en nie ‘n kerk nie, en die troon van Dawid is ‘n letterlike troon en hier op aarde.
Dit is die heerlike prys waarom daar gestry word. Hierdie stryd is nie net met oorlogswapens nie; die slagveld is ook nie net daar waar soldatevoete trap nie. Nee, die stryd is ook in die lug, in die geestes en denkwêrelde. Menige veldslag is al gewen of verloor, nie met die swaard nie, maar met die pen. Nooit in die geskiedenis was pen en swaard nog ooit van vyandsmagte beter gepaar as in hierdie laaste stryd wat nou vinnig sy klimaks nader nie.
Fisiese oorlogswapens word elke dag nog meer en meer vervolmaak. Die moderne oorlogsmasjien is al tot byna ongelooflike dinge instaat. Die wetenskap het van sy hoogste prestasies bereik, juis op die gebied van die vervaardiging van wapentuig.
Die pen het nie agtergebly nie. Die inspan van woorde om mense se gedagtes te vorm en te manipuleer met die doel om te mislei het ‘n hoë peil van doeltreffendheid bereik. Die prys daarvan is, dat miljoene mense vandag slaafs en gedwee, ja selfs besield, presies sal maak soos aan hulle voorgeskryf word.
Hier is ons gevaar:
Die massamens met ‘n **idee** in sy **kop** en die moderne **swaard** in sy **hand**. Wie gaan ons red?
Net alleen Jesus Christus met sy wederkoms!
(Sien ons Studie hieroor).
Dit sal ‘n Goddelike ingryping wees.
(Sien ons boekie: “Joël: Sy Profetiese Boodskap en Waarskuwing”).

Jesus was nie ‘n Jood nie

Omdat Jesus met sy wederkoms kom om die twaalf stamme van Israel te versamel en oor hulle te regeer as Koning (Sien Lukas 1:31-33 en verwante Skrifte) is dit van die uiterste belang om beide die identiteit van Israel en die van Jesus bo alle twyfel vas te stel. Ons is nou alreeds vir geruime tyd besig om dit ten opsigte van Israel te doen, en sal ook daarmee voortgaan tot aan die einde van die reeks.
Maar ons wil nie hê dat u net moet weet wie die ware volk van God is nie, maar ons wil ook hê dat daar geen twyfel aangaande die identiteit van die Koning moet bestaan nie. Ons glo dat in so ‘n uiters belangrike saak Gods Woord ons nooit in die duister sal laat nie. En aangesien ons nou juis die klimaks vinnig nader

waarin daar beslis gaan word oor wie die wêreld gaan regeer, en onder wie, is dit baie belangrik dat ons moet weet wie die ware Israel is en wie Jesus is.
As ons Blanke Westerse Protestantse Nasies hierdie kennis het, en hierdie geloof, sal ons ook die krag ontvang om ons plek waardig en kragtig in te neem in hierdie tyd waarin die donkerste nag in die geskiedenis van die mens, gevolg gaan word deur die helderste dag:
Maleági 3:6;

> Want Ek, die HERE, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie.

Maleági 4:2;

> Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.

Jesus was en is die Seun van God

Wanneer 'n kind gebore word dan neem so 'n kind gewoonlik die nasionaliteit van sy vader aan. In die geval van Jesus Christus het Hy **geen aardse vader** gehad nie. Die Heilige Gees het die maagd Maria oorskadu en sy het swanger geword en 'n Seun gebaar en Hom Jesus genoem:
Lukas 1:34-35;

34 Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie?

35 En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, **Seun van God genoem word.**

God die Vader het dit ook so bevestig met die doping van Jesus by die Jordaan.
Matthéüs 3:17;

> En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

Vergelyk ook Matthéüs 17:5.
Sommige van die kere wanneer die Jode Jesus wou stenig was dit juis in gevalle waar Jesus ronduit gesê het dat Hy en die Vader een was.
So bv: Johannes 10:30-33, 37-39;

30 Ek en die Vader is een.

31 Die Jode het toe weer klippe opgetel om Hom te stenig.

32 Jesus antwoord hulle: Baie goeie werke het Ek julle getoon van my Vader. Oor watter een van dié werke stenig julle My?

33 Die Jode antwoord Hom en sê: Dit is nie oor 'n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor godslastering, en omdat U wat 'n mens is, Uself God maak.

37 As Ek nie die werke van my Vader doen nie, moet julle My nie glo nie;

38 maar as Ek dit doen, al glo julle My nie, glo die werke, dat julle kan erken en glo dat die Vader in My is, en Ek in Hom.

39 Toe het hulle weer probeer om Hom gevange te neem, en Hy het uit hulle hand ontkom.

Lees ook: Joh. 1:1-2, 14, 18, 34, 49; Joh. 8:16; Joh.19:7; Hand. 3:13; Rom. 8:3; 2 Kor. 1:3, 19; Gal. 4:4, ens.

Vanaf Sy Vaderskant, om dit so te noem, om ons argument verder te voer, kan ons sê dat Christus God is op grond van die volgende Skrifte:

As HERE:- vgl. Jesaja 40:3 met Matthéüs 3:3:

Jesaja 40:3;

> 'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God!"

Matthéüs 3:3;

> Want dit is hy van wie deur die profeet Jesaja gespreek is toe hy gesê het: Die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die Here, maak sy paaie reguit!

As HERE - die Eerste en die Laaste:

Jesaja 44:6;

> SO sê die HERE, die Koning van Israel (die volk) en sy Losser - - -

Vgl. Jes. 53:8;

> - - - die HERE van die leërskare: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie.

Met Openbaring 1:17-18;

17 En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste

18 en die lewende: en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.

Daar kan nie twee Eerstes en twee Laastes wees nie.

(Onthou wanneer die woord HERE met hoofletters in ons Afrikaanse Bybel of Lord in die Engelse Bybel, geskryf word, is die woord daarvoor in die oorspronklike taal altyd Jehova).

Vergelyk nou met behulp hiervan self in u eie Bybel die volgende:-

1) Jesus as HERE ons Geregtigheid: Jer. 23:5, 6 met 1 Kor. 1:30.
2) Jesus as herder en metgesel van die HERE: Sag. 13:7 met Fil. 2:6.
3) Jesus as die Ewige God en Skepper: Psalm 102:24-27 met Heb. 1:8, 10-12.
4) Jesus as die Sterke God: Jesaja 9:5.
5) Jesus as Emmanuel:- Jes. 7:14 met Matt. 1:23.
6) Jesus se Bloed was genoem die Bloed van God. Hand. 20:28.
7) Jesus as een met die Vader: Joh. 10:30,38; Joh. 12:45; Joh. 14:7-10; Joh. 17:10.
8) Jesus net soveel eer waardig as die Vader: Joh. 5:23.

En so sou ons nog baie meer kon noem.

In die lig van hierdie Skrifte, waar kry die mense die reg om Jesus 'n Jood te noem, en dan om Hom veral te vergelyk met die Jood van vandag? Ons het in

hierdie reeks nou al oor en oor bewys dat die hedendaagse Jood ‘n mengelmoes is, soos enigeen wat al in Palestina was vir u sal kan vertel.

Die Jode self het nooit vir Jesus ‘n Jood genoem nie

Die Jode van Jesus se tyd het Hom selfs as “van die duiwel” genoem, maar nooit ‘n Jood nie. Hulle het Hom nie as hulle Koning erken nie.
Luister hierna:
Johannes 19:14-15,19-22;

14 En dit was die voorbereiding vir die pasga en omtrent die sesde uur. Toe sê hy (Pilatus) vir die Jode: Dáár is julle Koning!
15 Maar hulle skreeu: Neem weg, neem weg, kruisig Hom! Pilatus sê vir hulle: Moet ek julle Koning kruisig? Die owerpriesters antwoord: Ons het geen koning behalwe die keiser nie.
19 En Pilatus het ook ‘n opskrif geskrywe en dit op die kruis gesit, en daar was geskrywe:
JESUS, DIE NASARÉNER, DIE KONING VAN DIE JODE.
20 Hierdie opskrif dan het baie van die Jode gelees, omdat die plek waar Jesus gekruisig is, naby die stad was; en dit was geskrywe in Hebreeus en Grieks en Latyn.
21 En die owerpriesters van die Jode het vir Pilatus gesê: Moenie skrywe: Die Koning van die Jode nie; maar dat Hy gesê het: Ek is die Koning van die Jode.
22 Pilatus het geantwoord: Wat ek geskryf het, het ek geskrywe.

Van Natánael het Jesus gesê dat hy ‘n Israeliet was in wie daar geen bedrog was nie: dit is hy wat gesê het:

> “Rabbi U is die Seun van God, U is die koning van Israel!” –
> (Joh. 1:50).

Jesus het daardie huldebewys aangeneem, want dit was waar. Hy was die koning van Israel (al 12 Stamme) en nie net van ‘n klompie Jode nie, en dan nog van gemengde bloed!

Jesus die Seun van Dawid

Van moederskant was Jesus, in Sy hoedanigheid as mens, ‘n suiwer afstammeling van die huis van Dawid, wat weer ‘n suiwer afstammeling was van Juda, een van die 12 seuns van Jakob, en dus ‘n suiwer Israeliet. In die vorige hoofstuk het ons baie noukeurig daarop ingegaan om die verskil tussen Jode en Israeliete aan te toon.
Daar was geen Jode voor die Babiloniese Ballingskap van die huis van Juda nie. Dawid was nie ‘n Jood nie want die Jode het toe nog nie bestaan nie. Dit was eers na die Babiloniese Ballingskap dat die Jode ontstaan het. Dit is ook daarna

dat baie onsuiwer elemente die Joodse Volk begin binnedring het, soos ons herhaaldelik in vorige hoofstukke aangetoon het.
In die tyd van Ester lees ons:

> "- - - - en baie uit die volke van die land het Jode geword, want die skrik vir die Jode het op hulle geval" - (Ester 8:17).

Dit beteken hulle het die Joodse geloof aanvaar en dus Jode geword, - hulle kon dit tog nie word deur skielik Israel bloed in hulle are te kry nie.
Teen die tyd dat Jesus gebore is, was daar nog meer vreemde bloedstrome in die are van die gedeelte van die huis van Juda wat toe in Palestina was. Maar God het aan Israel belowe dat Hy haar sal sif soos koring in 'n sif, maar dat nie een korrel op die grond sou val nie - (Amos 9:9). Dit beteken dat die Heer sou toesien dat daar dwarsdeur die eeue en tussen al haar omwandelinge heen, daar altyd 'n suiwer element van elke stam sou oorbly, sodat die nasie as nasie, hoe klein die getal ook al; altyd suiwer sou bly. Dit moes so wees want God het 'n ewigdurende en onherroeplike verbond met Israel as Nasie gesluit. So sal dit ook wees wanneer Jesus weer kom en die engele uitstuur om die verstrooides van Israel te versamel: dit sal moet wees diegene van suiwer nasionale Israel herkoms, anders het God se beloftes aan Israel as Volk, geen betekenis nie.

So was dit ook met Jesus se geboorte. Hy kon nie 'n afstammeling van die menslike kant van die Jode as sulks wees nie, want hulle bloed was vermeng. Hy sou moes gebore word uit 'n stamlyn waarvan die herkoms suiwer en onbesoedeld teruggespoor kon word tot op Dawid. Dit was nie net om Hom 'n suiwer seun van Dawid te maak volgens die Skrif nie, maar ook 'n suiwer Israeliet volgens die Verbond. Nêrens het God 'n verbond met die Jode gemaak nie.

Inteendeel, Jesus het vir die Jode gesê dat die koninkryk van hulle af sou weggeneem word en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sou dra - (Matt. 21:43). Daarom word die geslagsregister van Jesus vir ons so noukeurig gegee beide van Maria uit wie Hy na die vlees gebore is, en ook selfs van Josef, sy aardse pleegvader, alhoewel Josef niks met sy geboorte te doen gehad het nie.
Bestudeer die geslagsregister van Maria en van Josef soos u dit vind in Lukas 3:23-38 en Matt. 1:1-17. U sal dan sien dat daar geen vreemde bloed, sover dit Jesus se menslikheid en vleeswording betref, in sy are ingekom het nie. Van geslag tot geslag het God vir Homself 'n uitgesoekte familie bewaar met suiwer bloed, sonder enige vermenging hoegenaamd. Dus ook in hierdie opsig was Jesus nie 'n Jood soos ons die term Jood vandag verstaan nie. Die Jood is 'n gemengde nasie, soos ons al herhaaldelik in hierdie reeks bewys het.

In die Jodedom sal ons natuurlik die suiwer element vind wat 'n suiwer afstammeling van Juda en van Benjamin is, want God se belofte geld ook vir Juda en Benjamin. Maar hierdie element sal nie lyk soos die tipiese Jood soos ons hom vandag ken nie want laasgenoemde is nie 'n suiwer Israeliet nie.

Dit is waarom ons vir u in hoofstuk 3 van hierdie reeks vertel het hoe Holman Hunt daaraan gekom het om Jesus op sy beroemde skildery:
"DIE LIG VAN DIE WÊRELD", af te beeld met ligte hare, blou oë, reguit neus ensovoorts. Hy het na 'n baie deeglike studie van hoe die ware Israeliet lyk tot die slotsom gekom dat hy van die Nordiese tipe was, dit wil sê: langkoppig, met blou oe, 'n reguit neus en dun lippe.

Weereens kan ons sien hoe waar dit is wat die Heilige Gees deur die Profeet Hoséa gesê het in hoofstuk 4:6; -

"My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis".

Die kennis aangaande die wetenskap, die filosofie, die politiek, ensovoorts, word naarstiglik nagejaag, maar die ware kennis, naamlik die kennis van die ware God, sy woord en sy plan met die wêreld, word skreiend verwaarloos. Geen wonder dat die vyand homself teen ons verhef in sy uitdaging en vermetelheid nie.
Laat ons saam met die Apostel Paulus daarna streef om Hom (Jesus) te ken, en die krag van sy opstanding - (Filip. 3:10).

Dit sluit ook in sy Koningskap en sy Identiteit sover dit sy menslikheid betref. As die Bybel Hom die Seun van Dawid noem, laat ons Hom dan ook so noem. Dawid was rooierig, met mooi oë en 'n mooi voorkoms - (1 Sam. 16:12; 17:42). Ons sal dan nie die fout maak wat sommige maak om te sê dat Jesus selfs swart kon gewees het nie omdat baie van die Jode van vandag swart is nie.

Ons het ook al herhaaldelik in hierdie reeks aangetoon hoedat die Judahiete (die afstammelinge van die huis van Juda) na die terugkeer van die Babiloniese Ballingskap met die inwoners van die land ondertrou het tot groot ontsteltenis van Esra en Nehemía -
Lees Esra 9 en Esra 10 en Nehemía 13:23-29.

Hierdie vreemde elemente was veral die Hetiete, 'n Kanaänitiese Nasie. Met die verloop van tyd het die vermenging van die Judahiete met die Hetiete 'n besondere rasse tipe laat ontstaan wat vandag bekend staan as die Jood. M.a.w., die Jood soos ons hom vandag ken, is nie van suiwer Israel bloed nie, maar het deur ondertrouery in die dae van Esra en Nehemía, die bloed van die Hetiete in sy are. Hierdie vermenging het aan die Jood sy donker gelaatskleur gegee, en ook die Hetitiese bouvorm en gelaatstrekke.

Soos ons in vorige hoofstukke alreeds aangetoon het, is hierdie bloedstroom nog verder vertroebel deur nog ander byvoegings in die loop van die eeue. So was die Edomiete (van Esau oorsprong) in die jaar 125 v.C. deur die Jode geabsorbeer. Later, in die agtste eeu na Christus is die Khazars, 'n non-Semietiese, Turko-Mongoolse ras van Midde Asië afkomstig, tot die Judaïsme bekeer, en later deur die Jode geabsorbeer.

Die Huis van Dawid Ras Suiwer

Die huis van Dawid was nie in hierdie vermenging betrokke nie. Ons het reeds aangetoon dat God oor die "saad" dwarsdeur die eeue die strengste wag gehou het, want Jesus moes suiwer van die huis van Dawid afstam en Dawid weer uit die suiwer huis van Juda en Juda weer uit Jakob en Jakob uit Abraham. **Nie een van hierdie was Jode nie**. Jesus was dus nie uit die "gemengde saad" wat as Jode bekendstaan nie.
Elkeen van die profesieë aangaande die Messías, direk of indirek, verwys na Hom as van die Huis van Dawid.
So sê die Profeet Jesaja bv.:

> "Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit **die stomp van Isai**, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra" - (Jes. 11:1).

Die Profeet Jeremia verklaar:
Jeremia 23:5-6;

5 KYK, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek **vir Dawid** 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land.

7 In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.

Volgens die Apostel Johannes in die Boek van Openbaring, het Jesus aangaande Homself gesê: -
Openbaring 22:16;

> Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.

Daar is geen twyfel nie dat Jesus Christus van die huis van Dawid is, en dus: **Jesus is nie 'n Jood nie**. Tot sover het ons dus gesien dat nêrens in die Skrif het Jesus ooit gesê of aangedui dat Hy 'n Jood was, of dat enige van sy familie, of sy apostels, of sy dissipels, of sy bure of sy medeburgers Hom ooit een genoem het nie. Die enigste een wat ooit veronderstel was om Hom 'n Jood te noem, was die Samaritaanse vrou en sy was 'n vreemdeling. Ons sal dit nou 'n bietjie bespreek.

Die Samaritaanse Vrou

In Johannes 4:9 lees ons;

> En die Samaritaanse vrou sê vir Hom: Hoe is dit dat U wat 'n Jood is, van my vra om te drink terwyl ek 'n Samaritaanse vrou is? Want die Jode hou geen gemeenskap met die Samaritane nie.

Dit kom in 'n hele paar plekke in die Bybel voor dat 'n persoon genoem word volgens die land waar hy vandaan gekom het. Ons het na 'n paar sulke gevalle in hoofstuk 6 verwys.
So het die dogters van Jetro vir Moses 'n Egiptiese man in Ex. 2:19 genoem.

In Gén. 25:20; Gén. 28:5; Gén. 31:20,24; word Laban, wat ‘n Hebreër was, ‘n Arameër genoem omdat hy toe in Aram gewoon het.
Selfs Jakob word ‘n swerwende Arameër in Deut. 26:5 genoem.
Judea het aan die land van die Samaritane gegrens. Jesus het uit die land van Judea daar by die put aangekom. Wat het daardie vrou geweet van die plan van God om ‘n suiwer oorblyfsel uit die Joodse Nasie te bewaar? Vir haar was almal wat in Judea gewoon het maar dieselfde en het sy hulle as Jode beskou. Dus net soos in die gevalle hierbo genoem, het sy ook vir Jesus ‘n Jood genoem.

In sy vertaling van die Bybel gebruik Ferrar Fenton die term Judeër in plaas van Jood, in hierdie teks. Netso vertaal Farrar Fenton die term “Jode” in Joh. 4:22 met die van “Judeërs”.
“Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode - “Judeërs” vlgs. Ferrar Fenton.

Die woorde van God was aan die Jode toevertrou in die sin dat hulle in die dae van Paulus die enigste verteenwoordigers van die volk van God in die land was - (Sien Rom. 3:2). Vanaf die begin het die verdediging van die geloof hoofsaaklik by Juda berus, want die Leviete het aan hulle toegeval en Jerusalem en die Tempel het ook in hulle gebied gelê. Dit staan geskryf:
Psalm 114:1-2;
1 TOE Israel uit Egipte getrek het, die huis van Jakob uit ‘n volk met ‘n vreemde taal,
2 het Juda sy heiligdom geword, Israel sy ryksgebied.

Die veilige bewaring van die Woorde van God was dus in die eerste instansie die voorreg van Juda, en het hulle reg gebly totdat Jesus vir hulle gesê het:

> “Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan ‘n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra” - (Matt. 21:43).

Jesus en die Jode

Jesus het nooit van die Jode gepraat as synde van sy mense nie, of van die Joodse nasie as sy nasie nie, of dat Hy op enige wyse aan hulle verbonde was nie. Inteendeel, op een geleentheid het Hy vir die Fariseërs gesê hulle is van hulle vader die duiwel - (Job. 8:44) en op ‘n ander keer het Hy hulle genoem:

> “Slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug?” - (Matt. 23:33).

In Johannes 10:26 sê Hy vir hulle dat hulle nie van sy skape is nie.
In Lukas 11:50 hou Jesus hulle aanspreeklik vir die bloed van al die profete wat vergiet is van die grondlegging van die wêreld af (dus ook die van Abel - daar was dus ‘n verband tussen hulle en Kain, - (1 Joh. 3:12).
In Matthéüs 13:38 sê Jesus dat die onkruid die kinders van die bose was, vgl dit met Joh. 8:44 en bogenoemde Skrifte.

In Johannes 6:70 noem Jesus vir Judas ‘n duiwel en hy was die enigste van die 12 apostels wat nie ‘n Galileër was nie, maar uit Judea.
Ons gee u net hierdie Skrifte om aan u te toon dat die samestelling van die Joodse Nasie nie so eenvoudig is as wat die meeste mense dink nie. Daarom is dit ‘n dwaling om Jesus sommer ‘n Jood sonder meer te noem. Daar is, en was, suiwer elemente in die Joodse nasie, soos ons nou al baie gewys het. Baie van hulle het dan ook Christene geword, selfs baie uit die priesters.

Maar die vreemde elemente het hulle in die tyd van Jesus oorheers, soos ook nou. Die ware Juda en die huis van Dawid word nie in die Jood weerspieël soos hy algemeen aan die verlede en die hede bekend is nie. Jesus kan in sy menslike hoedanigheid nie met die Jood sonder meer geassosieer word nie.
In die Skrif word dit herhaaldelik gestel dat “Die Jode” het dit of dat gesê en gedoen;

> “Toe murmureer die Jode oor Hom - - - - - - ” - (Joh. 6:41).
> “Die Jode het toe met mekaar gestry en gesê - - - - - ” - (Joh. 6:52).
> “En hieroor het die Jode Jesus vervolg en probeer om Hom dood te maak - - - - - ” - (Joh. 5:16).

Dit was na ‘n “Fees van die Jode” dat Hy opgegaan het, en nie na ‘n fees van die Here nie, soos dit in die Ou Testament beskryf word nie. Was sy sending na die Jode?
Johannes het gesê:

> “Hy het na sy eiendom gekom en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie” - (Joh. 1:11).

Jesus het gesê:

> “Maar Hy antwoord en sê: Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel” - (Matt 15:24).

Nêrens in die Bybel was die Jode nog ooit die huis van Israel genoem nie, net soos die tien stamme nêrens in die Bybel die huis van Juda genoem word nie.
Ons lees ook in Matthéüs 10:5-6;

5 Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê: Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in ‘n stad van die Samaritane nie;
6 maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel.

Hoekom weer “huis van Israel” en nie net Israel of Juda of die Jode nie? Die Bybel is woordeliks geïnspireerd en elke woord in die oorspronklike taal is daar met ‘n doel. Daarom kan ons sê dat sover dit Johannes 1:11 betref, moes Jesus eers na die Jode kom want hulle was die enigste verteenwoordigers van Israel (al 12 Stamme) in die land in daardie tyd. Daar was baie van suiwer bloed in hulle midde, daarom het baie uit hulle ook vir Jesus aangeneem, selfs uit die priesters en Leviete. Die oorgrote meerderheid was egter so onder die invloed van die elemente met gemengde bloed, diegene van wie Jesus self gesê het dat hulle van hulle vader die duiwel is, dat hulle Hom nie aangeneem het nie.

> "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy die mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;" - (Joh. 1:12).

Hierdie Skrif kan dus geensins as 'n bewys aangevoer word dat Jesus 'n Jood was nie. Die Jode neem vandag die standpunt in, tesame met die meeste Christelike Kerke, dat Jesus 'n Jood was, want dit is die mees populêre sienswyse. Beide van hulle is blind, die Jode doelbewus, en die kerke uit onkunde. Die Jood sal altyd gevind word aan die kant waar daar die grootste persoonlike voordeel is. Dit is vreemd dat hulle Hom nou aanvaar as 'n Jood nadat hulle vaders Hom verwerp het. Maar hulle erken vandag nog nie sy Godheid nie, of Hom as hulle Saligmaker nie. Die enigste hoop vir die Jode is om hulle te bekeer van hulle bose weë en vir Jesus aan te neem. Hulle is Antichris, want Jesus het gesê:

Matthéüs 12:30;

> Hy wat nie met My is nie, is teen My; en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi.

En Johannes 3:36;

> Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie maar die troon van God bly op hom.

Uit die mond van Natánael, 'n Israeliet in wie daar geen bedrog was nie, het daar hierdie woorde gekom:

> " - - - - - Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!" - (Joh. 1:50).

Jesus het hierdie erkenning aanvaar.

Let daarop:

Daar is 'n groot verskil tussen 'n Jood en 'n Israeliet. 'n Jood kan 'n Israeliet wees as hy 'n suiwer afstammeling is van Jakob, maar hy kan nie 'n Israeliet genoem word wanneer hy die bloed van ander nasies in sy are het nie. Jesus is die Koning van Israel, en nie van 'n mengelmoes nie.

Lees weer Lukas 1:31-33;

> "- - - - en Hy sal Koning wees oor die huis van Jakob - - - -

(suiwer letterlike nasionale 12 stamme van Israel)

> - - - - tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie".

Die ander nasies sal hulle kom skaar onder die vleuels van hierdie koninkryk - (Jes. 2:1-5).

Daar wag 'n heerlike spoedige nasionale wedergeboorte vir die hele volk van Israel, vir die wat die suiwer bloed van Israel in hulle are het.

Luister weer:

Hebreërs 8:8-12;

8 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel - - -

(suiwer 10 Stamme)

> - - - - en die huis van Juda - - - -

(suiwer 2 Stamme, insluitende die Jood van suiwer Israelitiese afkoms)

- - - - ‘n nuwe verbond tot stand sal bring,
9 nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders - - - -
(letterlike Israel)
- - - - gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie;
(dit is nie die kerk nie, die kerk was nie uit Egipteland uitgelei nie)
- - - - want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here.
10 Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle harte skrywe; en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees.
11 En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken die Here nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle.
12 Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie.

Dit is kenmerkend dat hierdie ‘n sendbrief aan die Hebreërs is en nie aan die Jode nie. Dit is ‘n feitlik woordelikse aanhaling uit Jeremia 31:31-34.
In die lig hiervan is dit maklik om te verstaan waarom daar so ‘n helse veldtog in die wêreld aan die gang is om die idee van ras te vernietig en om rasse integrasie met geweld, veral op die blanke af te dwing. Dit is Satan se eindpoging om Israel te vernietig deur die vertroebeling van haar bloed, want:
Dan kan God nie sy belofte aan sy volk gestand doen nie.
Dan sal Jesus ook nie ‘n volk hê om oor te regeer nie.
Dan kan die Koninkryk van God ook nie op aarde gevestig word nie.
Satan sal of aanhou met sy koninkryk soos nou, of die wêreld sal vernietig word.
Kan u sien wat is op die spel? Kan u sien dat die verkleinering van Jesus deur Hom ‘n Jood te maak, soos ons die Jood vandag ken, deel van hierdie sataniese komplot is?
Nee, saam met die feesvierende skare, laat ons juig en sê vir Jesus:
“Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here, die Koning van Israel” - (Joh. 12:13).
Nie van die Jode nie! Die Fariseërs het niks hiervan gehou nie. Jesus het dit nooit gesê, die priesters het die nooit erken dat Hy die “Koning van die Jode” was nie. Dit sal natuurlik ‘n groot verrassing vir baie wees, maar ondersoek die feite deeglik voordat u dit ontken.

Drie Huise

Daar bestaan so ‘n groot wanbegrip in die gedagtes van die meeste mense aangaande Israel en alles wat daarmee saamgaan, dat dit nodig is om sommige feite oor en oor te herhaal. Uit die **twaalf seuns** van Jakob het daar **drie verskillende huise** ontstaan. Huise wat elk ‘n baie definitiewe rol het om in die

lewe van die mensdom te vervul, om sodoende die raadsbesluite van God ten uitvoer te bring.

Hierdie drie huise is die volgende:

DIE HUIS VAN ISRAEL, DIE HUIS VAN JUDA, DIE HUIS VAN DAWID.

Die verskil tussen hierdie drie huise tree baie vroeg in die Ou Testament al op die voorgrond.

In Josua 11:21;

> En in dié tyd het Josua gekom en die Enakiete uitgeroei, uit die gebergte, **uit Hebron, Debir, Anab** en uit die hele **gebergte van Juda** en die hele **gebergte van Israel**; met hul stede saam het Josua hulle met die banvloek getref.

In 2 Konings 17:18-23 vind ons verdere bewys van hierdie skeuring:

18 So het die HERE dan baie toornig op **Israel** geword, sodat Hy hulle van sy aangesig verwyder het; niks het oorgebly nie as **net die stam van Juda alleen.**

19 Selfs Juda het die gebooie van die HERE hulle God nie gehou nie, maar gewandel in die insettinge van Israel wat hulle gemaak het.

20 Daarom het die HERE die **hele geslag van Israel verwerp** en hulle verneder en hulle in die hand van rowers oorgegee totdat Hy hulle van sy aangesig weggewerp het.

21 Want Hy het Israel van die **huis van Dawid afgeskeur**, en hulle het Jeróbeam, die seun van Nebat, koning gemaak; en Jeróbeam het Israel agter die HERE weggetrek en hulle ‘n groot sonde laat doen.

22 En die kinders van Israel het gewandel in al die sondes van Jeróbeam wat hy gedoen het, hulle het daar nie van afgewyk nie;

23 totdat die HERE Israel van sy aangesig verwyder het soos Hy gespreek het deur al sy diensknegte, die profete; en Israel is in ballingskap uit sy land weggevoer na Assirië, tot vandag toe.

Ons het hier drie huise wat genoem word:

Die Huis van Israel, die Huis van Juda en die Huis van Dawid.

Permanente huis van Dawid

Aan die huis van Dawid is in die jaar 1042 v.C. ‘n **spesiale oktrooi verleen** en aan hom is ‘n **afsonderlike identiteit gegee**, afsonderlik van Juda of Israel, en **spesiale regte en eiendomme**. Die huis van Dawid is die **Sion Troon.** Die **Troon van die HERE** is altyd waar die **afstammelinge van die huis van Dawid is**, en hierin het nog die huis van Israel, nog die huis van Juda enige aandeel gehad.

Tot op die wederkoms van Christus en die finale vestiging van die koninkryk van God op aarde - (Matt. 6:10) was dit nie noodwendig dat die troon altyd in Jerusalem gesetel sou wees nie, en dat die menslike persoon op daardie troon permanent net oor Juda sou regeer nie.

Ons lees in 2 Samuel 7:10;

> en Ek sal vir my volk Israel ‘n plek bestel en hom plant, dat hy op sy eie plek kan woon en nie langer verontrus word nie. En kwaaddoeners sal hom nie meer verdruk soos vroeër nie.

Dawid en Israel was in die land toe God hierdie belofte gemaak het, dus moes dit op ‘n ander plek gedui het wat God vir hulle in die toekoms sou bestel het. Ons weet vandag dat die oorgrote gedeelte van Israel, soos verteenwoordig deur die Tien Stamme, in die Weste gevestig is, en dat dit teen hulle is wat die haat en venyn, die lis en die sameswering, gemik is. (Vgl. Psalm 2:1-8; Psalm 83:1-8).
Dit is ook in die lande van Wes en Noordwes Europa waar daar koningshuise gevestig is wat hulle oorsprong kan terugspoor tot by die Huis van Dawid. Dit is merkwaardig, maar nie toevallig nie, dat toe baie koningshuise gedurende en na die Eerste Wêreldoorlog geval het, hierdie koningshuise bly staan het.
Het God nie vir Dawid gesê in:
2 Samuel 7:16;

> En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; **jou troon sal vasstaan tot in ewigheid.**

Dis hierdie troon wat Jesus met sy Koms sal oorneem.

Laat die heiden maar raas, en laat die Blanke Westerse Protestantse Beskawing maar vinnig haar laagtepunt bereik op beide godsdienstige en morele gebied; daar is tog vir haar as die Israel van God ‘n heerlike herontwaking belowe. En dit is oor hulle wat Jesus sal kom om as Koning te regeer, en Hy sal lyk soos sy volk lyk, want Hy is uit ‘n suiwer bloedlyn gebore.

In Daniël 2:35 lees ons;

> Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het ‘n groot rots - - - -

(‘n Bybelse simbool vir ‘n koninkryk)

> - - - - geword wat die hele aarde gevul het.

Hierdie rots is die Koninkryk van Christus op die Troon van sy vader Dawid, oor die Huis van Jakob (al 12 Stamme).
Dit is die Westerse Christen Nasies wat nog die “beeld” van non-Christen Nasies tot stof sal fynstamp en dan onder Jesus oor die aarde sal regeer.
Dit is wat Daniël bedoel het in:
Daniël 2:44;

> Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel ‘n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar ‘n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan -

Vergelyk ons dit met die engel Gabriël se woorde aan Maria in Lukas 1:31-33; waar hy gesê het dat Jesus oor die huis van Jakob (al 12 stamme) sal regeer en dat daar aan sy koninkryk geen einde sal kom nie, dan sien ons dat die huis van Jakob en hierdie steen (klip) koninkryk van Daniël 2:35, 44 presies dieselfde is. En omdat die Jood sê dat hy die volle twaalf stamme verteenwoordig (en die Christelike Kerk ondersteun hom hierin, waarin hy dit nie vergeestelik nie), streef hy (die Jood) na wêreldoorheersing.
Na die wonderwerk van die behoudenis van die drie jongmanne in die vuuroond, het Nebukadnésar ook erken:

> "Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk, en sy heerskappy is van geslag tot geslag" - (Dan. 4:3).

Dit word verder bevestig deur die gesig wat Daniël gehad het van die wederkoms van ons Here Jesus Christus in:
Daniël 7:13, 14, 27;
13 Ek het gesien in die naggesigte en kyk, met die wolke van die hemel - - - - - - - - - ".
(Vgl. Matthéüs 26:64; Openbaring 1:7)
- - - van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom.
14 En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; - - - - -
(Vgl. Lukas 1:31-33; Romeine 11:25-27; Hebreërs 8:8-12)
- - - en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.
27 Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel - - - - - -
(dus op aarde)
- - - - - - gegee aan die volk – - - - - -
(nie kerk nie, vgl Matt. 21:43)
- - - - - van die heiliges van die Allerhoogste;-
(Dit is letterlike Israel - vgl Ex. 19:5-6; 1 Petrus 2:5,9; Jes. 62:11-12; Rom. 11:25-29)
hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk - - - -
(Lukas 1:31-33),
- - - - - - en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees.

Die Troon van Dawid was nog altyd 'n letterlike troon en kan nie vergeestelik word nie. Netso was Israel nog altyd 'n letterlike volk en kan ook nie vergeestelik word nie. Daarom is dit ook so noodsaaklik dat ons aan Jesus, sover dit sy mensheid betref, die identiteit gee wat Hom toekom. Jesus het Homself dus NOOIT 'n JOOD genoem nie, maar in sy mensheid Homself altyd die SEUN VAN DIE MENS genoem. Omdat Hy die Seun van die mens was, het Hy die Romeinse Wet wat destyds oor Palestina van krag was, erken en sy belasting betaal; en omdat Hy gebore was onder die wet (van Moses) het Hy hulle feeste bygewoon om dit vry te koop wat onder die wet was.

Opsomming:
Om saam te vat kan ons sê dat sover sy natuurlike Saad betref, het Christus uit die stamlyn van 'n TEOKRATIESE FAMILIE gekom. Drie-en-sestig vaders het seuns gehad vanaf die eerste Adam tot die tweede, en daar was nie een Jood onder hulle nie.

Christus het uit die menslike stamboom van Adam gekom;
Uit die Rasseboom van Sem; Uit die Geloofsboom van Abraham;
Uit die Nakomelingsboom van Isak; Uit die Nasionaleboom van Jakob;
Uit die Stamboom van Juda; Uit die Koningsboom van Dawid.

JESUS, DIE SEUN VAN GOD, WAS NIE 'n JOOD NIE.

Maria, uit wie Jesus gebore is het haar stamboom (saadlyn) suiwer gehou vanaf Dawid. Jesus het geen mens as vader gehad nie en kan van vaderskant deur geen tak van die menslike familie toegeëien word nie, want Hy was van God ontvang, Hy was die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid - (Joh. 1:14).
Hy was waarlik God, en God is nie 'n Jood nie.
Aan die Jode het Hy gesê:

> "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek" – (Joh. 8:58).

Hy was die EK IS van Israel en ken geen verlede en geen toekoms nie, Hy is ALTYD, gister, vandag en tot in alle ewigheid dieselfde - (Heb. 13:8).
Hy is die Ewige Wese, sonder begin en sonder einde;
Die algenoegsame selfonderhoudende HERE;
Wat Homself in Exodus 3:14 openbaar het as: "EK IS WAT EK IS."

Indien Jesus van Násaret besoedel was met enige van die karaktertrekke van daardie veglustige en wederstrewige Jode, sou sy geaardheid hulle nasionale eienskappe weerspieël het. Maar Jesus se karakter het die fanatisme en formalisme van die Jood, die politieke hoogmoed van die Romein en die intellektuele verwaandheid van die Griek vrygespring.

DUS, IN JESUS VIND ALLE RASSE DIE WÊRELD SE VOLMAAKTE MENS:
DIE SEUN VAN GOD,
DIE SALIGMAKER VAN ELKE MENS,
EN DIE VERLOSSER VAN ISRAEL.

Lukas 1:32-33;
32 - - - - - en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,
33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob (letterlike 12 Stamme van Israel) tot in ewigheid.

Sagaría 14:4,9;

4 En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot ‘n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide.

9 En die HERE sal koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een.

Openbaring 1:7;

Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!

Matthéüs 24:44;

Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op ‘n uur dat julle dit nie verwag nie.

Openbaring 19:16;

En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.

Johannes 3:3;

“- - - - as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.

Openbaring 22:20;

Hy wat dit getuig, sê:
Ja, Ek kom gou.
Amen, ja kom, Here Jesus!

Hoofstuk 12

Transkripsie van kasset nr. L38

Na die Ballingskap in Assirië

Ons kom nou om diep in die sekulêre geskiedenis van die Blanke Westerse Nasies in te kyk en ver op hulle spoor terug te gaan; ons wil nou aan u toon hoedat ons hulle oorsprong kan terugspoor tot by die Assiriese Ballingskap waarvan ons in die Bybel lees. Daar is voldoende bewyse beskikbaar (uit die Bybel, die monumente van die Assiriërs, die ou geskiedkundiges, en baie ander sekulêre bronne) om die gebiede uit te ken, waarheen die gevangenes van die tien stamme geneem is nadat hulle uit Palestina deur Tiglat-Piléser, Salmaneser en Sargon verwyder is.

Hieruit blyk duidelik dat hulle tot oorkant die Tigris Rivier weggevoer is, en dat die oorgrote menigte in die landstreke suidwes en suid van die Kaspiese See gevestig is; dit wil sê naastenby in daardie gedeelte van die hedendaagse Persië (Iran) wat noord van die breedtegraad 35°N en wes van die lengtegraad 55°O lê**. (Sien Kaarte 1, 2 en 3, - "Inhoud").**

Die Wegvoering

Die agteruitgang:
Van die koninkryk van die Tien Stamme het in ongeveer die jaar 860 v.C. gedurende die regering van Jehu begin.
"In die dae het die Here Israel begin inkort" - (2 Konings 10:32).

Enkele jare na 750 v.C. het hierdie woord deur die Profeet Jesaja gekom:

> " - - binne vyf-en-sestig jaar sal Efraim (die tien stamme van Israel) verbreek word, sodat dit geen volk meer is nie" - (Jesaja 7:8).

Die "verbreking" was in hoofsaak voltooi toe die hoofstad Samaría ingeneem is, na 'n beleg van drie jaar wat in 720 v.C. begin het.

> " - - niks het oorgebly nie as net die stam van Juda alleen" –
> (2 Kon. 17:18).

Van die twee hoof wegvoerings:
Was die eerste deur Tiglat-Piléser gedoen.
Die tweede is deur Salmaneser begin en deur Sargon voltooi.
Die Bybelse verslag daarvan is baie kort en bondig gestel, maar word deur Assiriese inskripsies, en Josephus, die Joodse geskiedskrywer, bevestig. Ons gee vir u die stawende bewyse hieronder, asook aanhalings wat hierop betrekking het, uit die "Joodse Ensiklopedie", wat as die gesaghebbende mening van die hedendaagse ortodokse Jodedom beskou word:

Tiglat-Piléser

(Volgens die "Encyclopaedia Brittannica", 14de Uitgawe, word hierdie koning "Pulu" of Pul in die Babiloniese Annale genoem).

Bybelse verslag:

2 Konings 15:29;

> In die dae van Peka, die koning van Israel, het Tiglat-Piléser, die koning van Assirië, gekom en Ijon ingeneem en Abel-Bet-Máága en Janòag en Kedes en Hasor en Gílead en Galiléa, die hele land Náftali; en hy het hulle in ballingskap weggevoer na Assirië toe.

Bevestiging uit die geskiedenis volgens die inskripsie van Tiglat-Pilesér 111 (of IV):

"Die dorpe van Gílead en Abel-Bet-Máága op die grens van Bet-Omri (Samaría), die uitgestrekte distrik van Náftali het ek in sy geheel tot Assiriese gebied verklaar - - - Die land van Bet-Omri - - - 'n klomp van haar inwoners (met hulle besittings), het ek na Assirië weggevoer - - - ". (Volgens Sayce se "Assyria" bl. 177-178).

1 Kronieke 5:26;

> Daarom het die God van Israel die gees van Pul, die koning van Assirië, naamlik die gees van Tiglat-Piléser, die koning van Assirië, aangewakker, wat hulle, die Rubeniete en die Gadiete en die halwe stam van Manasse, in ballingskap weggevoer en hulle gebring het na Halag en Habor en Hara en die rivier van Gosan tot vandag toe.

(Sien Kaart 1).

Bevestiging uit Josephus se "Antiquities," Boek 9, Hfst. 9, seksie 1:

" - - - - Maar die koning van Assirië, Tiglat-Piléser, het 'n veldtog teen die Israeliete gemaak en die hele land van Gílead, die streke oorkant die Jordaan en die aangrensende landstreke wat Galiléa genoem word, en Kades en Hazor ingeneem en die inwoners gevange geneem en hulle na sy eie land oorgeplaas - - - - - ".

Let daarop; dat die Noordelike gedeelte van Dan ook in hierdie veldtog meegevoer moes gewees het. Sekere gedeeltes van Náftali moes vrygespring het, want Tobias (Apokriewe boek) hoofstuk 1; skryf van diegene uit hierdie stam wat deur Salmaneser gevange geneem is. Esdras (Apokriewe) skryf ook van hierdie koning wat mense van die tien stamme weggevoer het - (2 Esdras 13).

Die "Jewish Encyclopaedia", 1925 Uitgawe, Artikel: "Captivity," skryf hieroor soos volg:

"Tiglat-Piléser - - - - het die grensdistrikte van Sébulon, Aser en Náftali, asook die gedeelte oos van die Jordaan, wat aan Israel behoort het, geannekseer, en die inwoners van hierdie provinsies na Assirië weggevoer, en hulle daar gevestig" - (2 Konings 15:29).

Salmaneser – Sargon

2 Konings 17:6;

> In die negende jaar van Hoséa het die koning van Assirië Samaría ingeneem en Israel in ballingskap weggevoer na Assirië en hulle laat woon in Halag en aan die Habor, die rivier van Gosan, en in die stede van Medië.

2 Konings 18:11;

> En die koning van Assirië het Israel in ballingskap weggevoer na Assirië en hulle laat bly in Halag en aan die Habor, die rivier van Gosan en in die stede van Medië. (Kaart 1).

Bevestiging uit die Inskripsie van Sargon:
"(In die begin van my regering) het ek die stad Samaría beleër en ingeneem en 17,280 van sy inwoners weggevoer" (Sayce se "Assyria," bl. 178).

Die Apokriewe Boek van Tobias 1:1-14;
" - - - - Tobias, - - - - uit die stam van Náftali; wat in die dae van Salmaneser die koning van Assirië, uit Thisbe, wat suid van Kedes-Náftali bo Aser in Galiléa geleë was, in ballingskap gevoer is. - - - Ek het ook baie liefdadigheid bewys aan my broers en my volk wat na die land van die Assiriërs, na Ninevé, saam met my weggevoer was - - - - . Ek het toe 'n reis na Medië onderneem en tien talente silwer by Gabael, die broer van Gabrias, te Ragae in Medië gedeponeer".

Bevestiging uit Josephus, „Antiquities", Boek 9, Hfst. 14 Seksie 1:
"- - - die koning van Assirië - - - het Samaría drie jaar lank beleër, - - - en die regering van die Israeliete heeltemal vernietig, en al die mense na Medië en Persië oorgeplaas".

Tobias 14:14; "En het hy in Ekbatana in Medië gesterwe. "

Apokriewe Boek 2 Esdras 13:40;
"Dit is die tien stamme wat uit hulle land as gevangenes weggevoer is, uit hulle eie land in die tyd van koning Hoséa wat deur Salmaneser die koning van Assirië, in gevangeskap weggelei het,- - - -".

Let op: Die verslag van Tobias stel die identiteit van twee van die stede van Medië, nl. Ekbatana en Ragae vas. Dit bewys ook die feit dat 'n gedeelte van die stam Náftali in die omgewing van Ninevé gevestig was.

Die aanhaling uit 2 Esdras stem ooreen met die getuienis van Tobias naamlik dat Salmaneser ten minste 'n gedeelte van die stamme van die noorde verwyder het voordat Samaría deur Sargon ingeneem is — na die dood van Salmaneser.

“Jewish Encyclopaedia”. 1925 Uitgawe, Artikel: “Captivity”:
“ - - - Die tweede deportasie het na die verowering van Samaría plaasgevind - - - en dit is gevolg deur die vernietiging van die Noordelike Koninkryk”.

Halag, Habor, Hara, die stede van die Meders, die riviere Gosan en Kebar - (Kaart 1)

Hierdie is die name van die plekke waarheen die Tien Stamme in ballingskap weggevoer is. Die rivier Kebar is die plek waar Eségiël sy boodskap aan sommige van die ballinge van die Huis van Israel, dit is die tien stamme (Eség. 3:15-17), afgelewer het.
Die tradisionele teorie; met betrekking tot hierdie plekke, soos op baie Bybel Atlasse aangetoon, is soos volg:
Die Kebarrivier: Die hedendaagse Khabur (oudtydse Habor) wat in die Eufraatrivier in oostelike Sirië invloei.
Gosan: ‘n Takrivier van die Kebarrivier. Dit kan ook wees dat dit die streek wes van die Kebar was en aan die Grieke bekend was as Gauzanitis, so genoem baie eeue na die ballingskappe.

Halag en Habor: Dorpe in die Kebargebied.
Ham: Dit is Haran, die Siriese stad waar Abraham gewoon het (Génesis 11:31). Die bouvalle is naby die dorpie Harran in Suidoos-Turkye.

Die Stede van die Meders:
Dorpe in die noorde van Persië.
Hierdie uiteensetting van die bogenoemde name word aanvaar omdat daar ‘n groot ooreenkoms is tussen die outydse Kebar en die moderne Khabur en tussen Kara en die Harran van vandag. Maar ons het meer getuienis as dit nodig omdat daar ‘n ander Khaburrivier noord van die Tigrisrivier was en daar is vandag nog ‘n plek naby Teheran met die naam van Chebardunge naby die Rivier Abhar.

Daar is ook ‘n plek met die naam van Haran (Haru of Herau of Herowabad) noordwes van die Elburz Gebergte. Op grond van ooreenkoms van name, het hierdie plekke ewe veel aanspraak as die tradisionele teorie vanwaar hierdie plekke geleë was. Ons moet dus na nog bykomstige verklarings kyk, as net na die ooreenstemming van name.

Dit moet in gedagte gehou word dat die Assiriese konings, wat baie ander nasies behalwe Israel weggevoer het, nie net strafmaatreëls in gedagte gehad het nie. Indien dit die geval was sou dit baie makliker gewees het om hulle maar net uit te wis, want massa slagtings was algemeen.
(Net soos die hedendaagse “Genocide” of volksmoorde wat deur die Kommuniste en Swart Nasies uitgevoer word, en wat vir ons ook voor die deur staan indien hulle ons sou oorrompel).

Die Assiriërs was vasberade om ‘n groot ryk van onderhorige volkere onder hulle beheer te hê. Hulle het dus hierdie grootskaalse afgedwonge volksverskuiwings toegepas om te verhoed dat die verslane volkere weer sou opstaan; met die ontworteling uit hulle geboorteland is die drang van vaderlandsliefde verswak, en is hulle ook vir jare vasgevang in die sware stryd om hulle in hulle nuwe tuiste te vestig en nog boonop swaar belastings aan hulle veroweraars te betaal.

Die Assiriërs het gewoonlik goed daarvoor gesorg dat hulle hul gevangenes in streke plaas wat ver van hulle geboorteland verwyder was. So het Tiglat-Piléser bv. die Siriërs na Kir - (2 Konings 16:9) naby die Kaukase in “Bo-Medië” weggevoer, volgens:
Josephus in sy “Antiquities Boek 9, hoofstuk 12, seksie 3”:
“en hy het die mense van Damaskus weggevoer en hulle in Bo-Medië gevestig, en ‘n klomp Assiriërs gebring en hulle in Damaskus laat woon,” terselfdertyd is, - - (volgens dieselfde outoriteit Josephus, Boek 11, Hfst. 1 seksie 1),
- - die gebied van tien stamme herbevolk met mense uit “Persië en Medië”.

Daar kon geen geleidelike terugkeer van die tien stamme vanuit hierdie verafgeleë lande wees nie, want groot riviere en hoë bergreekse sou so ‘n poging ‘n ware pelgrimstog gemaak het. Daar is ook geen so ‘n verslag in die Bybel of die geskiedenis nie.

Maar indien die tien stamme na die plekke geneem is waar die tradisionele opvatting hulle plaas, sou net ‘n klein opstandjie dit vir die gevangenes maklik moontlik gemaak het om die pad “huistoe” te kies — ‘n reis van ongeveer 500 kilometer langs ‘n pad wat die hoofweg van daardie dae was.

‘n Noukeurige en deeglike ondersoek van al die feite bevestig dus die beskouing van baie geleerdes dat die tien stamme tot anderkant die Tigris weggevoer is. Dit is heeltemal moontlik, en selfs waarskynlik, dat klein groepies van hulle dwarsoor die hele Assirië verspreid kon geraak het, maar daar is geen bewys dat daar enige betekenisvolle vestiging van die tien stamme suid van daardie rivier plaasgevind het nie. Daar is, inteendeel, baie betroubare gegewens dat daar gemeenskappe van die tien stamme noord van Ninevé (Mosul) gevestig was.
‘n Ontleding van die beskikbare getuienis gee ons die volgende uitkenningspunte; al die plekke wat hier genoem word is so ver van Palestina verwyder dat dit heeltemal onmoontlik vir die gevangenes was om terug te keer:

Stad Hala:
Outoriteit: Ewald, Orientalis van die 19de eeu in “History of Israel”, 1874 uitgawe, Vol. 4, bl. 165.
Hedendaagse Ekwivalent: Noord van Ninevé en suid van Meer Van in Oos Turkye. **(Sien Kaart 1)**

Stad Habor (Septuagint Abor):
(1) Outoriteit: Ewald Bl. 165.
Hedendaagse Ekwivalent: Noord van Ninevé en suid van Meer Van in Oos Turkye.
(2) Outoriteit: "Royal Geographical Soc." Kaart ("Proceedings", Mei 1889).
Hedendaagse Ekwivalent: Toon 'n stad Abhar en 'n rivier met daardie naam suidwes van die Kaspiese See, nie ver van Teheran en wat in 'n suidoostelike rigting vloei. **(Sien Kaart 1)**
(3) Die "War Office Map of the Persian Gulf," 3de Uitgawe ("Communications Revised"). 1941, Kaart 32:
Toon ook hierdie dorpie aan by 'n rivier wat in die Soutmeer Darya-yi-Namak invloei.
(4) Die Elisee Reclus "The Universal Geography" Vol. 9:
Toon die bogenoemde rivier aan as die Abhar. **(Sien Kaart 1)**

Stad Hara:
(1) Die "Royal Geographical Society" Kaart soos hierbo genoem, en die "War Office Map", ook soos hierbo:
Toon 'n dorp Harau (Kara of Herau) tussen die Kaspiese see en die Qezel Owzan, aan die noordweste van die Elburz Gebergte. **(Sien Kaart 1)**
(2) Phillips se Atlas van "Classical and Scriptural Geography" (saamgestel deur D'Anville en ander gesaghebbendes) 1855:
Toon die bogenoemde dorpie aan as "Hara".

Rivier Kebar:
Volgens Dr. William Smith se "Ancient Atlas, illustrating Old Testament and Classical Authors" en "Everyman's Atlas of Ancient and Classical Geography (1912 edition)":
Word die naam Khabur of Chabur geheg aan 'n rivier wat die Tigris ten noordweste van Ninevé binnevloei. Dit toon ook die outydse Chaboras wat in die Eufraat vloei.

Eségiël, 'n priester van Juda wat na Babilon in die tyd van koning Jojagin weggevoer is, was aangestel om God se waarskuwinge na albei die "huise" van Israel te neem. Die terme "huis van Israel" en "huis van Juda" word gebruik om die verskil tussen die twee aan te dui (Vgl. Eség. 4). Hy kon maklik sy boodskap aan die gevangenes uit die huis van Juda bring, want hy het tussen hulle gewoon; maar om hom instaat te stel om die meer verafgeleë tien stamme met sy boodskap te bereik, was hy deur die Gees na Tel-Abib gedra, waar hy vir sewe dae "verstom" in hulle midde gesit het (as gevolg van hulle sonde, of as gevolg van sy eienaardige ondervinding?) Sien Eségiël 3. Ons sal onthou dat sommige van die oudstes van Israel (tien stamme) daarna na Babilonië gereis het om die Here deur Eségiël te raadpleeg (Eség. 14 en Eég. 20).

Rivier Cosan:
(1) Die "Royal Geographical Society" Kaart ("Proceedings," Mei 1889) en die "War Office Map of the Persian Gulf," 3de Uitgawe 1941, Kaart 32:
Toon die Rivier Kizil (Rooi) Uzun, wat ten suide van die Meer Urmia ontspring en in die suidwestelike Kaspiese See invloei.
(2) Ewald in sy "History of Israel" Vol. 4, bl. 165 sê"
Hierdie rivier is nog bekend as die Rivier Ozen.
(3) Spuner se "Atlas Antiquus (1865)." Kaart 3 en Phillips se "Atlas of Classical and Scriptural Geography (1855)":
Noem dit "Gozan."

Die Stede van die Meders:
Dit word algemeen aanvaar dat hierdie stede van die outydse Medië (die noorde van die hedendaagse Persië) is. Alhoewel die Bybel nie enige van hulle by naam noem nie, skryf die Boek van Tobias oor die Israelitiese Gemeenskappe by Ragae en Ekbatana (die moderne Teheran en Hamadan — "Encyclopaedia Britannica", 9de Uitgawe, Vol. 34, Kaart nr. 40).
(Sien Kaart 1)

Die Trek van die Tien Stamme na Wes Europa

Daar is nog baie meer geskiedkundige bewyse wat ons kon gee, maar dit sal hierdie artikel te lank maak. Indien u hierdie plekname noukeurig in 'n goeie Atlas nagaan, sal u sien hoe ver die tien stamme van Palestina verwyder was. Dit sou vir hulle onmoontlik wees om as nasie weer in daardie tyd terug te keer na Palestina.
In ons vorige studies het ons gesien dat daar baie profesieë in die Bybel is aangaande die uiteindelike lotsbestemming van die Huis van Israel. Daar is egter niks van hulle geskiedenis in ballingskap in die Bybel nie. Die Profete Hoséa en Amos wat ook hulle ballingskappe voorspel het, maak dit ook baie duidelik dat hulle nie verlore sou raak nie, maar uiteindelik geheel en al en glorieryk herstel sou word.
Lees bv. die volgende paar Skrifgedeeltes:
Hoséa 1:4, 9-11;

4 En die HERE het vir hom gesê: Noem hom Jísreël, want nog 'n klein tydjie, dan sal Ek die bloedskuld van Jísreël aan die huis van Jehu besoek en 'n einde maak aan die koninkryk van die huis van Israel (tien stamme)

9 En Hy het gesê: Noem hom Lo-Ammi, want julle is nie my volk nie, en Ek sal nie julle s'n wees nie.

10 Nogtans sal die getal van die kinders van Israel (tien stamme) wees soos die sand van die see, wat nie gemeet en nie getel kan word nie; en in plaas dat aan hulle gesê word: Julle is nie my volk nie — sal aan hulle gesê word: *Julle is* kinders van die lewende God.

(M.a.w. hulle sou Christene word, want jy kan alleen ‘n kind van die lewende God word deur die aanname van Jesus Christus as jou persoonlike Saligmaker vlgs. Johannes 1:12 en verwante Skrifte).

11 Dan sal die kinders van Juda (die twee stamme) en die kinders van Israel (die tien stamme) almal **saam** vergader - - - -

(Vergelyk Jeremia 3:16-18; Eségiël 37)

- - - - en vir hulle een hoof aanstel - - - -

(die Here Jesus Christus met sy Wederkoms)

- - - - en uit die land - - - -

(van hul verstrooiing) Vgl. Matt. 24:31; Eség. 37:21; Jer. 23:3,8; Jer. 29:14; Jes. 43:1-8,20; Jes. 44:1- 2; Jes. 45:4; Eség. 36:24; Ps. 106:47;
Deut. 28:64; Deut. 30:1-6),

- - - - optrek; want groot is die dag van Jísreël.

Vergelyk ook Hoséa 2:15-20.

Die Profeet Amos skryf:

Amos 9:9,11,13-15;

9 Want kyk, Ek gee bevel en sal die huis van Israel (10 stamme) onder al die nasies skud soos ‘n sif geskud word, maar daar sal geen korrel op die grond val nie.

11 In dié dag sal Ek die vervalle hut van Dawid (al 12 stamme) weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd;

(Vergelyk Handelinge 3:19-26; Hand. 15:14-18).

13 Kyk, die dae kom, spreek die HERE, dat die ploeër die maaier inhaal, en die druiwetrapper die saadsaaier; en dat die berge van mos sal drup, en al die heuwels daarvan oorvloei sal wees.

14 En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet.

15 En Ek sal hulle plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê die HERE jou God.

Ander Name vir Israel (10 Stamme):

Waar die Bybelverhaal die geskiedenis van die Tien Stamme laat, daar sit die sekulêre geskiedenis dit voort. Die enigste rede waarom ons Geskiedkundiges geen melding van die verbanne Israeliete in die verslae van die Antieke Wêreld kon vind nie, is omdat die Assiriërs wat hulle as gevangenes weggevoer het, hulle **by ander name** in hulle inskripsies genoem het. Gedurende die afgelope honderd jaar het argeoloë die oorspronklike verslae en inskripsies van die Assiriërs wat die Tien Stamme verower en weggevoer het, opgegrawe en gepubliseer. Dit is uit hierdie verslae wat die sleutel en die leidrade gekom het om die spoor van die Tien Stamme te volg vanaf hulle Assiriese Ballingskap tot vandag toe. Dit is seker die aangrypendste verhaal wat nog vertel is (feite is

waarlik vreemder as fiksie) want die ware begrip van die hede, die toekoms en die verlede is hiermee op die spel.

Die Assiriese Name vir Israel:
Voor hulle ballingskap is die Volk van Israel (die Tien Stamme) in die Assiriese geskrifte gewoonlik "Bit-Khumri" genoem, dit is "die seuns van Omri", die koning wat Samaría gestig het (Vgl. 1 Konings 16:16, 21-25; Miga 6:16). So bv. is daar op die Swart Obelisk (Gedenknaald) wat in die Assiriese Galerye van die Britse Museum staan, 'n illustrasie van Jehu wat -'n strafheffing (Engels "tribute") aan Salmaneser, koning van Assirië betaal. Die inskripsie sê: "Dit is Iaua (Jehu), die seun van Khumri (Omri)".

In Miga hoofstuk 6 waarin God met Israel (die tien stamme) twis oor haar boosheid, lees ons in vers 16: "Want die insettinge van **Omri** word onderhou en al die werke van die huis van Agab - - - - ".
Agab was die seun van Omri (1 Konings 16:30).

In 1 Konings 16:22-27 lees ons dat Omri die stad Samaría gebou het en meer kwaad gedoen het as al sy voorgangers.

Die konings van Assirië het die Huis van Israel na die naam van Omri genoem, soos dit baie duidelik is uit al hulle inskripsies. Na die wegvoering van die Huis van Israel na Assirië toe, word sy op hulle monumente na verwys as: Beth (wat beteken "Huis") - Omri, Bit-Humria, Bit-Khumri, wat almal beteken: "Die Huis van Omri". So het die naam Israel, of Huis van Israel, dan opgehou om te bestaan in die geskiedrolle van die volkere onder wie hulle inbeweeg het.
Sy het waarlik geword Lo-Ammi: nie My volk nie - (Hoséa 1:9),
- - totdat die "volheid van die tyd" sou kom waarin hulle genoem sou word: "kinders van die lewende God" - (Hoséa 1:10, m.a.w. Christene),
- - en uiteindelik weer met die kinders van Juda sal herenig in die dag van Jísreël - (Hoséa 1:11)
- - en vir hulle een hoof sal aanstel (Christus) en uit die land sal optrek om Lukas 1:31-33 te vervul.

In Amos 7:16 lees ons dat Israel ook "die huis van Isak" genoem word. Ongeveer 100 km. vanaf die hedendaagse Teheran, hoofstad van Persië, staan die Behistun Rots:
Wat die Rosetta Steen vir die Egiptologie gedoen het;
Het die Rots van Behistun vir Assirologie gedoen.
Hierin vind ons die sleutel van die verborge geskiedenis van die Huis van Israel na die Assiriese Ballingskap.

In hierdie inskripsies is die dade van Daríus I opgeteken; onder andere bv. die verowering van Israel in drie verskillende tale: Persies, Susies en Babilonies.

Die land van Israel word soos volg aangedui:

In die Susiese Vorm	-:-	Land van die Skithe of Saka;
In die Persiese Vorm	-:-	Land van die Skithe;
In die Babiloniese Vorm	-:-	Land van die Kimmeriërs of Kimiri.

Hieruit het ons dus die bevestiging dat "Skithië" die land van die Kimmeriërs was. Die tien stamme was dus alreeds in Assirië die "Huis van Omri", Saka (vgl. huis van Isak van Amos 7:16) en Kimmeriërs genoem.

In 'n boek van die Britse Museum:
"Sculptures and Inscriptions of Darius at Behistun, Persia," wat in 1907 gepubliseer is, word hierdie inskripsie op die Behistun Rots bevestig:
Die Persiese "Saka" was die naam vir die "Skithe". Uit die gegewens van hierdie boek blyk die identiteit van die Skithe, Saka en Kimmeriërs baie duidelik.
(Die Apostel Paulus skryf aan die Kolossense soos volg: "waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Scith, slaaf, vryman is nie; maar Christus is alles en in almal" - Kol. 3:11).
Onder hierdie name, en nog ander wat ons met die verloop van hierdie boek sal aantoon, het Israel uit haar Assiriese Ballingskap ontsnap, en haar lang weg deur Europa gebaan, om uiteindelik te ontwikkel in die Nasies van Noord en Wes Europa en hulle afstammelinge soos ons hulle vandag ken. Dis hier waar die Huis van Israel tot ontwaking sal kom en saam met die Huis van Juda in die tyd van die benoudheid van Jakob (Jer. 30:7) verlos sal word, haar verlore identiteit sal herontdek, en die laaste glorieryke beloftes van al die profete met die Wederkoms van Christus sal vervul.

Die Eerste Vermelding van Israeliete in Medië.

In die jaar 707 v.C. het die Assiriese grensposte berig dat gewapende magte van Urartu (Ararat) die gebied suid van die Meer Urmia in Medië binnegeval het. Dit was die gebied waar die Israeliete wat in ballingskap weggevoer was, veertien jaar vantevore geplaas was. Hierdie verslag sê dat toe die koning van Urartu in "die land van Gamir" kom is sy leër heeltemal verslaan.

Gamir is klaarblyklik 'n vervorming van Ghomri, die Assiriese naam vir Israel, deur die omkering van die laaste lettergreep **ri** - na - **ir**. Sulke omkerings is algemeen in Assiriese geskrifte; bv. in die annale van Sargon word Rusas koning van Urartu, dikwels Ursa genoem. Die Assiriese spioene het gerapporteer dat die "Gamira" 'n teenaanval geloods het, en die land van Urartu binnegeval het, nege van hulle bevelvoerders doodgemaak, en hulle opperbevelhebber gevange geneem het. Alle geskiedkundiges stem saam dat die "Gamira" dieselfde mense was, wat dertig jaar later gedurende die regering van Esarhaddon, Gimira genoem was. **(sien Kaart 4)**

Sir Henry Rawlinson, in sy kommentaar op die inskripsies op die Rots van Behistun, het geskryf dat die Babiloniese ekwivalent van die Persiese "Saka" was "Gimiri" - (wat "stamme" beteken).

Baie Bybel kenners is dit met mekaar eens dat in die woeling van volkere en nasies in daardie tyd, hierdie Tien Stamme in die gebiede 'n groot aandeel gehad het in die vernietiging van die Babiloniese in Persiese Ryke.

Die Ontsnapping deur die Driwwe van die Eufraat Rivier

In die Apokriewe Boek, die 4de Boek van die Profeet Esra, een van die profete van die Ou Testament, word dit vir ons beskryf hoedat die grootste gedeelte van die Tien Stamme deur die klowe van die Bo-Eufraat ontsnap, en tussen die berge van Klein-Asië inbeweeg het.
2 Esdras 13:39 – 46;

39 En dat jy gesien het hoe Hy 'n ander vreedsame menigte by Hom versamel het;
40 dit <u>is die tien stamme</u> wat uit hulle land as gevangenes weggevoer is, uit hulle eie land in die tyd van koning Hoséa, wat Salmaneser, die koning van Assirië in gevangeskap weggelei het, en hy het hom oor die water geneem en so het hulle in 'n ander land gekom. (Vgl 2 Konings17:6)
41 Maar hulle het besluit dat hulle die menigte van die heidene sou verlaat en na 'n ver land waar geen mens nog ooit gewoon het nie.
42 Sodat hulle daar hulle verordeninge kon hou wat hulle nooit in hul eie land nie gehou het nie.
43 en hulle het ingegaan deur die nou deurgange van die Eufraatrivier.
44 Want die Allerhoogste het toe tekens aan hulle getoon en het die vloed, teruggehou totdat hulle deurgegaan het.
45 Want deur daardie land was daar 'n lang pad van een en 'n halwe jaar om te gaan, en daarom word die landstreek Assareth genoem.

Assareth beteken berge van Sereth — **(sien Kaart 5).**

Die Grieke het hierdie Tien Stamme wat deur die Assiriërs "Gimira" genoem is, "Kimmerioi" genoem wat in Engels as "Cimmerians" vertaal is.

Die Sereth is vandag nog een van die sytakke van die Donou, nie ver van sy uitmonding in die Swart See. Herodotus, die bekende geskiedskrywer uit die ou tyd, skryf oor hierdie selfde tyd waaroor Esra skryf, soos volg: "Die Skithe het opgetrek verby die Eufraat, oor die Armenieserivier, die Araxes". Herodotus se verhaal is dus dieselfde as die van Esra. Soos reeds gesien, word Israel op die Behistun Inskripsie in beide die Persies en die Susies, die Skithe genoem.

Hoewel nie al die Skithe Israel was nie (dit was ook 'n tyd van die woeling van verskillende nasies in daardie gebied) bedoel die naam Skithe op die Behistun

Rots baie beslis Israel. Herodotus sê dat die Skithe, dus Israel, oor die Araxes getrek het en in Suid-Rusland aangekom het, waarna hierdie gebied "Skithië" genoem is. Hierdie trek het deur die passe van die Kaukasiese Gebergte gegaan, en een gedeelte het oorgetrek na die Krim Skiereiland, en 'n lang tyd daar gebly en hulle naam daaraan gegee.
Onthou, hulle was ook bekend as die Khumri (onthou Omri) wat deur die ou Griekse en Latynse skrywers as Kumroi, Cumri, Cimry, Cimmeri, Cambri en dergelike vorme, aangedui word. Hieruit kry ons die naam "Cimmeriese see" een van die name van die ou tyd vir die Swart see en die Krim, wat uit die woord Kimmeria of Cimmeri afgelei is.

Hebreeuse Name op Grafstene op die Krim Skiereiland

Daar is 'n groot aantal grafstene op die Krim Skiereiland gevind waarop daar die name van Israeliete voorkom. Een van hierdie grafstene word in die "American Journal of Archaeology van 1914, Vol. XVIII", en in die "Illustrated London News" van 3 Januarie en 14 Februarie 1914 beskryf. Professor Hannay verwys na 'n Hebreeuse manuskrip wat in een van die grafte gevind is, wat soos volg lees:
"Ek is Jehudi, die seun van Moses, die seun van Jehudi, die Magtige, 'n man uit die stam van Náftali, wat in ballingskap weggevoer is saam met die ander stamme van Israel, deur die vors Salmaneser, vanuit Samaría gedurende die regering van Hoséa, koning van Israel. Hulle is in ballingskap weggevoer na Hala, na Habor (dit is Kabul) na Gozan en na Chersonesus" (dit is Krim).

Dit bevestig die verhaal van hierdie swerwelinge ("wanderers" in Engels) of Skithe, die mense van Israel, wat weggevoer is na die Rivier Gosan, die identiese verhaal soos ons dit in 2 Konings vind, maar dit vertel ook verder van die latere trek na die Krim.

Daar is ongeveer 700 van hierdie inskripsies op die grafstene op die Krim deur Professor Chwolsen van Leningrad versamel. Op kaart 6 is 'n skets van een van hulle - **(Sien Kaart 6).**

Kenners wys daarop *(Haberman bl. 131) dat die skrif nie die vierkantige Hebreeuse is nie, maar kenmerkend is van die oorgang van die Fenisiese letters na die latere Hebreeuse.

Die vertaling van hierdie inskripsie is soos volg:
"Dit is die grafsteen van Buki, die seun van Itchak die priester; mag sy rus in Eden wees, ten tye van die verlossing van Israel, in die jaar 702 van die jare van ons ballingskap".

As ons hierdie ballingskap dateer vanaf die val van Samaría in 717 v.C. dan is die 702de jaar van die Ballingskap, die jaar 15 v.C.

Daar is ook ander onder hierdie versameling van grafstene wat dateer uit die begin van ons Christelike jaartelling. Hierdie grafstene bewys dus dat sommige van hierdie bannelinge van Israel Rusland binnegetrek het, en dat andere onder die name van Skithe en Sakae ooswaarts getrek het, om later weer weswaarts te swenk na hulle bestemde plek in die kuslande in die Weste (vgl. 2 Sam. 7:10). **(Sien Kaarte 7 en 8).**

Na die Bestemde Plek

In afsonderlike groepe en onder verskillende name soos Skithe, Sakai, Cimri en Getae en op verskillende tye het Israel na die Weste getrek om die Kaspiese see. Die groepe was soms groot afstande en oor honderde jare van mekaar verwyder. Hulle het hulself nie Skithe genoem nie, maar was so aan die Grieke bekend.
Herodotus noem die Skithe en die Getae as die bewoners van dieselfde gebied, terwyl Professor Waddell hulle een en dieselfde volk noem. Die naam Israel het verlore gegaan.
Die ontroue "Vrou van die Here" was nie langer geregtig om die naam van haar Man te dra nie. Ver van mekaar verwyderd en op trek na die Weste het die groepe van Israel ook die herinnering aan hulle gemeenskaplike oorsprong verloor. Die woorde van Eségiël is vervul.
Eségiël 20:39;

> Maar julle, o huis van Israel, so sê die Here HERE: Gaan weg en dien elkeen sy drekgode; maar hierná - sekerlik sal julle na My luister en my heilige Naam nie meer ontheilig met julle offergawes en julle drekgode nie.

Die huis van Israel sou nie meer "My volk" - (Hoséa 1:9) wees nie. Sy het self geword soos die "heidene", die "Goyim" of die volke of nasies".
God se woord: "En Ek sal julle bring in die woestyn van die volke - - - - - ".
- (Eség. 20:35) is bewaarheid.

In 721 v.C. is hulle in ballingskap na Assirië weggevoer en ± 600 v.C. het die trek vanuit Assirië na die Weste begin. Onder name soos Kumri, Sacae, Skithe, Massagetae (Massagete), Angli, Bretti, Gote, ens.
Almal het op 'n weg gegaan wat hulle nie geken het nie - (vgl. Jes. 42:16),
Op pad na die plek wat God vir hulle bestem het - (vgl. 2 Sam. 7:10).
Deur die wildernis van Europa (soos dit destyds was), deur Klein-Asië en deur die Steppe van Rusland;
Het hulle geswerf onder die nasies - (vgl. Hoséa 9:17)
En van see tot see en van noord na oos - (Amos 8:12).
Israel wat bestemd was om saam met God te heers, het Hom verlaat en is verwerp. Sy het in die see van volkere verswelg geraak en in vergetelheid versink.
Maar God alleen weet dat sy net "verborge" geraak het - (vgl. Ps. 83:4). Maar nie "verlore" nie - (vgl. Amos 9:9).

Op die regte tyd, en nadat sy ook in haar "verborgenheid" die woord van God vervul het, sou sy tot ontwaking kom, haar ware identiteit ontdek en terugkeer na haar God. Maar nou eers weer terug op haar spoor.

Die Apostels en die Tien Stamme

Nadat ons Here Jesus as die Messías deur die Jode verwerp is, het Hy aan sy apostels die volgende opdrag gegee:
Matthéüs10:5-6;
5 Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en aan hulle bevel gegee en gesê: Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie;
6 maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel.
(Lees Eségiël 34:1-31).

In Matthéüs 15:24; (het Hy gesê):
Maar Hy antwoord en sê:"Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel.
In Johannes 7:35; (vra die Jode die vraag):
En die Jode sê onder mekaar: Waar wil Hy heengaan, dat ons Hom nie sal vind nie? Hy wil tog nie na die verstrooides onder die Grieke gaan en die Grieke leer nie?

Uit 1 Petrus 1:1 en Petrus 2:9-10; blyk dit dat die "vreemdelinge" van die verstrooiing niemand anders as hierdie tien stamme was wat volgens die profete vir 'n tyd lank "vreemdelinge" of Lo-Ammi (nie My volk nie, Hoséa 1:9) sou word.

Die Apostel Jakobus praat ook van die "twaalf stamme wat in die verstrooiing is", - (Jakobus 1:1).

Sewe eeue na die ondergang en verwerping van die "Huis van Israel" het die apostels (en die Jode) dus geweet dat die Tien Stamme nie "verlore" was nie, maar woonagtig was in Asië rondom die Swart see, in Pontus, Galasië, Kappadosië en Bithynië – (Petrus 1:1).

Die Gote

Die Romeinse geskiedskrywer Tacitus (55-199 A.D.) vermeld hierdie naam die eerste. Was die Gote werklik die Getae?
Griekse en Romeinse geleerdes soos Strabo, Ptolemeus en Plinius wat gedurende die tydperk vanaf ± 60 v.C. tot die eerste helfde van die 2de eeu n.C. geleef het, vereenselwig almal die "Getae met die Gote".
Die Gotiese Geskiedskrywer Jordanes skryf van Gothe, Getae en Skithe as dieselfde volk.

Pinkerton noem elf Latynse skrywers wat almal verklaar dat Getae die Gote genoem was.
Uit hierdie gegewens is dit dus duidelik dat die Gote wat so duidelik hulle stempel op die geskiedenis van Noordwes en Wes-Europa afgedruk het, Israeliete was. Die herkoms van baie van die hedendaagse Westerse Nasies kan na die Gote teruggevoer word.

Israeliete in Medië word Skithiërs genoem

Gedurende die regering van koning Esarhaddon (681-669 v.C.) het die hoof groep Israeliete in Medië met hulle bure saamgespan om die Assiriese ekspedisies wat na hulle gebied gestuur was, aan te val. Die Assiriërs het hulle eers Gimira genoem, maar later Iskuza: ‘n inskripsie wat in ‘n rots by Behistun in Noord-Persië uitgekap is, toon aan dat die Persiese ekwivalent vir Gimira, Sakka was, die naam waarby die Israeliete hulleself genoem het (Amos 7:9,16).

Geskiedkundiges uit die ou tyd vertel ons dat die mense wat deur die Grieke Skithiërs genoem is, deur die Perse Sakae of Sakka genoem is, en dat hulle die naam Skithiër van die Assiriese “Iskuza” gekry het, wat weer heelwaarskynlik van “Isaaka” afgelei is.

Esarhaddon het ‘n bondgenootskap met Bartatua, koning van die “Iskuza”, gesluit om die aanvalle op sy manskappe in Medië te stuit. Hiervoor het hy hom sy dogter as vrou gegee. As gevolg van hierdie bondgenootskap het die Skithiërs aansienlike mag in Medië gekry, tot met die val van die Assiriese Ryk in 612 v.C.

Skatte wat onlangs in opgrawings naby Sakkiz, suid van Meer Urmia in Medië gevind is, word geglo, het aan koning Bartatua en sy Assiriese bruid en haar opvolgers behoort. Dit het goue, ivoor en brons voorwerpe ingesluit, sommige waarvan, van Assiriese vakmanskap en andere weer van Skithiese getuig. Sommige van die stukke word as kenmerkend Fenisies beskou, wat heeltemal verstaanbaar is wanneer ons besef dat die Skithiërs in werklikheid die Israelitiese bure van die Fenisiërs was.

Die Cimmeriërs in Europa
(Sien Kaarte 5 en 9)

Terwyl Nebukadnésar nog besig was om Jerusalem aan te val, en die Huis van Juda in ballingskap na Babilon (604-586 v.C.) weg te voer, het die Westelike flank van die Israelitiese ballinge, bekend as Cimmeriërs, begin om rondom die westekant van die Swart see, Suidoos Europa in te trek. Die gedeelte van hulle wat suid van die Karpate was, het in verspreide groepe langs die Donaurivier op beweeg, en by sy oorsprong in Suid Duitsland in ongeveer 600-500 v.C.

aangekom, waar hulle bekend geword het as die Kelts of Galliërs. Hulle het aan die Laer Donau die Keltiese naam "Ister" gegee, wat laag beteken.

Die Skithiërs in Suid-Rusland

Na die val van die Assiriese hoofstad Ninevé in die jaar 612 v.C., het die Meders en die Babiloniërs die Israelitiese Ballinge begin aanval. Dit was in die tydperk toe die Huis van Juda in ballingskap weggevoer is na Babilon. Hierdie Israeliete; onder druk van die Meders, en bekend as Iskuza of Skithiërs, het deur die Dariel Pas in die Kaukasiese Gebergte beweeg en die grasvlakte van Suid-Rusland gaan bewoon. Ongeveer sestig jaar later nadat Kores, die koning van Persië, die Babiloniese Ryk in 539 v.C. omvergewerp het, het hy die Jode toegelaat om na Jerusalem terug te keer. In 530 v.C. het hy noordwaarts opgeruk met die doel om die Skithiese Israeliete wat nog suid van die Kaukasiese Gebergte agtergebly het, onder sy beheer te kry. Hy het die Araxesrivier oorgesteek en in 'n hewige geveg met die Skithiërs onder hulle koningin Tomyris, is die Perse verslaan en Kores self is in die geveg gedood.

Die Skithiërs beset die Oekraïne

Onder druk van die Meders en Perse het golf na golf van die Skithiese Israeliete deur die Kaukasiese Gebergte getrek. Hulle voorhoede in die weste het die riviere Don en Dnjeper oorgesteek en in botsing gekom met die Cimmeriese Israeliete wat voor hulle rondom die Westelike Swart see getrek het. Die gevolg was dat die Cimmeriërs verder uitgedryf is, sommige met die Donau op, en die ander in 'n noordwestelike rigting in die dun bevolkte gebiede aan die Baltiese Kus, waar hulle later aan die Romeine as die Kimbri bekend geword het. **(Sien Kaarte 7 en 10).**

Gedurende die 6de eeu v.C. het die Skithiërs die hele Oekraïne tot sover as die Karpate oorstroom, en later 'n gedeelte van die Donaubekken tydelik beset. Onder Daríus (522-486 v.C.) het die Perse weer probeer om hulle te verslaan deur hulle vanuit die Balkan oor die Donau aan te val. Maar die Skithiërs het net voor hulle aanvallers uitgevlug, en 'n verskroeide aarde beleid toegepas, en Daríus moes omdraai. Hy het nietemin daarop aanspraak gemaak dat hy heerskappy oor hierdie "Skithiërs" oorkant die see gehad het, en ook oor die ander groepe wat ooswaarts uitgedryf is tot sover as die grense van Indië en China.
Dus teen die tyd dat Esra van Babilon af na Jerusalem, in die jaar 458 v.C. opgegaan het, was die grootste gedeelte van die Huis van Israel (tien stamme) oor 'n wye gebied uitgesprei vanaf die Ryn en die Baltiese See in die Weste tot by Sentraal Asië in die Ooste.
Net 'n klein oorblyfsel het in Medië agtergebly om Esra se uitnodiging aan te hoor om na Jerusalem terug te keer.

Die Kaukasiese Ras

Hieruit sal u nou al kan begin sien waarom hierdie nasies wat die voorouers van die huidige Westerse nasies geword het, die Kaukasiese ras genoem word — hulle het uit Medië deur die Kaukasiese Gebergte, Europa binnegekom. Hulle was niemand anders as die sogenaamde "Verlore Tien Stamme" nie.

Dit is dan ook nie vreemd om die name van sulke riviere soos die **Donau,** die **Don**, die **Dnjeper**, die **Dnjester** in hierdie gebiede waar die Tien Stamme na hulle ontsnapping uit hulle Assiriese Ballingskap ingetrek het, aan te tref nie.

"Dan" was een van die vernaamste stamme van Israel, "'n jong leeu wat uit Basan uitspring" (Deut. 33:22) en met "skepe" te doen gehad het volgens Rigters 5:17. Hy het baie beslis sy naam aan hierdie riviere gegee, net soos ook later aan Denemarke of Denmark in Engels.

Die Sarmasiese inval in Suid-Rusland
(Sien Kaart 11)

Vanaf die 6de tot die 3de eeu v.C. het die Israeliete hulself in Suid-Rusland as die groot en voorspoedige Koninkryk van Skithië gevestig. Hulle het baie noue handelsbetrekkinge met die Grieke gehad en hulle van graan voorsien. Teen die einde van die 4de eeu, het daar egter 'n volk gekom wat nie van Israelitiese afkoms was nie, die Sarmasiërs, wat die gebied oos van die Don beset het; terselfdertyd het die Skithiërs hulle ryk vergroot, noordwaarts tot sover as Kiev en weswaarts tot by die Donau.

Daarna, aan die begin van die 3de eeu, is hulle weswaartse uitbreiding gekeer deur 'n inval van die Kelte wat in die rigting van die Swart See gemik was. Dit was opgevolg deur 'n oprukking van die Sarmasiërs oor die Don. Teen die einde van die 2de eeu v.C. het die Sarmasiërs Suid-Rusland tot sover as die Karpate en die Donau beset.

Daar het net twee klein klompies van die Skithe aan die Swart See agtergebly, een op die Krim Skiereiland en die ander suid van die Donaudelta. Vasgedruk tussen die Sarmasiërs en die Kelte, is die oorgrote gedeelte van die Skithe in 'n noordwestelike rigting uitgedryf, en het later die suidelike kusstreke van die Baltiese see en die Noord see gaan bewoon.

Ook hierin kan ons die hand van die God van Abraham, Isak en Jakob sien. Oor 'n tydperk van eeue, en met baie omweë, was die Heer steeds besig om sy volk te stuur na die plek wat Hy vir hulle vir die laaste dae bestem het. In hierdie bestemde plek sou hulle ontwikkel in die Christen Nasies van die huidige dispensasie.

Die Kelte

Die grootste gedeelte van die Westelike, of Kimmeriese groepe van Israeliete het met die Donau opgetrek en hulle as Kelte in Sentraal Europa teen die jaar 500 v.C. gevestig. **(Sien Kaart 10).**
In ongeveer 390 v.C. het sommige van hulle Italië binnegeval en Rome ingeneem.
In ongeveer 280 v.C. het andere van hulle weer Griekeland en Klein-Asië binnegeval. Maar die meeste van hulle het in ‘n weswaartse en noordelike rigting uitgesprei en deur Frankryk beweeg vanwaar hulle vanaf die 5de eeu v.C. in Brittanje begin aankom het.
Intussen is die Kimmeriërs oos van die Karpate in 525 v.C. deur die Skithe uit Suid-Rusland uitgedryf, en het hulle ook na die Baltiese see begin beweeg.
Maar toe die Skithe self in die 2de eeu v.C. deur die Sarmasiërs uit Suid-Rusland gedryf is, het hulle die Kimmeriërs uit die Baltiese gebied en Jutland weswaarts al langs die kus gedryf in die rigting van Holland en Brittanje.
(Sien Kaart 10).
Baie van die Kimmeriërs wat op die vasteland agtergebly het, het die Ryn oorgesteek en in Frankryk aangeland op soek na lewensruimte.
Vanaf 113-101 v.C. het hulle met hulle roof en plunder togte tot sover as Spanje en Italië getrek, maar die meeste van hulle het in hulle botsings met die Romeine omgekom.

Die Angel-Saksers

Daar het ‘n neiging ontstaan om die Sarmasiërs wat in “Skithie” in Suid-Rusland inbeweeg het, met die Skithe te verwar, maar die Romeine het die naam ****“German” vir die egte Skithe ingevoer (Germanus is die Latyn vir “eg”). Dit het toe gebruiklik geword om, behalwe in die verre buite gebiede, die naam Skith te laat verval ten gunste van German, of Sarmasiër, na gelang van op wie dit van toepassing was.
Des teenstaande was die land suid van die Baltiese en Oostelike Noord See nog Skithië genoem, en tot so laat soos die jaar 800 n.C. het die ou Walliese geskiedkundige Nennius die tuisland van die Angel-Saksers Skithië genoem.

Dit is baie welbekend dat die Angel-Saksers wat na Brittanje gekom het, deur die Romeine “Germans” genoem is, en dat die Normandiërs (“Normans”) wat die laaste groep was om die Britse Eilande binne te val, in die jaar 1066 n.C. van dieselfde stamboom was. Die mense wat ons vandag Duitsers (“Germans”) noem is nie meer almal van dieselfde stamboom nie. Daar het in die loop van die eeue ander nasies die huidige gebied wat as Duitsland bekendstaan, binnegekom en die stamme van Israel wat onder die name bekend gestaan het soos tot dusver aangedui, gedeeltelik voor hulle uitgedryf en deels met hulle vermeng het.

Duitse geskiedkundiges verdeel self vandag die Duitse nasie in vier groepe. Dit is ook in die Duitsers duidelik te sien, hulle wissel vanaf die blonde en meestal slanke tot die donker en bonkige**. (Sien Kaart 12).**

Gevolgtrekking:
Ons het dus gesien dat die Wes en Noordwes Europese Nasies, en dus ook diegene wat vanuit hulle na Noord-Amerika, Suider-Afrika, Nieu-Seeland en Australië geëmigreer het, almal van die tien stamme afstam en heeltemal afsonderlik is van die Jode. Die Huis van Israel het alle kontak met Juda verloor toe hulle in ballingskap deur die Assiriërs in die jare 732-700 v.C. weggevoer is. Hulle was alreeds op politieke en staatkundige gebied van mekaar, sedert die dood van Salomo, geskei. Ons sal nog 1000jaar verder in hulle geskiedenis moet teruggaan tot by Jakob om 'n gemeenskaplike voorvader te kry.
In hulle ballingskap het die tien stamme in twee groepe verdeeld geraak en in twee verskillende plekke, die een naby die Bo Eufraat, en die ander in Medië gaan bly. Hierdie twee groepe het met verskillende roetes en oor verskillende tye na die land van Wes en Noordwes Europa getrek.
Sommige van hulle het as die Kelte eerste in die Britse Eilande aangekom. Die ander het vanuit Wes en Noordwes Europa, Brittanje in opeenvolgende golwe as die Dene, Wikinge ("Vikings"), Saksers, Normandiërs ("Normans") binnegeval en daar saamgesmelt en in die Britse, Skotse, Ierse en Walliese nasies ontwikkel.
Die ander wat in Noordwes en Wes Europa agtergebly het, is vandag die Noorweërs, Swede, Dene, Hollanders, Wes Duitsers, Belge, en woon ook in dele van Frankryk en Noord Italië.
Daar het ook kolle van hulle oral oor Europa agtergebly, tot sover as Rusland in die Ooste en Spanje en Portugal in die Weste.
Dit is 'n fantastiese verhaal wat in die volgende paar jaar sy klimaks sal bereik met die terugkeer van die Koning. Dan sal die sluier weggetrek word - (Jesaja 25:7), en die Naam van die Here verheerlik word. Die mees fantastiese gebeure van al die eeue staan op die punt om plaas te vind. Gelukkig is daardie dienskneg en diensmaagd wat besig gevind sal word om hulle Meester se opdrag uit te voer wanneer Hy kom - (Matt. 24:46).

Die uitkenning van die identiteit van die Huis van Israel en die Huis van Juda is die sleutel tot 'n begrip van al die profesieë van die Bybel -**.

****Onder die woord "Germanic" sê:
Die "Chambers Twentieth Century Dictionary" die volgende:
"Van die taalkundige familie waaraan Duits ("German"), Engels, Norweegs, ens., behoort - Teutonies - N. 'n uitgestorwe Indo-Germaanse taal wat onderskeid gemaak het tussen Oos-Germaans (Goties en ander uitgestorwe tale), Noord-Germaans of Skandinawies (Norweegs, Deens, Sweeds, Ysland) en Wes-Germaans (Engels, Frisies, Nederlands, Hoog-en-Laag-Duits)". Dit toon aan hoe verwant aan mekaar al hierdie groepe is, en waar hulle vandaan kom.

****Verwysings:**

“Israel's Racial Origin and Migrations” deur Brig. General, W. Fasken, C B.
“De Migraties Van De Tien Stammen Door Europa” deur A. Vrolijk.
“Tracing Our Ancestors” deur Frederick Haberman.
“A Synopsis Of The Migrations Of Israel” deur W.E. Filmer.
“Researches into the Ethnic Origins of Israel” deur C.F. Parker, B.A.
“The Races of the Bible” deur Rev. Wm. Pascoe Goard.
“The Pattern of History” - Destiny Magazine.
“The British History traced from Egypt and Palestine” deur:
Rev. L.G.A. Roberts, Com. R.N.
“The Post-Captivity Names of Israel” deur:
Rev. W.M. Pascoe Goard Lld., F.R.G.S., F.R.E.S.
“An Emerging Civilization” deur C.R. Dickey
“Chemivision” deur Dr. William J. Hale.
“Bible Research Handbook” deur National Message Ltd.
“The Covenant People” deur Destiny Publishers.
“Who and where are the Lost Ten Tribes”? deur Rev. John Heslop.
“The Evolution of Israel” deur B. De W. Weldom.

Hoofstuk 13

Transkripsie van kasset nr. L39

Israel in Jesaja

Inleiding

Die identiteit van die ware Israel was tot op hierdie stadium ons hooftema. Ons het die betekenis van die benamings Hebreër, Israel, Huis van Israel, Huis van Juda, Jood, Efraim, en so aan ontleed. Hieruit het gevolg die identiteit van die ware Israel en die ware Juda van vandag. Ons het die hoogs belangrike ontdekking gemaak dat die Huis van Israel vandag verteenwoordig word deur die Blanke Protestantse Westerse Nasies, en die Huis van Juda gevind word in die gedeelte van die Jode wat van suiwer Israel afkoms is.

Sonder hierdie kennis en insig sal die profesieë van die Bybel vir ons grotendeels of geslote of verwarrend wees. In ons studie van Israel kom ons dan nou juis om meer in besonderheid na sommige van die profete te kyk. Hierdie profete skryf meer oor die wederkoms van Christus en dit wat dit voorafgaan en wat daarna gaan volg, as selfs die Nuwe Testament. Ons sal in ons ondersoek vind dat hulle hele tema rondom Israel en haar uiteindelike herstel wentel. Ons sal verder vind dat hierdie profete in die eerste instansie ware Godsmanne was, maar tweedens ook net sulke vurige patriotte - Hulle was lief vir hulle volk, Israel.

Die Profeet Jesaja skryf bv. vanaf hoofstuk 40 tot die einde (dit handel hoofsaaklik oor “die herstel” van Israel) in sulke gloeiende terme, dat sommige Bybel verklaarders sê dat hy nie daardie gedeelte geskryf het nie, maar iemand anders. Maar daar is geen twyfel daaromtrent nie, dit is hy wat dit geskryf het: dit is net dat in hoofstukke 1-39, hy hoofsaaklik skryf oor die ballingskappe wat Israel en Juda sou ingaan, en in hoofstukke 40 tot 66 kyk hy hoofsaaklik verby die ballingskappe na die versameling van die hele Israel, haar bekering, en waar sy die middelpunt van God se koninkryk op aarde sal wees.
Die verandering in skryfstyl waarvan daar soveel gesê word, is dus niks minder merkwaardig as die verandering van tema nie. ‘n Profeet, wat ook ‘n patriot is, sal nie oor die sonde en komende gevangenskap van sy volk in dieselfde verhewe en jubelende styl skryf, as wat hy sou gebruik om hulle verlossing, seëninge en krag te beskryf nie.

Die Profesieë van Jesaja

Jesaja word beskou as een van die “grotere profete” en sy naam beteken “Verlossing van die HERE”. Hy het geprofeteer gedurende die regerings van Ussía, Jotam, Agas en Hiskía - (Jes. 1:1) dit is, min of meer tussen die jare 760 tot 700 v.C. Sy profesieë het gestrek vanaf sy tyd tot en met die wederkoms van Christus in die Millennium.

In hoofstuk 1 stel Jesaja die saak van die Here teen Juda as gevolg van haar sonde. Sonde is die oortreding van die wet van God - (1 Joh. 3:4).
In vers 18 pleit die Heer met sy volk in hierdie pragtige en onsterflike woorde, wat al die redding van menige siel deur die eeue heen teweeggebring het:
Jesaja 1:18;

> Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

In Jesaja 1:26 beloof die HERE:

> En Ek sal jou weer regters gee soos vroeër en raadsmanne soos in die begin, daarna sal jy 'n stad van geregtigheid, 'n getroue vesting genoem word.

Hierdie vers wys vir ons dat wanneer die koninkryk herstel word sal die ou teokratiese regeringsvorm in Israel weer ingestel word.
Vergelyk Rigters 2:18; Matt. 19:28.
In sy nota by Rigters 2:18 sê Scofield in sy naslaan Bybel onder andere die volgende:
"Die Rigters was die geestelike voorvaders van die profete, dit wil sê, manne wat deur God opgerig was, die Teokratiese Koning, om Hom in die nasie te verteenwoordig. Hulle was patriotte en godsdienstige hervormers want nasionale veiligheid en voorspoed was onlosmaaklik verbonde aan trou en gehoorsaamheid aan die Here."
Mag ons in hierdie dae van die bedreiging deur die vyand hierdie woorde ter harte neem en mag die Heer vir ons weer sulke manne gee.
Let ook daarop dat vers 26 beloof dat Israel, " 'n stad van geregtigheid 'n getroue vesting" genoem sal word.
In ons boek "Die Boek van Openbaring", beskryf ons vir u in die besonder, hoedat die Nuwe Jerusalem wat Johannes uit die hemel sien neerdaal het, niks anders is as 'n herstelde Israel in al haar toekoms heerlikheid, bekeerd, vervul met die Heilige Gees, die volle wet van God herstel en met Jesus op die troon van Dawid in haar midde, om dit te administreer.
Let weer op Matthéüs 19:28.

Die Belofte van die Laaste Dae

Jesaja 2:1-5, brei verder op hierdie heerlike belofte van herstel uit. Lees dit verseker self in u Bybel. In die vorige hoofstukke het ons vir u die terme Jakob en huis van Jakob verduidelik, en u laat sien dat dit altyd al twaalf die stamme van Israel voorstel. 'n Berg in die Skrif stel simbolies 'n koninkryk voor, en 'n heuwel 'n kleinere koninkryk.
Lees: Daniël 2:35 en Openbaring 13:1 met Open. 17:9-11.
Hier sien die profeet hoedat Israel volkome herstel word as die demonstrasievolk wat God haar voor uitgekies het. Die wet van die HERE sal volkome herstel en

toegepas word, wat van Israel ‘n model nasie sal maak na wie al die volke sal kom om ook haar weë te leer.
Vgl. Ex. 19:4-6; Deut. 4:5-8; Deut. 30:6-8; Jer. 31:31-34; Rom. 11:25-29.
Dit is ‘n goeie boodskap in hierdie dae van wetteloosheid (die einde van die dae) waarin ons lewe. Dit is die voorspelling van die koms van die Koninkryk van God op aarde - (Matt. 6:9-10; Sag. 14:9) waarvoor ons Here Jesus ons leer bid het. Dit is die praktiese oplossing vir die praktiese probleme van ‘n harde werklike wêreld waarin ons is.
Die HERE alleen kan vrede bring en die oorloë laat ophou.
Lees: Jesaja 9:5-6; Psalm 46:2-4,10-12.
Hy alleen sal die nasies bring om van hulle swaarde pikke te smee en van hul spiese snoeimesse, en dat nasie nie meer teen nasie die swaard sal ophef of leer om oorlog te maak nie. Maar dan sal Jakob (twaalf stamme van Israel) moet leer om te wandel in die lig van die HERE - (Jes. 2:5).
Daar rus ‘n groot verantwoordelikheid op ons om in hierdie dae van onsekerheid en angs, weer soos die Apostel Petrus die vinger te druk op die profesieë wat van toepassing is op hierdie tye en te sê:

“Maar dit is wat deur die profeet - - - gespreek is” - (Hand. 2:16).

Beide die hemel daarbo en die aarde hier benede wag vir hierdie boodskap om in die krag van die Heilige Gees gebring te word.

Die Wingerd van die HERE

(Jesaja 5:7)

Een van die redes waarom die profesieë van die Bybel so min verstaan word en dikwels so verkeerd uitgelê word, is omdat ons nie genoeg aandag gee aan die terme wat gebruik word nie. Dit word of nie raakgesien nie, of deurmekaar gegooi. Wanneer Jesaja bv. in hoofstuk 5:7; sê dat die huis van Israel die wingerd van die HERE is, dan bly dit so, en moet ons dit ook so onveranderd in die Nuwe Testament oorbring, soos bv. in Matthéüs 21:33-46; in die gelykenis van die landbouers en die wingerd.
Vgl. ook Hoséa 10:1; Psalm 80:9; Lukas 13:6-9; Johannes 15:1-8.

Jesaja sien die Koning

(Jes. 6:1-8)

Hier word aan Jesaja gegee om die HERE te sien sit op sy troon in al sy heerlikheid, en van daardie oomblik af was hy nooit weer dieselfde nie.
Vgl. Daniël 7:14,18,22,27; Dan. 10:5-8; Open 1:13-18; Open. 19:16.
Mag die Here gee dat in hierdie dae van so baie verwarrende en ingewikkelde leerstellings ons die duidelike en eenvoudige visie van ‘n Jesaja sal hê: God in ons Here Jesus kom weer om op die aarde te regeer en te vul met sy heerlikheid - (Jes. 6:3,5) nadat Hy al ons skuld weggeneem en ons sonde versoen het - (Jes. 6:7).

Efraim

In Jesaja 7:2 lees ons:

> "- - - - - - Die Arameërs het op Efraim toegesak! - - - - - -".

In sy naslaan Bybel lewer Scofield die volgende kommentaar op die naam "Efraim": "In die profetiese boeke is Efraim en Israel die kollektiewe name van die tien stamme wat, onder Jeróbeam, die noordelike koninkryk gestig het wat later Samaría - (1 Konings 16:24) genoem is, en in 722 v.C. in ballingskap weggevoer is - (2 Konings 17:1-6) en nog voortduur. Hulle word onderskei as, die seuns van Israel wat verdryf is, van die dogters van Juda wat verstrooi is - (Jesaja 11:12), "verborge" in die wêreld - (Matt. 13:44), hulle sal saam met Juda, weer tot Palestina herstel en weer een nasie gemaak word - (Jer. 23:5-8; Eség. 37:11-24)".

Die Immanuel Teken en die Heilige Kind, Israel se Enigste Hoop

In Jesaja 7:13-14, voorspel die profeet dat die **Immanuel Kind** (God met ons) uit die Huis van Dawid gebore sou word. Volgens Jesaja 9:5-6, sou Hy die wêreld se enigste hoop wees. Dank die Heer, die heerskappy is op Sy skouer en Hy word genoem:

Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors.

Hy kom om heerskappy uit te oefen en vrede sonder einde aan die wêreld te bring wanneer Hy vanaf die troon van Dawid sal regeer en geregtigheid weereens op die aarde sal kom vestig. Hiervoor het ons die waarborg van die ywer van die HERE van die leërskare - (Jesaja 9:6).

Die "troon van Dawid" (Jesaja 9:6) is 'n uitdrukking wat histories net so geldig is as die uitdrukking - "troon van die Keisers" of enige ander aardse troon en behoort dus ook net so min vergeestelik te word.

Vgl. hiermee die woorde van die engel aan Maria toe hy die geboorte van Jesus aangekondig het:

> " - - - - en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob (die letterlike twaalf stamme van Israel) tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen end wees nie" - (Lukas 1:31-33).

Opsomming van die Koninkryk in die Ou Testament

I. Heerskappy oor die Aarde voor die Roeping van Abraham:

(1) Heerskappy oor die ganse Skepping was aan die eerste man en vrou gegee:

"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip - - - - en God het vir hulle gesê: - - - - onderwerp dit (die aarde) en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor die diere wat op die aarde kruip" (Gén. 1:26-28).

Deur die val het die mens hierdie heerskappy verloor, en het Satan die "owerste (of prins) van hierdie wêreld" - (Joh. 14:30) geword. In die versoeking van Jesus in die woestyn het Satan hierdie heerskappy "oor al die koninkryke van die wêreld" aan Jesus aangebied as Hy voor Satan sou neerval en hom aanbid - (Matt 4:8-10; Lukas 4:5-8).
(2) Na die sondvloed was die beginsel van die verdeling en heerskappy van die mens ingestel.
Kortliks kom dit daarop neer:
Dat Sem en sy afstammelinge 'n besonderse verhouding tot God sou hê - (Gén. 9:26-27). Alle Goddelike openbaring sou deur die afstammelinge van Sem kom, en Christus, na sy mensheid sou van Sem afstam.
Uit Gam sou 'n minderwaardige en slaafse nageslag kom - (Gén. 9:24-25),
Uit Jafet sou die nasies kom wat "ruimte" nodig het.

II. Die Teokrasie in Israel:

Die roeping van Abraham het, tesame met nog baie meer, die skepping van 'n besondere volk ingesluit waardeur die groot voornemens van God met die mens uitgewerk sou word.
Lees self Génesis 12:1-3.
God het met Abraham 'n verbond gemaak wat deur sy genade volkome, ewig, onvoorwaardelik was.
Lees ook hiermee saam Romeine 11:26-29.
In hierdie verbond is ook ingesluit die uiteindelike herstel en verheerliking van Israel met die terugkeer van ons Here Jesus as Heer en Koning onder die verbond met Dawid.
Vergelyk: Deut. 30:3; Jer. 23:5-8; Eség. 37:21-25; Luk. 1:30-33: Hand. 15:14-17.
Hier kan ons dit nie genoeg beklemtoon dat God se doel met die roeping van Abraham dus die vestiging van 'n Universele Koninkryk op aarde was waarin die heerskappy en geregtigheid van God herstel sou word nie. Dit sou geskied deur die volkome herstel van Sy volk Israel met die wederkoms van Christus om op aarde te kom regeer vanaf die letterlike troon van Dawid.

III Die Koninkryk van Dawid:

(1) 1 Samuel 16:1-13 lees ons hoedat Dawid deur God uitgekies was.
(2) In 2 Sam. 7:8-16; Ps. 89:4-5,21-22,28-38, lees ons van die verbond wat God met Dawid gemaak het.
(3) Vanaf Jesaja 1:26-27 tot Sagaría 12:6-8, word hierdie verbond verder bevestig en in meer besonderhede in baie gedeeltes beskryf.

Lees weer as voorbeeld Jesaja 1:26-27.

Hierdie Koninkryk, soos deur die profete beskryf, is: -
(a) Dawidies (d.i, van Dawid), sal gevestig word onder 'n erfgenaam van Dawid, wat gebore sou word uit 'n maagd, en dus waarlik mens, maar ook "Immanuel", "Sterke God, Ewige Vader, Vredevors" –
(Jes. 7:13-14; Jes. 9:5-6; Jes. 11:1; Jer. 23:5; Eség. 34:23;
Eség. 37:24; Hoséa 3:4-5).

(b) ‘n Koninkryk hemels van oorsprong, beginsel en gesag - (Daniël 2:34-35,44-45), maar op die aarde gevestig, met Jerusalem as die hoofstad - (Jes. 2:2-4; Jes. 24:23; Jes. 33:20; Jes. 62:1-7; Jer. 23:5;
Jer. 31:38-40; Joël 3:1,16,17).

(c) Die Koninkryk sal eers opgerig word oor ‘n versamelde, herstelde, bekeerde en Heilige Gees vervulde Israel, en sal dan universeel word - (Ps. 2:6-8; Ps. 24; Jes. 11:1,10-13; Jes. 60:12; Jer. 23:5-8; Jer. 30:7-11; Eség. 20:33-40; Eség. 37:21-25; Sag. 9:9-10; Sag. 14:9,16-19).

(d) Die morele aard en karakter van die koninkryk sal geregtigheid en vrede wees. Die sagmoediges, nie die trotsaards nie, sal die aarde beërwe; ‘n long lewensduur sal grootliks toeneem; die kennis van die Heer sal universeel wees; alle wreedaardigheid sal van die diere verwyder word; absolute geregtigheid sal afgedwing word, en enige voorkoms van sonde of oortreding sal onmiddellik gestraf word; almal van God se volk wat Armagéddon oorleef het, sal gered word - (Jesaja 11:4,6-9; Jesaja 65:20; Ps. 2:9; Jes. 26:9; Sag. 14:16-21).
Die Nuwe Testament - (Open. 20:1-6) voeg nog ‘n besonderheid van ontsaglike betekenis by - verwydering van Satan vanaf die toneel. Dit is onmoontlik om ‘n denkbeeld te vorm van watter hoogtes van volmaaktheid, geestelik, intellektueel en fisies, die mens sal bereik in hierdie komende era van geregtigheid en vrede - (Jesaja 11:4-9; Psalm 72:1-10).

(e) Die Koninkryk sal met mag en krag gevestig word, nie met oorreding nie, en volg op die oordele van God op die heidense wêreldmagte: (Ps. 2:4-9; Jes. 9:6; Dan. 2:35,44,45; Dan. 7:26-27; Sag. 14:1-19).

Die orde is ook baie duidelik uit die volgende Skrifte:
Eers die oordele van die Dag van die Here - (Jes. 2:10-22; Open. 19:11-21),
Dan die Koninkryk - (Ps. 2:5-6; Jes. 3:24-26 met Jes. 4:2-6;) (Jes. 10:33-34; met Jes. 11:1-10;) (Open. 19:19-21 met Open. 20:4-6).

(f) Die herstel van en die vestiging van die koninkryk op aarde sal volg op die Wederkoms van ons Here Jesus - (Deut. 30:3-5; Ps. 2:1-9; Sag. 14:4).

(g) Die straf wat die Heer die huis van Dawid beloof het as hulle ongehoorsaam sou word - (2 Sam. 7:14; Psalm 89: 31-34) het gekom in die ballingskappe en verstrooiing; sedertdien, alhoewel ‘n klein oorblyfsel onder Serubbábel teruggekeer het, het Jerusalem onder die heerskappy van die heidene gebly.

Maar die verbond met Dawid is nog nooit herroep nie - (Psalm 89:34-38);
En sal nog in elke opsig vervul word - (Hand. 15:14-17; Jes. 11:1-9).

Die Koninkryk van Dawid word Herstel: Sy Aard

Dit is baie duidelik in die Profete dat Israel altyd in die middelpunt van God se raadsbesluite aangaande die aarde staan.
Lees bv. Deuteronómium 32:8;

> Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel, gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel.

Die heidense nasies (d.w.s. die nasies wat nie van Israel is nie) word toegelaat en selfs gebruik om Israel te kasty vir haar nasionale sondes. Die klimaks daarvan staan nou vir ons voor die deur (dit is nou 12 Maart 1976). Maar, net so seker en uiteindelik, val die strawwe dan finaal op die heidene.
Lees self die volgende Skrifgedeeltes: Gén. 15:13-14; Deut. 30:5-7; Jes. 14:1-2; Joël 3:1-8; Miga 5:7-9; Matt. 25:31-40.

Die herstelde Koninkryk sal gevestig word deur die "takkie (wat sal) uitspruit uit die stomp van Isai, en die loot uit sy wortels (wat) sal vrugte dra" - (Jesaja 11:1). Die hele Jesaja 11 gee 'n profetiese vooruitskou van die heerlikheid van hierdie toekomstige herstelde Koninkryk van Dawid onder die Messías.

Lees verseker self Jesaja 11:1-16.
Let veral op vers 9;

> Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek.

Lees ook hiermee saam:
Lukas 1:31-33; Hand. 15:15-17.
Die tema bly steeds dieselfde, nl. dat God vir Israel, al twaalf die stamme, gaan herstel, en deur hulle al die nasies van die aarde wat na sy stem wil luister na Hom sal bring.

In Jesaja 43 bv. skryf die profeet met groot besieling van die herstel en roeping van Israel en sê onder andere in die 21ste vers:

> "Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal my lof verkondig".

Israel, weer terug in haar eie land, word die middelpunt van die Godsregering op aarde en die kanaal vir die seëninge van God; die ander nasies sal alleen geseënd wees in assosiasie met Israel.

Dit is hierdie hervestiging van die Godsregering op aarde wat Satan haat en wat hy beveg; hierdie stryd staan nou op die punt om sy klimaks te bereik in ons dae!

Die Vernietiging van die Mag van die "Nasies" en die Herstel en Verheerliking van Israel

(Jesaja 13 en 14)

In Jesaja 13:6 lees ons:

> "Huil julle, want die dag van die HERE is naby; hy kom as 'n verwoesting van die Almagtige."

Hierdie "Dag van die HERE" word vir ons beskryf in Jesaja 13:6-16.
Dit is die verskriklike tyd wanneer die HERE die mag van die wêreldstelsel van nasies wat as "Babel" (wat verwarring beteken) bekend is, en in opstand is teen God en die ware Israel, gaan vernietig om plek te maak vir die herstel van sy volk Israel en die oprigting van sy koninkryk op aarde.
Dit gaan 'n verskriklike "dag" wees soos ons byvoorbeeld kan sien uit die volgende paar verse:

Jesaja 13:9-11, 13;

9 Kyk, die dag van die HERE kom, verskriklik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde 'n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg.

10 Want die sterre van die hemel en sy Oríons sal hulle lig nie laat skyn nie; die son is duister - - - -

(vgl. Jesaja 24:21-23; Eség. 32:7; Joël 2:31, Joël 3:15; Matthéüs 24:29; Markus 13:24; Lukas. 21:25)

- - - - by sy opgang, en die maan laat sy lig nie skyn nie.

11 En Ek sal aan die wêreld sy boosheid besoek, en aan die goddelose hulle ongeregtigheid; en Ek sal die trots van die vermeteles laat ophou en die hoogmoed van tiranne verneder.

13 Daarom sal Ek die hemel laat sidder, en die aarde sal wyk uit sy plek met gebeef, vanweë die grimmigheid van die HERE van die leërskare en vanweë die dag van sy toorngloed.

Na hierdie "DAG VAN DIE HERE" waarin die Babiloniese stelsel met geweld omver gegooi sal word, sal die Koninkryk van God op aarde gevestig en Israel herstel en verheerlik word.

Lees bv. Jes. 14:1, 7, 8, 32;

1 WANT die HERE sal Hom oor Jakob ontferm, en Hy sal Israel nog verkies en hulle in hul land laat vestig; en die vreemdeling sal hom by hulle voeg, en hulle sal hul aansluit by die huis van Jakob.

7 Die hele aarde rus, is stil; hulle breek uit in jubel.

8 Ook is die sipresse bly oor jou, die seders van die Libanon, en hulle sê: Vandat jy daar lê, klim niemand na ons toe op om ons af te kap nie.

32 Wat sal hulle dan die boodskappers van die nasies antwoord? Dat die HERE Sion gegrondves het, en dat die ellendiges van sy volk daarin sal skuil.

Die Profeet Jesaja kyk deur die Komende Oordele en sien die Heerlike Koninkryk van God daar Anderkant:-

Jesaja 24:1;

KYK, die HERE maak die aarde leeg en verwoes dit, en Hy keer sy oppervlakte om en verstrooi sy bewoners.

Niemand word oorgesien nie, nie eens die ryk handelaar, die verwende vrou of haar slavin nie.

Lees self Jesaja 24:3-5.

Die straf kom oor die aarde omdat haar bewoners dit ontheilig het en God se wette oortree, sy insettinge geskend en die ewige verbond verbreek het. Daar sal min mense oorbly - (Jesaja 24:6; vgl. ook hiermee 2 Petrus 3:10).

Die blydskap en vreugde en feesvieringe sal ophou, die sterk drank wat so ‘n magtige middel in die hand van Satan was om die mensdom na die verderf te lei, sal bitter smaak vir die wat dit drink - (Jes. 24:9).

Daar sal geskreeu en verwoesting op die aarde wees. Vrees en geroep sal opklink, want die fondamente van die aarde sal bewe.

Jesaja 24:19-20;

19 Die aarde word geheel en al verbreek, die aarde is geheel en al aan die wankel, die aarde word geheel en al geskud.

20 Die aarde waggel geheel en al soos ‘n dronkaard en swaai heen en weer soos ‘n naghut; en sy oortreding is swaar op hom; en hy sal val en nie weer opstaan nie.

Maar dan roep die profeet skielik uit met triomf en verbasing wanneer hy skielik sien hoedat die HERE van die leërskare terugkom om op Sion en in Jerusalem in heerlikheid te regeer - (Jes. 24:23).

Hy sien dan die triomf en die glorie van die komende Koninkryk, nadat die aarde klaar gesuiwer en gereinig is deur die strafgerigte van God. Hy loof die Heer en maak sy Naam groot omdat Hy wonders gedoen het en sy raadsbesluite uit die gryse verlede uitgevoer het.

Die Sluier word Weggeneem

Vir die oorgeblewenes en uitgespaardes na die strafgerig maak die HERE ‘n groot fees klaar. Soos so dikwels die gebruik is, word ‘n feesmaal gebruik om ook groot verklarings te maak. Dikwels lewer ‘n Eerste Minister of ‘n President ‘n groot toespraak op ‘n groot maaltyd, ter ere van ‘n belangrike persoon of geleentheid.

So is dit ook in hierdie geval. Die HERE gebruik hierdie maaltyd om een van die grootste onthullings van alle eeue te maak:

> En Hy sal op hierdie berg vernietig die uitgespreide sluier wat al die volke omsluier, en die omhulsel waarmee al die nasies bedek is - (Jes. 25:7).

Teen hierdie tyd is die ware identiteit van die volle Israel alreeds bekend gemaak. In die benoudheid van Jakob wat die terugkeer van die Koning na Sion voorafgegaan het, het Israel (albei huise) tot ontwaking gekom en hulle identiteit ontdek. Maar nou op hierdie maaltyd, wat die voortsetting is van die Bruilof van die Lam (feestye het in die Ou Testament sommer baie dae geduur), word die identiteit van die individuele Stamme van Israel aangedui.
Vgl. Matt. 19:27-28; Hand. 3:19-21; Hand. 15:14-17.
Hier word ook bekendgemaak die identiteit van al die ander volkere, soos bv. die Ammoniete, Moabiete, Edomiete, Filistyne, Midianiete ens. God het verordineer dat die basiese identiteite van die volkere behoue sou bly en dat Hy dit op hierdie feesmaal sal bekendmaak. Dit is hier waar Matthéüs 25:31-46, vervul word. Hier word die Skaap Nasies (Israel) van die Bok Nasies geskei. Jesus in die midde van sy volk, sal vir ‘n duisend jaar op die aarde regeer. Daar sal rus en vrede wees, want Hy regeer met ‘n ysterroede. Maar selfs dit gaan nie lei na die universele bekering van alle nasies nie; want aan die einde van die duisend jaar kom daardie nasies weer in opstand teen God en word dan finaal verdelg.
Lees Openbaring 20:7-10.
Die eerste voorsmaak van die finale oorwinning oor die dood word ook in hierdie tyd gesien. U sien, die eerste opstanding het in hierdie tyd plaasgevind, en die wat opgestaan het uit die dood, tesame met diegene wat opgeraap is uit die lewendes, is met die bruilof van die Lam aangestel om saam met Christus te heers - (Vgl. nou Jes. 25:8-9). Hulle word net op hierdie feesmaal voorgestel aan diegene oor wie hulle gaan heers.
Jesaja 26:1-19 gee vir ons ‘n baie pragtige beskrywing van die aard van die Godsregering op aarde, nadat Israel herstel en bekeerd is. Altyd is die een hoofgedagte ook die herstel van hierdie aarde wanneer die vloek verwyder is. Daar kom rus en vrede vir die bewoners van die aarde.
Luister na die volgende:

> “- - - - want as u oordele op die aarde is, leer die inwoners van die wêreld geregtigheid” - (Jes. 26:9).

Altyd is die visie duidelik:
God gaan sy volk Israel weer versamel en herstel.
Met hulle as kern gaan Hy sy Koninkryk op aarde vestig en aan die wêreld sy regverdige wette leer. Wanneer die mens en die natuur in harmonie is met God, sal dit waarlik hemel wees hier op aarde.
Dan sal dit gesê word: -

> “En die nasies sal weet dat Ek die HERE is wat Israel heilig as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees” - (Eség. 37:28).
> “En ek het ‘n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God” - (Open. 21:3).

Die gedeelte van Jesaja wat strek vanaf hoofstuk 40 tot by hoofstuk 66 bring die heerlike Godsplan van herstel nog duideliker uit:
Jesaja 40:1-2;
1 TROOS, troos my volk, sê julle God.
2 Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het vir al haar sondes.
Hierdie twee verse gee die sleutel tot hierdie gedeelte van Jesaja. Die tema is die Here Jesus in sy lyde, en die heerlikheid wat sal volg in die Koninkryk van Dawid. Aangesien Israel herversamel en bekeerd, die middelpunt van die hele aarde gaan word, bevat hierdie gedeelte van Jesaja heerlike opwindende profesieë aangaande hierdie gebeurtenisse.
Met die volle wete en begrip van wat die terme My volk, Israel, Juda, Efraim, en so aan, beteken, kan ons onsself nou saam met die profeet in hierdie heerlike toekomsverwagting verbly. Vir hom het hy dit uit die verte gesien, vir ons staan dit voor die deur! Ons mag nie langer meer blind wees nie; ons moet nou wandel in die lig van die vinnig helderder wordende strale van die opkomende son van geregtigheid met heling in sy vleuels - (Maleági 4:2).
Wanneer ons dus vir u sekere gedeeltes uitwys en riglyne aantoon, moet u dit self opvolg en hierdie visie vir uself in u eie begrip vaslê; dan sal u met ‘n vaste tred en ‘n verligte verstand hierdie op hande synde klimaks van die eeue instap.
U hoef nie te vrees nie want:

> Hy sal sy kudde laat wei soos ‘n herder; Hy sal die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei –
> (Jes. 40:11).

Die Grootheid van God ons Waarborg
Die Roeping van Israel ons Bestaansreg

Ons word herhaaldelik opgeroep om nie te vrees nie, want Groot is die Here onse God. Die gebeure wat die ou bedeling gaan afsluit en die nuwe gaan inlui gaan skrikwekkend wees in hulle voltrekking en groots in hulle volvoering. Wanneer die aarde gaan sidder en die heuwels letterlik wankel, die son soms sy aangesig sal verberg en die aarde haar dooies nie sal kan bedek nie; wanneer die hemele gaan neerdaal en engele en demone in sigbare gedaante gaan deelneem aan die laaste stryd, dan sal alleen diegene wat seker is van hulle roeping staande bly. Daarom sal u vind dat in hierdie tweede gedeelte van Jesaja, God telkemale die waarborg en versekering van sy Majesteit en Almag gee - (bv. Jesaja 40:6-13,22,25-31), en van die roeping en bestemming van Israel:
Jesaja 41:8-10,14;
8 MAAR jy, Israel, my kneg, Jakob, wat Ek uitverkies het, nageslag van Abraham, my vriend,

9 jy, wat Ek gegryp het van die eindes van die aarde en van sy uithoeke geroep het, en Ek het aan jou gesê: Jy is my kneg; jou het Ek uitverkies en jou nie verwerp nie.
10 Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.
14 Wees nie bevrees nie, wurmpie Jakob, volkie Israel! Ék help jou, spreek die HERE, en jou Losser is die Heilige van Israel.

Die Uitverkore Nasie word Verlos en Herstel

Jesaja 43:1 3;
1 MAAR nou, so sê die HERE, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!
2 As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere - hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur die vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.
3 Want Ek is die HERE, jou God, die Heilige van Israel, jou Heiland; Ek het Egipte gegee as losprys vir jou, Kus en Seba in jou plek.

In hierdie tyd van die voleinding van die eeue en die wederkoms van Christus is dit ook die tyd van die versameling van Israel volgens al die profete:
Jesaja 43:5-8;
5 Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; Ek sal jou geslag van die ooste af aanbring en jou versamel van die weste af.
6 Ek sal sê aan die noorde: Gee! en aan die suide: Hou nie terug nie! Bring my seuns van ver, en my dogters van die einde van die aarde af,
7 elkeen wat na my Naam genoem is en wat Ek geskape het tot my eer, wat Ek geformeer, wat Ek ook gemaak het.
8 Bring uit die volk wat blind is en tog oë het, en die dowes wat ore het.
Vergelyk hiermee: Matt. 24:31; Deut. 30:4.

Wanneer die Here kom om koning oor Israel te wees, en Israel te herstel, sal Hy selfs die wonderwerke van Egipte oortref:
Jesaja 43:19-21;
19 Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek maak ‘n pad in die woestyn, riviere in die wildernis.
20 Die wilde diere van die veld sal My eer, die jakkalse en die volstruise; want Ek gee waters in die woestyn, riviere in die wildernis om my volk, my uitverkorene, te laat drink.
21 Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal my lof verkondig.
Vergelyk: Joël 2:18-27.

So heerlik sal die herstel van Israel wees, en so verreikend die uitwerking daarvan, dat selfs die hemele sal jubel:
Jesaja 44:23;

Jubel, o hemele, want die HERE het dit gedoen. Juig, dieptes van die aarde! Breek uit in gejubel, o berge, bosse en al die bome daarin! Want die HERE het Jakob verlos, en Hy sal Homself verheerlik aan Israel.

So lief het God vir Israel dat Hy sê:
Jesaja 49:15-16;

15 Kan 'n vrou haar suigling vergeet, dat sy haar nie ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie!
16 Kyk, Ek het jou in die handpalms gegraveer; jou mure is gedurig voor My.

Luister na hierdie heerlike beloftes wat God nog steeds aan hierdie selfde letterlike volk Israel maak:
Jesaja 51:1-3,11;

1 - - - - Aanskou die rots waaruit julle gekap is en die holte van die put waaruit julle gegrawe is.
2 Aanskou Abraham, julle vader, en Sara, wat julle gebaar het; want as eenling het Ek hom geroep en hom geseën en hom vermenigvuldig.
3 Want die HERE vertroos Sion; Hy vertroos al sy puinhope en maak sy woestyn soos Eden en sy wildernis soos die tuin van die HERE; vreugde en blydskap sal daarin gevind word, danksegging en die klank van liedere.
11 So sal dan die losgekooptes van die HERE teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle verkry; kommer en gesug vlug weg.

Jerusalem in die Tyd van die Herstelde Koninkryk

Jesaja 52:6-10;

6 Daarom sal my volk my Naam leer ken; daarom sal hulle weet op dié dag dat dit Ek is wat spreek: Hier is ek!
7 HOE lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep; wat aan Sion sê: Jou God is Koning!
8 Hoor jou wagte! Hulle verhef die stem, hulle jubel almal saam; want hulle sien vlak voor hulle oë hoe die HERE terugkeer na Sion.
9 Breek uit, jubel almal saam, puinhope van Jerusalem! Want die HERE het sy volk getroos, Jerusalem verlos.
10 Die HERE het sy heilige arm ontbloot voor die oë van al die nasies, en al die eindes van die aarde sal sien die heil van onse God.

Israel, die Owerspelige Vrou, word Herstel

In hoofstuk 3 asook in ons boek, "Die Boek van Openbaring" gaan ons volledig hierop in. Hier volg net weer 'n kort opsomming:
By Berg Sinai het God met Israel in die huwelik getree toe Hy aan haar die wet gegee het en vir haar gesê het dat sy vir Hom 'n eiendomsvolk en 'n koninkryk van priesters en 'n heilige (afgesonderde) nasie sou wees.

Hierdie kontrak het Israel verbreek, en die HERE het haar 'n skeibrief gegee. Maar aan die Kruis van Gólgota het God in Christus nie alleen vir die sonde van die wêreld gesterf nie, maar ook in 'n besondere mate vir die oortreding van sy volk Israel. Luister:
Jesaja 53:8;

> Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote - wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom.

Vergelyk: Jesaja 44:21-23.

In Jesaja 54, lees ons die heerlike beskrywing van die herstel van die huweliksband tussen God en Israel. Sy word verheerlik, en dit lei na die erkenning van God deur die hele wêreld. Haar weelde, skoonheid en eer word vir ons onder die inspirasie van die Heilige Gees beskryf in die Bruilof van die Lam en die neerdaal van die Nuwe Jerusalem van uit die hemel, in Openbaring 19 tot 21.

In Jesaja 55 word elkeen wat wil en wat dors en honger het, uitgenooi om nou te kom om hulle te kom versadig sonder geld en sonder prys. God is terug in Sion. Israel wandel in die volle Lig van sy Woord. Die hele aarde word verlig en geseën.
Openbaring 22:17;

> En die Gees en die bruid (Israel, herstel en verheerlik) sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.

Die Verlosser Kom Uit Sion

(Vgl. Rom. 11:23-29)

Die laaste hoofstukke van Jesaja gee vir ons net weer so 'n paar hooftrekke van die voleinding van hierdie bedeling en die heerlikheid van Israel en van die eeu wat kom.

Jesaja 59:20-21;

20 Maar vir Sion kom Hy as Verlosser en vir die wat in Jakob hulle bekeer van oortreding, spreek die HERE.

21 Wat My aangaan, dit is my verbond met hulle, sê, die HERE: My Gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal uit jou mond nie wyk nie, en ook nie uit die mond van jou kroos en uit die mond van die kroos van jou kroos, sê die HERE, van nou af tot in ewigheid nie.

Jesaja 60:1-3

1 STAAN op, word verlig, want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op.

2 Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jóu sal die HERE opgaan, en sy heerlikheid sal oor jou gesien word.

3 En nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang.

Jesaja 60:18, 21-22;

18 Van geweld sal in jou land nie meer gehoor word nie - van geen verwoesting of verbreking in jou grondgebied nie; maar jy sal jou mure Heil noem en jou poorte Lof ...

21 En jou volk sal almal regverdiges wees, vir ewig sal hulle die land besit - as lote deur My geplant, ‘n werk van my hande, tot my verheerliking.

22 Die kleinste sal ‘n geslag word en die geringste ‘n magtige nasie. Ek, die HERE, sal dit op die regte tyd gou laat kom.

Die HERE beloof dat Hy Israel sal verheerlik en dat die nasies haar geregtigheid sal sien, en die konings haar heerlikheid. Dit is ‘n wonderlike troos en versekering in hierdie dae waarin dit lyk asof Israel (die Blanke Protestantse Westerse Nasies) net steeds nog meer en meer agteruitgaan en die heiden al sterker en meer astrant word.

Lees Jes. 62:1-5.

In Jesaja 63 lees ons van die dag van wraak, en hoedat die Here self met die nasies sal afreken en verlossing vir Israel sal bewerkstellig.

In Jesaja 64 bely Israel haar sonde;

In Jesaja 65:8-9; antwoord die HERE:

8 So spreek die HERE: Soos wanneer iemand mos vind in ‘n tros druiwe en sê: Verniel dit nie, want daar is ‘n seën in - sal Ek doen terwille van my knegte, om nie alles te verniel nie.

9 En Ek sal ‘n nakroos uit Jakob laat voortkom en uit Juda die erfbesitter van my berge; en my uitverkorenes sal dit erflik in besit neem en my knegte daar woon.

Die laaste gedeelte van Jesaja 65 en die hele Jesaja 66 beskryf vir ons die heerlike en ewige seëninge van Israel in die nuwe aarde:

Jesaja 66:22;

Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die HERE, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees.

Hoofstuk 14

Transkripsie van kasset nr. L40

Israel in Jeremia

Inleiding

Die Profeet Jeremia is die volgende van die “meerdere” of “grotere” Profete (alleenlik in die sin dat hulle meer geskryf het as die ander wie se boeke maar ‘n paar hoofstukke beslaan) na wie ons gaan kyk om ‘n beter insig te kry in die grootsheid van die Godsplan vir sy volk dwarsdeur die eeue.

Wanneer ons die weg van onvoorwaardelike geloof in die geskrewe Woord van God volg, sal ons tot die ontdekking kom dat in die geskrifte van hierdie Profeet daar profesieë van asemrowende betekenis is wat in hierdie dae tot vervulling moet kom. Die feit dat daar niks meer meedoënloos seker is as ‘n profesie waarvan die tyd van vervulling aangebreek het nie, moet ons dus dwing om ons onmiddellik te skik om ons God te ontmoet - (vgl. Amos 4:12).

Daar is so baie in die Profeet Jeremia wat so absoluut dieselfde is as vandag, dat sy boodskap vir ons van lewensbelang is. Jeremia het geprofeteer voor die ballingskap van Juda. Die volk was vol van sonde en tog onverskillig en wou nie luister na die waarskuwinge van hierdie man van God nie. Netso staan ons ook nou weer op die randjie van die laaste oordele van God oor hierdie wêreld, en ons is net so vol sonde en onverskillig.

Die Profete Daniël, Eségiël, Hábakuk, Sefánja en miskien Obadja en Sagaría, was sy tydgenote. Hy was nog sommer ‘n jong seun toe die HERE hom geroep het. Sy roeping was as profeet vir die nasies, maar in die besonder vir die volle Israel. God het met hom van aangesig tot aangesig gespreek, soos met ‘n Abraham, en later met Moses.

Die Heer het aan hom gesê:
Jeremia 1:5, 9, 10;

5 Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot ‘n profeet vir die nasies gemaak.

9 Toe het die HERE sy hand uitgestrek en my mond aangeroer; en die HERE het vir my gesê: Hiermee lê Ek my woorde in jou mond.

10 Kyk, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en om te gooi en te vernietig en te verwoes, om te bou en te plant. (Jeremia 1:5, 9, 10).

Vergelyk hiermee Jesaja 6:7; Eségiël 2:8-10.

Die Boodskap aan Juda en Israel

In gehoorsaamheid aan die bevele van God, het Jeremia na Jerusalem gegaan en die volgende boodskap afgelewer:

> "Gaan en roep uit voor die ore van Jerusalem en sê: So spreek die HERE - - - - - -" - (Jeremia 2:2).

As die mondstuk van die HERE praat die profeet met die volk en veroordeel die huis van Juda oor hulle sondes. Hy herinner hulle aan hulle geneentheid in die tyd van hulle jeug, en die liefde vir die Heer in die dae van hulle bruidstyd. Dan brei hy verder daarop uit om ook die huis van Israel in te sluit:

> "Hoor die woord van die HERE, huis van Jakob, en alle geslagte van die huis van Israel!" - (Jer. 2:4).

Hy bestraf die volk omdat hulle afkerig geraak het van die lewende God en agter afgode aangeloop het:

Jeremia 2:13;

> Want my volk het twee verkeerde dinge gedoen: My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie.

'n Boodskap aan Israel

Die Heer praat met Jeremia in die dae van Josía, koning van Juda, en sê vir hom:

Jeremia 3:6;

> - - - - Het jy gesien wat die afkerige, Israel, gedoen het? Sy het op elke hoë berg en tot onder elke groen boom gegaan en daar gehoereer.

Dit verwys na die Noordelike Koninkryk van die Tien Stamme wat God verlaat het en agter die afgode aangeloop het. Hulle het vir hulself afgode opgerig op die berge en tussen die bome waar die heidene hulle rituele uitgevoer het.

Juda het dit gesien, en ook gesien waarnatoe dit gelei het, nl. dat God die vyande van Israel toegelaat het om Samaría in te neem, en Israel na Assirië toe weg te voer. Die feit dat God Israel geskei en aan haar 'n skeibrief gegee het word in die volgende woorde gestel:

Jeremia 3:8;

> En Ek het gesien toe Ek uit oorsaak van die owerspel van die afkerige, Israel, haar verstoot en haar, haar skeibrief gegee het, dat die ontroue, haar suster Juda, nie bevrees was nie, maar gegaan en ook self gehoereer het.

Let baie mooi daarop dat God nooit die Huis van Israel met Juda verwar nie. Hierdie vers toon baie duidelik dat hulle twee afsonderlike volkere is, want hier was Israel geskei en Juda nie. Die hoogs, betekenisvolheid van hierdie feit het vir diegene wat nie die verskil tussen die twee raaksien nie, heeltemal verlore gegaan.

Die Roepstem van God aan Israel

Jeremia 3:12-13;

12 Gaan en roep hierdie woorde na die noorde toe uit en sê: Keer terug, o afkerige, Israel, spreek die HERE. Ek sal julle nie donker aankyk nie, want Ek is goedertieren, spreek die HERE; Ek sal die toorn nie vir ewig behou nie.

13 Alleenlik, ken jou ongeregtigheid, dat jy teen die HERE jou God oortree het en jou weë gerig het na die vreemdes, onder elke groen boom; maar na my stem het julle nie geluister nie, spreek die HERE.

Maar hoe kon Israel na God terugkeer wat aan haar 'n skeibrief gegee en haar weggestuur het? Die Profeet Hoséa beskryf die voorsiening vir die terugkeer van Israel na die HERE as haar man, baie volledig. Simbolies stel hy dit voor in die name van sy twee seuns, Jísreël en Lo-Ammi.

In Jísreël word Israel se afvalligheid van God weerspieël, en Lo-Ammi dui haar geskeie toestand van God aan. Maar dan kyk hy ver vooruit na die dag wanneer Israel weer herstel sou word, maar onder 'n nuwe verbond. Lo-Ammi beteken "nie my volk nie," want God het aan Hoséa gesê dat deurdat hy sy seun so moes noem, sou sy boodskap aan Israel wees:

> "want julle is nie my volk nie, en Ek sal nie julle s'n wees nie" –
> (Hoséa 1:9).

Onmiddellik na hierdie verklaring volg die belofte van veelvuldige groei van die Israel Volk in die vere toekoms:

Hoséa 1:10;

> Nogtans sal die getal van die kinders van Israel wees soos die sand van die see, wat nie gemeet en nie getel kan word nie; en in plaas dat aan hulle gesê word: Julle is nie my volk nie - sal aan hulle gesê word: Julle is kinders van die lewende God.

Dit is 'n merkwaardige profesie van die toekomstige grootheid van Israel, nadat Hoséa verklaar het dat hulle nie sy volk sou wees nie. Die profeet wys op die groei en uitbreiding van die huis van Israel wie se identiteit vir haarself sou verlore gaan en ook vir die nasies rondom haar. Maar, nogtans, sou haar een groot teken van uitkenning in die laaste dae wees, dat hulle die kinders van die lewende God sou wees, m.a.w. 'n Christen Volk!

Hoséa verwys na die hopelose toestand van Israel as gevolg van die feit dat die HERE aan haar 'n skeibrief gegee het, en die baie ontberings wat sy sou moes verduur. Hy gee dan die volgende belofte vir die toekoms:

Hoséa 2:22;

22 En Ek sal haar vir My saai in die land en My oor Lo-Rugáma - - -

(haar oor wie Ek my nie sal ontferm nie - Hoséa 1:6)

> - - - - ontferm, en aan Lo-Ammi - - - -

(nie My volk nie - Hosea 1:9)

> - - - - sê: Jy is my volk; en hy sal sê: My God!

Vergelyk 1 Petrus 2:9-10; 1 Petrus 1:1.

Die Belofte van Verlossing

In die derde studie in hierdie reeks het ons volledig verduidelik hoedat Israel weer in die huwelik met God bevestig gaan word. Dit word ook uitgelê in ons boek "Die Boek van Openbaring" waarin ons die bruilof van die Lam uitlê.
In Jeremia 3:14 sien die profeet daardie dag soos volg: -

> Keer terug, o afkerige kinders, spreek die HERE, want Ek is heer oor julle; - - -

(die Engelse Bybel sê: "for I am married unto you");

> - - - - en Ek sal julle neem, een uit 'n stad en twee uit 'n geslag en sal julle in Sion bring.

Dit word bevestig deur die volgende:
Jesaja 54:5;

> Want jou Maker is jou Man; HERE van die leërskare is sy Naam; en die Heilige van Israel is jou Verlosser. Hy sal die God van die hele aarde genoem word.

Jeremia 31:32;

> nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie - my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder - - - - -

(Die Engelse Bybel sê: "- - - although I was an husband unto them").

> - - - - - oor hulle was, spreek die HERE.

Hoséa 2:19-20;

19 En Ek sal My met jou verloof in trou; dan sal jy die HERE ken.
20 En in dié dag sal Ek verhoor, spreek die HERE, Ek sal die hemel verhoor en dié sal die aarde verhoor.

In daardie dag wanneer die volle Israel herstel is, sal die troon van die HERE in Jerusalem gevestig wees:
Jeremia 3:17;

> In dié tyd sal hulle Jerusalem noem die troon van die HERE, en al die nasies sal daarheen saamkom vanweë die Naam van die HERE in Jerusalem; en hulle sal nie meer wandel na die verharding van hul bose hart nie.

Een belangrike en merkwaardige eienskap van daardie dag sal wees dat die Huis van Juda sal gaan na die Huis van Israel, en hulle sal saam uit die Noordland kom in die land wat die HERE aan hulle vaders as erfenis gegee het - (Jeremia 3:18).
Die hereniging tussen Israel en Juda sal dus alleen geskied in die tyd wanneer Jerusalem die troon van die HERE is - (Jer. 3: 17). Dit word deur al die Profete bevestig, soos bv. in Eségiël 37. Juda sal na Israel (die tien stamme) gaan in daardie tyd. Daar is dus geen herstel vir Juda, behalwe in haar hereniging met Israel nie.
In ons hedendaagse verband beteken dit dus dat die Jode wat van suiwer Israel afkoms is, alleenlik herstel sal word as deel van die volk van God, wanneer hulle

tot bekering gekom het (en dus Christene geword het) en weer herenig is met die Tien Stamme soos hulle gevind word onder die Blanke Protestantse Westerse Nasies.
Die Here roep albei Huise tot bekering in die volgende:
Jeremia 3:22-23;

22 Keer terug, o afkerige kinders; Ek sal julle afkerighede genees. Hier is ons, ons kom na U toe, want U is die HERE onse God.

23 Waarlik, tevergeefs verwag hulle dit van die heuwels en van die rumoer op die berge; waarlik, in die HERE onse God is Israel se heil..

Dit sal geskied in die tyd van die benoudheid van Jakob - (Jer. 30:7) wat ons vir u sal beskryf wanneer ons daarby kom. Al wat ons nou byvoorbaat kan sê is dat ons alreeds in hierdie tyd daardie dag begin binnegaan het. Alleenlik 'n kragdadige en hartgrondige bekering sal Israel en Juda red.

Vissers En Jagters

Die Heer openbaar nou deur die Profeet Jeremia die metodes wat Hy gaan gebruik om Israel na Homself terug te bring. Dit is 'n baie belangrike profesie hierdie, want deur vissers en jagters uit te stuur, sou die Heer weer vir Israel tot die besef bring dat sy moet ontwaak tot die geestelike waardes en dat sy weer sy verbond moes gehoorsaam:
Jeremia 16:16;

> Kyk Ek stuur baie vissers, spreek die HERE, wat hulle sal vang, en daarna sal Ek baie jagters stuur wat hulle sal opjaag, van elke berg en van elke heuwel en uit die klipskeure.

Wie is hierdie vissers en jagters en wat is die besonderse taak wat aan elk van hulle opgedra is? Die uitstuur van hierdie twee groepe wat as vissers en jagters aangedui word toon aan ons twee verskillende maniere waarop God weer vir Israel tot Homself sou terugbring en gereed maak om weer sy "vrou" of "aardse vennoot" te word. Die visserman wag geduldig vir die vis om te byt, maar die jagter sal lang ente deur bosse en klowe en oor berge trek op die spoor van sy besonderse prooi wat hy vir homself uitgekies het.

Deur hierdie beeldspraak te gebruik het Jeremia profeties verwys na die twee fases van die Evangelie om Israel te bereik. Die eerste sou vissers benodig, en die tydperk is die hele periode van die **genade tydperk** van die Evangelie tussen die Eerste en die Wederkoms van Christus.

Die tweede sou die tyd van die jagters wees wat met hulle bedrywighede teen die einde van hierdie bedeling sou begin: Dit word gedemonstreer deur die aktiwiteite van diegene wat hulself daarop toegelê het om die identiteit van die ware Israel in hierdie laaste dae vas te stel. Hulle het die bewyse met die grootste sorg en

deeglikheid opgespoor en die spoor van Israel gesny vanaf Palestina, deur al haar omwandelings, tot waar sy vandag in die Weste gevestig is.

Die Geskiedenis bewys vir ons hoe getrou hierdie voorspelde vissers en jagters sendinge uitgevoer is deur diegene wat deur God spesiaal vir hierdie doel uitverkies was.

Die Vissers

Ons sal eers na die bewyse kyk wat aantoon dat dit waar is dat God baie vissers uitgestuur het om die blye Boodskap van die Evangelie te verkondig. Hierdie gedeelte van Jeremia se profesie het in vervulling begin tree toe Jesus sy eerste dissipels gekies en hulle vissers van mense gemaak het:
Matthéüs 4:18-19;

18 En terwyl Jesus langs die see van Galiléa loop, sien Hy twee broers, Simon wat genoem word Petrus, en Andréas, sy broer, besig om ‘n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers.

19 En Hy sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak.

Reg deur die eeue van hierdie Bedeling van Genade het die dissipels en volgelinge van ons Here Jesus hierdie Saligheidsboodskap waardeur Israel in die verwantskap van die nuwe verbond met God gebring sou word, verkondig. Verderaan verwys Jeremia na hierdie nuwe verbond wat met die huis van Israel gemaak sou word - (Jeremia 31:31-33); in sy groot bevel aan sy dissipels om die evangelie te verkondig, het Jesus hulle spesifiek na die verlore skape van die huis van Israel gestuur - (Matt. 10:6).

Omdat die Joodse nasie die Here Jesus en sy boodskap verwerp het, het Hy beveel dat die koninkryk van hulle af weggeneem sou word, en gegee moes word aan ‘n volk wat gewillig sou wees om die verantwoordelikhede te dra wat daaraan verbonde is: Jesus het aan die Fariseërs en die owerpriesters gesê:

> “Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan ‘n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra” - (Matt. 21:43).

Daar is genoeg geskiedkundige bewyse dat die eerste Christen Kerk in die Britse -Eilande deur Josef van Arimathéa ‘n paar jaar na die Kruisiging gestig is. Dieselfde bewyse bestaan ook vir die besoek van die apostel Paulus aan London, Engeland, op een van sy sendingreise. Teen hierdie tyd het daar alreeds sommige van die tien stamme tot sover as die Britse-Eilande en Wes-Europa beweeg. Die Heer, wat Israel geroep het om sy diensvolk te wees, het dus gesorg dat hulle reg aan die begin van die Christelike Dispensasie, alreeds hulle opdrag ontvang het. Sodoende is die seëninge van die koninkryk oorgeplaas na Israel.

Die Sending van Benjamin

Die vraag ontstaan natuurlik, wat is eintlik van die Jode weggeneem? Na hulle terugkeer uit hulle Babiloniese Ballingskap het hulle nie weer ‘n koninkryk geword nie. Kom ons kyk kortliks na die feite. As gevolg van sy sonde het die HERE vir Salomo gesê dat die koninkryk van hom af weggeneem sou word; maar dit sou nie heeltemal weggeneem word nie, want deur die profeet het die HERE gesê:
1 Konings 11:13;

> Maar Ek sal nie die hele koningskap afskeur nie; een stam sal Ek aan jou seun gee ter wille van my kneg Dawid en ter wille van Jerusalem wat Ek verkies het.

Benjamin, een van die Israel stamme, het agtergebly, wat beteken dat ‘n koninkryk stam by Juda gebly het. Benjamin het dus nie saam met die Huis van Israel (die tien stamme) in ballingskap na Assirië gegaan nie. Hierdie stam was dus ook nie ingesluit in die skeibrief wat die Heer aan Israel gegee het nie.

Toe die Huis van Israel “nie my volk nie” (Hoséa 1:9) geword het, was die stam van Benjamin nog deel van die HERE se koninkryk volk.

Die Galileërs van die tyd van ons Here Jesus op die aarde, was van Benjamin en dit is uit hulle dat Hy sy dissipels gekies het. Hy het hulle “vissers van mense” gemaak en gesê dat hulle die “lig van die wêreld” sou word. Toe die Jode die Here Jesus uiteindelik verwerp en hulle teen sy eerste dissipels gekeer het, wat Galileërs was, behalwe Judas Iskáriot, is die broederskap tussen Juda en Israel verbreek - (Sagaría 11:14).

Daardie broederskap kon net bestaan vir solank Benjamin en Juda nog verenigd was. Die Galileërs en andere vanuit die eerste Christene, het ag gegee op die waarskuwing van Jeremia en uit Judea gevlug net voor die beleg van Jerusalem deur Titus, die Romeinse generaal.

Juda het die koninkryk verloor deur te weier om die Here Jesus aan te neem. Benjamin het Christene geword, haar verlaat, en vissers geword onder Israel, en sodoende die woorde van die Here Jesus aan Juda, dat die koninkryk van hulle af weggeneem sou word, vervul.

Die “ligdraers” het Palestina verlaat en sodoende is die koninkryk aan ‘n volk gegee wat die vrugte daarvan sou voortbring; Benjamin het naamlik op die spoor van die tien stamme gegaan, en hulle geëvangeliseer. Al meer en meer het die vrugte van die Christelike geloof vanaf hierdie volkere begin uitgaan, soos ons duidelik uit die geskiedenis van hierdie Christelike dispensasie kan sien. Op hierdie aspek het ons alreeds herhaaldelik in hierdie reeks ingegaan.

Die Jagters

Volgens Jeremia sou die vissers opgevolg word deur baie jagters, wat dui op ‘n verandering van werksmetode en boodskap. Die taak van die jagters was om na Israel te gaan soek. Die visserman gooi sy net in en trek allerhande soorte vis uit, sommige goed en sommige sleg. So is dit nie met die jagter nie, hy soek na die bepaalde ding wat hy wil hê. Dit dui op die groot werk wat daar gedurende die afgelope 150jaar gedoen is om die Huis van Israel onder die volkere van die wêreld op te spoor en te identifiseer.

Dit was en is nog steeds harde en moeitevolle navorsing en oortuigingswerk. Al die feite van die Skrif, die geskiedenis, die argeologie en die wetenskap moes sorgvuldig nagegaan en vergelyk word, om al die punte van uitkenning, waarby Israel in die laaste dae geïdentifiseer sou word, raak te sien. Die geskiedenis van die verskillende nasies en die volksverhuisings van rasse is noukeurig nagegaan, totdat uiteindelik die identiteit van die volkere waaruit Israel in die laaste dae sou bestaan, bo alle twyfel vasgestel is. Dis wonderbaarlik hoe absoluut op tyd dit alles volgens God se Plan van die eeue geskied het.

Hierdie “jagproses” is gedurende die huidige geslag baie verskerp en het as gevolg daarvan massas van getuienisse en bewyse opgelewer wat baie duidelik aantoon dat die Blanke Westerse Protestantse Nasies van vandag die Huis van Israel is. Hierdie duidelike uitkenning het onmiddellike gevolg as beroep op hierdie volkere om die verbond wat God met hulle voorvaders gemaak het, te gehoorsaam. Dit is die Evangelie van die Koninkryk wat verkondig moet word voor die einde van die huidige bedeling. Ons Here Jesus het aangaande die verkondiging van hierdie evangelie gesê:
Matthéüs 10:23;

> Want voorwaar Ek sê vir julle, julle sal met die stede van Israel sekerlik nie klaar kry voordat die Seun van die mens kom nie.

Gedurende hierdie afgelope paar eeue het die stede en dorpe van Israel die stem van die vissers gehoor. Hulle het nie net teen hierdie tyd die evangelie van verlossing en redding in elke dorpie en plek in Israel verkondig nie, maar dit al tot aan die eindes van die aarde gedra. Maar, die evangelie van die koninkryk moes uitsluitlik aan die Israel volkere verkondig word. Al die stede en dorpe in die Israel lande het nog nie hierdie boodskap gehoor wat die jagters voor aangestel was om te verkondig nie. Hierdie evangelie gaan egter al meer en meer uit, en die Here Jesus het gesê:
Matthéüs 24:14;

> En hierdie evangelie (goeie nuus) van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot ‘n getuienis vir al die nasies en dan sal die einde kom.

In ooreenstemming met die profesie van Jesaja gaan die roepstem dus tot die Israel Volkere uit:

Jesaja 51:1-2;

1 LUISTER na My, julle wat die geregtigheid najaag, wat die HERE soek! Aanskou die rots waaruit julle gekap is en die holte van die put waaruit julle gegrawe is.

2 Aanskou Abraham julle vader, en Sara, wat julle gebaar het; want as eenling het Ek hom geroep en hom geseën en hom vermenigvuldig.

Die jagters het intensief gesoek en in hulle soeke gaan die roepstem gedurig tot Israel uit om te ontwaak tot hulle Israelitiese Identiteit en tot die feit dat Abraham hulle vader is. Met hierdie roepstem gaan die nasionale aspek van die evangelie van die koninkryk al kragtiger uit, want as Israel haar identiteit herken, dan moet sy ook begin om God se wette, verordeninge en gebooie te onderhou sodat reg en geregtigheid weer in die land herstel mag word:

Jesaja 56:1;

So sê die HERE: Bewaar die reg en doen geregtigheid; want my heil is naby om te kom en my geregtigheid om geopenbaar te word.

Die taak van die jagters word nog meer vergroot deur die oproep om aan Israel haar nasionale sondes bekend te maak, en om op haar 'n beroep te doen om na die HERE terug te keer en aan al die vereistes van die verbond te voldoen. Die opdrag gaan dus voort:

Jesaja 58:1;

ROEP uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes.

Al was Israel dus verlore in die oë van die wêreld sover dit hulle identiteit betref, was hulle nooit vir God verlore nie. Hy het oor hulle die wag gehou en hulle deur al hulle rondswerwery na die bestemde plek gelei - (vgl. 2 Sam. 7:10), selfs toe hulle nog onder die vloek was omdat hulle sy verbond verbreek het:

Jeremia 16:17;

Want my oë is op al hulle weë, dit is nie voor my aangesig bedek nie, en hulle ongeregtigheid is nie voor my oë verborge nie.

Omdat die tyd nog lank was en dat daar baie jare moes verloop voor die dag van herstel, het die Here aan Jeremia bekend gemaak dat Israel eers swaar vir haar sondes gestraf sou word:

Jeremia 16:18;

Daarom sal Ek eers hulle ongeregtigheid en hulle sonde dubbel vergelde, omdat hulle my land ontheilig het met die lyke van hulle verfoeisels en my erfenis gevul het met hulle gruwels.

Die lang geskiedenis van straf en kastyding vir beide Israel en Juda as gevolg van hulle sondes is 'n bewys van hoe letterlik hierdie oordele oor hulle vir ongehoorsaamheid aan God, sy Woord en sy Wette voltrek is.

Die doel van hierdie lang tydperk van straf, met sy klimaks in die "Benoudheid vir Jakob" - (Jeremia 30:7) nou op hande aan die einde van hierdie bedeling, en die herstel van die koninkryk daarna, word so gestel:

Jeremia 16:21;

> Daarom, kyk, Ek laat hulle hierdie keer voel, voel my hand en my mag; en hulle sal weet dat my Naam HERE is.

Jeremia in die Huis van die Pottebakker

Die Here het Jeremia na die huis van die pottebakker gestuur waar Hy vir hom 'n belangrike boodskap gehad het wat van toepassing sou wees tot in ons dae.
Daar het Jeremia aanskou hoe die pottebakker 'n stuk klei op die skywe vorm. Dit het eers misluk, maar toe vorm die pottebakker dit weer "soos dit in die oë van die pottebakker reg was om dit te maak" - (Jeremia 18:4).

Jeremia 18:5-6;

5 Toe het die woord van die HERE tot my gekom en gesê:

6 Sal Ek nie soos hierdie pottebakker met julle kan maak nie, o huis van Israel? spreek die HERE. Kyk, soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in my hand, o huis van Israel!

Die Huis van Israel was in hierdie tyd in ballingskap ver weg van Palestina af as gevolg van die Assiriese invalle en gevangenskap. Hulle was teen hierdie tyd toe Jeremia geprofeteer het alreeds vir meer as een honderd jaar in die land van hulle veroweraars.

Die Gebreekte Kruik

In teenstelling met die voorstelling van die Huis van Israel, moes die toestand van die Huis van Juda uitgebeeld word in die bevel dat Jeremia 'n hard gebakte erdepot moes kry om die oordeel oor Juda mee te demonstreer.

Jeremia moes ook sommige van die leiers onder die volk en die priesters neem en na die dal wat voor die ingang van die Potskerwepoort lê (Jeremia 19:1-2), gaan en dan hierdie boodskap van oordeel vir hulle bose weë uitspreek. Hy moes dan die erdekruik voor die oë van diegene wat met hom saam is breek:
Jeremia 19:11;

> En vir hulle sê: So spreek die HERE van die leërskare: Net so sal Ek hierdie volk en hierdie stad verbreek, soos 'n mens 'n erdepot breek, wat nie meer heelgemaak kan word nie; en hulle sal in Tofet begrawe, omdat daar geen plek sal wees om te begrawe nie.

Die ballingskap van Juda was voor die deur, want, saam met Benjamin, 'n stam van Israel, het hulle op die punt gestaan om in ballingskap na Babilon weggevoer te word. Ons ken die lot van die Huis van Juda, want as nasie was hulle heeltemal gebreek en het na 70 n.C. opgehou om as 'n nasie te bestaan. As gevolg van die verwerping van die Here Jesus, was die breuk tussen Juda en

Israel ook finaal voltooi, want, nadat die stam Benjamin Christene geword het, is die broederskap verbreek, soos deur die profeet voorspel - (lees Sagaría 11:14).

Twee Afsonderlike Volke

Die Huis van Israel was die **voorwerp van klei wat misluk het** in die hand van die pottebakker (Jeremia 18:4), maar wat nog sag was en weer oor gevorm kon word. Maar die Huis van Juda was **die erdepot, alreeds hard gebak** in die vuur, en toe in stukke gebreek en onmoontlik om weer heel te maak. Hierdie illustrasie behoort alleen voldoende te wees om te bewys dat die Huis van Israel en die Huis van Juda twee afsonderlike en onderskeie volke is. Juda was, soos voorgestel deur die gebreekte erdepot, 'n verstrooide volk en nie meer 'n nasie, as gevolg van die oordeel wat oor hulle uitgespreek is. Vir eeue lank was Jerusalem 'n verlate stad volgens Jeremia se profesie:

Jeremia 19:8;

> En Ek sal hierdie stad maak 'n voorwerp van verbasing en bespotting; elkeen wat daar verbytrek, sal hom verbaas en spot met al sy plae.

Maar die Huis van Israel sou haarself van haar bose weë bekeer, en God sou nie die finale oordele voltrek nie. God verwys na die Huis van Israel in hierdie woorde:

Jeremia 18:7-8;

7 In een oomblik sal Ek spreek oor 'n nasie en oor 'n koninkryk om dit uit te ruk en om te gooi en te vernietig;

8 maar as dié nasie waaroor Ek gespreek het, hulle bekeer van hul boosheid, sal Ek berou hê oor die onheil wat Ek van plan was om hulle aan te doen.

Maar die Huis van Juda wat die Here in Jerusalem gevestig het met die Troon van Dawid en die tempel in hulle midde, was gewaarsku:

Jeremia 18:9-10;

9 En in 'n ander oomblik sal Ek spreek oor 'n nasie en oor 'n koninkryk om dit te bou en te plant;

10 maar as hulle doen wat verkeerd is in my oë deur na my stem nie te luister nie, dan sal Ek berou hê oor die goeie waarmee Ek gesê het dat Ek aan hulle goed sal doen.

Juda sou dus verbreek word, maar die Huis van Israel sou oorgemaak word, net soos 'n pottebakker weer 'n voorwerp oorvorm op die skywe as dit die eerste keer misluk het.

Die Volmaakte Kruik

Jeremia se profesie aangaande die oorvorming van die klei van die Huis van Israel werp 'n groot vloed van lig op die woorde van Paulus wanneer hy uit Hoséa aanhaal, wat oor die Huis van Israel geskryf het, en nie Juda nie, toe hy verklaar het dat Israel Lo-Ammi sou word, dit is - nie My Volk nie!

Dit was Paulus se argument: -
Romeine 9:20-28;

20 Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie?
21 Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?
22 En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die verderf toeberei is, verdra het,
23 juis om bekend te maak die rykdom van sy heerlikheid oor die voorwerpe van barmhartigheid wat Hy voorberei het tot heerlikheid,
24 ons naamlik wat Hy geroep het, nie alleen uit die Jode nie, maar ook uit die heidene?
25 Soos Hy ook in Hoséa sê: Ek sal die wat nie my volk is nie, my volk noem; en haar wat nie bemin is nie, beminde;
26 en in die plek waar aan hulle gesê is: Julle is nie my volk nie! - daar sal hulle genoem word kinders van die lewende God - (Hoséa 1:10).
27 En Jesaja roep oor Israel uit: Al is die getal van die kinders van Israel soos die sand van die see, net die oorblyfsel sal gered word;
28 want Hy volbring ‘n saak en verkort dit in geregtigheid, omdat die Here ‘n saak wat verkort is, op die aarde sal doen.

Dit was dus voorspel dat die Huis van Israel haar van haar bose weë sou bekeer, en in die volheid van tyd, eers oënskynlik as heidene te voorskyn sou kom en later as ‘n Christen Volk. Hulle sou hulle roeping en verkiesing vasmaak deur hulle tot die Here te bekeer, en die Here Jesus aan te neem, wat deur die Jode verwerp is; sodoende sou hulle die oordele vryspring wat uiteindelik oor Juda gekom het.

Hierdie “mislukte” Huis van Israel in die hand van die Here, net soos die klei in die hand van die pottebakker - (Jeremia 18:4), het vandag as die Angel-Saksies Keltiese en verwante nasies (die Blanke Wes - en Noordwes Europese nasies en hulle afstammelinge in Noord-Amerika, Suider Afrika, Australië en Nieu-Seeland) hulle herverskyning gemaak. Hulle alleen voldoen aan die beskrywing van Israel want hulle is weer oor gevorm en herskep - ‘n voorwerp tot eer - ‘n herskepte Christen Volk (die enigste in die wêreld), seuns van die lewende God.

Hulle is nog ver van waar hulle moet wees, maar die dag sal kom en dit is nou op hande, wanneer hierdie volkere in die tyd van die benoudheid vir Jakob, hulle wedergeboorte sal ondergaan. Dan sal hierdie Israel wat uitgewerp was - dieselfde klei wat God in sy volmaakte Koninkryk wou vorm voor die groot Assiriese Ballingskap, maar wat in die proses misluk het - uitstaan voor al die volkere, ‘n volmaakte kruik.

Israel is nou besig om deur die Hemelse Pottebakker gevorm te word om haar besonderse roeping as God se Eiendomsvolk te vervul. Die afronding van hierdie kruik sal in die vuuroond van beproewing wat hierdie dispensasie gaan afsluit, en nou voor die deur staan, geskied.

Uit hierdie loutering en suiwering deur die vuur heen, sal Israel kom, God se volmaakte Koninkryk op aarde, toegerus en gereed om sy raadsbesluite uit te voer.

Juda, egter, omdat sy God verlaat het, het die koninkryk verloor - (Matt. 21:43), en daarom roep die Here deur Jeremia uit:
Jeremia 18:15;

> Nogtans het my volk My vergeet, hulle laat rook opgaan vir die nietige afgode; dié het hulle laat struikel op al hul weë, op die ou paaie, om te loop op sypaaie, 'n ongemaakte pad;

Die Gebreekte Kruik

Juda, die nasie, wat vergelyk word met 'n erdepot wat klaar hard gebak is, was in stukke gebreek en kon nooit weer tot nasieskap herstel word nie. Alhoewel die Sioniste nou die sogenaamde Israeli Staat in Palestina gestig het, is dit 'n abortiewe poging om die Koninkryk van Israel te herstel, want dit sal nie standhou nie.
Daar is nie een greintjie van Skriftuurlike regverdiging hoegenaamd daarvoor nie. Juda kan nooit weer as sulks 'n selfstandige nasie onder die gemeenskap van nasies word nie. Die huidige status van die Jood, 'n oorblyfsel van Juda, word in die volgende woorde van die Here Jesus saamgevat toe Hy na die Jode verwys het, nadat hulle Hom verwerp het:

> "Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat!" - (Matt. 23: 38).

Dit word ook bevestig in die gelykenis van die vyeboom (simbolies vir die Jood) wat Jesus vervloek het, omdat Hy geen vrugte daaraan kon vind nie, en wat daarna opgedroog het.

Toe die koninkryk van die Jode af weggeneem is as gevolg van hulle onvrugbaarheid, en aan 'n nasie gegee is wat die vrugte daarvan sou voortbring - (Matt 21:43), het die einde van die Joodse Nasie aangebreek. Hulle het opgedroog en gesterf as 'n nasie toe die Romeinse leiers die stad en die Tempel in 70 n.C. verwoes het.

Die hoop vir die Jode lê in hulle hereniging met die Huis van Israel, soos ons in Esegiël 37 sal sien, en in hulle persoonlike aanname en erkenning van die Here Jesus as hulle Messías en Saligmaker.

Die Komende Spruit van Dawid

Die Profeet Jeremia sien die heerlike herstel van die volk van God in die koms van die Messías, die Here Jesus Christus:
Jeremia 23:5-8;
5 KYK, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid ‘n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land.

Jeremia profeteer dus oor die koms van dié Spruit wat as die komende Koning geregtigheid op die aarde sal kom vestig, en regeer met reg:
6 In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word:
DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.

Jeremia sê dat in daardie dag sal dit nie meer gesê word:
7 - - - - So waar as die HERE leef wat die kinders van Israel uit Egipteland laat optrek het nie,
8 maar: So waar as die HERE leef wat die geslag van die huis van Israel laat optrek en laat kom het uit die Noordland en uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het. En hulle sal woon in hulle land.

Vir eeue lank het die Christelike Kerk dit nie raakgesien dat die Huis van Israel afsonderlik en heeltemal verskillend is van Juda; maar daar kom ‘n dag wanneer die hele Israel, en die kerk, tot ‘n volle besef van die identiteit van die volk van God in die wêreld van vandag sal ontwaak.

Die Profeet Eségiël verklaar:
Eségiël 39:22, 28-29;
22 En die huis van Israel sal weet dat Ek die HERE hulle God is, van dié dag en verder.
28 En hulle sal weet dat Ek, die HERE, hulle God is, daaraan dat Ek hulle in ballingskap laat gaan het na die nasies, maar hulle weer versamel het in hulle land en dáár niemand meer uit hulle agter laat bly het nie.
29 En Ek sal my aangesig nie meer vir hulle verberg nie, omdat Ek my Gees oor die huis van Israel uitgegiet het, spreek die Here HERE.

Wanneer die Huis van Israel uiteindelik aan die wêreld geopenbaar sal word, sal die verlossing uit die slawehuis van Egipte in belangrikheid vervaag in vergelyking met die groter verlossing van die Volk uit die slawerny van die hedendaagse wanbestuur en ekonomiese verdrukking, wanneer die oordele van God die hele stelsel van Mammon vernietig.

Die Beker van Gramskap van die HERE

Die Here het Jeremia beveel om aan al die nasies die beker van die wyn van die gramskap van die Here te gee dat hulle geskud en besete kon word vanweë die swaard wat die Here oor hulle gaan bring.

Die profeet verklaar: Jer. 25:17;

> En ek het die beker uit die hand van die HERE geneem en al die volke laat drink na wie die HERE my gestuur het.

Die nasies was sedertdien rasend mal en daar was gedurig oorlog op een of ander plek op die aarde; miljoene der miljoene het al omgekom op die slagveld of op een of ander manier van geweld tot op die huidige oomblik, vandat Jeremia beveel was om daardie beker van woede aan die nasies te gee.

Dit het by Babilon begin, gevolg deur Medo-Persië, daarna Griekeland en Rome, toe die kontinentale magte van Europa en nou die op hande synde slagting wanneer menigtes oor die hele wêreld gaan slaags raak in die dal van beslissing - (Joël 3:14); almal het gedrink uit die beker van wraak en hulle is dronk van die wyn van waansin.

Dit sal alleenlik tot ‘n einde kom wanneer die koninkryke van hierdie wêreld finaal omver gegooi word.
Jeremia profeteer:
Jeremia 25:30-33;

30 Jy moet dan al hierdie woorde vir hulle profeteer en aan hulle sê: Die HERE sal brul uit die hoogte en sy stem verhef uit sy heilige woning! Geweldig sal Hy brul oor sy woonplek; soos druiwetrappers sal Hy ‘n vreugdegeroep aanhef teen al die inwoners van die aarde.
31 Oorlogsrumoer het gekom tot by die einde van die aarde, want die HERE het ‘n twis met die nasies, Hy hou gerig oor alle vlees. Die goddelose - aan die swaard het Hy hulle oorgegee, spreek die HERE.
32 So sê die HERE van die leërskare: Kyk, onheil gaan uit van volk tot volk, en ‘n groot storm word opgewek uit die agterhoeke van die aarde.
33 En die wat deur die HERE verslaan is, sal dié dag lê van die een einde van die aarde tot die ander einde van die aarde; hulle sal nie beklaag of versamel of begrawe word nie; hulle sal mis op die aarde wees.

Hier word in ondubbelsinnige taal aan ons die verskriklike verwoesting van ‘n wêreldwye botsing verduidelik, waarmee hierdie bedeling gaan eindig. Hierdie profesie het alreeds gedeeltelik in Wêreld oorloë 1 en 2 in vervulling getree, maar die finale vervulling staan nou voor die deur wanneer Gog en al sy hordes, wat die geel nasies van die Ooste, en die swartes van Afrika sal insluit, teen God se volk Israel gaan optrek - (Eség. 38 en 39).

Die Nuwe Verbond

Jeremia moes al die woorde wat die HERE met hom gespreek het, in ‘n boek skryf - (Jer. 30:2) want dit sou van die uiterste belang wees, veral vir die laaste dae, die dae waarin ons nou leef. Hierdie woorde staan op die punt om vervul te word:
Jeremia 30:3;

> want kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek die lot van my volk Israel en Juda sal verander, sê die HERE; en Ek sal hulle terugbring in die land wat Ek aan hulle vaders gegee het, en hulle sal dit in besit neem.

Die Groot Dag van die HERE

Jeremia kyk vooruit na die dag wanneer beide Israel en Juda herstel sal word, nie net alleen tot hulle eie land nie, maar wanneer hulle weer voor die aangesig van God sal lewe, gereinig van alle kwaad.

Hy gee die volgorde van gebeure wat na daardie herstel sal lei, soos volg aan:
Jeremia 30:5;

> Want so sê die HERE: Ons het ‘n stem van verskrikking gehoor; daar is vrees en geen vrede nie!

Dit is ‘n beskrywing van ‘n tyd wanneer mense vol van vrees sal wees, en nie vrede nie, en is profeties van omstandighede wat op die aarde en onder God se volk sal heers net voor die groot en vreeslike dag van die Here. (Het ons nie reeds nou al so ‘n tydperk betree nie?) Hierdie boodskap gaan soos volg voort om nog meer van hierdie moeilikheid te beskryf:
Jeremia 30:6;

> Vra tog, en kyk of ‘n manspersoon baar? Waarom sien ek elke man met sy hande op sy heupe soos een wat baar, en is alle aangesigte in bleekheid verander?

‘n Tyd van benoudheid vir Jakob

Die toestande van hierdie tye sou so erg wees met toenemende lyding, benoudheid en angs, dat mans in soveel pyn sal wees soos ‘n vrou wat baar. Die oorsaak van hierdie smarte sal die gebeure van die groot en vreeslike dag van die Here wees, wat deur die profeet die tyd van die benoudheid van Jakob genoem word:
Jeremia 30:7;

> Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is ‘n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word.

Dit sal die tyd wees wanneer hierdie hele Babiloniese stelsel van verslawing (polities, ekonomies en godsdienstig) verbreek en vernietig sal word:

Jeremia 30:8-9;

8 En op dié dag, spreek die HERE van die leërskare, sal Ek sy juk verbreek van jou nek af en jou stroppe stukkend ruk; en vreemdes sal hom nie meer diensbaar maak nie.

9 Maar hulle sal die HERE hulle God dien en hulle koning Dawid wat Ek vir hulle sal verwek.

In hierdie "tyd van benoudheid van Jakob" sal Israel gered word - - - -
(lees Jakob se worsteling met God by Jabbok in Génesis 32),
- - - -en haar vyande vernietig word, sodat die vreemdes nie meer oor God se volk sal heers nie.
Net soos Jakob deur 'n ondervinding van uiterse fisiese en geestelike benoudheid gegaan het wat gelei het tot sy volkome oorgawe aan God, so sal die hedendaagse Israel haarself ook in 'n hopelose posisie bevind wanneer Rusland en al haar bondgenote begin beweeg.
Lees: Eségiël 38 en 39.
Dit sal lei tot 'n algehele geestelike ontwaking en 'n heelhartige bekering tot God, wat sal lei tot die beloofde Goddelike ingryping.

Die Nuwe Verbond

Jeremia 31:31;

Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit.

Let baie noukeurig daarop dat hierdie nuwe verbond met geen ander volk gesluit sal word as met Israel en Juda. Dit sou nie dieselfde wees as die verbond wat die Heer met hulle vaders gemaak het toe Hy hulle uit Egipteland gelei het nie, al was Hy ook gebieder ("Husband" in Engelse Vertaling) oor hulle. Dit beteken ook die letterlike nasionale volk, en nie die kerk nie; die kerk was nie in Egipte nie, en die kerk of gemeente word ook nooit die Huis van Israel en die Huis van Juda genoem nie. Dit is net hier waar die gewone lering soos in ons kerke geleer word, die hele betekenis van die nuwe verbond heeltemal verkeerd vertolk.
Dit is ook baie belangrik om daarop te let dat in die tweede klousule van hierdie nuwe verbond met die Huis van Israel alleen genoem word:
Jeremia 31:33-34;

33 Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

34 En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.

Hierdie woorde word feitlik woordeliks in Hebreërs 8:8-11 herhaal. Wanneer u hierdie beloftes verstaan, sal u begryp dat dit die kern van die Godsplan vir die wêreld saamvat: In die vuurvlamme van beproewing wat hierdie dispensasie gaan

afsluit en gaan uitloop op die wederkoms van Christus, en wat ook genoem word die benoudheid van Jakob, sal beide die Huis van Israel en die Huis van Juda tot ‘n hartgrondige bekering kom.

Die Heer sal dan sy Gees op hulle uitstort en sy wet op hulle hart skryf. Die Huis van Juda sal na die Huis van Israel gaan en met hulle verenig. Die Here Jesus sal kom en hulle Koning wees - (lees Lukas 1:31-33) en met hulle as kern, sy Koninkryk op aarde oprig.

Die nasies wat oorgebly het, sal in hulle lig wandel. Vir die eerste keer sal die volkere die praktiese demonstrasie en toepassing van die Godsregering op aarde sien. Die Vader se Naam sal geheilig word, sy koninkryk sal hier gevestig wees, en sy wil (wet) sal op die aarde geskied soos in die hemel - (Lees Matt 6:9-10).
‘n Bekeerde en ‘n Heilige Gees vervulde Israel, met die wet van God geskryf op die tafels van hulle hart is die GROOT BELOFTE van God aan sy volk, en die wêreld se enigste hoop.

‘n Nuwe Hart

Dit is in ooreenstemming met die boodskap van die Heer aan die Huis van Israel deur die Profeet Eségiël: -
Eségiël 36:24-28;

24 En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom en Ek sal julle in jul land bring.
25 Dan (die grondteks “dan” beteken “en”) sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig.
26 En Ek sal julle ‘n nuwe hart gee en ‘n nuwe gees in jul binneste gee; en EK sal die hart van klip uit jul vlees wegneem en julle ‘n hart van vlees gee.
27 En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.
28 En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My ‘n volk en Ek sal vir julle ‘n God wees.

Een Nasie

Met verwysing na die resultate wat gaan volg op die reiniging van die Huis van Israel van al haar sondes, sê die Here: -
Eségiël 37:22-24, 26-28;

22 En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie.

23 En hulle sal hul nie meer verontreinig met hulle drekgode en hulle verfoeisels en met hulle oortredinge nie; en Ek sal hulle verlos uit al hulle woonplekke waarin hulle gesondig het, en sal hulle reinig. So sal hulle dan vir my ‘n volk wees, en Ek vir hulle ‘n God wees.
24 En my kneg Dawid sal koning oor hulle wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel.
26 En Ek sal ‘n verbond van vrede met hulle sluit, dit sal ‘n ewige verbond met hulle wees; en Ek sal hulle daar bring en hulle vermenigvuldig; en Ek sal my heiligdom in hulle midde vestig vir ewig.
27 En my tabernakel sal oor hulle wees, en Ek sal vir hulle ‘n God wees en hulle vir my ‘n volk wees.
28 En die nasies (Engelse vertaling sê “heathen”) sal weet dat Ek die HERE is wat Israel heilig as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees.

Hoofstuk 15

Transkripsie van kasset nr. L41

Die hele Israel word herstel

Inleiding

Die volgende profeet wat vir ons ‘n duidelike toekomsblik aangaande die uiteindelike bestemming van Israel gee, is Eségiël. Sy boodskap is aan die hele Huis van Israel, dit wil sê, aan al twaalf die stamme. Hy gee vir ons ‘n baie duidelike beskrywing van die nasionale herstel van Israel en van haar uiteindelike glorieryke verheerliking onder die Troon van Dawid.
Wanneer ons weereens baie duidelik besef dat ons die geslag is in wie se leeftyd hierdie profesieë vervul gaan word, moet dit by ons ‘n magtige ontwaking teweegbring.
Dit is wat ons glo:
In hierdie tyd wanneer Satan deur middel van sy aardse vennote, die heiden onder leiding van die Kommunisme (die finale ekspressie van die Antichris), die Weste met gewisse uitwissing, of verslawing, bedreig, gaan ons tot die magtige ontwaking kom, dat ons God se volk Israel is. Ons sal dan ook tot die ontdekking kom van God se heerlike beloftes aan Israel vir die laaste dae, en dit sal by ons ‘n krag opwek wat sal gelykstaan aan ‘n opstanding uit die dode. Ongelooflik heerlik, soos dit mag klink, is dit presies wat gaan gebeur, dit gaan werklik saamval met die tyd van die opstanding uit die dode.
Die aarde gaan geskud word, die heerlikheid van die Here gaan geopenbaar word soos nog nooit tevore nie, en Israel gaan aan haarself en aan die wêreld voorgestel word. Die Profeet Eségiël gee vir ons baie duidelike voorspellings hieroor. Ons gaan dit nou in hierdie studie behandel.
In die loop van hierdie reeks het ons al na verskeie gedeeltes van Eségiël verwys. Hier gaan ons dus net na enkele hoogtepunte kyk.

Ek sal oor julle regeer

Eségiël 20:33-38;

33 So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, Ek sal gewis met ‘n sterke hand en met ‘n uitgestrekte arm en met uitgestorte grimmigheid oor julle regeer.

34 En Ek sal julle uit die volke uitlei en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is, deur ‘n sterke hand en deur ‘n uitgestrekte arm en deur uitgestorte grimmigheid.

35 En Ek sal julle bring in die woestyn van die volke, en Ek sal daar met julle in die gerig tree van aangesig tot aangesig.

36 Soos Ek met julle vaders in die woestyn van Egipteland in die gerig getree het, so sal Ek met julle in die gerig tree, spreek die Here HERE.

37 En Ek sal julle onder die herderstaf laat deurgaan en julle bring in die band van die verbond.
38 En Ek sal uit julle afsonder die wat opstandig is en teen My oortree; Ek sal hulle uit die land van hul vreemdelingskap uitlei, maar hulle sal in die land van Israel nie kom nie; en julle sal weet dat Ek die HERE is.

Lees self verder tot by vers 44.
Die Here wys duidelik hoedat Hy Israel sal versamel en oor hulle regeer. Maar eers sal Hy hulle reinig en uit hulle midde verwyder die wat opstandig is en teen Hom oortree (vers 38).
In sy gelykenis van die onkruid in Matthéüs 13:24-30 en sy verklaring daarvan in verse 36 tot 43, verwys ons Here Jesus na dieselfde gebeurtenis. Let daarop dat dit ‘n gelykenis is oor die koninkryk van die hemele. Hierdie koninkryk is niks anders as die koninkryk wat die Heer met Israel as middelpunt en met Jesus op die Troon van Dawid, op aarde gaan herstel nie.

Net soos die vyande slegte saad tussen die koring gesaai het, so het Satan slegte saad ook onder die volk van God gesaai. Die onkruid word met oestyd eers bymekaar gemaak, in bondels gebind en dan in die vuur gegooi. Daarna word die koring bymekaargemaak en in die skuur gebring.

Reg in die begin van die verhaal van die mensdom het Satan sy saad onder die mensdom gesaai, soos ons al aangedui het. Daardie saad het homself tot tussen Israel ingewerk, en veral tot volheid in die Joodse Ras gekom. Dit is hierdie saad wat Satan se bose werk en planne deur die eeue uitgevoer het, en wat nou in hierdie eindtyd aan die spits staan van die opstand teen God en sy Koninkryk.
Hulle sal bymekaargemaak en vanuit die midde van Israel verwyder word. Daar kan geen vrede op aarde wees solank hulle nog in aktiewe omgang is nie. Voordat Israel finaal bymekaargemaak en gesuiwer word vir die Bruilof van die Lam, sal hulle vanuit die midde van Israel verwyder word.

Baie van wat nou vir ons onverklaarbaar is, sal in daardie dag opgeklaar word. Maar vir diegene wat hierdie feit van die slegte saad wat tussen die koring gesaai is, kan begryp, word baie dinge nou al duidelik.
Vergelyk ook Eségiël 28:25-26; en Jesaja 65:17-25.

Die Tyd van die Heiden

Eségiël 30:1-3;
1 VERDER het die woord van die HERE tot my gekom en gesê:
2 Mensekind, profeteer en sê: So spreek die Here HERE: Huil julle! Ag, die dag!
3 Want naby is ‘n dag, ja, naby is ‘n dag van die HERE, ‘n dag van wolke; die tyd van die nasies sal dit wees.

Die Engelse Bybel gee vers 3 soos volg weer:

“For the day is near, even the day of the LORD is near, a cloudy day; it shall be the time of the heathen.”

Hierdie profesie dat die “Dag van die HERE” sal saamval met “Die Tyd van die Heiden”, stem saam met al die ander profete wat voorspel dat die opstand van die heidene in die laaste dae sal saamval met “Die Dag van die HERE”.
Laasgenoemde is “die Dag” waarop die HERE die laaste oordele oor hierdie wêreld sal uitstort; dit sal sy klimaks bereik in die “Slag van Armagéddon” en die Wederkoms van CHRISTUS.

Die leier in hierdie opstand van die heiden is “Gog van die land van Magog”. Dit word in besonderhede beskryf in Eségiël 38 en 39. Hierdie twee hoofstukke word volledig in ons boekie “Rusland in Profesie” behandel. Wanneer ons vandag kyk na die bedreiging van Rusland en haar leierskap van die heidense nasies teen die Blanke Christendom dan is dit ‘n letterlike vervulling van die profesieë van Eségiël.

Eségiël 34:12 praat van hierdie dag as ‘n dag van wolke en donkerheid. Dit spreek weer van dreiging en storm. Dit is presies wat vir ons nou voor die deur staan. Die onweerswolke pak al digter op die horison saam. Dit laat ons dan ook ‘n beter begrip kry van:
Openbaring 1:7;

> Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf, ja, amen!

Dit is dus ‘n heerlike troos vir Israel in die laaste dae dat die Heer ook in Eségiël 34:12 beloof het dat Hy op hierdie dag van “Wolke en Donkerheid” vir sy skape sal sorg. In die hele Eségiël 34 word Israel as die Heer se skape voorgestel.
In vers 16 sê Hy:

> “Die wat verlore is, sal Ek soek, en wat weggedryf is, sal Ek terugbring, en wat gewond is, sal Ek verbind, en die siekes sal Ek versterk: maar die vettes en die sterkes sal Ek verdelg: Ek sal hulle oppas soos dit reg is”.

Die Verskyning van die Koninkryk

Volgens Eségiël en al die profete sal hierdie tyd van benoudheid vir Israel (vgl Jer. 30:7) uitloop op die wederkoms van die Messías, die versameling van Israel, en die vestiging van die Koninkryk van God op aarde. Dit was die hele verwagting wat die Skrifgeleerdes en Fariseërs in die tyd van ons Here Jesus ook gehad het. Hulle het net nie die tyd van die Kruis wat dit moes voorafgaan raakgesien nie.
Dit is waarom hulle met die bekering van Saggéüs die woorde van ons Here Jesus so heeltemal verkeerd verstaan het.

Lukas 19:8-10;

8 Maar Saggéüs het gaan staan en aan die Here gesê: Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes; en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug.

9 Toe sê Jesus aan hom: Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom, aangesien hierdie man ook ‘n seun van Abraham is.

10 Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was.

Let op dat die “soek en te red wat verlore was” - alleenlik betrekking het op “ ‘n seun van Abraham”, en nie in die algemeen op elke verlore siel, soos algemeen aanvaar word nie. Dit het spesifiek betrekking op die verlore skape van die Huis van Israel. Die Skrifgeleerdes en die Fariseërs, wat die geskrifte van die profete goed geken het, het dit ook so verstaan. Dit is waarom, toe ons Here Jesus op ‘n ander geleentheid gesê het:

> “Julle sal My soek en nie vind nie; en waar Ek is, kan julle nie kom nie” - (Joh. 7:34),
>
> “En die Jode sê onder mekaar: Waar wil Hy heengaan, dat ons Hom nie sal vind nie? Hy wil tog nie na die verstrooides onder die Grieke gaan en die Grieke leer nie?” - (Joh. 7:35).

Toe Jesus dus in verband met die bekering van Saggéüs sê dat Hy gekom het om te soek en te red wat verlore was, en dit op Saggéüs toegepas het omdat hy ‘n seun van Abraham is, het die Fariseërs baie beslis Eségiël 34 in gedagte gehad. Hulle het toe ook tot die gevolgtrekking gekom dat as dit dan so is, dan moet die koninkryk van God dan ook onmiddellik verskyn.

Lees Lukas 19:11;

> EN terwyl hulle na hierdie dinge luister, vertel Hy daar nog ‘n gelykenis by, omdat Hy naby Jerusalem was en hulle gedink het dat die koninkryk van God onmiddellik sou verskyn.

Hy gee hulle toe eers die gelykenis van die ponde en die Man van hoë geboorte wat na ‘n ver land gereis het om vir homself ‘n koningskap te ontvang en dan terug te keer. Hierdie gelykenis was dus juis vertel om hulle daarop te wys dat daar nog baie dinge moes gebeur voordat die koninkryk sou kom. Maar hulle was reg met die “in verband bring” van die soek en red van die verlore skape van Israel, met die oprigting en herstel van die koninkryk.

Die tragedie is vandag dat die Man van hoë familie nou op die punt staan om terug te keer. Hy gaan sy skape bymekaarmaak in hierdie tyd, en die koninkryk van God gaan nou weldra verskyn. Maar die kerk wat hierdie wonderlike waarheid moet verkondig is blind vir die identiteit van die ware skape.

Eségiël 34 praat baie ernstig met die slegte herders wat die skape behoort op te pas en na die regte weivelde (die regte begrip van Gods Woord) te lei. Vers 2 sê die herders verskaf weiding aan hulleself, in plaas daarvan dat hulle die skape moet laat wei. Die gevolg is die skape is siek en verstrooid.

Dit is presies hoe die posisie vandag is. God se volk is besig om te vergaan weens gebrek aan kennis - (Hoséa 4:6). Hulle word die prooi van elke lering en veral die lering dat hulle ‘n klomp heidene is en moet wag vir die bekering van die Jood om hulle dan te kom evangeliseer.

Ons sou amper wanhopig wou word as dit nie was vir ons geloof in die getrouheid van Gods Woord nie. Die tyd het aangebreek waarin die Opperherder self begin oorneem. Hy is besig om die slegte en ontroue herders, wat net vir hulleself sorg en nie vir die kudde en die volk nie, af te dank, en vir Homself sy eie herders op te wek, vervuld met die Heilige Gees, wat sy kudde sal voed met waarheid en met kennis.
Dan sal hulle nie meer die wilde diere, letterlik en figuurlik, ten prooi val nie. Die heidene sal dan nie meer op hulle kan teer soos dit vandag die geval is nie.

Vandag is die posisie al feitlik dat die nie-Blanke heiden amper niks verkeerd kan doen, en die Blanke niks reg nie. Geagte leser, vra die Here om deur die Heilige Gees u oë oop te maak; wanneer u die volle waarheid van die Skrif sien, sal daar ‘n blydskap van u besit neem wat u nie sal kan bevat nie.

Kom ons lees Eségiël 34:28-31;
28 En hulle sal nie meer ‘n prooi vir die nasies (heiden) wees nie, en die wilde diere van die land sal hulle nie opeet nie; maar hulle sal veilig woon sonder dat iemand hulle verskrik.
29 En Ek sal vir hulle plante van naam verwek, sodat hulle nie meer deur hongersnood in die land weggeruk sal word nie en die smaad van die nasies (heiden) nie meer sal dra nie.
30 Maar hulle sal weet dat Ek, die HERE hulle God, met hulle is, en dat hulle, die huis van Israel, my volk is, spreek die Here HERE.
31 En julle is my skape, die skape van my weide; julle is mense, Ek is julle God, spreek die Here HERE.

Julle is nie van My Skape nie

In daardie pragtige gelykenis van die goeie herder in Johannes 10 (wat u tog asseblief in sy geheel moet lees), sê Jesus onder andere aan die Jode die volgende:
Johannes 10:26-28;
26 Maar julle glo nie, want julle is nie van my skape nie, soos Ek vir julle gesê het.
27 My skape luister na my stem en Ek ken hulle, en hulle volg My.
28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.
Op ‘n ander geleentheid waarop die Here Jesus met die Jode in gesprek was, was die volgende woorde gebesig:

Johannes 8:32-33, 37-45;
32 En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.
33 Hulle antwoord Hom: Ons is die geslag van Abraham en het nog nooit vir iemand slawediens verrig nie; hoe sê U dan; Julle sal vry word?
(Dit toon dat hulle nie ware Israeliete was nie, want die Israeliete was slawe in Egipte, en Juda en Benjamin was pas 400 jaar vantevore slawe in Babilon)
37 Ek weet dat julle die geslag van Abraham is (maar deur Esau); maar julle probeer om My om die lewe te bring, omdat my woord geen ingang in julle vind nie.
38 Ek spreek van wat Ek by my Vader gesien het en julle doen ook wat julle by jul vader gesien het.
39 Hulle antwoord en sê vir Hom: Ons vader is Abraham. Jesus sê vir hulle: As julle die kinders van Abraham was, sou julle die werke van Abraham doen,
40 maar nou probeer julle om My om die lewe te bring, iemand wat aan julle die waarheid vertel het, wat Ek van God gehoor het. Dit het Abraham nie gedoen nie.
41 Julle doen die werke van jul vader. Toe sê hulle vir Hom: Ons is nie uit ontug gebore nie; ons het een Vader, naamlik God.
42 En Jesus sê vir hulle: As God julle Vader was, sou julle My liefhê want Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur.
43 Waarom ken julle my spraak nie? Omdat julle na my woord nie kan luister nie.
44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was ‘n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ‘n leuenaar is en die vader daarvan.
45 Maar omdat Ek die waarheid spreek, glo julle my nie.

Die Herstel van Israel word Voorspel

(Eségiël 36)

In profetiese taal beteken ‘n berg ‘n koninkryk en ‘n heuwel ‘n kleiner koninkryk. Wanneer die profeet dan sê hoedat die vyand hom verbly oor die berge van Israel wat sy besitting geword het, dan bedoel hy die vyand verheug hom oor Israel self, wat sy besitting geword het.
Maar dit dui nie net op dit wat reeds verby is nie, maar ook op die tyd waarin ons nou leef, en die dae wat onmiddellik voorlê. In alles is dit die laaste slag of rondte wat tel. Ons is nou in die klimaks van die eeue. Dit is in ons tyd dat die finale afrekening gaan plaasvind.
Satan weet hy is magteloos teen die Troon van God, hy het eenkeer probeer om dit in besit te kry, en is toe uitgewerp. Nou gaan hy finaal probeer om Israel, die

volk van God, te vernietig om sodoende die plan van God te verydel. Dit is waarom die stryd gaan.

Hierin is die Blanke Protestantse Nasies, met die kern van die ware kerk, die gemeente of liggaam van Christus in hulle midde, natuurlik Satan se hoof teiken. Kan hy hulle vernietig, dan vernietig hy die koninkryk van God op aarde, en maak hy God tot leuenaar. Hy gaan sy uiterste doen om in sy doel te slaag. Hierdie geslag sal die volle woede van hierdie laaste desperate poging moet deurmaak. Die heiden, sy instrument op aarde, is oorgehaal. Israel self is op 'n laagtepunt wat ook deur Satan bewerkstellig is.

Daar sal 'n magtige herlewing binne in ons moet plaasvind, en 'n Goddelike ingryping van omhoog. Dit is waaroor Eségiël 36 tot 39 handel. Dit sal vir u nou kortliks ontleed word, maar u moet dit self biddend vers vir vers lees en die Heilige Gees vra om die toneel voor u geestesoog oop te sprei. (Onthou ook dat oral waar u die woord "nasies" hierin lees, gee die Engelse Bybel dit as "heathen" aan).

Esau Versus Jakob

Kom ons lees: Eségiël 36:5;

> Daarom, so sê die Here HERE: Waarlik, in die vuur van my ywer spreek Ek teen die oorblyfsel van die nasies (heiden) en teen die hele Edom wat my land vir hulleself as besitting bestem het - in volle vreugde van die hart, met diepste veragting - sodat die weiveld daarvan 'n buit sou wees.

Hier lê die kern van die saak. As ons dit verstaan, sal ons alles wat in hierdie dae besig is om te gebeur, begryp.

In Génesis 32 en 33 het ons gesien hoedat Jakob met God geworstel het en toe behoue gebly het in sy ontmoeting met Esau. Maar dit was nie die einde van die verhaal nie, die einde kom nou in ons geslag. Daarom praat Jeremia 30:7, van die benoudheid van Jakob, wat verwys na Jakob se ontmoeting met Esau, wat sal kom aan die einde van hierdie dispensasie, en dit is nou.
In Exodus 17 het ons gesien hoedat Ámalek die kleinseun van Esau, vir Israel aangeval het net na die uittog uit Egipte, met die doel om haar uit te wis. Dit het die toorn van God opgewek en Hy het gesê:

> "Oorlog het die HERE teen Ámalek (en dus Esau) van geslag tot geslag" - (Ex. 17:16).

Dit gaan sy klimaks bereik in hierdie tyd wanneer Gog en al sy hordes teen die Christen Weste gaan optrek om hulle of te verwoes, of te verslaaf.
Ons lees in Eségiël 38:17;

> So sê die Here HERE: Is jy dit van wie Ek in die voortyd gespreek het - (sien Ex. 17:16) - deur my knegte, die profete van Israel, wat in dié dae geprofeteer het, jare lank, dat Ek jou teen hulle sal laat aankom?

Edom is Ámalek en ook Esau, al drie is dieselfde, (sien Eségiël 36:5);
Want Esau is Edom (Génesis 36:19);
En Ámalek was sy kleinseun (Génesis 36:12).
Gog of Rusland (sien ons boekie "Rusland in Profesie") is dus niemand anders nie as dieselfde Esau wat nou weer aan die optrek is om Jakob (van wie ons die afstammelinge is) te vernietig.

Israel op die Vooraand van haar Ontwaking

Dit is in hierdie tyd van verskriklike bedreiging wat Israel tot ontwaking sal laat kom, net soos Jakob verander het in Israel by Jabbok.
Lees asseblief self in u Bybel Eségiël 36:6-15; en onthou waar u lees "nasies", sê die Engelse Bybel "heathen". Die woord nasies in die Bybel word altyd in die sin gebruik van die nasies wat nie van Israel (al 12 stamme) is nie.
Daar wag vir die volle Israel 'n heerlike tyd van herstel, die mees glorieryke tydperk in haar ganse geskiedenis. Die bloeitydperk en roem onder Salomo was maar net 'n tipe hiervan. (U kan 'n baie geseënde studie maak as u al die Skrifte wil nagaan in verband met Salomo se oorname van die troon, na Dawid. Let bv. op hierdie een teks:
1 Kronieke 29:23;

> So het Salomo dan op die troon van die HERE, gaan sit as koning in die plek van sy vader Dawid, en hy was voorspoedig; en die hele Israel was hom gehoorsaam.

Vgl. ook: 2 Kron. 6:10; 1 Kron. 28:5; Jes. 41:21; 1 Kon. 8:20; Open. 3:21; Ex. 19:6; Lukas 1:33; Hoséa 13:10.
Dit volg dus dat as Salomo op die Troon van die HERE gesit het, dan moet die koninkryk waaroor daardie troon gevestig is, noodwendig die koninkryk van God wees, want sy Troon kan nie oor enige ander koninkryk wees, behalwe Sy eie nie.
Netso, as Salomo op die troon van die HERE gesit het en oor die hele Israel regeer het, dan moet die hele Israel die volk van die koninkryk van God op aarde uitmaak, nie waar nie? En die moderne voortsetting van daardie volk word vandag gevind onder die Blanke Protestantse Westerse Nasies en die suiwer element onder die Jode.
Lees nou ook vir uself Eségiël 36:16-38.
Die Here praat met die volk en sê vir hulle hoedat hulle sy Heilige Naam onder die heiden onteer het; net soos ons vandag ook nog baie doen. Maar die Here beloof 'n verandering van hart aan Israel, nie om hulle ontwil in die eerste instansie nie, maar om sy Heilige Naam ontwil:
Eségiël 36:22,32;

> 22 Daarom, sê vir die huis van Israel: So spreek die Here HERE: Ek doen dit nie om julle ontwil nie, o huis van Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat julle ontheilig het onder die nasies (heiden) waar julle gekom het

32 Ek doen dit nie om julle ontwil nie, spreek die Here HERE; laat dit julle bekend wees! Skaam julle en bloos oor julle weë, o huis van Israel.

Vgl. ook Deut. 9:4-6.

Die Heer beloof om sy grote Naam onder die heiden te heilig (v. 23) wat Israel onder hulle ontheilig het. Hy sal Hom voor die oë van die heiden in Israel as die Heilige laat ken.

Kan u besef wat sal moet gebeur om dit in vervulling te laat kom? 'n Magtige ontwaking in Israel! Is u nie bly dat u in hierdie geslag leef nie? Maak oop u hart vir die Koning dat Hy solank sy Koninkryk in u eie lewe herstel, en vra Hom dan om u te spaar sodat u mag deelneem in wat binne die volgende paar jaar gaan gebeur.

Hoe gaan Israel se Ontwaking kom?

Basies gaan dit in beginsel op dieselfde manier en onder dieselfde omstandighede gebeur soos dit met Jakob gebeur het. Die heiden gaan vir Israel die wêreld al meer en meer benoud maak. Die Israel nasies gaan al meer en meer moet padgee uit die heidenlande waarin hulle hulself bevind. Gedurende die afgelope dertig jaar het die Israel lande die een kolonie na die ander prysgegee, en die meeste van hulle mense het ook daaruit padgegee. Al wat gaan oorbly, waar die Israel nasies heengaan, is die lande van Wes Europa, Noord-Amerika, Suider Afrika, Australië en Nieu-Seeland, die "eie plek" wat die Here aan Israel beloof het en Palestina die land van hulle "vaders" - (Sien 2 Samuel 7:10).

In die laaste instansie wanneer die ontwaking in Israel begin momentum kry sal die Israel lande hulle verbintenisse met die heidenlande verbreek. So sal Brittanje, Kanada, Australië en Nieu-Seeland ook uit die gemenebes tree, wat op die oomblik oorheersend nie-Blank is. Teen die einde, wat ek verwag binne die volgende paar jaar moet geskied, sal die Heer selfs sy engele uitstuur om die oorblywendes tussen die heiden uit te gaan haal.

Lees self Matthéüs 24:31; Jes. 43:5-7; Deut. 30:4-10; Matt. 13:39-43.

Netso sal die engele ook uit die midde van Israel al die vreemde elemente verwyder. Ons kan sien hoedat daar nou 'n doelbewuste poging is om Wes Europa en Brittanje met nie-Blankes te oorstroom. Dit is nog 'n poging van die Satan om God se plan te dwarsboom. Israel en haar leiers is mos aan die slaap, en terwyl hulle slaap saai die duiwel maar nog steeds die onkruid; die kinders van die bose - (sien Matt. 13:38). Net soos die engele in die omgewing was toe Jakob vir Esau moes ontmoet (lees Génesis 32:1-2; 2 Konings 6:13-17); so staan die engele ook nou gereed om hulle taak in hierdie laaste skeiding uit te voer.

Vgl weer Matt. 24:31; Matt. 26:53; Matt. 16:27; Joël 3:11.

In Eségiël 36:25 moet die woord "dan" wegval, en "en" in sy plek gelees word, - aldus die "Engelse Revised Version / Ferrar Fenton, Young's Literal, die Hollandse Nuwe Vertaling, die Septuagint".

Die “Revised Standard Version” laat die woord “dan” heeltemal uit. Die verband is duidelik en strook ook met die huidige toedrag van sake: Die Here sal nie al hierdie wonderwerke laat geskied, en nadat Israel dan finaal terug is in haar land, dan eers vir haar ‘n nuwe hart gee nie. Ons sien dit bv. nie nou in Palestina nie. Nee, die suiwering van haar hart sal juis in hierdie tyd van benoudheid en uitstorting plaasvind. Wanneer sy in die land terug is, sal sy juis haar tyd van rus al klaar ingegaan het.

Wonderlike Beloftes

Laat ons nou Eségiël 36:25 lees soos dit behoort te wees:

> En Ek sal skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig.

U moet hiermee Joël hoofstuk 2 saam lees.
Dit word volledig verduidelik in ons boekie:
“Joël, Sy Profetiese Boodskap en Waarskuwing”.
Let bv. op die volgende, dit praat oor die tyd van benoudheid vir Israel:
Joël 2:12-13;

12 Maar selfs nou nog, spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geween en rouklag.

13 En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die HERE julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil.

Die beloftes is dus dat in hierdie tyd van benoudheid daar ‘n groot hartsverandering in Israel (beide huise) sal plaasvind. Die Here sal hulle reinig van al hulle onreinhede en hulle drekgode. Ons moet bely dat ons Westerse Christelike Beskawing besoedel is met die allerverskriklikste onreinhede en drekgode. Dit is met ons weer soos dit was met beide Israel en Juda net voor hulle Assiriese en Babiloniese ballingskappe respektiewelik.

In Eségiël 36:26-27; beloof die Heer dat Hy aan die Huis van Israel - (sien verse 17, 21-22, 32 en 37) ‘n nuwe hart sal gee (vgl. Deut. 30:6) en ‘n nuwe gees in hulle binneste. Hulle sal dan in die Heer se insettinge wandel en sy verordeninge onderhou en dit doen. Hy sal hulle terugneem na hulle land en sal hulle God wees en hulle sal sy volk wees. Nie een van hierdie beloftes is bewaarheid in die Israeli Staat wat in 1948 tot stand gekom en nou al 28 jaar aan die gang is nie. Dis nog ‘n bewys dat hulle dus nie die volk van God is nie, en ook dat die bekering nie in die land sal plaasvind nie, maar wel voor die terugkeer.
Oorvloed van voedsel word in verse 29 en 30 van Eségiël 36 beloof.
Dit word ook bevestig in Joël 2:19-22; Joël 3:18; Jes. 55:13; Amos 9:13-15. Die land sal herstel word op ‘n wyse wat vir ons op die oomblik nog ondenkbaar is, so heerlik sal dit wees. Die heiden sal erken dat dit die Here was wat dit gedoen het, - (Eségiël 36:36).

Maar voordat dit alles gebeur, sal die Huis van Israel (die Christen Weste) eers vir die Here moet vra om dit vir hulle te doen - (Eségiël 36:37). Dit het op die huidige oomblik nog nie plaasgevind nie (9 Julie 1976), en dit is nog ‘n bewys dat hierdie beloftes nie in die huidige Israeli Staat vervul is nie.

Die Profeet Joël praat van hierdie selfde oomblik wanneer die Huis van Israel die grootste “biduur” van alle tye gaan hou, in Joël 2:1-17.
Luister bv. na die volgende:
Joël 2:15-17;

15 Blaas die basuin op Sion, heilig ‘n vasdag, roep ‘n vergadering saam!

16 Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suigelinge! Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek.

17 Laat die priester, die dienaars van die HERE, tussen die voorportaal en die altaarween en sê: o HERE, spaar u volk, en gee u erfdeel nie oor aan smaadheid, dat die nasies met hulle spot nie; waarom sou hulle onder die volke sê: Waar is hulle God?

Daarna sal die hele wêreld weet dat die HERE God is.
O Heer, verhaas daardie dag!

Die Herstel van Israel, en van die Troon van Dawid

In Eségiël 37 gaan ons nou die voorspelling en beskrywing van “Die Nasionale Wedergeboorte van Israel” sien.
Lees verseker hiermee saam:
Hoséa 2:14-22; Romeine 11:25-27; Handelinge 15:14-17.
U moet ook weereens daarop let hoedat hierdie hoofstuk die verskil tussen die Huis van Israel en die Huis van Juda beklemtoon. Dit toon baie duidelik aan dat die twee “huise” afsonderlik is tot met die wederkoms van Christus, en dat hulle saam Jesus sal verwelkom as hulle Koning, en dat Hy hulle dan weer sal herenig om een volk te wees en nie meer twee nasies sal wees en nie meer in twee koninkryke verdeeld sal wees nie.

In hierdie hoofstuk - (Eségiël 37) sien die profeet eers vir Israel as ‘n klomp doodsbeendere in ‘n laagte. Hulle was baie droog, en dit was waarlik ‘n gesig van verlatenheid. Hy kon nie glo dat daar ooit weer lewe sou uit kom nie. Maar die Heer sê vir hom hy moet oor hulle profeteer en vir hulle sê dat Hy gees in hulle sou bring sodat hulle lewendig kon word. Hy sou ook senings op hulle lê en vlees oor hulle laat kom en ‘n vel oor hulle trek en gees in hulle gee, sodat hulle lewendig kan word. Dan sal hulle weet dat God die HERE is.
Die profeet het gemaak soos die Heer hom beveel het, en dit het presies gebeur soos die Heer beloof het (verse 9-10). Dit was ‘n grootse en aandoenlike gesig. In vers 11 sê die Heer vir hom dat hierdie bene die hele Huis van Israel (al 12 stamme) voorstel. Hulle voel verlore en reken dit is klaar met hulle, maar die

Heer toon aan hulle ‘n ware opstanding uit hulle verlore toestand, en ‘n herstel tot heerlikheid. Hy sou hulle vul met sy Gees en herstel tot hul land. Dit sou ‘n volle herstel wees tot die land, soos aan Abraham beloof, van die Nyl tot by die Eufraat, volgens Génesis 15:18.

Die Teken van die Twee Houte

Lees Eségiël 37:15-17;

15 Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê:

16 En jy, mensekind, neem vir jou ‘n stuk hout en skrywe daarop; Vir Juda en vir die kinders van Israel, sy bondgenote: en neem ‘n ander stuk hout en skrywe daarop: Vir Josef (die hout van Efraim) -

(dit is die tien stamme)

- - - en die hele huis van Israel, sy bondgenote.

17 Voeg hulle dan vir jou bymekaar, die een by die ander, om een stuk hout te wees, en laat hulle een word in jou hand.

U moet die volgende gedeelte, naamlik verse 18-28 self in u Bybel lees. Dit is een van die mooiste en wonderlikste gedeeltes in die ganse Heilige Skrif. Die samevoeging van die twee houte in die hand van die profeet word verduidelik as die samevoeging van die Huis van Israel en die Huis van Juda in die laaste dae.
Let mooi op die woorde “en hulle sal een word in my hand” (v. 19).

Daar is ‘n heerlike betekenis hierin. Die wêreld sal nog die heerlikheid van God op aarde sien wanneer ‘n verenigde en heilige Gees vervulde Israel, met Jesus as hulle Koning op hierdie aarde regeer. God se volmaakte wet sal weer uitgeleef en toegepas word. U kan geen denkbeeld vorm van die hoogtes van ontwikkeling op alle gebiede wat dan bereik gaan word nie. Geen wonder dat Satan sy laaste verwoede stryd gaan stry om dit te verhoed nie. Daardie stryd het reeds begin, en gaan nou vinnig na sy klimaks.
Ons Here Jesus, op die troon van Dawid sal oor hulle regeer en van hulle een nasie maak. Hulle sal in die verordeninge van die Here wandel en sy insettinge onderhou en daarna handel.
Daar sal rus en vrede wees, en die heiligdom van die Here sal in hulle midde wees vir ewig. Die tabernakel van die Here sal oor hulle wees, en Hy sal vir hulle ‘n God wees en hulle vir Hom ‘n volk wees. En die heerlike resultaat sal wees dat die nasies (die heiden) sal weet dat die God die HERE is wat Israel heilig wanneer sy heiligdom vir ewig in hulle midde is.

As die heidense nasies dit maar kan besef dat dit hulle enigste heil is, naamlik die herstel van Israel en die vestiging van die Koninkryk van God op aarde met Israel as die kern. Maar nou is hulle verblind deur die Satan wat hulle mislei en manipuleer om sy doel te probeer bereik om die plan van God te dwarsboom. Wanneer ons dit insien sal ons al die onluste en rewolusies van hierdie tyd verstaan.

Gog trek op teen Israel

In hierdie opstand van die heiden teen Israel en dus teen God, neem Gog van die land van Magog die leiding. Dit word vir ons volledig in Eségiël 38 en 39 beskryf, en ons ontleed dit noukeurig in ons boek "Rusland in Profesie".
Gog is die hedendaagse voortsetting van Esau. Ons staan dus nou in die tyd van daardie finale botsing tussen Jakob en Esau waarvan daardie oorspronklike een maar 'n tipe was. Net soos Jakob destyds absoluut nie fisies opgewasse teen Esau was nie, so ook vandag. Na Jakob se worsteling met God het hy behoue uit die ontmoeting gekom. Netso sal ons vandag ook alleen behoue bly alleen wanneer ons, ons voor die Heer verootmoedig.
In ons vorige studies in hierdie reeks, sowel as in die volgende boeke word dit tenvolle verduidelik:
"Rusland in Profesie", "Joël, Sy Profetiese Boodskap en Waarskuwing" "Die Boek van Openbaring".

Die Tyd van die Nasies (Heidene)

Die Profeet Daniël gee vir ons in sy uitleg van die droom van Nebukadnésar, die uiteensetting van die opeenvolging van heidense nasies wat eintlik bekendstaan as "Die tyd van Nasies" of "Die tyd van die Heiden". Volgens die profete sou dit vir 'n periode van 2,520jaar duur en begin met Nebukadnésar, die koning van Babel. Dit sou ook begin met die laaste wegvoering in ballingskap van die kinders van Israel as gevolg van hulle sonde. Dit was die wegvoering van Juda en die inname van Jerusalem onder Nebukadnésar en dit het in die jaar, min of meer, 604 v.C. gebeur.

Volgens die droom, en soos bevestig deur die geskiedenis, is die Babiloniese Ryk opgevolg deur die van die Meders en die Perse, daarna die Grieke, toe die Romeine. Na die Romeinse Ryk het Europa die wêreldgeskiedenis oorheers tot 1917 toe Jerusalem ook weer vir die eerste keer bevry is van heidense oorheersing, presies 2,520jaar nadat Nebukadnésar dit vir die eerste keer ingeneem het.

Ons Here Jesus het gesê:

> "- - - en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies (heidene) totdat die tye van die nasies (heidene) vervul is" - (Lukas 21:24).

Vgl. ook Romeine 11:25-27.
Van daardie tyd af het die kolos van die Noorde, Rusland op die horison verskyn, en het Europa se mag verbrokkel.

Die geskiedenis bevestig dat die mag van die Romeinse Ryk oorgegaan het in die mag van die voete en tien tone van Nebukadnésar se beeld, en dat dit in Europa bevestig is. Met die Tweede Wêreld oorlog is die mag van Europa finaal gebreek

deur die aanslag van die Westerse Nasies onder die leiding van die Verenigde State van Amerika en Brittanje met die Gemenebes soos dit destyds saamgestel was: Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika.

Nebukadnésar het gesien dat daar ‘n klip sonder mensehande losgeraak het - (Daniël 2:34) wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. Daarna het die klip ‘n groot rots (Engelse Bybel sê: “mountain”) geword wat die hele aarde gevul het.

In sy uitleg van Nebukadnésar se droom sê Daniël dat hierdie klip wat die beeld aan sy voete getref en fyngemaal en toe ‘n groot berg (berg in profetiese taal beteken ‘n koninkryk) geword het, die koninkryk is wat God alreeds aan die begin vir Homself verwek het - (Daniël 2:44-45), en wat nooit vernietig sal word nie, al die ander koninkryke sal verbrysel word, maar self sal dit ewig bestaan.

Dit is die Israel Koninkryk wat God al in sy wese opgerig het toe Hy vir Abraham uit Ur van die Chaldeërs geroep het. Dit is hierdie koninkryk wat die Here al vir Dawid beloof het wat ‘n ewige koninkryk sou wees, en waarvan die engel aan Maria gesê het dat Jesus daaroor sou heers en dat daar nooit ‘n einde aan sou kom nie. Daardie moment wanneer Jesus sal terugkom om dit finaal en sigbaar en in besit te neem, het nou aangebreek.

Europa se dae as ‘n wêreldmag is verby. Satan sal dus die heiden met Gog aan die spits, ophits om dit te probeer verydel. Ons leef nou in daardie moment. Elke week, elke maand gaan die pas geweldig versnel in die opmars van nasies en volkere en gebeure vir hulle afspraak met daardie groot oomblik. Ekonomiese, sosiale en politieke aangeleenthede gaan in ‘n vinnige toenemende mate van sleg na erger gaan. Die heiden gaan al meer rasend van woede en desperaatheid word. U wat nou hierdie woorde lees is bevoorreg om die ware betekenis van dinge wat rondom u gebeur so verklaar te kry.

In die oorblywende hoofstukke van Daniël word die feit van hierdie ewigdurende koninkryk ‘n paar keer herhaal:
In Daniël 4:3, verklaar Nebukadnésar:

> “Hoe groot is sy tekens, en hoe magtig sy wonders! Sy koninkryk is ‘n ewige koninkryk, en sy heerskappy is van geslag tot geslag!”

Hy herhaal dit in vers 34 weer.
Na die wonderwerk van die leeukuil verklaar koning Daríus:

> “- - - Hy is die lewende God en Hy bestaan in ewigheid en sy koninkryk is een wat nie vernietig kan word nie en sy heerskappy duur tot die einde toe” - (Daniël 6:27).

Hierdie heerlike waarheid en verloop van sake wat hulle klimaks met die wederkoms van ons Here Jesus in die vestiging van sy koninkryk op aarde sal bereik, is ook aan Daniël in ‘n gesig bevestig:

Daniël 7:13-14;

13 Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van ‘n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom.

14 En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is ‘n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.

In Daniel 7:18 lees ons:

> En die heiliges van die Allerhoogste sal die koningskap ontvang, en hulle sal die koninkryk in besit neem tot in ewigheid ja, tot in alle ewigheid.

In Deuteronomium 7:6; Ps. 148:14; sien ons dat dit die volk Israel is (die letterlike nasie) wat die heiliges van die Allerhoogste is.

In ooreenstemming met al die feite wat ons vir u in hierdie reeks oor hierdie heerlike waarheid gegee het, bevestig die Profeet Daniël dit nog verder in: Daniël 7:27;

> Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk - - - -

(let op: volk en nie kerk nie)

> - - - - van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is ‘n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees.

Dit is duidelik in ooreenstemming met Lukas 1:31-33.

Die Here Jesus kom weer om die volk Israel te versamel, die troon van Dawid te herstel, en met hulle oor die nasies te regeer. Die hele patroon behoort vir u teen hierdie tyd baie duidelik te wees.

Die Owerspelige Vrou word Gereinig en Herstel

Hierdie tema wat teen hierdie tyd vir ons baie duidelik is, word in die Profeet Hoséa baie duidelik uiteengesit: Israel, die owerspelige vrou van die Heer en as gevolg daarvan, verstote, sal uiteindelik gereinig en herstel word.

Hierdie volk wat Lo-Ammi (d.i. “nie my volk nie”) genoem is, sal in die laaste dae terugkeer na die Here en vir hulle een hoof, naamlik die Here Jesus, aanstel en uit die land optrek: “want groot is die dag van Jísreël.” (Hoséa 1:11).

Dag van Afrekening

Die Profeet Hoséa praat van “die dag Jísreël” as die tyd waarin al hierdie profesieë vervul sou word. Maar dit het ook ‘n profetiese uitdrukking geword wat ‘n aanduiding was van die dag van afrekening en suiwering. Die oorspronklike plek Jísreël, wat ‘n vrugbare stuk grond beteken, was met bloed besoedel. Onse Here Jesus self het voorspel dat hierdie bedeling in oordeel sou eindig, en dat in die midde van die angs van daardie tyd, die Huis van Israel en die Huis van Juda, na die Here sou keer.

Hierdie dag van Jísreël - (Hoséa 1:11) het dan ook die betekenis van die groot oestyd aan die einde van hierdie dispensasie, soos deur al die profete uitgebring en ook in die gelykenis van die "Koring en die Onkruid" in Matthéüs 13.
Die oes, wat die voleinding van die wêreld (of eeu) is - (Matthéüs 13:39), is ook die tyd waarin die Heer sy engele sal uitstuur om uit sy koninkryk weg te neem al die struikelblokke en diegene wat die ongeregtigheid doen - (Mattéüs 13:41).

Die groot dag van Jísreël of die groot oesdag van die Here, waarna Hoséa verwys, is ook die groot en deurlugtige dag van die Here waarvan die Profeet Daniël spreek, naamlik:

> En dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op die tyd nie - (Daniël 12:1).

Die profeet se verwysing na die feit dat beide Juda en Israel vir hulle een hoof sal aanstel in daardie dag, is 'n aanduiding van hulle heelhartige aanname van die Here Jesus, wat teweeggebring gaan word deur die groot benoudheid van die "dag van afrekening", wat hulle sal dwing om na Hom te keer vir verlossing. Hier kry ons 'n wonderlike insig in die toekoms wanneer, net voor die tyd van herstel, beide Juda en Israel gewillige onderdane van die komende Koning sal word. Die hele Israel, al twaalf stamme, sal Hom dan erken as hulle Heer en Saligmaker. Hy sal dan kom om die troon van sy vader Dawid te neem, want in daardie dag sal sy volk Hom erken as hulle Koning, en Hy sal oor hulle regeer.

Die Dal van Agor

Met die vertrek van die Huis van Israel uit die land van Assirië, het haar groot Weswaartse Trek begin. Hoséa sê die Heer sou haar lok en haar in die woestyn lei - (Hoséa 2:13). Daar sou God na haar hart spreek - (Hoséa 2:14) en in haar behoeftes voorsien. Daar sal die dal van Agor ook vir haar tot 'n deur van hoop word. Hoséa vertel van die begin van die druk wat die Heer op Israel sou uitoefen, wat haar Weswaarts sou dryf.

Dit sou die vervulling van sy Woord teweegbring, en die ontwaking van sy volk tot hulle identiteit en die erkenning van hulle verantwoordelikheid as sy "Koninkryk Volk" en hulle verpligting om sy verbond met hulle te onderhou.

Die verwysing na die dal van Agor is betekenisvol, want dit was in hierdie dal waarin Agan en sy hele familie gestenig is omdat Agan rykdom begeer het en goud en silwer in Jérigo gesteel het, nadat God hulle spesifiek verbied het om enigiets uit die stad te neem - (Josua 7:20-26). Hierdie daad van gierigheid deur Agan het vir Israel die groot neerlaag voor die stad Ai gekos. Agor beteken moeilikheid. Hoséa gebruik hierdie beeldspraak om aan te dui dat die moeilikheid waarin Israel gekom het wat na haar ballingskap gelei het en haar uiteindelike trek in die "woestyn" (wildernis) in, sou verander in 'n "deur van hoop."

Daar sou die geluk van die volk weer herstel word:

> "- - - - en daar sal sy antwoord gee soos in die dae van haar jeug en soos die dag toe sy uit Egipteland opgetrek het" - (Hoséa 2:14).

Verlos van Afgode

Die profeet voorsien die dag wanneer die volk weer gesuiwer en gereinigd, en van al haar afgode sal afsien:

> "En in dié dag, spreek die HERE, sal jy My noem: My man; en jy sal my nie meer noem: My Baäl (d.i. my heer) nie" - (Hoséa 2:15).

Die Profeet Jesaja verklaar aangaande Israel:

> "Want jou Maker is jou Man" - (Jesaja 54:5).

Die noem van die Heer "My Man", deur Israel, wys op die intieme verbintenis tussen haar en God.
Die profeet gaan dan voort:

> "Dan verwyder Ek die name van die Baäls uit haar mond, sodat hulle by hul naam nie meer genoem sal word nie" - (Hoséa 2:16).

Hierdie wonderlike dag staan voor die deur.
In die smeltkroes van beproewing sal Israel en Juda terugkeer na God en sy Woord. Al die name en terme en woorde wat daar nog so baie oor ons lippe kom, en nie tot eer van God is nie, sal uit ons woordeskat verdwyn. Die woorde van ons mond en die oordenkinge van ons hart, sal welbehaaglik voor sy aangesig wees, - (Lees Psalm 19:15).
Dan sal daar die heerlike vrede van God op die aarde neerdaal waarvoor selfs die ganse natuur met reikhalsende verlange gewag het.
Hoséa 2:17;

> Verder sluit Ek in dié dag vir hulle 'n verbond met die wilde diere van die veld en met die voëls van die hemel en die kruipende diere van die aarde; ja, boog en swaard en oorlog sal Ek verbreek uit die land, en Ek sal hulle in veiligheid laat rus.

Lees hiermee saam:
Rom. 8:18-23; Jes. 11:6-9; Eség. 34:23-25; Miga 4:1-3.
Lees ook self Hoséa 2:18-19, wat u nou goed sal verstaan.

Die Wederkoms van Christus en Herstel van die Troon van Dawid

Die Profeet Amos skryf in dieselfde trant aangaande die herstel van Israel en van die troon van Dawid in die laaste dae:

> "In dié dag sal Ek die vervalle hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd" - (Amos 9:11).

Dit is alleen wanneer ons die volle begrip het van die terme Israel, Juda, Troon van Dawid ensovoorts, dat ons ook kan verstaan wat die profete werklik bedoel.

Ons moet onthou dat die Heilige Gees wat deur die profete gespreek het, altyd die einddoel van die Godsplan voor oë het, naamlik: Die volkome herstel van die Godsregering op aarde.
Hierin neem ‘n herstelde Israel ‘n sleutelposisie in, soos ons in die volgende woorde van die Profeet Amos kan sien.
Amos 9:13-15;

13 Kyk, die dae kom, spreek die HERE, dat die ploeër die maaier inhaal, en die druiwetrapper die saadsaaier; en dat die berge van mos sal drup, en al die heuwels daarvan oorvloei sal wees.
14 En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet.
15 En Ek sal hulle plant in hulle land en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê die HERE julle God.

Die Profeet Miga gaan in dieselfde trant voort:
Miga 4:1-4;

1 EN aan die einde van die dae sal die berg (koninkryk) van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom.
2 En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons op trek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.
3 En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspreek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.
4 Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom sonder dat iemand hulle verskrik, want die mond van die HERE van die leërskare het dit gespreek.

Vergelyk: 1 Konings 4:24-25.
Die koninkryk onder Salomo was ‘n tipe van die Messiaanse Koninkryk van ons Here Jesus.
Hieruit sien ons weereens dat:

(a) Die Koninkryk van God uiteindelik op aarde gevestig sal word met Jerusalem as die hoofstad - (Miga 4:1);
(b) Dat hierdie Koninkryk universeel sal wees, m.a.w., dat dit oor die hele aarde sal regeer - (Miga 4: 2);
(c) Die kenmerk van hierdie Koninkryk sal absolute vrede wees - (Miga 4:3);
(d) Die uitwerking daarvan: voorspoed en oorvloed - (Miga 4:4).
Hiermee stem Jesaja 2:1-5; en Jesaja 11:1-12 volkome saam.

Hoofstuk 16

Transkripsie van kasset nr. L42

Israel In Die Nuwe Testament

Inleiding

Dit is van die uiterste belang wanneer ons by die Nuwe Testament kom, dat ons verstand, sover as moontlik, gesuiwer sal wees van blote teologiese begrippe en vooroordele. Dit is veral absoluut noodsaaklik dat ons die opvatting dat die kerk (die gemeente, of die "Ekklesia", soos dit in die Grieks heet), die ware Israel is, en dat die vooruitskouing en profesieë van die Ou Testament aangaande Israel, in die kerk vervul is.
Hierdie beskouing is een van die ongelukkige erfstukke wat ons van die na-Apostoliese en Rooms Katolieke teologie geërf het; daardie tydperk toe die kerk begin wegsink het in die groot en diep kloof van dwaling wat as die Donker Middeleeue in die geskiedenis bekend staan.
Die Nuwe Testament bevestig die Koningskap van Christus soos dit in die verbond met Dawid vervat is - (sien 2 Sam. 7:8-16; Psalm 89) en deur die profete bevestig word. Dit verander geen jota daarvan nie, maar voeg besonderhede daarby wat nie in die profete se visie bevat is nie.
So is die bergpredikasie bv. 'n aanvulling van die begrip van "geregtigheid" as die mees uitstaande karaktertrek van die Messiaanse Koninkryk.
Vgl Jesaja 11:2-5; Jer. 23:5-6; Jer. 33:14-16.
Die profete van die Ou Testament was uit die veld geslaan toe hulle, soos dit vir hulle gelyk het, beide die lyding en die verheerliking van die Messías, tegelyk gesien het - (vgl. 1 Petrus 1:10-11).
Die Nuwe Testament wys vir ons dat hierdie twee van mekaar deur die huidige kerk dispensasie geskei word, en wys vooruit na die Wederkoms van Christus wanneer die verbond met Dawid met krag, seën en majesteit vervul sal word - (vgl. Lukas 1:30-33; Hand. 2:29-36; 15:14-17). Christus word nêrens die Koning van die kerk (die gemeente) genoem nie. "Die Koning" is voorwaar een van sy Goddelike titels, en die kerk en Israel verenig tesame om Hom te verheerlik:

> "Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen" - (1 Tim. 1:17; Ps. 10:16).

Maar die "Oorwinnaars" uit die gemeente sal saam met Hom regeer; hierdie mede-erfgename en mede-regeerders in die koninkryk kom vanuit die range van al diegene wat hulle al op die altaar gelê het vir die Koning en sy Koninkryk - (2 Tim. 2:11-12; Open. 1:6; Open. 3:21; Open. 5:10; Rom. 8:15-18; 1 Kor. 6:2-3).

Hier volg net 'n kort opsomming: Daar word 'n volledige uiteensetting in my boek "Israel in die Nuwe Testament" gegee.

Die Evangelie volgens Matthéüs

Die tema en strekking van hierdie boek word vir ons reg in die eerste hoofstuk, en die eerste vers gegee. Matthéüs is "die geslagregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die seun van Abraham" - (Matt. 11:1). Dit verbind Hom onmiddellik met twee van die mees belangrike verbonde van die Ou Testament, naamlik:

(1) Die **Dawidiese Verbond van Koningskap** en

(2) Die **Abrahamiese Verbond van Belofte** - (2 Samuel 7:8-16; Génesis 15:18; 17:4-8; Romeine 4: 13).

Die uitstaande karaktertrek van Christus in Matthéüs is:

Die van Verbonds Koning, die "regverdige Spruit" van Dawid - (Jer. 23:5; 33:15).

Matthéüs beskryf sy geslagsregister; sy geboorte in Bethlehem die stad van Dawid, volgens - (Miga 5:1);

Die bediening van sy voorloper volgens - (Maleági 3:1);

Die bediening van die Koning self; sy verwerping deur die Jode, die verteenwoordigers van die hele Israel in die land; sy voorspellings van sy Wederkoms in groot krag en heerlikheid. Dit is eers reg aan die einde, in hoofstukke 26 en 28 dat Matthéüs sy lyding en offerdood vir ons beskryf.

Die Woorde van die Engel van Die Here

"Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en gesê: Josef, seun van Dawid, moenie bang wees om Maria as jou vrou te neem nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees. Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos!" –
(Matthéüs 1:20-21; - Volgens "Die Blye Boodskap").

Daar is net een volk in die Bybel wat die volk van die Here genoem word, en dit is die letterlike nasionale Israel. Hierdie feit het ons nou al herhaaldelik in hierdie reeks beklemtoon en bewys. In elk geval, as die volk van die Here dan die kerk, of te wel al die gelowiges is, dan het hulle mos nie verlossing nodig nie, want dan het hulle mos alreeds "Sy Volk" geword deur geloof. Wat beteken dit om gelowig te word, anders as om juis van jou sondes verlos te word?

Weereens sien u dus die nasionale betekenis van die woorde van die engel aan Josef. Dit is in absolute ooreenstemming met die boodskap van al die profete: God het beloof, dat Hy hierdie volk Israel, wat Hy vir Homself geformeer het, van haar sonde sal verlos, en dat sy nog die ligpunt van God op aarde gaan word.
Dink u nie dit is hoog tyd dat ons weer sal ontdek wie die letterlike volk van God op aarde vandag is nie, en dat ons met 'n volkome oorgawe al ons kragte daaraan sal wy om hierdie volk terug te bring na haar enige waaragtige God nie? Dit is wat die Apostel Paulus sê wat gaan gebeur wanneer Jesus weer kom:

Romeine 11:26-27;

26 En so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;

27 en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.

Die Wyse Manne uit die Ooste

In Matthéüs 2 vind ons ‘n beskrywing van die besoek van die wyse manne uit die Ooste wat gekom het om aan die Koning van die Jode wat gebore is - (Matt. 2:2), hulde te bewys. Die Jode van daardie tyd was die amptelike verteenwoordigers van die volk Israel in die land. Dit is waarom die Here Jesus later toe hulle Hom ook amptelik verwerp het, aan hulle gesê het:

> “Daarom sê Ek vir julle dat die Koninkryk van God van julle weggeneem sal word en aan ‘n volk gegee sal word wat die vrugte daarvan sal lewer” - (Matt. 21:43 - Die Blye Boodskap).

In Génesis 25:6 lees ons:

> Maar aan die seuns van die byvroue van Abraham het Abraham geskenke gegee en hulle, nog by sy lewe, van sy seun Isak af oos laat wegtrek, na die Oosland.

In Johannes 8:56 lees ons:

> Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy my dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly.

Dit is dus heeltemal redelik om te verwag dat Abraham, man van geloof en visie soos hy was, ook met sy seuns oor Christus sou gepraat het voordat hy hulle weggestuur het na die “Oosland”.

In sy profesieë sê Bíleam onder andere die volgende aangaande Israel: Númeri 24:17, 19;

17 Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: ‘n ster kom te voorskyn uit Jakob, en ‘n septer kom uit Israel op, en hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en werp al die oorlogsugtiges omver.

19 En laat daar een uit Jakob heers en die vrygeraaktes uit die stede vernietig.

Die ster van Bíleam se profesie kom dus goed ooreen met die ster wat die wyse manne in die Ooste gesien en tot by Betlehem gevolg het; en die septer stem ooreen met Hom wat gebore is om Koning te wees.

In Matthéüs 2:5-6, lees ons:

5 En hulle het vir hom gesê: Te Betlehem in Judéa, want so is daar deur die profeet geskrywe:

6 En jy, Betlehem, land van Juda, is volstrek nie die geringste onder die vorste van Juda nie, want uit jou sal ‘n leidsman voortkom wat vir my volk Israel ‘n herder sal wees.

Dus ook hier sien ons weereens dat selfs in die vermelding van die besoek van die wyse manne uit die Ooste, die Koningskap van Jesus oor die letterlike “my

volk Israel" baie duidelik uitgebring word. Is dit nie tragies, noudat ons so naby staan aan die koms van ons Here Jesus om die Koningskap te aanvaar, die volk van God grootliks blind is vir hierdie groot waarheid.

Hiervoor moet ons geestelike leiers grootliks verantwoordelik gehou word. In die dae voordat beide die Huis van Israel en die Huis van Juda in ballingskap gegaan het, was die profete wat die volle waarheid verkondig het, nie net ver in die minderheid nie, maar hulle was ook vervolg, vermoor en hulle monde gesnoer. So was Johannes die Doper vermoor en Jesus self aan die Kruis genael omdat Hy vir die waarheid getuig het.
Kan ons dan iets anders in ons dae verwag? Dank God, die Koning kom, en dan sal waarheid en geregtigheid die kenmerk van sy Koninkryk wees:
Jeremia 23:5-6;

5 KYK daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land.

6 In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word:
DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.

Die Koninkryk van die Hemele

In Matthéüs 3:1-2 lees ons:

1 IN daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judéa

2 gepreek en gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel (letterlik die hemele) het naby. gekom.

Die term "koninkryk van die hemel" (letterlik van die hemele) kom net in Matthéüs voor en wys op die Messiaanse Aardse Ryk van Jesus Christus, die Seun van Dawid. Dit word genoem die koninkryk van die hemele want dit is die heerskappy van die hemele oor die aarde - (Matt. 6:10).

Die term is afkomstig uit Daniël, waar dit gedefinieer word - (Dan. 2:34-36, 44; Dan. 7:23-27) as die koninkryk wat "die God van die hemel" sal verwek na die vernietiging van die heidense stelsels deur die klip wat sonder die toedoen van menshande losgeraak het. Dit is die koninkryk wat God met 'n eed aan Dawid beloof het - (2 Sam. 7:7-10), wat vir ons in die profete beskryf is - (bv. Sagaría 12:8-10) en wat deur die engel Gabriël aan Jesus die Christus, die Seun van Maria, bevestig is - (Lukas 1:31-33).

Die koninkryk van die hemel het in Matthéüs drie aspekte:

(a) "naby gekom" vanaf die begin van die bediening van Johannes die Doper - (Matt. 3:1-2) tot by die verwerping van die Koning;

(b) die sewe "verborgenhede van die koninkryk van die hemel" wat gedurende hierdie huidige bedeling vervul sou word - (Matt. 13:1-52), hierby word die gelykenisse van die koninkryk van die hemel ingesluit;

(c) die profetiese aspek: die koninkryk wat opgerig sal word nadat die Koning in heerlikheid teruggekeer het - (Matthéüs 24:29; Matt. 25:46; Lukas 19:12-19; Hand. 15:14-17).

In die Bergpredikasie, Matthéüs hoofstukke 5 tot 7, word die beginsels van hierdie koninkryk saamgevat. Dit sal gevind word by noukeurige ondersoek dat dit glad nie die wet of die profete ontbind nie, maar vervul - (Matt. 5:17-19).
Ons het in Jeremia 31:31-34 en Hebreërs 8:8-13 gesien dat onder die Nuwe Verbond die wet op die tafels van die hart van Israel geskryf sal word. Dit is die Goddelike grondwet vir God se Koninkryk van Geregtigheid op aarde. Wanneer die koninkryk van die hemele op die aarde is, sal dit volgens hierdie grondwet wees; dit is die koninkryk waarvan die uitstaande kenmerk "geregtigheid" sal wees, wat vir ons deur al die profete beskryf word (bv. Jes. 11:4-5; Jes. 32:1; Dan. 9:24).
Hier is een van die hoofredes in te vinde waarom die Jode die koninkryk verwerp het. Hulle het die "geregtigheid" afgewater tot 'n blote vorm, en die Ou Testament visie van die koninkryk tot 'n blote uiterlike vertoon van swier en status. Die Here Jesus het hulle nêrens bestraf omdat hulle 'n sigbare en magtige koninkryk verwag het nie. Maar hulle moes volgens die profete ook verwag het dat dit 'n koninkryk sou wees vir die sagmoediges en nederiges van hart - (Jesaja 11:4).

Dit is dus alleenlik wanneer ons die ware identiteit van die hele Israel verstaan, dat ons ook die volle betekenis van die Bergpredikasie sal begryp. Die koninkryk van die hemele is nie iets mistieks en newelagtig nie. Beide Johannes die Doper en ons Here Jesus het bedoel presies wat die profete bedoel het toe hulle gesê het "die koninkryk van die hemele het naby gekom".
En so moet ons dit ook in hierdie dae verstaan: die koninkryk van die hemele gaan in hierdie geslag op aarde gevestig word. Dit gaan 'n letterlike koninkryk wees met 'n letterlike volk (Israel), 'n letterlike Koning (Jesus, die Seun van Dawid) met 'n letterlike Grondwet (die wet van God).

Die Koninkryk van God

Die "koninkryk van God" moet van die "koninkryk van die hemele" in die volgende vyf opsigte onderskei word:

(1) Die Koninkryk van God is universeel en sluit alle wesens met 'n eie vrye wil in wat vrywillig onderworpe is aan God, soos engele, die gemeente en al die heiliges van beide die verlede en die toekoms - (Luk. 13:28-29; Heb. 12:22-23; Matt. 6:33); terwyl die koninkryk van die hemele Messiaans, versoenend en Dawidies is en as doelstelling die vestiging van die Koninkryk van God op aarde het - (Matt. 3:2; 1 Kor. 15:24-25).

(2) Die Koninkryk van God kan alleenlik binnegegaan word deur middel van die wedergeboorte - (Joh. 3:3, Joh. 5-7); die koninkryk van die hemele is Israelities en kan in hierdie dispensasie uit beide gereddes en ongereddes, egte en valse bestaan - (Matt. 8:11-12; Matt. 25:1,11,12).

(3) Aangesien die koninkryk van die hemele die aardse gebied van die universele koninkryk van God is, het die twee feitlik alles in gemeen. Dit is waarom daar van baie gelykenisse en ander leringe in Matthéüs as die koninkryk van die hemele gepraat word en in Markus en Lukas as van die koninkryk van God. Die gelykenisse van die koring en die onkruid en van die net - (Matt. 13:24-30,36-43,47-50) word nie gegee in verband met die koninkryk van God nie. In die koninkryk van God is daar nie **onkruid** en ook nie **slegte visse** nie.

(4) Die Koninkryk van God "kom nie met voortekens nie" - (Luk. 17:20; - Die Blye Boodskap) "met sigbare tekens nie", maar is hoofsaaklik dit wat innerlik en geestelik is - (Rom. 14:17); die koninkryk van die hemele, daarenteen, is organies, en sal in majesteit en heerlikheid op die aarde verskyn - (Matt. 16:27-28; Matt. 17:2; Luk. 1:31-33; 1 Kor. 15:24-28; Sag. 12-14).

(5) Die koninkryk van die hemele smelt ineen met die koninkryk van God wanneer Christus "al sy vyande onder sy voete gestel het" en "dan sal ook die Seun self, Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees." (1 Kor. 15:24-28).

Die Koninkryk op Aarde

Daar word vir ons baie besonderhede in beide die Ou en die Nuwe Testamente gegee oor die aard van lewensomstandighede op die aarde gedurende die Koninkryk Eeu. Sommige van hierdie kan soos volg opgesom word: -

(1) Met die aanbreek van die koninkryk sal dit vereers net 'n gedeelte van die wêreld beslaan wanneer die Here Jesus kom om op die aarde te regeer. Die ander gedeelte is die gedeelte wat as "die buitenste duisternis" bekend staan. Daar sal 'n hemelsbreë verskil wees tussen toestande binne die koninkryk en daarbuite in die buitenste duisternis.

(2) Al die burgers van die koninkryk sal gewillige onderdane van die Koning wees, en hulle sal Hom almal ken van die kleinste tot die grootste.

(3) Die Christene van alle lande sal uiteindelik in die koninkryk woon.

(4) Daar is drie soorte mense wat op die aarde gedurende die Koninkryk Eeu sal wees, naamlik: -

(a) Diegene wat opgeraap is of wat aan die Eerste Opstanding deelgeneem en hulle verheerlikte liggame ontvang het, en saam met Christus op aarde regeer.

(b) Christene wat op die aarde leef, maar nog nie onsterflikheid ontvang het nie.

(c) Ongelowiges buite die koninkryk en wat nog onder al die onvolmaakte toestande leef wat die mens in sy gevalle toestand moet verduur.

(5) Die opgeraapte heiliges en die wat aan die Eerste Opstanding deelgeneem het, sal soos Christus wees, die Seun van die Mens in sy Opgestane Liggaam, en hulle sal nie sterf nie.

(6) Die mense van die koninkryk sal 'n lang lewe geniet, met volmaakte gesondheid, en volmaakte sosiale toestande: hulle sal 'n model koninkryk word, 'n model vir die hele wêreld. 'n Herstelde, versamelde, bekeerde en Gees gevulde Israel sal die kern wees. Die Regering oor die hele aarde sal die van 'n ysterroede wees. Geen kwaad sal geduld word nie; dit sal dadelik agtergekom word en teen opgetree word nog voordat dit begin.

(7) Gesante vanuit die koninkryk sal na die buitenste nasies gaan om hulle te leer, te genees, te administreer, op te hef en om die Evangelie van Verlossing aan hulle te verkondig want die eeu van die koninkryk sal nog meer 'n eeu van die lering van die Blye Boodskap wees as wat die huidige Christen Dispensasie was. Die groot taak van die koninkryk sal wees om die mensdom te seën en te red. Met alle materiële en finansiële laste van hulle af weggeneem, sal die inwoners van die koninkryk vry wees om hulle kragte en talente te wy aan die groot taak om andere in die koninkryk in te bring.

(8) In die koninkryk sal die kerk (of gemeente) nie afsonderlik wees nie, want almal sal die Here ken; die nasie en die kerk sal dus een wees.

(9) Die wet sal die Wet van die Here wees wat op die hart van die volk geskryf is. Die gees van die wet sal wees soos opgesom in die Bergpredikasie.

(10) Daar sal nog kinders in die koninkryk gebore word, maar hulle sal onder ideale toestande grootword; geen siekte, geen versoekings, geen vrees, oorlog of enigiets wat die mens in gees of liggaam kan belemmer nie. Die mens sal dus hoë hoogtes van ontwikkeling bereik: fisies, geestelik en verstandelik. "En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies wat op die pleine daarvan speel" - (Sag. 8:5). Die familielewe sal dus in die menslike bevolking van die koninkryk voortgesit word.

(11) Satan is gedurende die Koninkryk Dispensasie (1,000jaar) gebind. Daar sal dus geen versoeking of enigiets wat verlei, wees nie. Die heiliges sal hoë hoogtes van geestelike ontwikkeling bereik; die samelewing binne die koninkryk sal skoon, broederlik en gelukkig wees; deur hierdie voorbeeld en atmosfeer sal die ander nasies buite die koninkryk maklik die pad na Christus kan vind.

(12) Aan die einde van die Koninkryk Dispensasie word Satan losgelaat uit sy gevangenis. Hy sal dan al diegene wat nie waarlik tot die Here gedurende die 1,000jaar bekeerd was nie, na hom toe trek. Hulle kom dan in opstand teen God en sy koninkryk soos beskryf in Open. 20:7-10. Maar die burgers van die koninkryk hoef hulleself nie te beskerm nie (hulle weet in elk geval nie meer hoe om oorlog te maak nie, - (Jes. 2:4) want God verslaan daardie nasies deur vuur uit die hemel te laat val.

Hierdie kort opsomming van die Koninkryk Dispensasie toon aan ons dat ons Here Jesus sal terugkom na sy koninkryk op aarde; die aarde sal vernuwe word.

Die Troon van die Koning sal volg op die Kruis, en die era van die koninkryk sal ‘n gepaste opvolger wees van die eeue wat dit voorafgegaan het. Waarlik:
Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid - (Open. 11:15).

Die Era (Dispensasie) van Volmaaktheid

Dit gaan die eeu wees waarin alles vervolmaak gaan word, wanneer alles wat verkeerd gegaan het met die val van die mens weer ten volle herstel gaan word.
Die boom van die lewe, die rivier van die lewe, die kroon van die lewe verwys almal na die gawe van die lewe; dit sal voller ryker en meer oorvloedig wees as wat die mens nog ooit geken het. Ons weet nog nie werklik wat lewe is nie; in werklikheid is die menseras maar nog in sy suigelingstadium, dit is nog besig om gebore te word. Ons het maar nog net geraak aan die buitenste rante van die groot oseaan van lewe, die menseras is maar nog net aan sy begin.

Ons sal weer begin waar Adam opgehou het met die sondeval. Dan sal ons waarlik bekroon word met die lewe, die lewe sal vloei soos ‘n rivier in die stad van God. Alles sal tot volmaaktheid kom. Aan die einde sal die koninkryk deur die Seun aan die Vader oorhandig word, en God die Vader sal alles en in almal wees. God self sal sy tabernakel oprig by die mens en by hom woon. Die volmaakte toestande van die Tuin van Eden voor die val sal ten volle herstel word.

Die mens sal tot volmaaktheid kom. Hy sal leef vir ewig sonder sonde en selfsugtigheid. Daar sal niks meer wees wat ons bekommer en ons gemeenskap met God sal afsny nie. Dink aan die onaangeraakte skatte van kennis en krag ver bokant ons rykste verbeelding. Die oorheersende motief sal liefde wees. Ons sal wees soos Hy is, sy familie, sy seuns en dogters. Jesus sal die eersgeborene van baie broers en susters wees. Dit is net so ‘n kykie in die betekenis van wat die boom van die lewe, die kroon van die lewe en die rivier van die lewe beteken.

Wanneer hierdie stadium bereik is, sal baie van die huidige karaktertrekke van die mens verdwyn het. Daar sal bv. geen voortplanting wees nie, dit sal nie meer nodig wees nie, want niemand sal meer sterf nie. Die familie van God sal volmaak wees, en menslike omstandighede sal anders wees. Sy denke en uitkyk sal anders wees; niemand sal meer sy eie voordeel soek nie, maar almal sal volkome beheer word deur die Gees van God wat volmaak in elke mens sal woon.
Die volmaakte verhouding en gemeenskap tussen God en die mens sal bereik wees; ons sal Hom en sy werk in die Heelal verstaan, en ons sal vrye omgang met die engele hê wat in ons diens sal wees. Individuele en sosiale blydskap en geluk sal fantastiese hoogtes bereik en die lewe van die ganse menslike geslag sal kompleet en volmaak wees in alle opsigte.

Al hierdie wonderlike toestande sal bereik word deur die Bediening van die Koninkryk en die Gemeente; die koninkryk as die aardse basis en die gemeente as die geestelike gids om mense in die Koninkryk van God in te lei deur Christus wat die deur is.

Vir almal wat die saak onbevooroordeeld wil benader sal dit duidelik wees dat die letterlike Israel die instrument in die hand van God is wat Hy gebruik vir die herstel van die menslike ras. Dit is merkwaardig hoedat hierdie roeping van Israel tot aan die einde van die Bybelverhaal voortduur. Die Bybel maak dit baie duidelik dat die troon van Dawid, die troon van Christus gedurende sy duisendjarige vredesryk sal wees, en dat die nuwe verbond wat dan in volle werking sal wees, dié een is wat met die Huis van Israel gemaak is. Die uitverkore volk van God sal dus, gereinig, die kern van die Koninkryk van God op aarde word.

Wanneer ons kyk na die voleinding van die tye, dan sien ons die Nuwe Jerusalem, die volmaakte "stad" gebou op twaalf fondamente van edelgesteentes, met die name van die twaalf apostels van die Lam met twaalf poorte, met die name van die twaalf stamme van Israel daarop. Beide die fondamente en die hekke dra dus die name van Israel leiers, wat beide die gemeente en die koninkryk verteenwoordig, wat nou saam verenig is in een groot Stad van God.

Die Profeet Jesaja sê in sy laaste hoofstuk:

> "Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die HERE, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees" - (Jesaja 66:22).

En so sien ons hulle in die Nuwe Jerusalem. Daar is twaalf aartsvaders, verteenwoordigend van die Israel Volk, en die twaalf apostels wat die Israel Kerk (Gemeente / Ekklesia) verteenwoordig, 'n lewende eenheid in die finale fase van die geskiedenis van die mens.

Die nuwe stad rus stewig op die versoeningswerk van Christus, maar die toegang tot die stad is deur die poorte van die Israel Koninkryk. Ons weet dat die lewe in hierdie stad sal baie wonderliker en skoner en bekorend wees as enigiets wat ooit vantevore op aarde was; en dat daardie Koninkryk van God ver meer verhewe sal wees as die koninkryk van nou is.

Maar die koninkryk van nou is die weg na die volmaakte koninkryk wat dan sal wees. Diegene wat weergebore is het alreeds in hierdie lewe die Koninkryk van God binnegegaan, maar die heerlikheid sal hulle eers smaak wanneer daardie koninkryk hier op aarde gevestig is. Hulle wat nou die oorwinningslewe lei, sal saam met Jesus op sy Troon sit.

Die Gelykenisse van die Koninkryk
Die Saaier
Matthéüs 13:1-9, 18-23.

Hierdie gelykenis is die sleutel gelykenis van al die gelykenisse.
In Markus 4:11, 13 lees ons;

11 En Hy sê vir hulle: Aan julle is dit gegee om die verborgenheid van die koninkryk van God te ken, maar vir hulle wat buite is, kom alles deur gelykenisse,

13 En Hy sê vir hulle: Begryp julle nie hierdie gelykenis nie? En hoe sal julle al die gelykenisse verstaan?

Die gelykenisse van Jesus was koninkryk gelykenisse, en as ons dit nie insien nie, sal ons hulle nooit verstaan nie. Hierdie welbekende gelykenis word oor die algemeen aanvaar om die Here Jesus se uitbeelding te wees van die verskillende tipes harte waarop die Woord val. Dit word gesê daar is verskillende grade van ontvanklikheid, met die ooreenstemmende gevolge en oeste wat ver van mekaar verskil. Ons gee toe dat dit van toepassing is op baie terreine van die lewe, nie net geestelik nie, maar ook verstandelik.
Maar wat is die hoofdoel van hierdie gelykenis?
Wil die Heer nie hier vir ons iets dieper bekendmaak, veral met betrekking tot sy koninkryk nie?
In beide Matthéüs en Lukas word dit aan ons gesê dat die dissipels die Here gevra het waarom Hy hierdie en ander gelykenisse vertel het, en sy antwoord was:

> "Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie" - (Matt. 13:11).

Die gelykenis bevat dus 'n verborgenheid wat Christus afsonderlik aan sy dissipels verduidelik het, maar wat nie deur die ongelowige Jode begryp is nie.
Ons lees in Markus 4:34;

> - - - - maar afsonderlik het Hy vir sy dissipels alles uitgelê.

Kom ons ondersoek die Heer se eie uitleg:
(1) Saad:
In Matthéüs word dit genoem "die woord van die Koninkryk". In Lukas is dit "die woord van God". Wanneer ons hierdie twee definisies saamvat kry ons "die woord van God aangaande die Koninkryk", of eenvoudig net die woord aangaande die vestiging, verlossing en herstel van die koninkryk van God op aarde.
Die groot tema van ons Here Jesus was die koninkryk. Dit was die groot boodskap wat die dissipels op hulle sendingreise na die verlore skape van die huis van Israel geneem het - (Matt. 10: 5-8). Dit is duidelik dat voordat hulle uitgegaan het om te preek het die Meester aan hulle die verborgenhede, of

geheime, van die koninkryk verduidelik. Dit was die onderwerp wat Christus in die Bergpredikasie verduidelik en vir ons, in die "Onse Vader" saamgevat het:

> "Laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde" - (Matt 6:10)

Die Evangelie van Saligheid het later gekom, nadat die Versoening gedoen is, en die offerdood van Christus erken en bekragtig is deur die opstanding. Maar tot dan toe was die Evangelie, of Goeie Nuus, van die Koninkryk die een groot tema van die Meester se lering. Dit was die saad.

(2) Die Grond:

Die Jode het hulle eie opvatting aangaande die herstel van die koninkryk gehad. Hulle het 'n Messías verwag wat net nasionale bevryder sou wees. Hulle wou 'n koning hê wat die Romeine sou verdryf en Israel herstel. Hulle was nie bereid om hulle Mosaïese rituele prys te gee nie al was dit ook net vorm en leeg; hulle het nie geglo hulle was sondaars nie en wou hulle nie bekeer nie.

Die Koninkryk lering van Christus was op verlossing gebaseer, in vervulling van al die profesieë in die Skrif aangaande die Offerlam wat sou kom om die sonde van die wêreld weg te neem en Israel te verlos. Hulle het die Skrif kragteloos gemaak met hulle oorlewering, en hulle opvatting van die koninkryk was krom en verdraaid. Die gevolg was dat hulle Christus nie as Koning aanvaar het nie, hulle wou dus nie sy lering aanvaar dat die koninkryk net na diegene sou kom wat weergebore is en vergifnis van sondes ontvang het deur die versoeningsdood van Christus.

In hierdie gelykenis behandel Christus dus die geestelike en verstandelike benadering van sy toehoorders van sy hele lering aangaande sy koninkryk. Sommige het die saad in goeie grond ontvang, en was maar te bly om die verkeerde verwagtinge van die Jode aangaande die koninkryk te verwerp, en om die Here Jesus se lering daaromtrent aan te neem.

Die koninkryk was in daardie tyd in ballingskap as gevolg van hulle sonde en sou nog vir die volgende ongeveer 1,900jaar onder die straf bly. Hy het hulle in gelykenisse die geheimenisse aangaande sy verborge bestaan en stille groei geleer, en aan hulle die geheim van sy finale hervestiging en verheerliking verduidelik, wanneer Hy sou terugkom as Koning om daaroor te regeer.

Dit was blykbaar ons Here Jesus se bedoeling dat diegene wat Hom nie as die Seun van God wou ontvang nie, nie die waarheid aangaande die koninkryk en sy toekoms, sou verstaan nie. Die verborgenhede daaromtrent was dus net aan sy dissipels verduidelik; hulle was die goeie grond waarin die goeie saad menigvuldiglik voortgebring het.

(3)Toepassing:

Die saad is die Woord van God aangaande die koninkryk en ons word vandag met dieselfde uitdaging gekonfronteer. Die houding van ons moderne geestelike leraars en kerke teenoor "die woord van die koninkryk" is vandag feitlik dieselfde as wat dit in die dae van die Meester was. Hulle begryp nie die betekenis van die koninkryk nie, en sien die verborge lering van die gelykenisse aangaande die koninkryk nie in nie. Hulle kyk net uit vir 'n geestelike ontwikkeling in

ooreenstemming met bestaande kerkorganisasies, en is net so blind soos die Jode was aangaande die koninkryk van God op aarde.
Maar reg deur die eeue was daar altyd ook die goeie grond, en die waarheid het behoue gebly. Vandag word die tekens van herstel al meer en word die waarheid aangaande die koninkryk baie meer algemeen aanvaar.
Alle ware dissipels van Christus het die belofte van die Heilige Gees om hulle te lei en te leer in alle waarheid, en Hy sal aan hulle die ware lering van ons Here Jesus en die verborgenhede van die koninkryk verduidelik. Ons begin elke dag meer en meer tekens sien van 'n oes wat die profesie sal vervul van: "die een honderd -, die ander sestig -, die ander dertigvoudig."

Die Onkruid

(Matt. 13:24-30,36-43).

Ons is bevoorreg om die uitleg van hierdie gelykenis in ons Here Jesus se eie woorde te hê. Uit sy verduideliking kom die volgende punte duidelik na vore:-

(1) Die omvang van die gelykenis:

Met sy aanvang handel die gelykenis oor die wêreld wat die saailand is waarin die koring en die onkruid saam groei; maar wanneer die Heer van die reiniging praat, dan praat Hy net van die koninkryk, wat maar 'n deel van die wêreld is.
Die bind van die onkruid in bondels is van toepassing op die hele wêreld, maar die koring word bymekaargebring in die Heer se skuur. Hierdie skuur is blykbaar die koninkryk van die hemele - dit wil sê die Koninkryk van God op aarde - waarin die regverdiges sal skyn soos die son.
Dit is belangrik om hierdie verskil te sien. Uit baie Skrifte is dit duidelik dat die koninkryk skoongemaak word lank voor die heiden nasies, na die buitenste duisternis, buite die grense van die Koninkryk van God, oor wie die Koning en sy Liggaam met 'n ysterroede sal regeer, verwyder sal word. As ons leierskap in beide Kerk en Staat dit net sal insien, sal dit al klaar soveel foute en lyding uitskakel.
Dit reiniging van die res van die wêreld (saailand) sal nie voltooi word tot op die dag van die Groot Wit Troon wanneer alle sonde vir altyd uitgeroei sal wees. Dit koninkryk word skoongemaak van die onkruid met die aanbreek van die Koningskap van die Heer. Dan sal die burgers van die koninkryk die wet van die Here in hulle binneste en op hulle harte geskrywe hê en hulle sal almal die HERE ken van die kleinste tot die grootste toe.

(2) Die tydsomvang van die gelykenis:

Dit word vir ons gesê dat die saaier van die goeie saad die Seun van die Mens is en dat die goeie saad die kinders van die Koninkryk is - hulle is dus mense. Netso is die onkruid die kinders van die Bose, en dus ook mense. Hierdie twee tipes van mense tref ons van die begin van die Bybelverhaal aan, en hulle skeiding sal eers plaasvind met die "oestyd" wat as voleinding van die wêreld (of beter "eeu") verklaar word. Wanneer ons volgens die teken van die tye besef dat ons nou in die laaste oomblikke van die voleinding van die eeu staan, dan kan

ons hierdie grootse gebeurtenis van die skeiding van die “koring” en die “onkruid” in ons geslag verwag.

(3) Die goeie saad:

In die gelykenis van die saaier was die saad die woord van die koninkryk - Matt. 13:19 - hier is dit mense, die kinders van die koninkryk.

Teen hierdie tyd behoort dit vir ons al baie duidelik te wees dat dit die ware Israel is. Maar in hierdie gelykenis sien ons dat die onkruid tussen die koring is en so eners lyk, dat net die engele met die oestyd, die voleinding van die eeu of huidige dispensasie, die verskil sal kan sien. Dit is nog ‘n bewys dat dit nie bloot net ‘n verskil is tussen Christene en nie-Christene nie, want dit sal heeltemal maklik te onderskeie wees.

Nee, dit is mense van verskillende sade.

Nog ‘n bewys dat hierdie kinders van die koninkryk nie noodwendig gereddes beteken nie, kry ons in:

Matthéüs 8:11-12;

11 Maar ek sê vir julle dat baie sal kom van die ooste en weste en saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele.

12 Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

Die Apostel Paulus skryf aan Timótheüs in:

2 Timótheüs 2:10;

10 Daarom verdra ek alles terwille van die uitverkorenes, sodat hulle ook die verlossing wat in Christus Jesus is, kan verkry met die ewige heerlikheid.

Die uitverkorenes is dus nie noodwendig geredde mense nie. Ons het in hierdie reeks gesien dat die ware letterlike nasionale Israel die uitverkorenes van God is.

Lees weer die volgende:

Matt. 24:22, 31; Jes. 43:1, 2, 10, 14-15, 20-21; Jes. 44:1-2, 6, 8.

(4) Die onkruid:

Netsoos die “goeie saad” mense is, die kinders van die koninkryk; so is die “onkruid”, ook oor mense, die kinders van die Bose - (Mat; 13:38).

Netsoos die OES die voleinding van die wêreld (die Engelse Revised Version sê: “the consummation of the age”) is, so is die tyd toe dit gesaai is, die begin van die wêreld, naamlik die tuin van Eden -- die “jou saad” van Satan, en “haar saad” van die vrou - Sien Génesis 3:15.

In vorige hoofstukke in hierdie reeks het ons na etlike Skrifte verwys wat duidelik aantoon dat daar sulke mense op aarde is wat van die duiwel is.

In 1 Johannes 3:12;

12 nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie.

In Deuteronómium 13:13;

13 Deugniete het by jou opgetree en die inwoners van hulle stad verlei deur te sê: Laat ons gaan en ander gode dien - wat julle nie geken het nie -

In sy kommentaar by hierdie vers sê Dake in sy “Annotated Reference Bible” die volgende:

Hebrew: beliyaal - worthless, wickedness, evil, ungodly.
This word comes from two root words meaning good for nothing; valueless; cheap; vile; worthless.
Here we have first of 16 occurrences (V. 13; Judges 19:22; Judges 20:13;
1 Sam. 1:16; 1 Sam. 2:12; 1 Sam. 10:27; 1 Sam. 5:17,25; 1 Sam. 30:22;
2 Sam. 16:7; 2 Sam. 20:1; 2 Sam. 23:6;
1 Kings 21:10,13; 2 Chronicles 13:7)
Bélial is used one time in the N.T. as an epithet of Satan and all worthless people - (2 Corinthians 6:15).

Let daarop dat al hierdie tekse waarin die Afrikaanse vertaling "deugniete" is en die Engels Bélial (uit die oorspronklike Hebreeus), van mense praat wat in Israel was. Hulle was hierdie "Kinders van die Bose", of letterlik "Kinders van die Duiwel" van Matthéüs 13:39.
Dit is dieselfde mense van wie ons Here Jesus gesê het:

> "Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan" - (Johannes 8:44).

Vgl. ook Johannes 10:26; Matthéüs 23:33; Lukas 11:50.

Ons gaan verder hierop in, in ons boekie oor "ENGELE". Daar is baie dinge wat in die wêreld gebeur wat ons nooit sal verstaan nie as ons hierdie waarheid nie insien nie.
(5) Sy Koninkryk: -
(Matt. 13:41). Dit is baie duidelik 'n deel van die saailand, of wêreld - (v. 38) want daar is onkruid in of die kinders van die Bose. Niemand kan dus sê dat die koninkryk die ware gemeente of kerk is nie, want in hierdie koninkryk is daar beide koring en onkruid, dit wil sê, beide goed en sleg, dit is die Koninkryk van die Seun van die Mens, want dit sê in vers 41;

> "en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen".

Die harde werklikheid is dus dat die koninkryk van die hemele dus onsuiwer is gedurende hierdie dispensasie. Dit is niks anders as die volk van Israel, beide Israel en Juda wat nog nie haar suiwering ondergaan het nie. Haar finansiële instellings, sosiale stelsel, politieke en nasionale organisasies, haar modes, plesiere, slegte gewoontes en baie van haar mense is van heidense afkoms en gees, en is in opstand teen die lering van beide die Ou en die Nuwe Testament.
Die Blanke Westerse Protestantse Nasies is vandag presies in hierdie toestand, en sal eers 'n volslae reiniging moet ondergaan voordat hulle, hulle plek sal kan inneem as die Koninkryk van God op aarde.
Ons kan die feit nie ontduik dat die koninkryk hier op aarde is gedurende hierdie Christelike dispensasie voor die oestyd aan die einde, en dat dit in baie opsigte in

dieselfde slegte toestand is as die res van die wêreld. Die gelykenis bring die koninkryk reg tot op die vlak van hierdie wêreld waar "die prins van hierdie wêreld" 'n groot menigte van sy eie dienaars saam met die kinders van die koninkryk op hierdie aarde woon.

(6) Die reiniging van die koninkryk:

Dit vind plaas aan die einde van hierdie huidige dispensasie en voordat Christus begin regeer. Daar is sommige wat leer dat hierdie gelykenis die laaste oordeel beskryf, die tyd van die Groot Wit Troon, wat na die millennium opgestel word; eintlik sien baie leraars in hulle hantering van die Skrif die Koninkryk Dispensasie gladnie eers raak nie, en laat die tydperk van die Christen Dispensasie duur tot die dag van die oordeel. Daar is egter niks meer seker as die feit dat die koninkryk van God hier op aarde sal wees nie, en dat almal wat daarin is die Here sal ken. Almal sal die wet ken - (vgl Matt. 6:10) en dit onderhou, want hulle sal die Here liefhê; almal sal "koring" wees, dit is, kinders van die koninkryk.

Christus sal nie oor 'n koninkryk regeer waarin daar onkruid is nie: die tyd van reiniging en suiwering moet dus voor Christus se Duisendjarige Vrederyk kom. Bowendien sal Christus op die Troon van Dawid sit - (Lukas 1:31-33), en daardie troon is alreeds in die koninkryk wat gereinig gaan word.

(7) Die verbranding van die onkruid:

Wat word bedoel deur die verbranding van die wat ongeregtigheid doen en van die struikelblokke in die vuuroond? Ons weet nie presies wat die besonderhede is nie, maar daar is baie profesieë in beide die Ou en die Nuwe Testament wat wys op 'n verskriklike afspraak aan die einde van hierdie huidige dispensasie waarin goddelose mense, stelsels, organisasies en regeringstelsels wortel en tak met die koms van Christus uitgeroei sal word.

Ons het ook nie absolute duidelikheid oor die bondels waarin die maaiers die onkruid sal bind om verbrand te word nie. Een ding is seker, dit sal so gebeur, en dat die engele daarvoor gebruik sal word. Daar gaan dus 'n fisiese uitsortering wees en 'n gepaardgaande transportasie. Die Profeet Eségiël was so vervoer in 'n voertuig waarvan die beskrywing baie ooreenstem met die beskrywing van die sogenaamde vlieënde pierings wat in ons tyd hulle verskyning gemaak het. Vir 'n volledige verhandeling hieroor moet u na die kassetbande luister wat ons hieroor gemaak het.

Dit is ook merkwaardig om te let op die groepering van groepe en organisasies wat vandag plaasvind: die rewolusionêres groepeer saam, die verskillende kultusse dieselfde.

Die tyd van draadsittery is verby, die Here Jesus sê aan die kerk van die Laodicense, die kerk van vandag;

> "Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!
> Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug." (Open. 3:15-16).

Dit wil dus voorkom asof hierdie gedwonge groepering met die doel van die skeiding van die koring en die onkruid alreeds begin het.

So lees ons dan ook in:
Openbaring 22:11-17;

11 Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.
12 En kyk, Ek kom gou en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werke sal wees.
13 Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.
14 Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.
15 Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen.
16 Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.
17 En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.

Ons lees ook in die Apokriewe boeke van die meedoënlose verwydering van hele goddelose bevolkings ten tye van die wederkoms van Christus, en met groot onverskrokkenheid sê die profete van die Bybel dieselfde. Die tyd is nou naby dat al die voorstanders van die kwaad vernietig gaan word, en dat die wêreld skoongemaak sal word van almal wat hulleself vasberade verset teen die komende koningskap en heerskappy van Christus.
Dan sal die wêreld weer ‘n geleentheid kry. Satan sal onttroon en gebind word. Sy trawante sal nie langer die mensdom in duisternis kan hou nie, en al die organisasies van goddeloosheid en ondeug, hebsug, onderdrukking, uitbuiting en heidendom sal vernietig word. Dan sal die regverdiges skitter soos die sterre in die koninkryk, en hulle sal saam met Christus regeer.
Die tyd van die verbranding van die onkruid word in die Bybel beskryf as: “die dag van wraak”,
“die dag van grimmigheid”,
“die dag van die wraak van onse God”,
“die groot en deurlugtige dag van die Here”.
Hoe graag die mens ookal liewer nie hierdie woorde sal wil hoor nie, is die Bybel baie beslis en vreesloos in sy beskrywing van hierdie verskriklike tyd van suiwering. Christus sal sy vyande die voetbank van sy voete maak en die goue era van vrede en geregtigheid sal dan aanbreek.
Lees self ook Psalm 91 wat baie beslis op hierdie tyd van afrekening betrekking het. Wanneer ons so na wêreldtoestande rondom ons kyk, (dit is vandag 9 Augustus 1976) dan lyk dit asof die tyd van die skeiding van die onkruid van die koring, voor die deur staan.

Gelykenis van die Mosterdsaad

(Matt 13:31-32).

In hierdie gelykenis praat onse Here Jesus van die wonderbaarlike groei van sy koninkryk vanaf ‘n baie klein begin tot die omvang van wêreldwye invloed en krag. Dit is ‘n verhaal van wonderwerke en bonatuurlike voorsiening, beskerming en leiding.

God het hierdie koninkryk met een man begin - Abraham. Hy sou vader word van ‘n uitverkore, magtige nasie, bestem tot leierskap en diens onder die magtige hand van God. Een nasie sou die kern wees van die koninkryk van God op aarde. (Terloops, dit is waarom Satan in sy woede sy laaste uiterse poging nou aanwend om hierdie koninkryk te vernietig voor Jesus kom).

‘n Mosterdsaad is ‘n baie gepaste simbool vir die begin van so ‘n koninkryk. Die kerke weier om te aanvaar dat die koninkryk van God op aarde op Israel gebaseer is; dit lyk vir hulle te onmoontlik en te “ongeestelik”. Hierdie verhaal van die ontwikkeling en groei van daardie volk is die wonderlikste van alle tye.

Die onmoontlike het gebeur, en hierdie klein volkie het ontwikkel in die verwante groep van volkere wat tot heil en seën van die ganse wêreld geword het. Hulle het die beskawing en Christelike Geloof gedra tot aan die eindes van die aarde. Telkemale het hulle al die wêreld van hongersnood en verslawing gered. Die “voëls van die hemel” het waarlik in haar takke kom nesmaak.

Selfs in ons eie Suid-Afrikaanse verband waar ons nie-blanke volkere die blankes met 4 teen 1 in getalle oortref, moet die nie-blanke erken dat dit die blanke is wat hom eers van uitwissing onder mekaar gered het, en wat aan hom ‘n bestaan, beskerming, opvoeding, mediese dienste, en so aan gee.

Maar ons het nog nie die einde daarvan bereik nie, want die gelykenis praat van “as dit gegroei het” - (Matt 13:32), die Engels sê “when it is grown”. Die koninkryk het nog nie volwassenheid bereik nie. Daar is nog wonderlike ontwikkelinge aan die kom, ver bokant wat ons selfs aan kan dink. Die boom sal nie ten volle uitgegroei wees voordat die koninkryk onder die Koningskap van Jesus ten volle oor die aarde regeer nie en al die nasies onder sy heerskappy insluit nie.
Let baie noukeurig daarop dat die boom in die land gegroei en dat die land die wêreld is - (Matt. 13:38).

Die koninkryk is nie die wêreld nie, maar die beherende nasie daarin. Die ander nasies rondom sal deur hierdie nasie onderrig en beheer en geseën word. Een na die ander van die heidense nasies sal onder haar beheer kom totdat al die “voëls” in haar takke kom skuil (vra gerus vir ons kassetband oor die profetiese

betekenis van die Soweto onluste van 17 Junie 1976 en alles wat daarop gevolg het) .
“Die koninkryk van die hemele is soos ‘n mosterdsaad.” God het dus alreeds die koninkryk op aarde gesaai toe Hy Abraham en Israel gekies het. Ons as die afstammelinge van hierdie volk, staan op die vooraand van die volgroeide boom, en ons is bevoorreg om die geslag te wees wat die koms van die Koning gaan sien wanneer Hy kom om die heerskappy op sy skouer te neem.

Die voëls van die hemel sal ontdek waar daar veiligheid te vinde is. Ons voorsien ‘n dag in die nabye toekoms wanneer alle opstand teen die koninkryk vernietig sal wees, en Israel, gereinig en vervul met die Heilige Gees, waarlik sal wees soos “‘n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd.”

Hoofstuk 17

Transkripsie van kasset nr. L43

Die Handelinge van die Apostels

Israel in die Handelinge van die Apostels en die Sendbrief aan die Romeine

Inleiding

Dit is nou die 20ste September 1976.
Met hierdie slothoofstuk het ons gekom aan die einde van hierdie verhandeling wat ons meer as tien jaar gelede begin het. Daar was baie onderbrekings omdat daar gedurende hierdie tyd eers ander studies was wat ons moes klaarmaak. Die belangrikste hiervan was "Die Boek van Openbaring" wat ons in 1962 begin het, en toe in 1972 voltooi het.
En nou kom ons by hierdie boek waarna ek so lank uitgesien het, en die Heer gebid het om my te spaar sodat ek dit kon klaarmaak. Dit is my diepe oortuiging dat met hierdie sleutel van die "Israel identiteit" sal ons al die profesieë van die Bybel kan oopsluit en 'n duidelike begrip kan kry van waaroor elke profesie handel.
Daar is belangrike samesprekinge in Suider Afrika tans aan die gang. Die ontmoeting tussen ons eie Eerste Minister, Mnr. John Vorster, die Eerste Minister van Rhodesië, Mnr. Ian Smith en die Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake het gisteraand ten einde geloop. Wat daar besluit is weet ons nog nie, maar teen die tyd dat u hierdie studie lees, sal u al baie weet en gesien het van wat daar bespreek en besluit is.
Die heerlikheid van hierdie visie wat ons in hierdie boek vir u uiteengesit het, is dat ons alreeds weet wat gaan gebeur nog voordat staatsmanne en beleidmakers hulle uitspraak gegee het. Die profete wys vir ons baie duidelik dat ons in hierdie tyd op die vooraand van die wederkoms van Christus staan en van die opstand van die heidense nasies om sy Koms en sy Koningskap oor die ware Israel te betwis en te beveg.
Die opstande en brandstigting wat tans in Suid-Afrika aan die gang is, tesame met die verskerping van die terroriste aanslae op Rhodesië is baie nou gekoppel aan die finale uitreiking na wêreldoorheersing deur Soviet Rusland, die Ros en die Gog van die land van Magog van Eségiël 38 en 39. Die Koning kom; sy koms is so naby dat Hy alreeds met sy een voet op die drumpel staan.
In hierdie reeks sover en in ons boek "Die Boek van Openbaring" en in ons boekies soos "Rusland in Profesie", "Die Boek van Joël, Sy Profetiese Boodskap en Waarskuwing", "Christendom en Kommunisme" het ons getoon dat al die groot gebeure aangaande die eindtyd nou op die punt staan om te gebeur, en presies hoe dit gaan gebeur. As dit nie was vir die sleutel van hierdie "Israel visie" nie, sou u dit nooit kon verstaan nie.

Mag ons liewe Heer u dan die genade gee dat u uself nie sal laat mislei nie. Daar gaan geen verbetering kom, soos mense dit in gewone terme verbetering noem nie. Ons haas nou na die klimaks, en die pas gaan nou elke dag vinnig versnel. Daardie "Groot en Deurlugtige Dag van die Here" staan voor die deur. Die heiden gaan spoedig sy finale aanslag maak om die Blanke Westerse Protestantse Nasies (wat die tien stamme van Israel uitmaak) en die suiwer element onder die Jode (die huis van Juda), uit te wis. En dit is nie soseer in die eerste instansie selfs as gevolg van die druk van oorbevolking of ekonomiese omstandighede en wat daarmee saamgaan nie; maar 'n instinktiewe sataniese geïnspireerde opstand teen die komende Koning, Jesus die Christus.

Die Dinge Aangaande die Koninkryk van God

(Hand. 1:3)

In sy heel eerste boodskap op die dag van Pinkster het die het die Apostel Petrus verduidelik dat 'n opgestane Jesus weer sou terugkom om die beloftes van God deur die profete waar te maak:
Handelinge 2:25, 30-31;

25 Want Dawid sê van Hom: Ek het die Here altyddeur voor My gesien, want Hy is aan my regterhand, dat Ek nie sou wankel nie.

The Scofield Study Bible"- v 25; For David speaketh concerning him, I foresaw the Lord always before my face, for he is on my right hand, that I should not be moved

30 Omdat hy dan 'n profeet was, en geweet het dat God vir hom met 'n eed gesweer het dat hy uit die vrug van sy lendene, wat die vlees betref, die Christus sou verwek om op sy troon te sit,

31 het hy, omdat hy dit vooruit gesien het, gespreek van die opstanding van Christus, dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie.

Lateraan in die Raad van Apostels en Ouderlinge in Jerusalem het Jakobus ook die volgende woorde gespreek:
Handelinge 15:14-17;

14 Símeon het vertel hoe God eers uitgesien het om 'n volk uit die heidene (nasies) vir sy Naam aan te neem.

15 En hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos geskrywe is:

16 Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel,

17 sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen.

Na sy opstanding het die Here Jesus "gedurende veertig dae aan sy dissipels verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gespreek - (Hand. 1:3).
Hulle natuurlike reaksie hierop was:

> "Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?" - (Hand. 1:6).

Hy het hulle nie teëgegaan en gesê dat hulle 'n verkeerde vraag gevra het, of dat hulle vleeslik of aanmatigend was om so iets te vra nie. O nee; Inteendeel, Hy het net vir hulle gesê dat dit hulle nie toegekom het om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie - (Hand. 1:7).
M.a. w., dit sal kom, want die Vader het dit bepaal, maar dit het net vir hulle in daardie tyd nie toegekom om dit te weet nie, want daar was vir hulle die onmiddellike taak om te wag op die belofte van die Vader om krag te ontvang om sy getuies te wees.

Israel in die Handelinge van die Apostels

Omdat die Bybel een boek is moet ons verwag dat al die grondwaarhede en temas van die Bybel onveranderd vanaf die Ou Testament na die Nuwe moet oorgaan, dus ook die waarheid aangaande die identiteit van Israel. Ons het dit al herhaaldelik in hierdie reeks beklemtoon, en as mense dit net in gedagte wil hou sal dit hulle vrywaar van menige dwaling aangaande die kernboodskap van Gods Woord.
In die Nuwe Testament sal ons dus ook dieselfde onderskeid vind tussen die Huis van Israel en die Huis van Juda as wat ons in die Ou Testament vind. Omdat Juda ook van Jakob afstam, en Jakob het Israel by Jabbok geword, is al die suiwer afstammelinge van Juda dus ook Israeliete, en dit sluit ook in alle Jode wat suiwer afstammelinge is van Juda of van Benjamin of Levi.

Wanneer in die boek van Handelinge en die res van die Nuwe Testament, die Jode ook aangespreek word as Israeliete, is dit heeltemal in ooreenstemming met die lering aangaande die "Israel identiteit". Baie wat hierdie punt nie raaksien nie, struikel wanneer hulle hierby kom. Hou dit in gedagte.

In die dae van ons Here Jesus op die aarde was daar twee groepe van Israeliete in die land, naamlik die Jode en die Galileërs. Beide was "Jode" genoem in die algemene sin dat hulle albei onderdane was van die Provinsie van Judéa. Maar hulle het in twee afsonderlike gebiede gewoon, en was onder twee afsonderlike Romeinse Goewerneurs en het hulself ook afsonderlik gehou.

So bv. het die Jode, toe hulle van die apostels op die dag van Pinkster gepraat het, gesê:

> "Is almal wat daar spreek dan nie Galileërs nie?" - (Hand. 2:7).

Die dissipels van die Here Jesus, toe hulle hoor dat Hy weer deur Judéa wou gaan, het Hom probeer keer met hierdie woorde:

> "Rabbi, die Jode het onlangs probeer om U te stenig, en gaan U weer daarnatoe?" - (Johannes 11:8).

Dit wil voorkom asof al die apostels, behalwe Judas Iskáriot, Galileërs was. Is daar nie 'n verklaring vir hierdie wonderbaarlike feit nie? Ons glo daar is. Met die verdeling van die koninkryk - (lees 1 Konings 12) het die Here vir Rehábeam beveel om nie te probeer om die twee groepe weer bymekaar te bring nie, want, het Hy gesê:

> " - - - want van My het hierdie saak gekom - - - - -" - (1 Kon. 12:24).

Een van die stamme van die koninkryk van Israel (d.i., Benjamin) was aan die koninkryk van Juda gegee, sodat, so was dit gesê:

> "- - - sodat my kneg Dawid altyd 'n lamp kan hê voor my aangesig in Jerusalem - - - - -" - (1 Konings 11:36).

Kan ons dan nie hieruit aflei dat Benjamin, wat in werklikheid aan die hele Huis van Israel (d.i. al twaalf stamme) behoort het, die kanaal was wat deur God bestem was deur wie die lig van die kennis van God in Christus behoue moes bly nadat die Jode die Here Jesus verwerp het nie?

In Johannes 7:1 lees ons;

> EN daarna het Jesus in Galiléa rondgegaan, want Hy wou nie in Judéa rondgaan nie, omdat die Jode probeer het om Hom dood te maak.

En in vers 41;

> Ander het gesê: Hy is die Christus. En ander het gesê: Kom die Christus dan uit Galiléa?"

In Matthéüs 21:11 lees ons;

> En die skare sê: Dit is Jesus, die profeet van Násaret in Galiléa.

Lees verder self die volgende Skrifte om te sien dat Jesus veilig was en ook aanvaar was in Galiléa:

Joh. 3:13; Markus 1:16; Matt. 4:25; Matt. 15:29; Matt. 26:32; Matt. 27:55; Matt. 28:7; Markus 1:39; Luk. 4:14,44; Luk. 23:5-6; Luk. 24:6; Joh. 7:52.

In Handelinge 1:8-11 kom hierdie selfde merkwaardige kenmerke van "Galiléa" op 'n besondere wyse na vore:

In vers 8 lees ons;

> - - - en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.

Let op Galiléa word nie hier genoem nie, dit is belangrik.

Maar tog, in vers 11 begin die engele om die apostels soos volg toe te spreek:

> "Galilése manne" - - - .

Vergelyk Hand. 2:7-8; Hand.10:37.

Dit was aan die manne van Galiléa - (sien Matt. 28:10,16) dat die GROOT BEVEL gegee is;

> "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies" - (Matt. 28:19).

Dit is waarlik nie toevallig dat die Galileërs, of "Galilése manne" diegene was wat die eerste dissipels van Christus geword het en uitgegaan het om die evangelie (die Blye Boodskap) te verkondig nie. Was hulle dan nie deel van daardie stam wat as ligdraers aan Dawid gegee is, wat eerste vir Christus aangeneem het nie? Was dit nie hulle wat na alle nasies gestuur is nie, en in die besonder na hulle uitgewerpte broers, die Huis van Israel, die "verlore skape van die Huis van Israel?"
Lees weer Matt. 10:6; Matt. 15:24.

In Handelinge 15 het ons die gedeelte waar Petrus aan die gemeente in Jerusalem die omstandighede verduidelik het waaronder hy sy bediening aan die "heidene" onderneem het. In sy uitspraak verwys Jakobus na die werk van Petrus en die van Paulus en Bárnabas, en sê dat dit in ooreenstemming was met die woorde van die profete, naamlik dat God die heidene sou besoek en uit hulle 'n volk vir sy Naam sou aanneem - (Hand. 15:14).
Dan kwoteer hy Amos 9:11; wat baie duidelik aantoon dat die volk waarna hy verwys 'n volk was wat verskillend en onderskeie van ander volkere was. Hulle was nie 'n heterogene mengelmoes van heidene nie, maar 'n volk wat vanuit hulle midde geneem sou word - (sien weer Hand. 15:14), en deur hierdie volk wat van die heidene afgesonder sou word, sou die troon van Dawid weer herstel word. Dit sou geskied deurdat die verstrooide stamme van Israel weer onder sy heerskappy gebring sou word.

Sodoende sou die vervalle hut van Dawid weer opgerig en sy bouvalle herstel word. Dit kan nie geskied deur die bekering van suiwer heidene wat geen verbintenis ooit met Dawid gehad het nie, of met wie God nooit 'n verbond gemaak het nie. Net om heeltemal seker te maak na watter spesifieke "heidene" Jakobus verwys lees ons in:
Hand. 15:17;

> - - - en al die nasies (heidene) oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen.

Daar is net een volk oor wie die Naam van die Here uitgeroep is, en dit is Israel, al twaalf die stamme.

Israel en Juda

Baie mense gebruik 'n teks soos Handelinge 21:27-28 as hulle wil bewys dat die Jode die volle twaalf stamme van Israel verteenwoordig.
Dit lui soos volg:
27 - - - - -die Jode van Asië - - - - - - .
28 en geskreeu: Israeliete, help! Dit is die man wat oral aan almal dinge leer teen die volk en die wet en hierdie plek - - - - - .
Om hierdie verwarring in die mense se gedagte reg te stel en in hierdie finale hoofstuk duidelikheid te laat kom by diegene wat miskien nog sukkel om hierdie

saak reg in te sien, herhaal ek sekere kardinale gedagtes wat al herhaaldelik in hierdie boek beklemtoon is.
Die onderskeid tussen Israel en Juda is absoluut, dit is duidelik en finaal en van kardinale betekenis. Hier volg sekere Skrifgedeeltes wat u self kan naslaan in die Bybel wat die verskil tussen die twee huise baie duidelik aantoon:
2 Kon. 23:17; 1 Kron. 28:4-5; 2 Kron. 13:15-16; 2 Kron. 31:1;
Jes. 8:14; Jes. 11:12-13; Jes. 48:1;
Jer. 3:8,18; Jer. 7:2,15; Jer. 11:10,17; Jer. 13:11; Jer. 31:31;
Jer. 32:30,32; Jer. 33:14; Jer. 50:4,33;
Eség. 23:4; Eség. 37:16,19; Daniël 9:7;
Hos. 1:11; Hos. 4:15; Hos. 5:9-15; Hos. 6:10-11; Hos 8:14; Hos. 12:1;
Amos 1:1; Miga 1:5; Sag. 8:13; Sag. 10:6; Heb. 8:8.

U kan sien dat die geskiedenis van hierdie twee volke nie met mekaar in die Bybel verwar word nie. En tog veroorsaak mense eindelose verwarring deur die algemene en hardnekkige fout deur van die Jode te praat en te skryf asof hulle ook die Noordelike Koninkryke verteenwoordig.
Baie vergeet dat die term “Jood” nie “Israeliet” beteken nie, maar net ‘n afkorting vir die woord Judahiet is, en eenvoudig net ‘n afstammeling van “Juda” beteken, en ook ‘n lid van die “Huis van Juda.”
Dit is eenvoudig net verstommend om te sien hoe blind sommige skrywers en sprekers oor Bybelse onderwerpe kan wees wanneer dit by die betekenis van die woord “Jood” kom.

Die terme “Jood”, “Israel” en die “Huis van Israel” word op die mees verwarrende wyse met mekaar vermeng, en word gebruik asof dit altyd een en dieselfde volk aandui. Dit volgende tipe van bewoording kom vry en algemeen voor:
“Die Jode praat die tale van die heidene (Gentiles), en woon in alle lande van die heidene, en tog onderskei baie duidelike kenmerke hulle van die heidenwêreld waarin hulle woon. Die verskil is so diep en so wyd dat die indeling van die menseras in Jode en Heidene (Gentiles), plaas Israel aan die eenkant, en al die res van die aarde aan die anderkant.”

U kan sien dat in hierdie stelling word die woorde Jode en Israel gebruik asof hulle omruilbaar is, en die Tien Stamme word baie duidelik onder die Jode getel.
Ons kry ook hierdie stelling:
“Die Noordelike gedeelte van die verdeelde Ryk van die ‘Jode’ het onder die mag van Assirië geval”.
Hierin word die Tien Stamme weereens Jode genoem, ‘n naam waarby die Bybel hulle nooit noem nie.

Dan kom ons so ‘n uitdrukking tee soos:
“Abraham was ‘n Jood”.
Waar kry ons dit in die Bybel?

Sommige leraars verdeel die menseras in drie groepe:
“Die Heidene”, - “Die Jode” en - “Die Kerk van God,” - sonder inagneming van die “Tien Stamme”, of so nie, word Ig. onder die Jode ingedeel.
Ons vind ook sulke uitdrukkings soos:
“Die Jode in Egipte”, “Die Joodse Kerk onder Moses”, “Die omswerwing van die Jode in die woestyn”, “Die verowering van Kanaän deur die Jode.” ensovoorts.
Die term “Israel” is baie omvattend want dit kan die man “Israel”, die “Twaalf Stamme”, die “Tien Stamme”, of selfs “Die Huis van Juda” of die “Jode” beteken, want hulle is ook van Israel.
Enige van hierdie kan dan ook “Israel” genoem word, soos bv. in die volgende gevalle:

> “Jesus antwoord en sê vir hom: Jy is ‘n leraar van Israel en jy weet hierdie dinge nie?” - (Johannes 3:10).
> “- - - - die prys van die gewaardeerde wat hulle gewaardeer het vanweë die kinders van Israel” - (Matt. 27:9).

Die Jode: - - “het geskreeu: Israeliete, help! - - - -” - (Hand. 21:28).

Hierdie groot fout en mistasting is gewoonlik die gevolg van ‘n gebrek aan kennis van die geskiedenis van die Bybel, of ‘n oppervlakkige lees van die Bybel. Ek glo dit is ook deel van die voorspelde blindheid waarmee die ware Israel geslaan sou word tot op die tyd van ontwaking, en dit is nou. Baie ander, en miskien die meeste, aanvaar maar net dat die Huis van Israel wat in die Assiriese Ballingskap gegaan het, weer met die Huis van Juda wat in die Babiloniese Ballingskap gegaan het, herenig het, en algemeen bekend geword het as “Jode”.
Ons het genoegsame bewyse in hierdie reeks gelewer dat dit nie so is nie. Onthou u nog waar ons vir u in Eségiël 37 gewys het op die twee houte in die hand van die profeet? Indien u vergeet het, lees net weer daardie hoofstuk in die Bybel.

Israel in die Sendbrief aan die Romeine

Ons kom eerste by die beskouing van die Jood in hierdie Sendbrief. U moet dadelik besef, dit is baie belangrik, dat die apostel die gebruik van die naam “Jood” tot die twee stamme, van Israel se 12 stamme, bepaal wat onder die wet gebly het. Sewe honderd jaar voor Paulus hierdie brief geskryf het, het die tien stamme, of die Noordelike Koninkryk, “nie my volk nie” geword en die heiden wêreld binnegegaan en sover dit die wêreld aangaan, heidens geword en “verlore” geraak het.
Lees Hoséa 1:6-10.
Ons sal sien dat hulle in die raadsbesluite van God ‘n baie besonderse roeping het.
Die Jode was in die gunstige posisie dat hulle die enigste verteenwoordigers van die hele Israel was wat in die land ten tye van die Here Jesus se lewe op aarde

en die van die apostels was. Die Jode het die geskrifte van die wet en profete gehad en dit was vir hulle beskikbaar.
In Romeine 3:2 sê dat aan hulle was die woorde van God toevertrou. Daarom het hulle ook die eerste geleentheid gehad om die evangelie te hoor, en diegene wat dit aangeneem het was dan ook van die eerstes wat Christene geword het, soos dit sê in:
Romeine 2:10;

> maar heerlikheid en eer en vrede vir elkeen wat goed doen, vir die Jood eerste en ook vir die Griek.

Maar omdat hulle dan die eerste die voorreg gehad het om die evangelie te hoor, was daar ook meer van hulle geëis, daarom lees ons in:
Romeine 2:9;

> verdrukking en benoudheid oor die siel van elke mens wat kwaad doen, oor die Jood eerste en ook oor die Griek.

Israel word nou aan ons Voorgestel

Romeine 9:1-5;

1 Ek spreek die waarheid in Christus, ek lieg nie - my gewete getuig saam met my in die Heilige Gees -
2 dat dit vir my ‘n groot droefheid is en ‘n onophoudelike smart vir my hart.
3 Want ek sou self kon wens om ter wille van my broers, my stamgenote na die vlees, ‘n vervloeking te wees, wég van Christus af.
4 Hulle is Israeliete aan wie:
die aanneming tot kinders behoort
en die heerlikheid
en die verbonde
en die wetgewing
en die erediens
en die beloftes;
5 aan wie die vaders behoort
en uit wie die Christus is na die vlees -
Hy wat oor alles is, God, lofwaardig, tot in ewigheid; Amen.

Op hierdie merkwaardige wyse vestig die apostel nou die aandag op die hele geslag van Israel, wat die groot menigte van Noordelike Israel (wat buitekant die Jodedom was) insluit, wat deel van die heidene geword het - (Hoséa 1:9-10; Romeine 9:24-27; Hoséa 2:22; 1 Petrus 2:9-10).
Dit moet baie goed in gedagte gehou word dat hierdie Noordelike Koninkryk, of Tien Stamme ook onder die heidene gereken word vanweë hulle uitgebanne status.
Noudat die apostel die Israeliete aan ons voorgestel het, lê hy nou aan ons hulle “Verbondsregte” (Bill of Rights) voor, soos hulle wettiglik in besit daarvan was ten tye van die skrywe van die Sendbrief aan die Romeine, dit is ongeveer 60 AD.

Hierdie is die lys van daardie regte, en by ‘n noukeurige lees daarvan, sal dit ons tref dat dit die “geboortereg” van Israel uitmaak.
Dit herinner ons aan:
1 Kronieke 5:2;

> Want Juda was sterk onder sy broers, en uit hom het een ‘n vors geword, maar die eersgeboortereg het Josef gehad.

Na die ballingskap van Noordelike Israel (die tien stamme), het Juda alleen as voog oorgebly, en aan hom was veral die woorde van God toevertrou - (Romeine 3:2).
Maar die eersgeboortereg was vir Josef voorbehou, en hy was die hoof van die Tien Stamme.
Dit moet onthou word dat:

> “TOE Israel uit Egipte getrek het, die huis van Jakob uit ‘n volk met ‘n vreemde taal,
> het Juda sy heiligdom geword, Israel sy ryksgebied” (Ps. 114:1-2).

Die bewaring van die woorde van God was die hoof voorreg van Juda, en het hulle reg gebly totdat ons Here Jesus vir hulle gesê het:

> “Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan ‘n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra” - (Matt. 21:43).

Aan die tien stamme, as ‘n erflating van Josef en Efraim; nou het die eersgeboortereg aan Israel behoort, soos in bogaande Akte uiteengesit. Ons kan dus sien dat Israel wat onder die heidene ingegaan het nog steeds in die jaar 60 AD die eersgeboortereg afsonderlik van Juda besit het.

Die Christelike Kerk is ‘n geslag voor hierdie Sendbrief aan die Romeine gestig, ongeveer dertig jaar vantevore. Die Christelike Kerk het regte en voorregte ten tye van die eerste Pinkster ontvang, en niks was daarna bygevoeg nie. Dertig jaar het verbygegaan, en die grootste van die apostels van die Christelike Kerk, verklaar dat op daardie tydstip die regte van Israel nog in die nasie van Israel bevestig was.

Die kerk (gemeente) het dus **nie die regte en voorregte van Israel geërf nie**, of in enige hoedanigheid hoegenaamd **haar plek ingeneem nie**.
Romeine 9:6;

> MAAR ek sê dit nie asof die woord van God verval het nie; want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie.

Hier bring die apostel die leerstelling van seleksie en uitsluiting in. Vanuit die seuns van Abraham was Isak alleenlik die saad, die ander seuns was nie by die verbond ingesluit nie.
Uit die seuns van Isak was Jakob die saad, Esau was uitgesluit.
Ons het in vorige hoofstukke reeds verduidelik waarom.
Om ruimte te spaar, en om alles in hierdie boek in te kry wat hier moet ingaan, vra ek u om self in die Bybel nou Romeine 9:6-13 te lees asseblief.

Kom laat ons dit baie noukeurig ondersoek. Laat ons onsself streng by die saak onder bespreking bepaal:
Dit is naamlik die seleksie van een bepaalde afstammeling of familie (Engels: "line of descent"), wat so duidelik in Exodus 19 en 20 aangetoon word, uitverkies is om God se Koninkryk nasie te wees. Al Abraham se seuns, behalwe Isak, is uit hierdie stamlyn uitgesluit. Esau is ook vanuit hierdie stroom weggekeer. Ander nasies, (en ons moet met nasies, nasionale organisasies verstaan, nie die individuele mense waaruit dit saamgestel is nie)

"- - - wat vir die verderf toeberei is - - -" (Rom. 9:22)

want hulle moet almal plek maak vir God se Israel organisasie; maar vir Israel was God genadig; en vir Israel het Hy verlossing voorsien, en vir haar beskik om vir ewig sy uitverkore koninkryk van priesters en 'n heilige nasie te wees.
Vgl. Exodus 19:5-6; Jes. 61:6; Jes. 62:2,12; 1 Petrus 2:5,9-10.

Dit is baie duidelik dat ons nie hier van die uitverkiesing of verwerping van enkelinge met betrekking tot saligheid en van die ewige lewe, lees nie. Ons lees van 'n ras wat uitverkies of geselekteer is om " 'n voorwerp tot eer" - (Rom. 9:21; Jer. 18:1-6) in die diens van die Here te wees.
En die hoofdoel van daardie diens was sodat;

"en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" - Gén.12:3.
"en in jou en jou nageslag sal al die geslagte van die aarde geseën word" - Gén. 28:14.
in jou sal al die volke geseën word - Gal 3:8.

Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een:

"En aan jou saad, dit is Christus" - Gal. 3:16.

Farao was verwek, nie as 'n enkeling nie, maar sodat in hom as die koning van Egipte, amptelik, die Koning van Israel sy almag kon openbaar, en dit kon gebruik as 'n les vir die nasies van die wêreld.
In die Engelse vertaling van die Bybel deur Ferrar Fenton lees dit:
"That He might show His government".
Dit gaan nou weer gebeur wanneer die Here self die heidense magte wat nou teen ons vergader, gaan vernietig; die profete is daar vol van.
Maar het die Here die reg gehad, en was Hy geregverdig in die uitoefening van daardie reg om 'n ras vir die uitvoering van sy raadsbesluite te selekteer, en sodoende van daardie ras "'n voorwerp tot eer te maak?"
Lees nou weer self Romeine 9:14-21.
Let daarop dat elke voorwerp deur God gemaak is.
Elke voorwerp is gemaak om diens te lewer.
Sommige voorwerpe is vir die kombuis vir opwas doeleindes, ander weer vir die musiekkamer, die biblioteek, die sitkamer: almal dien, sommige tot eer as voorwerpe van barmhartigheid.

Nou trek die apostel sy argumente nader tot spesifieke feite met betrekking tot hierdie besondere uitverkore Israeliete, en hulle posisie ten opsigte van die verbond en die evangelie ten tye van die skrywe van:
Romeine 9:22-24;

22 En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die verderf toeberei is, verdra het,
23 juis om bekend te maak die rykdom van sy heerlikheid oor die voorwerpe van barmhartigheid wat Hy voorberei het tot heerlikheid,
24 ons naamlik wat Hy geroep het, nie alleen uit (vanuit) die Jode nie, maar ook uit (vanuit) die heidene?

Laat ons nog steeds dit baie duidelik in gedagte hou dat ons lees van daardie saad wat uitverkies was om die Verbond uit te dra wat met Abraham en sy saad tot in alle ewigheid is. Daardie Verbond, soos ons in die vorige hoofstukke gesien het, het op konings, volkere, grondgebiede, ensovoorts, betrekking. In die verlede was daar ‘n hele opeenvolging van uitsluitings, wegkerings van systrome.
Gam en Jafet was uitgesluit uit die saad van Noag.
Elke afstammeling van Sem, met die uitsondering van die stroom wat na Abraham gelei het, was ook uitgesluit.
Van die seuns van Abraham was elke seun, behalwe Isak, uitgesluit.
Esau was die een wat uit die twee seuns van Isak, uitgesluit was.
Maar vanaf die tyd van Israel het die stroom van afstamming soos ‘n vol rivier wat tot op sy walle vol is, gevloei tot op die tyd van Christus.
Daar sou egter nog ‘n uitsluiting met die aanvang van die Christen tydperk wees. Al die saad van Isak wat buite Christus gebly het sou van die koninkryk uitgesluit word.
Dit is hier nie net ‘n kwessie van saligheid en die ewige lewe nie, maar van “voorwerpe tot eer” wat vir die getuienis van die koninkryk verantwoordelik sou wees. Daardie koninkryk moes as basis ‘n Christen Volk hê.
In sy brief aan die Galásiërs skryf die Apostel Paulus:-

> “Nou is aan Abraham die belofte toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus” - (Galásiërs 3:16).

Hierdie stelling is deur die apostel verkort. Die volledige feite soos dit in die Skrif is, is die volgende:
Sover dit die Ou Testament dispensasie betref, het die Heer in sy verbond met Abraham gesê:

> “Ook wat Ismael aangaan, het Ek jou verhoor. Kyk Ek seën hom en maak hom vrugbaar en vermeerder hom buitengewoon. Twaalf vorste sal hy verwek, en Ek sal hom ‘n groot nasie maak.
> Maar My verbond sal Ek oprig met Isak - - - -” - Gén. 17:20-21.
> “- - - - want deur Isak sal daar vir jou ‘n nageslag genoem word” - Gén. 21:12.

En soos die nageslag in Isak in die vorige dispensasies genoem is, so word die saad nou in Christus genoem.

> "- - - - - -Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus" - (Gal. 3:16).

Dit is min of meer die volledige Skriftuurlike standpunt, 'n kennis waarvan die apostel natuurlik veronderstel. Hierdie uitsluiting, of nog 'n uitkeer van 'n systroom, in die Christelike Dispensasie, moet 'n "saad" laat agterbly wat uit die twee takke van die Israel stamboom kom, en van Isak afstam.

> "Nie alleen vanuit die Jode alleen nie,
> maar ook vanuit die heidene - - - - -".

En so verduidelik die apostel van die geestelike Israel binne die nasies wat die vrugte van die koninkryk sou voortbring. Daar is geen twyfel oor wie of waar die Jode is nie. Maar wie is die mense waarna hier verwys word as vanuit die heidene? Want uit hierdie twee takke van die mensdom moes die "voorwerp tot eer" gevorm word.

Gelukkig word ons die moeite gespaar van om te wonder oor hierdie saak deurdat die apostel self baie moeite doen om dit absoluut duidelik te maak dat hy van die Israel praat wat van Juda afgeskei het en as 'n afsonderlike koninkryk in die land van Israel gewoon het, en nog al die tyd ook in sy tyd in die jaar 60 AD apart en onderskeie van die Jode was. Om dit nog duideliker vir die leser van sy geskrifte beide in daardie tyd en nou te maak, roep hy drie getuies aangaande die identiteit van Israel.

Hierdie drie getuies is:

1) Die Profeet Hoséa,
2) Die Profeet Jesaja,
3) Die Profeet Elía.

Elkeen van hierdie getuies gee hulle getuienis in so 'n duidelike wyse dat daar geen twyfel of teëspraak kan wees nie. Aangesien die apostel ook baie duidelik onderskei tussen Juda en Israel in sy tyd, kan daar dus natuurlik geen vraag wees oor 'n vroeëre samesmelting tussen Juda en Israel nie, nie ten tye van die terugkeer van die Jode vanuit Babilon nie, en ook nie daarna nie. Diegene wat sulke stellings van so 'n samestelling maak, behoort meer aandag aan die apostel se duidelike stelling te gee, en aan sy baie duidelike bewys hiervan. Hulle sou dan nie in so 'n dwaling verval het nie.

Waar die apostel dan die Israel nasies noem, duidelik uitkenbaar en bekend, afsonderlik van beide Juda en van die heidenwêreld in sy tyd, kon daar dus nie daardie verdwyning onder en verswelging deur die heiden nasies gewees het, wat sommige mense beweer nie.

In die apostel se dae was daar:

"Nie net die Jode alleen nie, maar ook die Heidene".

Hierdie laasgenoemde was Israel van die Tien Stamme, onderskeie en afsonderlik van die Jode en ook van die "Kosmopolitiese mensdom" in die algemeen, of die nie-Hebreeuse wêreld.

Kom ons kyk nou eers na die bewyse wat die apostel aanvoer.
Eerstens roep hy Hoséa:
Romeine 9:25-26;
25 Soos Hy ook in Hoséa sê: Ek sal die wat nie my volk is nie, my volk noem, en haar wat nie bemin is nie, beminde;
26 en in die plek waar aan hulle gesê is: Julle is nie my volk nie: - daar sal hulle genoem word kinders van die lewende God.
Hoe sal ons seker wees dat Hoséa van die Tien Stamme van Israel praat, en nie van Juda nie? Kom laat ons na Hoséa gaan en die oorspronklike gedeelte daarin lees, waarna Paulus in hierdie aanhaling verwys:
Lees asseblief self Hoséa 1:6-7, 9-11.

Kan daar iets duideliker wees as hierdie skeiding tussen Israel en Juda? Dit is van hierdie Tien Stamme van Israel wat onder die heidene is wat die Apostel Paulus van praat. Dit behoort voldoende te wees. Maar die apostel weet baie goed hoe swaar dit is om die eenvoudige waarhede van Gods Woord in harte te laat posvat wat bevooroordeeld en vol van verkeerde opvattinge is; daarom roep hy dus sy tweede getuie na vore:
Lees nou Romeine 9:27-29; Jesaja 10:5-23.

Wie was die mense teen wie God die Assiriërs sou stuur, soos in hierdie gedeelte voorspel? Dit was teen die Tien Stamme van Israel. Toe die Assiriërs die oorlog ook teen Juda wou voortsit en teen die Huis van Dawid, het die engel van die Here sy leer in een nag verwoes. Daar is dus geen twyfel oor met watter tak van die Israel familie Jesaja hier spreek in sy getuienis wat die Apostel Paulus hier inroep nie.

In die voortsetting van sy algemene tema van Israel, roep die Apostel Paulus nou die Profeet Elía in, wat 'n profeet van die Tien Stamme uitsluitlik was.
Lees nou self Romeine 11:1-5.

Lees dan noukeurig die volgende gedeeltes hiermee saam, en maak seker dat u die argument van die apostel goed volg, want dit is van die uiterste belang as u hierdie saak goed wil verstaan.
Hier is die gedeeltes: 1 Kon. 18:1-2, 17-24, 36-41; 1 Kon. 19:1-4, 8-18.

Hierdie geskiedkundige gebeurtenisse het in die Tien Stamme van Israel plaasgevind en nie in Juda, of in enige van die nasies nie. Israel was in hierdie tyd soos ons sien, 'n nasie afsonderlik van Juda, met haar eie koning, en eie regering.

Die drie groot sake wat vir ons hier uit die profete uiteengesit word is die volgende: -

1) Hoséa: Die skeibrief wat die Here aan Israel (die tien stamme) gegee het, en verklaar het dat:

> "- - - - julle is nie my volk nie, en Ek sal nie julle s'n wees nie" - (Hoséa 1:9).

Dit was deur die geskiedenis bevestig. Maar dan kom ook die belofte van verlossing en uiteindelike herstel - (Hoséa 1:10-12; Hoséa 2:15-19).

2) Jesaja: Die profesie van die verowering van Israel (die tien stamme) deur Assirië, soos deur Jesaja voorspel, en soos die geskiedenis dit vir ons bevestig.

3) Elía: Die groot oproep van Israel (die tien stamme) na berg Karmel deur koning Agab, en die groot kragmeting daar tussen die profete van Baäl en Elía.

Hierdie is almal feite in die geskiedenis van Israel (die tien stamme) en nie in die geskiedenis van Juda nie, en ook nie in die geskiedenis van enige ander nasie nie.

Die indeling van Israel (die tien stamme) onder die heidene is dus in ooreenstemming met die profesieë. Daar was 'n groot doel daarmee. Die voorneme en voorbereiding van God vir:

"die aanneming tot kinders" - (Rom. 9:4; Hoséa 1:10) van Israel, het hierin opgesluit gelê.

Kyk weer eens na Israel se "Verbondsregte of Erfregte" (Bill of Rights) - (Rom. 9:4-5).

Hierdie voorneme van God om Israel eers onder die heidene te laat ingaan, en hulle dan vandaar, vanuit die heidene te verlos, het ook vir die heidene 'n deur van hoop en verlossing oopgemaak. Hulle val, wat hulle 'n deel van die heidene laat word het deur God se tydelike skeibrief wat Hy aan hulle gegee het, was ook in ooreenstemming met God se plan van liefde - (vgl. Joh. 3:16) om die hele wêreld te red. Maar nog altyd sou die hele Israel die hoofkanaal van hierdie verlossingsplan wees, deur wie die redding wat daar alleen in Christus is, sou vloei.

Ons moet dus nie die fout maak om hierdie "aanneming tot kinders" te beskou as 'n plan wat as het ware maar eers later gekom het nie. O nee, dit was alreeds so ingereken in die eersgeboortereg van Israel, soos ons al so herhaaldelik in hierdie boek beklemtoon het.

Om die waarheid te sê, as ons liewe Heer in sy groot liefde en genade die waarheid in sy volle heerlikheid deur die krag van die Heilige Gees vir u laat oopgaan, sal u sien dat dit in die Godsplan vanaf die grondlegging van die wêreld so vasgelê is.

Daar is nie so iets dat 'n gedagte vir God eers later byval nie. Soos ons dit in Engels sou sê: "God has no after-thoughts". Hy het sy plan noukeurig vanaf die begin uitgewerk. Die Lam is geslag vanaf die grondlegging van die wêreld. Hiervoor het Hy vir homself ook 'n volk uitgesoek vanaf die grondlegging van die wêreld, om die draers van hierdie Boodskap te wees.

As u ‘n fantastiese studie wil maak, neem ‘n konkordansie en lees al die tekse in die Bybel wat praat van die grondlegging van die wêreld, word stil voor die Heer, en vra Hom om dit deur die Heilige Gees aan u te openbaar.
Bedink dan daarna die volgende teks, naamlik:
Efésiërs 1:10;

> Om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig.

Dan sal u ook sien dat in hierdie tye waarin alles so deurmekaar lyk, daar nog al die tyd, dieselfde plan van God is. Hy sal ook ons volkie as deel van God se volk bewaar en suiwer en louter en ons anderkant laat uitkom soos suiwer goud, die Nuwe Jerusalem met sy mure van edelgesteentes, sy poorte van pêrels en sy strate van goud. Dank die Heer, in hierdie grootse en heerlike plan sien Hy ook nog die mossie wat op die grond val, ook vir u en vir my. As dinge dan in u eie lewe deurmekaar lyk, kyk op na Hom, soek die aangesig van Jesus, en sien dat u ook deel is van daardie groter plan, en eien ook u geboortereg (“Bill of Rights”) in Christus toe.
Om dan terug te kom op ons meer direkte onderwerp:
Romeine 11:11-12;

11 - - - Maar deur hulle val, het die saligheid, tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak -

12 En as hulle val die rykdom van die wêreld is (die kosmos) en hulle tekort (Engels “dimishing”) die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie.

Die apostel weet dat hierdie volheid verseker is want:

> “- - - en in plaas dat aan hulle gesê word: Julle is nie my volk nie sal aan hulle gesê word: Julle is kinders van die lewende God” - (Hoséa 1:10).

Laat ons dan die God van ongehoorsame Israel loof en prys dat Hy deur hulle val, ook om hulle ontwil, hulle as heidene beskou het sodat hulle genade kon ontvang. As “Israel” was hulle hoop van hulle weggeneem as gevolg van hulle ongehoorsaamheid, maar as “heidene” was hulle hoop hernuwe onder die genade wat ook na die heidene uitgebrei is.
Romeine 9:30-31;

30 Wat sal ons dan sê? - - - - -

Hoe dikwels vra die apostel nie hierdie vraag nie, en antwoord dit dan self. Wat is dit wat hy nou sê?

> - - - - - Dat die heidene wat die geregtigheid nie nagejaag het nie, die geregtigheid verkry het, naamlik die geregtigheid wat uit die geloof is;

31 terwyl Israel, wat die wet van die geregtigheid nagejaag het, die wet van die geregtigheid nie bereik het nie.

Maar dit kan nou gevra word:
Word die woord “heidene” dan nou nie hier in teenstelling met Israel gebruik nie? Laat ons nou nie verwar word nie: Israel (die tien stamme) is nou net so pas

behandel as deel van die heiden wêreld. Hulle was “Israel” solank hulle nog in hulle eie land gewoon het. Maar daar het hulle gesondig en tot ‘n val gekom.

Die naam “Israel” was van hulle ontneem toe hulle in ballingskap na Assirië weggevoer is. Ons het in hoofstuk 4 van hierdie reeks gesien met watter name die Assiriërs hulle genoem het. Hulle het “heidene” geword. Hulle het opgehou om die Israel naam te dra, en hulle het opgehou om onder die besnedenes getel te word, en so was hulle nog in die dae van die Apostel Paulus. Nou verduidelik hy dat die heidene deur Christus instaat gestel is om die geregtigheid deur die geloof te bekom.

Dit word verduidelik dat dit die enigste weg was vir heidense Israel om hierdie geregtigheid te verkry, ten tye van die skrywe van hierdie sendbrief; hierdie verkryging van die geregtigheid deur die heidene in hulle geheel, word nou gestel teenoor die onvermoë van Israel om dit te verkry toe sy nog onder die wet was, en met die aanhoudende onvermoë van die Joodse seksie, ook ten tye van die skrywe van hierdie sendbrief, om dit te verkry, terwyl hulle nog onder die wet bly.

In die ou dae, as Israel (die tien stamme), het hulle die geregtigheid deur die werke van die wet gesoek. Hulle het misluk, en kon dit nie bereik nie, en is uitgewerp uit hulle land as gevolg van hulle sonde. Hulle was toe Israel en kon dit nie bereik nie.

Nou is hulle - “heidene” (ten tye van die Sendbrief) en kon as enkelinge deur die geloof hierdie geregtigheid verkry, wat hulle ook as ‘n nasie sal verkry, wat hulle as ‘n nasie verloor het toe hulle gesoek het om dit deur “werke” te verkry.
Die Here Jesus het vir die Jode gesê:

> “- - - - - Die koninkryk van God sal van julle (die Jode) weggeneem en aan ‘n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra” - (Matt. 21:43).

Hierdie volk aan wie dit gegee sou word is Israel, wat Christene geword het.

Romeine 9:32-33;

32 Waarom? Omdat dit nie uit die geloof was nie, maar net asof dit uit die werke van die wet was; want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot.

33 Soos geskrywe is: Kyk, Ek lê in Sion ‘n steen van aanstoot en ‘n rots van struikeling; en elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.

Die verwysing hier na Jesaja 8:14 en 28:16, waar Israel en Juda gestruikel het oor geloof in die Here van die Leërskare, en by implikasie ook die Jode wat nog gedurig struikel oor die geloof in Christus wat die Rots is.

Dit is dan presies die posisie aan die einde van hoofstuk 9 van Romeine in die jaar 60 A.D., die jaar waarin hierdie sendbrief geskryf is.

Israel (die tien stamme) was heeltemal van die Jode geskei.

Die apostel beskou nou die Joodse gedeelte van Israel, wat nog steeds met alle ywer poog om hulle eie geregtigheid op te rig deur die onderhouding van die wet. Hulle het hulself nie aan die geregtigheid van God deur die geloof onderwerp nie, en kon ook nie verstaan dat Christus die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo, is nie - (Rom. 10:3-4).
Saligheid word aan die Jood aangebied op presies dieselfde voorwaardes as aan die heidene, en op geen ander manier nie.

> "Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie" - (Rom. 10:11).

En ook: Romeine 10:13-14;

13 Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

14 Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?

Die Jode het Jesus goed geken vanaf die wieg tot by die Kruis van Gòlgota, en die graf wat hulle laat verseël en bewaak het. Die Koms van die Messías het die ganse Jodedom geskud.
Maar Noordelike Israel (die tien stamme) het onder diegene geval van wie die apostel gesê het

> "En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie?" - (Rom. 10:14).

Jerusalem was die tuiste van die Christelike Geloof.
Dit was die geboorteplek van die Christelike Kerk.
Haar tempel, haar sinagoges en strate het onder die prediking van Jesus en sy apostels in beroering gekom. Die dag van Pinkster en die droewige marteldood van Stéfanus, en die ewe roerende verhoor voor die Nasionale Raad van die Jode, wat dit vooraf gegaan het, het die ganse Jodedom die geleentheid gegee om te hoor. Hulle het geweet.

Maar die tien stamme van Israel was nie daar nie!
Aangaande hulle sê die apostel:

> "- - - - - - En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?
> En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? - - - -" - (Rom. 10:14-15).

Israel (die tien stamme) was ver weg!
Hulle was deel van die sendingveld ver weg onder die heidene.

Laat ons dit dus weereens beklemtoon: Israel (die tien stamme) en Juda (die twee stamme) was op nasionale gebied van mekaar geskei, en ook op die gebied van kennis (van Christus) en ook in lokaliteit in die dae van Paulus. Wat 'n belangrike studie is dit nie hierdie nie op die etnologie (Volkekunde) van die saad van Abraham, Isak en Jakob hier aan te begin van die Christelike era.

Die Sendbrief aan die Romeine was waarskynlik ongeveer tien jaar voor die vernietiging van die Joodse nasie deur die Romeine, geskryf. Daar was dus geen tyd vir ‘n samesmelting van die Jode en Israel in so ‘n kort tydjie nie. Na die verwoesting van Jerusalem in 70 AD is die Jode versprei en daar kon toe ook geen nasionale samesmelting wees nie. Laat ons dus die gedagte dat Israel met die Jode saamgesmelt het verwerp as teenstrydig met die Woord van God soos dit vir ons baie duidelik geskryf staan.
Die voorwerpe tot eer in Israel sou gevorm word:

> “nie alleen vanuit die Jode nie, maar ook vanuit die heidene” – (Rom. 9:24).

Die Apostel Paulus se Gebed vir Israel

Ons het gesien dat Romeine 9; die plek van Israel in die Godsplan vanuit die standpunt van die uitverkiesing volgens ras, vir die doeleindes van die koninkryk behandel. Verder wys die apostel daarop dat vir die voltooiing van die Godsplan, Israel ook ‘n Christen Nasie moes word. Al die ander nakomelinge van Isak sou tersyde gestel word net soos Ismael en Esau.

In Romeine 10; klim ons op na ‘n hoër vlak. Die apostel sê hier in kort wat Jesus aan Nikodémus gesê het. Nikodémus was ‘n Israeliet ‘n owerste van die Jode, en hy was ‘n leraar van Israel. Hy het ook “na Jesus gekom.” Daar was alle aanduidings dat hy sy posisie in Israel waardig was. Maar nieteenstaande al sy waardigheid en leraarskap in Israel, sê Jesus nogtans aan hom: “Jy moet weer gebore word.”
Netso dan, sover dit Israel die Nasie betref, sê die apostel:

> “BROEDERS, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding” - (Rom. 10:1).

Nadat die apostel dan die leerstelling aangaande die koninkryk gestel het, lê hy nou baie eenvoudig en duidelik die leerstelling van die genade neer. Hy praat dus van die gedeelte van Israel van wie hy ondervinding het, in die volgende woorde:
Lees self Romeine 10:2-5.

Ons het alreeds in Rom. 9:31-33; gesien dat Israel nie die geregtigheid deur die werke van die wet kon verkry nie. Maar nou bid hy dat Israel die boodskap van die geregtigheid deur die geloof, mag ontvang. Vir hierdie doel gee hy in die volgende woorde, ‘n eenvoudige, dog verhewe uiteensetting van wat hierdie geloof werklik is - Rom. 10:6-12.

En dan hierna die dringende noodsaaklikheid om almal wat nog nie gehoor het nie, te evangeliseer, veral Israel.

> Maar hulle was nie almal gehoorsaam aan die evangelie nie; want Jesaja sê: Here, wie het ons prediking geglo? - (Rom. 10:16).

Wat was hierdie prediking wat Israel nie geglo het in die tyd van Jesaja nie? Kom ons kyk na daardie gedeelte om uit te vind. Die woorde wat hier aangehaal word is uit Jesaja 53:1. Hulle vorm die sluitsteen van die verlossing hoofstukke wat met die 49ste hoofstuk begin en op ‘n heerlike wyse voortvloei tot aan die einde van die 54ste hoofstuk, en gee aan ons die wonderlike verhaal van die nasionale verlossing, en die absolute vrywaring van enige aanslag van die vyand, wat daarop sal volg.
In Jesaja 50; het ons die verlossing van die geskeide Israel. Hierdie egskeiding word vir ons in die eerste hoofstukke van Hoséa beskryf. In hoofstuk 50 verskyn die Verlosser op die profetiese toneel, en begin met sy skone lied van verlossing. Terwyl ons so luister hoor ons hoe Hy sing van sy lyding voor Pilatus, en van sy finale stryd met die groot vyand aan die mensesiel.

In Jesaja 51; sit Hy hierdie wonderlike tema van die verlossing van Israel voort, en vir hulle wat na die geregtigheid soek sê Hy:

> “- - - - - Aanskou die rots waaruit julle gekap is en die holte van die put waaruit julle gegrawe is. Aanskou Abraham, julle vader,en Sara wat julle gebaar het; - - - - -” - (Jesaja 51:1-2).

In hierdie “Stamboom van Verlossing” word beide Abraham en Sara aan ons voorgestel.

In Jesaja 53; het ons dan die profetiese voorstelling van Gòlgota, waar ons Here Jesus die verlossing van Israel en die saligheid van die wêreld uitgewerk het, in ooreenstemming met die El Shaddai, Abrahamiese en Sara Verbonde wat in Génesis 17 en verderaan in die Skrif vir ons uiteengesit word.

Dit is goed dat die apostel die aandag daarop vestig dat hierdie groot waarheid aangaande hulle verlossing as ‘n nasie in hulle besit was. In die dae van Eségiël en ander profete was hierdie boodskap aan hulle in hulle ballingskap, gebring.

> “Maar ek sê: Het hulle miskien nie gehoor nie? Ja, seker! Oor die hele aarde het hulle stem uitgegaan en tot by die eindes van die wêreld hulle woorde” - (Rom. 10:18).

Die apostel wys dus hier daarop dat Israel nie ‘n nasie was wat die waarheid nie geken het nie. Saam met Juda was hulle onder Moses in die woestyn. Saam met Juda het hulle die Self-Openbaring van God op Sinai aanskou. Saam met Juda het hulle gedeel in die heerlike aanbidding in die Tabernakel en later in die Tempel. Hulle het die heerlikheid van God op vele kere gesmaak en gesien.

Saam met Juda het hulle gedeel in die heerlike boodskappe van die Profete Jesaja, Jeremia, Eségiël, Daniël, Amos en Hoséa en andere van die mindere profete. Hulle alleen was bevoorreg om die heerlike openbaring van God op berg Karmel te aanskou; hulle alleen het die bediening gehad van twee sulke uitstaande profete soos Elía en Elísa. En so meer.

“Maar ek vra: Het Israel dit miskien nie verstaan nie?”

Romeine 10:19;
19 - - - - Ten eerste sê Moses: Ek sal julle jaloers maak op dié wat geen volk is nie, en Ek sal julle toorn opwek teen ‘n onverstandige volk.
Hierdie aanhaling is uit Deuteronómium 32:1-21; en is so onbeskryflik mooi, dat u dit verseker in sy geheel moet lees, asseblief.
Kom nou terug na:
Romeine 10:20-21;
20 En Jesaja durf selfs sê: Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie; Ek het verskyn aan die wat na My nie gevra het nie.
21 Maar van Israel sê Hy: Die hele dag het Ek my hande uitgebrei na ‘n ongehoorsame en teësprekende volk.
Hierdeur wys die apostel op die groot voorraad van kennis wat Israel op daardie tydstip gehad het, en toon ook haar nasionale verwantskap tot God aan. Dit wat aan hulle voorgehou was as profeties van dinge wat nog sou kom met betrekking tot die koms van die Messías, het hulle verwerp. Deur hierdie verwerping het hulle nou gevaar geloop om uit die verbond uitgesluit te word, en hulle sou dit net kon verhoed deur die Here Jesus aan te neem.
Dit was nou die taak van die apostel, en die van die Israel Kerk (Grieks: “Ekklesia”) om hulle te gaan evangeliseer, met die hoop en vertroue dat noudat die profesieë aangaande die Verlosser en die Verlossing geskiedkundige feite geword het, hulle die feit sou glo en aanvaar, en hierdeur ook die ander profesieë wat nog vervul moes word.

“Ek vra dan: Het God miskien sy volk verstoot? Nee stellig nie”

Romeine 11:1-5;
1 EK vra dan: Het God miskien sy volk verstoot? Nee, stellig nie! Want ek is ook ‘n Israeliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin.
2 God het sy volk wat Hy vantevore geken het, nie verstoot nie.- - - .
(Kan enige stelling, selfs van die Heilige Skrif, duideliker wees as dit? Maar dit kan gevra word, “Wie is sy volk?” Daardie vraag word in net die volgende sin van dieselfde en die daaropvolgende vers beantwoord):
- - - - Of weet julle nie wat die Skrif in die gedeelte oor Elía sê nie - hoe hy by God optree teen Israel en sê:
3 Here, hulle het u profete gedood en u altare het hulle afgebreek, en ek het alleen oorgebly, en hulle soek my lewe;
4 Maar wat sê die Godspraak aan hom? Ek het vir Myself seweduisend manne laat oorbly wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie.

5 Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd ‘n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade.

Maar, Elía was die profeet aan die Tien Stamme van Israel. Dit was teen die Tien Stamme, die Baäl aanbiddende Israel dat hy hierdie klag gemaak het. Daarom is die mense van wie die apostel hier praat, wanneer hy die vraag vra, “Het God miskien sy volk verstoot?” die tien stamme van Israel. Die apostel assosieer dus heidense Israel van sy tyd met Israel van Elía se tyd en vergelyk hulle soos hulle toe was in sy tyd. Daar was dus in die apostel se tyd nie alleen ‘n ongeskonde uitverkiesing van ras in beide Israel en die Jode nie, maar daar was ook ‘n uitverkiesing van Genade in Israel, sowel as onder die Jode.

Ons het ‘n voorbeeld hiervan in die menigte van Israeliete in Handelinge 2, waar hulle in Jerusalem vir die Pinksterfees bymekaargekom het. Hulle was Jode sover dit hulle Godsdienstige oortuiging betref het, maar burgers van baie nasies. Die Apostel Petrus het hulle as “Israeliete” - (Hand. 2:2) aangespreek. Dit was terwille van die getroue minderheid in Israel in die dae van Elía dat God die nasie nie algeheel verwerp het nie, en dit was weer netso ter wille van die uitverkore oorblyfsel (Engels “remnant”) wat God vooruit geken het (waarvan diegene in Paulus se dae ‘n voorbeeld was) dat God die ras gespaar het.

Genade teenoor Werke

Die apostel pak nou die brandende kwessie van Genade teenoor Werke aan. Dit is baie duidelik dat hy met die seksie van die kerk te doen gehad het wat die bekeerlinge onder die Judaïsme wou plaas en daarop aangedring het dat die rituele bepalings van die Wet van Moses onderhou moes word, veral die besnydenis.
Ons lees dan die volgende:
Romeine 11:6-8;
6 En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade geen genade meer nie. En as dit uit die werke is, dan is dit nie meer genade nie; anders is die werk geen werk meer nie.
7 Wat dan? Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry **en die ander is verhard.**

Word Israel hier teenoor die uitverkiesing gestel?
Nee, Israel is die geheel; en Israel nasionaal as ‘n geheel het nie “verkry” nie - (Rom. 11:7). Die eleksie of uitverkorenes is deel van Israel, hulle het net ‘n dieper insig as “die ander”, en die uitverkorenes het verkry. Die feit van hierdie uitverkiesing van genade in Israel, soos die Apostel Paulus in Romeine 9:29 uit Jesaja aanhaal, het Israel gespaar van dieselfde ramp wat Sodom en Gomorra getref het. Ons sien dus dat “die uitverkorenes” plus “die ander” die hele Israel uitmaak.

Nou, op watter wyse is “die ander” verhard? Laat ons nou baie versigtig lees, want daar is groot dinge vir ons almal op die spel:

7 “en die ander is verhard”.

8 Soos geskrywe is: God het hulle gegee ‘n gees van diepe slaap, oë om nie te sien nie en ore om nie te hoor nie, tot vandag toe.

Hierdie Skrifgedeelte is van sulke groot betekenis dat u verseker die hele gedeelte waaruit dit aangehaal is moet lees, naamlik Jesaja 29: 9-14.
Maar hierdie blindheid sal omgekeer word soos ons in die volgende gedeelte sien: Jesaja 29:17-24. Hierdie omkering of oorgang is nou alreeds aan die gang en word vanaf vers 18 tot vers 24 van hierdie gedeelte beskryf. Treffend soos dit is, is daar nou nog ‘n heerliker waarheid om te volg in die volgende gedeelte:
Naamlik Romeine 11:9-10;

9 En Dawid sê: Laat hulle tafel vir hulle wees ‘n vangnet en ‘n strik en ‘n struikelblok en ‘n vergelding.

10 Laat hulle oë duister word om nie te sien nie, en buig hulle rug vir altyd krom.

Hierdie is uit een van die wonderlikste Psalms aangehaal. Dit is die Psalm waarin Ons Here Jesus in die sondaar se plek staan en as ‘n sondaar tot God bid vir hulp en krag om sy groot versoeningswerk te kan volbring.
Dit word van Hom geskryf:

“Hy het die kruis verdra, die skande verag” - (Heb. 12:2).

Lees ook Psalm 69:19-28.
Die aanhaling hierbo in Romeine is uit hierdie gedeelte aangehaal. Die verse wat op die aanhaling volg is skrikwekkend, en behoort met vrees en ontsag gelees te word.

Die Wêreld

Romeine 11:11-14;

11 Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie; Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak.

12 En as hulle val die rykdom van die wêreld is en hulle tekort die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie.

Dan hierna is dit net asof die apostel vir ‘n oomblikkie homself tot die heidene wend en hulle soos volg direk aanspreek:

13 Want aan julle heidene sê ek: Vir sover as ek ‘n apostel van die heidene is, verheerlik ek my bediening -

14 as ek tog maar net my eie volk jaloers kan maak en sommige uit hulle kan red.

Wat ‘n wonderlike verklaring is dit nie hierdie nie; Nie net alleen het Israel (die tien stamme) bestaan nie, afsonderlik van die Jode, onbesnede maar ook goed bekend aan die mense van daardie tyd.

Die apostel verklaar: “Ek is ‘n apostel van die heidene”; dit is, Heidense Israel. Hy ken hulle verlede, hulle hede en hulle toekoms. Hy was een met hulle, en hy het hom verbly in sy bediening. Hy het geweet van die onveranderlike voorneme van God met hulle van hulle begin af.
Voor koning Agríppa sê hy in Handelinge 26:6-7;

6 En nou staan ek tereg oor die hoop op die belofte wat aan die vaders deur God gedoen is,
7 waartoe ons twaalf stamme wat God aanhoudend dag en nag dien, hoop om te kom; oor hierdie hoop, koning Agríppa, word ek deur die Jode beskuldig.

Vgl. ook Hand. 28:20; Hand. 13:32-33; Gén. 22:15-18.
Dit word gewoonlik verklaar dat die Apostel Paulus homself beskou het as die apostel aan die heiden wêreld. Niks van hierdie aard word êrens in die Bybel gesê nie. Hy stel dit baie duidelik dat hy die apostel van die Israel nasies is, en hieraan het hy sy lewe gewy.
Romeine 11:15-18;

15 Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode?
16 En as die eerstelinge heilig is, dan die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook.
17 En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat ‘n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom,
18 moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem - dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou.

Hier is ‘n wêreld van betekenis hierin, (waarop ons effens op ons kassette sal uitbrei). Hier hou die apostel, simbolies, ‘n stiggie (English:- cutting) van ‘n wilde olyfboom in sy hand. ‘n Paar dinge is duidelik. Dit is afgesny van sy moederstam. Dit het geen stam van sy eie om daaraan lewe te gee nie. Tensy dit aangeneem en gevoed word deur ‘n ander boom, moet die spoedig sterwe. Dit is dus teen die natuur, op die goeie olyfboom ingeënt.
(Onthou uit ons vorige hoofstukke dat:

die vyeboom simbolies vir die Twee Stamme,
die wingerd vir die Tien Stamme en
die Olyfboom vir Die Twaalf Stamme is).

Nou deel dit saam met die natuurlike takke van die vettigheid van die olyfboom. Dit is, die bekeerde heiden is ingeënt op die Israel boom en word deur Christus gevoed. Dit is ‘n geskiedkundige feit, en ons kan dit ook baie duidelik in ons eie land sien, dat waar die bekeerlinge vanuit die heidendom nie onder die sorg staan van gemeentes van Israel inslag nie, daar verval hulle in korrupsie en neig terug tot die heidendom. Die Sending Geskiedenis in ons eie land oor die afgelope drie honderd jaar en tot op die hede, is maar ‘n te tragiese bewys hiervan.

Met profetiese vêrsiendheid roep hy die stiggie van die wilde olyfboom die bekeerling uit Heidense Rome, verteenwoordigend van die Heidense wêreld, toe: --

"Moet dan nie teen die takke roem nie"

Romeine 11:18-24;

18 Moet dan nie teen die takke roem nie, en as jy roem - dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel jou.
19 Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek sodat ek ingeënt kan word.
20 Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees.
21 Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie.
22 Let dan op die goedertierenheid en die gestrengheid van God: gestrengheid oor die wat geval het, maar goedertierenheid oor jou as jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word.
23 Maar ook hulle sal, as hulle nie in die ongeloof bly nie, ingeënt word, want God is magtig om hulle weer in te ent.
24 Want as jy afgekap is van die olyfboom wat van nature wild was, en teen die natuur op die mak olyfboom ingeënt kan word, hoeveel te meer kan hulle dan wat dit van nature is, op hul eie olyfboom ingeënt word?

Wat 'n wêreld van ellende, oorlog en dodelike konflik en sonde kon nie verhoed gewees het, as die wêreld hierdie ernstige waarskuwing in ag geneem het nie: Dit was 'n ernstige waarskuwing aan Rome geïnspireer deur die Heilige Gees, juis op 'n tydstip toe die evangelie na haar deur manne van Israel geneem is.

En nou openbaar die apostel aan hierdie bekeerlinge uit die heidense wêreld van Rome, sommige van die heerlike waarhede aangaande Israel, soos volg: -
Romeine 11:25-28;

25 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;
26 en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;
27 en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.
28 Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande ter wille van julle; maar wat die uitverkiesing betref, bemindes terwille van die vaders.

Hier lê weer 'n wêreld van betekenis in opgesluit, en om dit ten volle te begryp sal u moet seker maak dat u 'n goeie begrip van hierdie hele reeks het.

Terselfdertyd word die kernwaarhede van Gods Woord ook geestelik onderskei.

Dawid sê:

> "Die verborgenheid van die HERE is vir die wat Hom vrees, en sy verbond om hulle *dit* bekend te maak" - (Psalm 25:14).

Daniël sê:

> "Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar - - - - -" – (Dan. 2:28-29).

Lees ook Daniël 2:47.

Ek glo hierdie wilde olyftakke is nogtans diegene wat ook van die regte saad in hulle het, maar dat die suiwer stroom deur Abraham, Isak en Jakob en hulle suiwer nakomelinge gevloei het. Daar is baie van hierdie saad wat vandag nog in ander gelowe sit en onder ander nasies is, maar hulle sal antwoord op die ware roepstem gee, sodra hulle dit suiwer hoor.

U wat nou hierdie artikel lees en ook diep in u hart op die Roepstem van die Goeie Herder antwoord gegee het, is een van hulle. Hierdie "volheid van die heidene" van Romeine 11:25 beteken die volle getal van diegene vanuit die heidene wat nog gered moet word. Dit sal voltooi word in die tyd van die Benoudheid van Jakob - (Jeremia 30:7) wat ek verder terug in hierdie reeks vir u volledig beskryf het, en wat u ook in ons boekie "Joël, Sy Profetiese Boodskap en Waarskuwing" sal vind.

Teen daardie tyd sal die Raadsplan van God vir die redding van hierdie wêreld vir hierdie dispensasie voltooid wees. Hierin sal die volle Israel haar bestemde roeping van God tot in die fynste besonderheid vervul, want:

> "Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik" - (Rom. 11:29).

En ook:

> "Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemele en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie" - (Matt. 5:18).

Dit is dus waar dat: "**Die uitverkiesing van Israel as God se koninkryk volk onveranderd van krag bly".**

In ons boek " Die boek van Openbaring" wat u sekerlik na hierdie boek moet lees, beskryf ons die voortsetting en voltooiing van hierdie Godsplan in die beskrywing van "Die bruilof van die Lam" en van "Die nuwe Jerusalem".

In Romeine 11:30-32; sien ons hoedat God beide die heiden en Israel in die ongehoorsaamheid ingesluit het sodat Hy almal barmhartig kan wees. n die uiteinde sal almal wat dan die ewige lewe bekom het, erken dat dit enkel en alleen die loutere genade van God was, en dat die ware Israel selfs nie eens sal kan roem dat hulle Abraham tot vader gehad het nie.

Wanneer die grootheid en die heerlikheid van die ganse openbaring van die Godswil tot ons deurdring, sal ons saam met die apostel uitroep in:

Romeine 11:33-36;

33 o, DIEPTE van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!

34 Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?

35 Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?

36 Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Die Einde.

Ek is vir hierdie hoofstuk besonder dank verskuldig aan: “The Epistle to the Romans” deur Rev. W. Pascoe Goard LL.D. F.C.S. F.E.S.

Israel Kaarte

Kaart 1



Gebiede waar die Tien Stamme onmiddellik na hulle wegvoering gevestig is.

Kaart 2



Die gebied noord van breedtegraad 35°N en wes van 55°O waar die Tien Stamme geplaas is nadat hulle uit hulle land weggevoer is.

Kaart 3



732-700 v.C. Israel in ballingskap weggevoer deur die Assiriërs, wat hulle toe die Khumri genoem het en later verander is na Gimira.

Kaart 4



707 v.C. Die vroegste vermelding van die Gimira:
“n Urartiese leër wat suid van Meer Urmia beweeg het, is deur die Gimira verslaan.

Kaart 5



710-590 v.C.
Israeliste wat Cimira deur die Assiriërs en Kimmeriërs deur die Grieke genoem is, het ‘n skrikbewind in Klein Asië gevoer. Hulle het uiteindelik na Europa verhuis na ‘n plek wat hulle Arsareth (2 Esdras 13:40-44) genoem het.

Kaart 6.

Hebreeus-Fenisiese inskripsie op ‘n grafsteen in ‘n Israelse Kerkhof in die Krim Skiereiland in die jaar 15 v.C. Dit lees soos volg:
“Dit is die grafsteen van Buki, seun van Itchak die priester; mag sy rus in Eden wees, ten tye van die verlossing van Israel. In die jaar 702 van die jare van ons ballingskap.

Kaart 7



600-500 v.C.
Na die ineenstorting van hulle Assiriese bondgenote, is die Skithiërs noordwaarts tot deur die Kaukasiese gebergte deur die Meders verdryf, en hulle het hulself in Suid-Rusland gaan vestig.

Kaart 8



650-600 v.C.
Israeliete in Medië raak as Skithiërs bekend. Na ‘n bondgenootskap met Assirië, vestig hulle kolonies in Sacasene en Baktrie.

Kaart 9.



650-500 v.C.
Kimmeriërs in Europa beweeg al langs die Donau op en raak as Kelte bekend.
525-300 v.C.
Ander weer, wat uit Suid-Rusland deur die Skithiërs uitgedryf is, het noordweswaarts tussen die Oder-en Weichsel (Engels Vistula) riviere op tot by die Baltiese See beweeg, waar hulle later as die Kimbri bekend geword het.

Kaart 10



400-100 v.C.
Die Keltiese uitbreiding vanaf Sentraal Europa:

Sommige van hulle het Rome in 390 v.C. aangeval en hulself vir 200 jaar in Noord-Italië gevestig; ander weer as Galasiërs (Galatians) bekend, het na Klein Asië verhuis, nadat hulle Griekeland in 279 v.C. binnegeval het. Die meeste van hulle het weswaarts na Frankryk beweeg, en later na Brittanje.

Kaart 11



250-100 v.C.
Suid-Rusland is vanuit die Ooste deur die Sarmasiërs binnegeval, en hulle het die Skithiërs Noordwes-waarts deur Pole tot in Duitsland gedryf.

Kaart 12



450-1100 n.C.
Die Romeine het die naam van die Skithiers vernader na Germane.
Sommige van hulle het na Brittanje onder die naam Anglo-Saksers verhuis, dit was 450-600 n.C.
Andere weer, nadat hulle noordwaarts deur Jutland beweeg het, as Dene en Wikinge (Vikings) bekend geword. Sommige van hulle het direk na Engeland gekom maar die andere het vir ‘n kort tydjie hulself in Frankryk gevestig waar hulle as Normandiërs bekend geword het.

DIE BOODSKAP VAN F.W.C. NESER—
"ISRAEL MOET HOOR!"

Iets oor die Skrywer

F.W.C. Neser is as wetenskaplike opgelei maar is 'n toegewyde Christen vanaf sy kinderjare. Vir hom is die Bybel die Woord van God vanaf Génesis tot Openbaring.

Reeds vroeg in sy lewe was hy daarvan oortuig dat die mens self daarvoor verantwoordelik is dat daar oorloë, depressies, hongersnood, droogtes. siektes en ellende op aarde is.

Hy het gesien dat God sy volmaakte Wet aan sy volk Israel gegee het, en aan hulle gesê het dat as hulle daarvolgens sou lewe, daar nie een van hierdie rampe sou wees nie; en ook dat Israel as God se Demonstrasie Volk op aarde is. Dit was egter vir hom duidelik dat hierdie volk nie die Jood of die Kerk is of kan wees nie. Mettertyd het hy tot sy groot blydskap ontdek dat die Angel-Saksies, Keltiese en Germaanse nasies inderdaad die nakomelinge van die Huis van Israel is.

By die Wederkoms van Christus (nou op hande) sal hierdie nasies tot 'n ware wedergeboorte kom, met die Heilige Gees vervul word en met Jesus die Christus as hul Heer en Koning hierdie wêreld teruglei na volkome harmonie met God.

Met die oog daarop dat die Bybelse boodskap aangaande Israel uitgedra moet word aan al die nakomelinge van die Huis van Israel, het F.W.C. Neser die onderstaande werke tot stand gebring sodat ISRAEL KAN HOOR!

Bylae:

Boeke beskikbaar van Ekklesia.

No	Titel
1	Afrikaner -- 'n Unieke Volk Die
2	Ander Evangelie
3	Apartheid -- Wat sê die Skrif?
4	Bedienings Gawes van Jesus Christus Die
5	Berou en Bekering
6	Bybel is Waar Die
7	Christendom en Kommunisme
8	Daniël Die Boek van
9	Daniël se 70ste Week
10	Derde dag Opstanding van Christus Die

No	Titel
11	Deur Lyding na Volmaaktheid
12	Die Brief van die Apostel Paulus aan die Efésiërs
13	Die Bybel Voorspel Atoomoorlog
14	Doop Die
15	Doop, in watter Naam (pamflet) Die
16	Doping in die Heilige Gees Die
17	Duiwel Die
18	Engele
19	Fondament van die Christelike Lewe Die
20	Gawes van die Heilige Gees Die
21	God se Groot Week
22	Goddelike Genesing
23	Hoséa Die Profeet
24	In die Oppersaal
25	Insig in die Verlede en die Hede bring Uitsig op die Toekoms
26	Israel in die Nuwe Testament
27	Israelwaarheid - TV Onderhoud Die
28	Jesaja Die Boek van
29	Jesus van Nasaret
30	Joël Die Boek van
31	Kerk van Rome en die Mens van Sonde Die
32	Krag van de dwaling
33	Kruis Die
34	Moses en sy Kusitiese Vrou
35	Mure van Jerusalem
36	Na die Dood – Wat Dan?
37	Name van God Die
38	Nuwe Hemel en die Nuwe Aarde Die
39	Openbaring Die Boek van
40	Openbaringe van die Apostel Paulus Die
41	Opraping Die
42	Romeine Die Brief aan die
43	Rusland in Profesie
44	Sabbat Die
45	Slang van Génesis 3 Die
46	Sommige Aspekte van die Werk van die Heilige Gees
47	Tempel van God

No	Titel
48	Terwille van die Engele
49	Troos troos my Volk sê julle God
50	Twee Sade op Aarde. Die
51	Tyd van die Heiden Die
52	Verblinding van Sinne
53	Verdrukking Die Groot
54	Verlore Tien Stamme van Israel Deel 1 Die
55	Verlore Tien Stamme van Israel Die
56	Versterk mekaar in ‘n tyd soos hierdie
57	Vrug van die Heilige Gees Die
58	Waar het Kain sy Vrou Gekry?
59	Waarom die Bybel die Eet van Varkvleis Verbied
60	Wat die Bybel ons Leer Aangaande die Heilige Gees
61	Wat die Bybel ons Leer Aangaande die Mens
62	Wat die Bybel ons Leer Aangaande God
63	Wederkoms van Christus Die
64	Wêreldgebeure
65	Wet van die Here Die
66	Wie is my Naaste?
67	Wie was Hulle?

No	Titel
1	After Death What Then?
2	Apartheid – What saith the Scripture?
3	Bible Predicts "Atomic War" The
4	Book of Joel The
5	Book of Revelation The
6	Christianity and Communism
7	Daniel's 70th week
8	Great Tribulation The
9	Israel Truth T.V. Interview The
10	Lost Ten Tribes Of Israel Part 1 The
11	Lost Ten Tribes of Israel The
12	New Heavens and the New Earth The
13	Origin, History and Destiny of the White Race The
14	Past the Present and the Future in the Light of Scripture The
15	Rapture The
16	Russia in Prophecy
17	Serpent of Genesis 3 The
18	Why the Bible Prohibits Pork
19	World Affairs

Naslaan Biblioteek: Boeke oor verskillende onderwerpe is beskikbaar

Wêreldgebeure
Sedert 1986 publiseer F.WC. Neser 'n kwartaallikse oorsig in Afrikaans onder die titel "Wêreldgebeure" en in Engels onder die titel "World Affairs".

'n Biografie van F.W.C. Neser
Vir diegene wat meer oor F.W.C. Neser te wete wil kom is daar 'n biografie beskikbaar wat deur Richard Searle geskryf is.

Oudiokassette / CD's en Videobande
Daar is sowat 2000 oudiokassette / CD's en 'n videobande beskikbaar waarin pastoor F.W.C. Neser se boodskappe vasgelê is.